# DIE ROL VAN DIE EIE OUER IN DIE HERSAAMGESTELDE GESIN


**deur**

**BAREND JOHAN KRUGER**


voorgelê luidens die vereistes
vir die graad

**DOCTOR EDUCATIONIS**

in die vak

**SIELKUNDIGE OPVOEDKUNDE**

aan die

**UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA**

**PROMOTOR: DR E PRINSLOO**

**NOVEMBER 2001**


0001947515

Ek verklaar hiermee dat **DIE ROL VAN DIE EIE OUER IN DIE HERSAAMGESTELDE GESIN** my eie werk is en dat ek alle bronne wat ek gebruik of aangehaal het deur middel van volledige verwysings aangedui en erken het.

.............................................. 30 NOVEMBER 2001

**BJ KRUGER** **DATUM**

OPGEDRA AAN
MY GESIN, ONS
OUERS EN
GROOTOUERS

*Ons herinneringe*
*aan Robbie*

# Bedankings

My innige dank gaan aan:

- God die Vader vir sy genade waarsonder niks hiervan tot stand sou kom nie.
- My promotor, dr E Prinsloo. Die professionele bystand en kundige leiding wat deurlopend van haar ontvang is, het van hierdie navorsingstudie 'n verrykende ervaring gemaak.
- My eggenote, Zandra en ons kinders, Johan en Chrizelda-Rozanne. Die opofferings wat julle gemaak het en die liefdevolle ondersteuning wat ek tydens die lang tydperke van studie van julle ontvang het, was vir my 'n groot aansporing.
- My ouers vir hulle toegewyde onderskraging en volgehoue aanmoediging ten opsigte van die voltooiing van my studies, wat deurlopend vir my 'n bron van inspirasie was.
- My familie en vriende vir hul opregte belangstelling.
- Die ouers en kinders wat aan die studie deelgeneem het vir die vertroue wat hulle in die navorser gestel het om komplekse en somtyds pynlike lewenservarings opreg en bereidwillig met hom te deel.
- Die skoolhoofde, mnre Dirk van Zyl en Johan Joubert, asook Ronélle Burger vir die identifisering van gesinne wat deel gevorm het van die empiriese ondersoek.
- Dominee Johan Scholtz vir die identifisering van die ouerpare, asook die puik reëlings tydens die fokusgroepbespreking.
- Mev Mariëtte van Zijl vir die professionele woordverwerking en tegniese versorging van die proefskrif.
- Die Universiteit van Suid-Afrika en Vista Universiteit se biblioteekpersoneel vir hul flink en vriendelike diens.
- Mev Trysa Bothma vir die noukeurige taalversorging van die teks.
- Mev Lorraine du Pré vir die vloeiende vertaling van die opsomming in Engels en die finalisering van die curriculum vitae.

# DIE ROL VAN DIE EIE OUER IN DIE HERSAAMGESTELDE GESIN

deur

Barend Johan Kruger

GRAAD: DOCTOR EDUCATIONIS

VAK: SIELKUNDIGE OPVOEDKUNDE

PROMOTOR: DR E PRINSLOO

## OPSOMMING

Die hersaamgestelde gesin word in hierdie navorsingstudie ondersoek as 'n komplekse alternatiewe gesinstruktuur met eiesoortige strukturele kenmerke, probleemareas en rituele wat nie aan die norm van die kerngesin ontleen kan word nie. In die literatuuroorsig word hierdie aspekte van nader beskou en tot die gevolgtrekking gekom dat die belangrike rol van die eie ouer in die hersaamgestelde gesin grootliks misgekyk word. Die verbondenheid van die eie ouer aan beide die ouer-kind- en die nuwe egpaarsisteme maak dit vir hom/haar moontlik om 'n sleutelrol te vervul tydens gesinsinteraksies, eenheidsvorming en die opvoedingsgebeure in die hersaamgestelde gesin. Dit is moontlik vir die eie ouer om vanuit 'n unieke posisie as 'n buffer te dien in die problematiese stiefouer-stiefkindverhoudinge. Hierdie moontlikheid bestaan egter slegs indien die eie ouer oor voldoende kennis, insig en vaardighede beskik.

'n Uitgebreide kwalitatiewe ondersoek aan die hand van semi-gestruktureerde onderhoude met die lede van ses hersaamgestelde gesinne het die volgende tendense aan die lig gebring:

- Eie ouers verwag van nuwe egliede om kinders in die hersaamgestelde gesin uit die staanspoor te aanvaar en lief te hê.
- Eie ouers koester konflikterende gevoelens ten opsigte van die dissiplinering van hul kinders deur die stiefouer.

- Eie ouers, stiefouers en kinders in hersaamgestelde gesinne gaan dikwels gebuk onder die las van onverwerkte gevoelens van verdriet en verlies.
- Die hantering van finansies ten opsigte van inwonende eie en stiefkinders, asook nie-inwonende kinders en vorige egliede skep spanning en bemoeilik goeie verhoudinge.
- Eie ouers is dikwels so verdeeld tussen die belange van hul kinders en dié van hul nuwe maats dat hulle dit moeilik vind om in 'n tweede huwelik 'n betekenisvolle verhouding met hul nuwe lewensmaat op te bou.

Genoemde tendense het 'n bepalende rol gespeel in die ontwikkeling van 'n begeleidingsprogram vir eie ouers. Agt sessies met doelwitte gebaseer op hierdie probleemareas is gestruktureer om die eie ouer met noodsaaklike kennis en vaardighede toe te rus ten opsigte van harmoniese verhoudingstigting en -onderhouding in hersaamgestelde gesinne. Die begeleidingsprogram is deur middel van 'n fokusgroeponderhoud aan die evaluering van vier ouerpare in hersaamgestelde gesinne onderwerp en is aan die hand van hul aanbevelings verfyn en gefinaliseer.

**Sleutelbegrippe**

kerngesin, hersaamgestelde gesin, eie ouer, stiefouer, stiefkind, nie-toesighoudende ouer, uitgebreide gesin, ouerbegeleidingsprogram

# THE ROLE OF THE BIOLOGICAL PARENT IN THE RECONSTITUTED FAMILY

by
Barend Johan Kruger

DEGREE: DOCTOR EDUCATIONIS
SUBJECT: PSYCHOLOGY OF EDUCATION
PROMOTER: DR E PRINSLOO

SUMMARY

In this research study the reconstituted family is investigated as a complex alternative family structure with distinctive structural characteristics, problem areas and rituals which cannot be adopted from the norm of the nuclear family. In the literature survey these aspects are examined closely and the conclusion is drawn that the important role of the biological parent in the reconstituted family is ignored to a large extent. The biological parent's commitment to both the parent-child and new couple systems allows him/her to play a key role in family interactions, unit formation and educational events in the reconstituted family. It is possible for the biological parent to act as a buffer in the problematic step-parent-stepchild relationships from a unique perspective. However, this possibility only exists if the biological parent possesses sufficient knowledge, insight and skills.

An extensive qualitative investigation on the basis of semi-structured interviews with members of six reconstituted families revealed the following tendencies:

- Biological parents expect their new spouses to accept and love children in the reconstituted family from the onset.
- Biological parents harbour conflicting feelings regarding the disciplining of children by the stepparent.
- Biological parents, stepparents and children in reconstituted families often still carry the burden of unresolved feelings of sadness and loss.

- The handling of finances with regard to resident own and stepchildren, as well as non-resident children and former spouses creates tension and compromises good relationships.
- Biological parents are often so divided between the interests of their own children and those of their new spouses that they find it difficult to build a meaningful relationship with their new spouse in a second marriage.

The tendencies mentioned played a decisive role in the development of a guidance programme for biological parents. Eight sessions with aims based on these problem areas were structured to equip biological parents with the necessary knowledge and skills in respect of the development and maintenance of harmonious relationships in reconstituted families. The guidance programme was subjected to the evaluation of four sets of parents in reconstituted families by means of a focus group interview and was refined and finalised on the basis of their recommendations.

**Key concepts**

nuclear family, reconstituted family, biological parent, stepparent, non-custodial parent, extended family, parental guidance programme

# Inhoudsopgawe

**HOOFSTUK 1: INLEIDENDE ORIËNTERING, PROBLEEMSTELLING EN DOEL VAN ONDERSOEK**

1.1 INLEIDENDE ORIËNTERING . . . . . 1

1.2 PROBLEEMONTLEDING . . . . . 1
1.2.1 Die demografiese realiteit van die hersaamgestelde gesin . . . . . 1
1.2.1.1 Verenigde State van Amerika . . . . . 1
1.2.1.2 Groot-Brittanje . . . . . 2
1.2.1.3 Suid-Afrika . . . . . 3
1.2.2 Veranderinge in die gesinstruktuur van die hersaamgestelde gesin as moontlike aanleiding tot probleemareas . . . . . 4
1.2.3 Belangrikste probleemareas in die hersaamgestelde gesin . . . . . 10
1.2.3.1 Probleme met kinders in die hersaamgestelde gesin . . . . . 10
1.2.3.2 Finansiële probleme in die hersaamgestelde gesin . . . . . 14
1.2.4 Lojaliteitskonflikte in die hersaamgestelde gesin . . . . . 18
1.2.4.1 Lojaliteitskonflikte by kinders . . . . . 18
1.2.4.2 Lojaliteitskonflikte by volwassenes . . . . . 20
1.2.5 Probleme ten opsigte van gesinsgrense . . . . . 21
1.2.5.1 Gesinsgrense tussen hersaamgestelde huishoudings ten opsigte van voogskap en besoekregte . . . . . 24
1.2.5.2 Gesinsgrense binne die hersaamgestelde huishouding . . . . . 25
1.2.6 Komplekse interpersoonlike verhoudinge in die hersaamgestelde gesin . . . . . 26
1.2.6.1 Die nuwe egpaarverhouding . . . . . 26
1.2.6.2 Die eie ouer-kindverhoudinge . . . . . 28
1.2.6.3 Die stiefouer-stiefkindverhoudinge . . . . . 29
1.2.6.4 Die stiefbroer-stiefsusterverhoudinge . . . . . 31

1.3 PROBLEEMSTELLING . . . . . 33

1.4 DOEL VAN DIE NAVORSING . . . . . 33
1.4.1 Algemene doelstelling . . . . . 33
1.4.2 Verbesondere doelstelling . . . . . 34

1.5 BEGRIPSVERKLARING . . . . . 34
1.5.1 Eie ouer . . . . . 34
1.5.2 Die hersaamgestelde gesin . . . . . 35
1.5.3 Die rol van die eie ouer in die hersaamgestelde gesin . . . . . 36

1.6 AFBAKENING VAN DIE GEBIED VAN ONDERSOEK . . . . . 37

1.7 NAVORSINGSMETODE EN PROGRAM VAN ONDERSOEK . . . . . 38
1.7.1 Metode van ondersoek . . . . . 38
1.7.1.1 Literatuurstudie . . . . . 38
1.7.1.2 Empiriese ondersoek . . . . . 38
1.7.1.3 Program van ondersoek . . . . . 39

**HOOFSTUK 2: DIE AANLOOP TOT GESINSVERBROKKELING: VERANDERINGE IN DIE STRUKTUUR EN FUNKSIE VAN DIE GESIN**

2.1 INLEIDING . . . . . 40

2.2 DIE INDUSTRIËLE REVOLUSIE, INDUSTRIALISASIE EN TOENEMENDE VERSTEDELIKING EN DIE VERANDERENDE STRUKTUUR EN FUNKSIES VAN DIE GESIN . . . . . 41

2.3 DIE STRUKTURELE VERANDERINGE IN DIE MODERNE KERNGESIN . . . . . 45
2.3.1 Vanaf uitgebreide na moderne kerngesin . . . . . 45
2.3.2 Die moderne kerngesin . . . . . 47
2.3.2.1 Ekonomiese kwesbaarheid . . . . . 48
2.3.2.2 Emosionele kwesbaarheid . . . . . 48
2.3.2.3 Sosiale kwesbaarheid . . . . . 49

2.4 GESINSFUNKSIEVERSKUIWINGS VANAF DIE TRADISIONELE UITGEBREIDE GESIN NA DIE MODERNE KERNGESIN . . . . . . . . . . . . . . . 50

2.5 VERANDERENDE GESINSTRUKTURE IN DRIE OORSESE LANDE . . . . . . . . 57

2.5.1 Verenigde State van Amerika . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 57

2.5.2 Groot-Brittanje . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 58

2.5.3 Swede . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 59

2.6 DIE INVLOED VAN SOSIALE VERANDERINGE OP DIE SUID-AFRIKAANSE GESINSBESTEL . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 60

2.7 VERANDERINGE VAN GESINSTRUKTURE IN DIE SUID-AFRIKAANSE SAMELEWING . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 62

2.8 VERANDERENDE STRUKTURE EN WAARDEVERANDERINGE IN DIE SAMELEWING EN GESIN . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 66

2.9 SINTESE . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 70

**HOOFSTUK 3: DIE HERSAAMGESTELDE GESIN EN DIE ROL VAN DIE EIE OUER IN HIERDIE GESINSTRUKTUUR**

3.1 INLEIDING . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 71

3.2 DIE EIE OUER IN 'N SLEUTEL- EN/OF MAGSPOSISIE IN DIE HERSAAMGESTELDE GESIN . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 72

3.3 RIGLYNE TEN OPSIGTE VAN DIE POSITIEWE AANWENDING VAN DIE EIE OUER SE MAGSPOSISIE . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 73

3.4 UITDAGINGS EN TAKE VAN DIE HERSAAMGESTELDE GESIN EN DIE SLEUTELROL VAN DIE EIE OUER HIERIN . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 74

3.5 EIENSKAPPE VAN DIE SUKSESVOLLE HERSAAMGESTELDE GESIN EN DIE ROL VAN DIE EIE OUER IN HIERDIE STRUKTUUR . . . . . . . . . . . . . . . . . . 75

3.6 DIE ROL VAN DIE EIE OUERS IN OUERSKAPKOALISIES . . . . . . . . . . . . . . 80

3.7 BELANGRIKE STRUIKELBLOKKE MET DIE VORMING VAN OUERSKAPKOALISIES EN DIE EIE OUERS SE ROL OM DIT TE ELIMINEER . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 82

3.8 DIE ROL VAN DIE EIE OUER IN DIE LEWENSIKLUS VAN DIE HERSAAMGESTELDE GESIN . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 86

3.9 DIE OUERSKAPFUNKSIE VAN DIE EIE OUER . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 94

3.10 SINTESE . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 98

**HOOFSTUK 4: ONTWERP VAN DIE EMPIRIESE ONDERSOEK**

4.1 INLEIDING . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 99

4.2 DOEL VAN DIE EMPIRIESE ONDERSOEK . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 100

4.3 KWALITATIEWE NAVORSINGSTRATEGIE: AGTERGROND, DOEL EN MOTIVERING . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 101

4.4 STEEKPROEFTREKKING . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 104

4.4.1 Agtergrond, doel en motivering . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 104

4.4.2 Grootte van ondersoekgroep . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 105

4.4.3 Verantwoording ten opsigte van steekproeftrekking asook geldigheid en betroubaarheid van die ondersoek . . . . . . . . . . . 105

4.4.3.1 Metode, doel en motivering . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 105

4.4.3.2 Geldigheid . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 107

4.4.3.3 Betroubaarheid . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 109

4.5 KEUSE EN OMSKRYWING VAN KWALITATIEWE VERKENNINGSMEDIA . . 110
4.5.1 Semi-gestruktureerde onderhoud: agtergrond, doel en motivering vir insluiting . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 110
4.5.2 Fokusgroeponderhoudvoering: agtergrond, doel en motivering vir insluiting . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 113
4.5.3 Deelnemende observasie tydens individuele en fokusgroeponderhoudvoering: agtergrond en doel . . . . . . . . . . . . . . 115
4.5.4 Toestemming van bandopname tydens individuele en fokusgroeponderhoudvoering: doel en motivering . . . . . . . . . . . . . . . 116
4.5.5 Data-analise en verifikasie van die ondersoek . . . . . . . . . . . . . . 118

4.6 SINTESE . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 118

**HOOFSTUK 5: VERWERKING EN INTERPRETASIE VAN DIE EMPIRIESE GEGEWENS**

5.1 INLEIDING . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 119

5.2 GESINSVERSLAE . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 120

5.3 SAMEVATTING VAN DIE SES GESINNE . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 167

5.4 VERGELYKING TUSSEN DIE BEVINDINGE UIT DIE LITERATUUR EN UIT DIE EMPIRIESE ONDERSOEK . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 172

5.5 POSITIEWE EN NEGATIEWE FAKTORE IN DIE HERSAAMGESTELDE GESIN WAT IN HIERDIE NAVORSINGSPROJEK AS TENDENSE NA VORE TREE . . 180

5.6 SINTESE . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 181

**HOOFSTUK 6: BEGELEIDINGSPROGRAM VIR EIE OUERS**

6.1 INLEIDING . . . . . . . . . . 183

6.2 DIE DOEL VAN DIE BEGELEIDINGSPROGRAM VIR EIE OUERS . . . . . . . . 183

6.3 DIE ONTWERP VAN DIE BEGELEIDINGSPROGRAM . . . . . . . . 185

6.4 DIE OMVANG, DUUR EN PLEK VAN AANBIEDING VAN DIE BEGELEIDINGSPROGRAM . . . . . . . . 187

6.5 DIE VOORGESTELDE AANBIEDING VAN DIE BEGELEIDINGSPROGRAM . . . . . . . . 188

6.6 DIE NOODSAAKLIKHEID VAN 'N BEGELEIDINGSPROGRAM VIR EIE OUERS . . . . . . . . 189

6.7 DIE STRUKTUUR VAN DIE BEGELEIDINGSPROGRAM . . . . . . . . 190

6.8 RIGLYNE VIR EGPAAR- EN HUISVERGADERINGSESSIES TYDENS DIE VERLOOP VAN DIE BEGELEIDINGSPROGRAM . . . . . . . . 192

6.9 DIE UITVOERING VAN DIE BEGELEIDINGSPROGRAM . . . . . . . . 193

6.10 SINTESE . . . . . . . . 210

**HOOFSTUK 7: BEVINDINGE, GEVOLGTREKKINGS, LEEMTES EN AANBEVELINGS VAN DIE ONDERSOEK**

7.1 INLEIDING . . . . . . . . 211

7.2 DIE DOEL VAN DIE LITERATUUROORSIG EN DIE EMPIRIESE ONDERSOEK . . . . . 211

7.3 BEVINDINGE UIT DIE LITERATUUROORSIG WAT AS TENDENSE NA VORE TREE . . . . . 213

7.4 BEVINDINGE UIT DIE EMPIRIESE ONDERSOEK WAT OOREENKOMSTE TOON MET TENDENSE UIT DIE LITERATUUROORSIG . . . . . 215

7.5 GEVOLGTREKKINGS UIT DIE LITERATUUROORSIG EN DIE EMPIRIESE ONDERSOEK . . . . . 217

7.6 LEEMTES IN DIE NAVORSING . . . . . 219

7.7 AANBEVELINGS MET DIE OOG OP PRAKTYKVERBETERING . . . . . 221

7.8 AANBEVELINGS VIR VERDERE NAVORSING . . . . . 224

7.9 SLOTOPMERKINGS . . . . . 225

**BRONNELYS** . . . . . 228

# Hoofstuk 1

# Inleidende oriëntering, probleemstelling en doel van ondersoek

## 1.1 INLEIDENDE ORIËNTERING

Dit kan sekerlik nie betwis word dat die samelewing en die gesin as die kern van die samelewing oor die jare weens tegnologiese vooruitgang dramatiese veranderinge ondergaan het en nog steeds ondergaan nie.

Van die merkbaarste en kommerwekkendste veranderinge in die gesin is die toename in gesinsverbrokkeling. Dit gee dikwels aanleiding tot enkelouer- en hersaamgestelde gesinne as alternatiewe gesinsvorme wat 'n eiesoortige opvoedingsproblematiek het.

Hierdie gesinne kan egter nie langer as 'statisties afwykend' of 'patologies' beskou word nie. Hulle moet volle begrip en erkenning in die samelewing en in geesteswetenskaplike navorsing op grond van hul groot toename geniet.

## 1.2 PROBLEEMONTLEDING

### 1.2.1 Die demografiese realiteit van die hersaamgestelde gesin

#### *1.2.1.1 Verenigde State van Amerika*

Norton en Moorman (Lefrançois 1990:548) wys daarop dat een uit elke drie huwelike in die Verenigde State van Amerika (VSA) in egskeiding eindig en dat daar reeds aanduidings is dat hierdie verhouding in die toekoms tot 50% kan toeneem. Die meerderheid van hierdie geskeides, vyf uit ses mans en drie uit vier vrouens, hertrou egter binne drie jaar en bevind hulle dan in hersaamgestelde gesinne. Volgens

Furstenberg (Steinberg, Belsky & Meyer 1991:499) sal 60% van alle adolessente voor bereiking van volwassenheid 'n deel van hul lewe in enkelouergesinne deurbring. Ongeveer een kwart van hulle sal later in hersaamgestelde gesinne opgeneem word. Meer as die helfte van hulle sal 'n tweede egskeiding deurmaak en hulle weer in enkelouergesinne bevind. Vir Bell (1983:535) het enkelouergesinne, meestal weens egskeiding, oor die laaste dekade tien maal vinniger as twee-ouergesinne toegeneem. Hulle groei twee en 'n half maal vinniger as twee-ouergesinne. Hy wys ook daarop dat die hertroukoers vir geskeides baie hoog is. Dit dui daarop dat enkelouergesinne en daaropvolgende hersaamgestelde gesinne van die vinnigste groeiende gesinsvorme in die VSA is. Bell (1983:548) beweer dat vier uit elke vyf persone wat skei, hertrou en dat meer as die helfte van die hertroues binne drie jaar na egskeiding plaasvind.

Glick en Lin (Visher & Visher 1990:3) wys daarop dat die hersaamgestelde gesin gedurende die laaste tien tot vyftien jaar verander het van 'n 'alternatiewe' gesinsvorm tot 'n 'oorheersende' Amerikaanse gesinsvorm. Aangehaalde syfers van die Amerikaanse Sensus Buro dui daarop dat 50% van alle eerste huwelike in egskeidings eindig en dat 70% van die geskeide mans en 65% van die geskeide vrouens (meer mans as vrouens), hertrou. 60% van hulle is reeds ouers. In 'n artikel wys Glick (Visher & Visher 1990:4) daarop dat alhoewel sensusdata slegs minderjarige stiefkinders in hersaamgestelde gesinne bereken daar met alle redelikheid gespekuleer kan word dat meer as die helfte van die teenswoordige jeugdiges in die VSA teen die jaar 2000 stiefseuns en stiefdogters kan wees. Volgens Glick en Lin (Visher & Visher 1989:65) antisipeer demograwe dat 45% van die Amerikaanse kinders wat gedurende die tagtigerjare gebore is, 'n egskeiding van hul ouers sal beleef voor hulle agtien jaar oud is en dat 35% van hierdie kinders voor hulle agtiende verjaarsdag weens die hertroue van een of albei ouers reeds 'n stiefouer kan hê.

#### *1.2.1.2 Groot-Brittanje*

Pugh en De'Ath (1984:24) rapporteer ook hier 'n skerp styging in die egskeidingskoers. Volgens hierdie navorsers was daar oor die afgelope twintig jaar 'n 60% toename met een uit elke drie huwelike wat in egskeiding eindig. In meer as 60% van alle egskeidings maak kinders onder 16 jaar deel uit van enkelouergesinne wat so gevorm word. Pugh en De'Ath (1984:26) wys egter verder daarop dat vir baie van hierdie

kinders die enkelouergesin slegs 'n oorgangsfase tot die hersaamgestelde gesin is. Volgens beraming sal 80% van die geskeide ouers onder dertig, binne vyf jaar hertrou, en sal een uit elke vyf persone teen die jaar 2000 reeds twee keer getroud wees. Een uit elke drie nuwe huwelike kan 'n hertroue van een of albei egliede wees. Die oorgrote meerderheid hertroues omvat egter geskeide persone, veral geskeide vrouens, aan wie voogskap oor die kinders deur die egskeidingshof toegestaan is.

Robinson (1991:3,16) toon ook dat een uit elke drie huwelike in egskeiding eindig. Robinson (1991:20) wys verder daarop dat teen ongeveer vyf jaar na egskeiding meer as die helfte van die enkelouers, veral enkelmoeders aan wie voogskap oor die kinders toegestaan is, reeds hertrou het. Robinson (1991:19, 83) beklemtoon die feit dat die hertroukoers vir mans amper drie keer hoër is as dié vir vrouens en dat hulle kort na egskeiding meestal met geskeide vrouens met voogskap oor hulle kinders, hertrou. Hulle word dan as stiefvaders in hersaamgestelde gesinne opgeneem.

Volgens Robinson (1991:3, 20-21) sal een uit elke vyf kinders hulle vroeër of later in 'n hersaamgestelde gesin bevind en leef sewe persent van alle kinders saam met 'n stiefouer. Sy maak 'n verdere aanname dat meer as een miljoen kinders reeds in hersaamgestelde gesinne opgeneem is en dat 'n verdere een en 'n half miljoen kinders saam met 'n vervreemde of geskeide ouer woon wat moontlik sal hertrou.

#### *1.2.1.3 Suid-Afrika*

Steyn, Van Wyk en Le Roux (1987:144-145) haal 'n tabel ten opsigte van huwelikstatus ten tyde van huweliksluiting in Suid-Afrika aan wat daarop dui dat hertroue in hierdie land oor die laaste drie dekades toegeneem het. Daar was 'n besondere groot toename in die persentasie persone wat met geskeides in die huwelik getree het.

Hierdie navorsers wys ook verder daarop dat hertroues oor die algemeen gemiddeld drie jaar na egskeiding voorkom, maar dat in die geval van weduweeskap, die tydperk effens langer kan wees.

Volgens beskikbare syfers van die Suid-Afrikaanse Sentrale Statistiekdiens was daar in 1994 'n totaal van 18,250 egskeidings waarby 20,772 minderjarige kinders

betrokke was. Indien hierdie syfers bereken word oor die laaste dekade kom dit neer op 'n totale syfer van 186,468 egskeidings, waarby 221,217 minderjarige kinders betrokke was (Sentrale Statistiekdiens, Verslagnommer 03-07-01, 1994).

Gedurende 1995 was daar 31,592 egskeidings waarby 40,156 minderjarige kinders betrokke was. Onder Swartes was daar 8,174 egskeidings waarby 10,893 kinders betrokke was; by die Kleurlinge weer 5,029 egskeidings met 8,168 kinders betrokke. Wat die Indiërs betref, was daar 1,601 egskeidings met 2,389 kinders betrokke. Onder blankes egter was daar 16,788 egskeidings waarby 18,706 kinders betrokke was (Sentrale Statistiekdiens, Verslagnommer P0307, 1996).

Hierdie hoë egskeidingskoers het tot gevolg dat ook hier te lande die meerderheid van hierdie geskeide persone weer in die huwelik kan tree na 'n tydperk van drie tot vyf jaar en dat 'n groot persentasie van hierdie minderjarige kinders in hersaamgestelde gesinne opgeneem kan word.

### 1.2.2 Veranderinge in die gesinstruktuur van die hersaamgestelde gesin as moontlike aanleiding tot probleemareas

- **Die teenwoordigheid van 'n vorige eglied en eie ouer in 'n ander huishouding**

Die nie-toesighoudende eie ouer wat meestal weens egskeiding fisies verwyderd van die hersaamgestelde gesin is, het nog steeds 'n groot invloed op die hersaamgestelde gesin vanweë 'n ouerband met die eie kinders. Aangesien voogskap veral aan die moeder toegeken word na egskeiding, is hierdie nie-toesighoudende eie ouer meestal die vader. Hierdie eie ouer ervaar menigmaal verwerping weens die egskeiding en vrees die verdere verlies van sy kinders. 'n Magstryd tussen die nie-toesighoudende eie ouer en die toesighoudende eie ouer is ook moontlik in die hersaamgestelde gesin, veral in dié sin dat die moeder as eie ouer die kinders van die vader kan vervreem, byvoorbeeld deur besoekregte in te perk of te ontmoedig. Hierdie magstryd ten opsigte van voogskap en besoekregte kan redelik fel wees. Veral indien die vader ook hertrou en voel dat hy nou meer aanspraak het op die kinders, omdat hy ook nou weer 'n gesin het waarin die kinders opgeneem kan word. Selfs by die dood van die

nie-toesighoudende eie ouer is daar baie keer 'n sterk sielkundige krag teenwoordig in die vorm van aangename herinneringe en idealisering van die gestorwe eie ouer wat 'n belangrike invloed op die huidige hersaamgestelde gesin kan uitoefen. Die toesighoudende eie ouer kan die stiefouer met die gestorwe nie-toesighoudende ouer vergelyk en so ook haar eie kinders wat die stiefouer in 'n onbenydenswaardige posisie kan plaas. Hy word 'n indringer en kan nooit volkome deel van hierdie hersaamgestelde gesin wees nie. Hy onttrek homself van gesinsinteraksies.

Daar kan ook sprake wees van die nie-toesighoudende ouer se gevoelens van onsekerheid en kompetisie met die stiefouer van dieselfde geslag. Die nie-toesighoudende eie ouer, meestal die vader, kan onseker voel oor sy rol as eie ouer, daar hy nou moet kompeteer met die stiefouer ten opsigte van sy kinders se opvoedingsbegeleiding (Visher & Visher 1978:71; Visher & Visher 1979:29-30; Visher & Visher 1982:10; Visher & Visher 1988:10, 110-111).

- **Onduidelike roldefinisie en 'n gebrek aan eie rituele, norme en waardes**

In die kerngesin word die rolle van die egpaar en die ouerpaar duidelik omskryf, naamlik dié van vader en moeder. Elkeen weet duidelik wat hulle van mekaar verwag in hierdie egpaar- en ouerverhoudinge en wat die gemeenskap van hulle verwag ten opsigte van hierdie verhoudinge.

In die hersaamgestelde gesin daarenteen word die rolle van die nuwe maat as eggenoot of eggenote nie vir die nuwe egpaarverhouding en dié van stiefouer in die ouer-kindverhouding duidelik omskryf nie. Stiefouers weet dikwels nie duidelik wat hulle van hulself, van hul egliede of wat die gemeenskap van hulle verwag nie. Stiefouers weet ook nie duidelik of hulle as ouers, stiefouers of geen ouers deur die gemeenskap erken word nie. Dit maak hulle dikwels onseker ten opsigte van die onderskeie rolle wat hulle moet vervul in die hersaamgestelde gesin. Hulle gaan dikwels gebuk onder skuldgevoelens of kan probeer om die eie ouers se rolle oor te neem en hulself te laat geld as stiefouers.

Waar die kerngesin se norme en waardes duidelik omskryf word en die hersaamgestelde gesin nie duidelike eie rituele norme en waardes het nie, word hierdie rituele, norme en waardes dikwels ontleen aan die kerngesin. Die hersaamgestelde gesin funksioneer dikwels dan as 'n "skyn" kerngesin, omdat die gemeenskap die norme en waardes van die kerngesin as die enigste ideaal of norm beskou wat onderhou moet word vir erkenning as 'n volwaardige gesin. Weens die gebrek aan eie rituele, norme en waardes word die hersaamgestelde gesin dikwels dan gestigmatiseer of gestereotipeer as 'n 'patologiese' of 'afwykende' gesin en nie erken as 'n volwaardige 'alternatiewe' gesinsvorm naas die kerngesin nie (Visher & Visher 1979:31; Visher & Visher 1988:14; Steyn *et al* 1987:146).

- **Onrealistiese verwagtinge**

Verwagtinge en maniere van dinge doen in die hersaamgestelde gesin word oorgedra van verskillende vorige gesinspatrone byvoorbeeld, die gesin van oorsprong, die kerngesin en die enkelouergesin en, met hertroue, die hersaamgestelde gesin. Al hierdie verskillende huishoudings het eiesoortige verwagtinge ten opsigte van mekaar en verskillende maniere van dinge doen weens uiteenlopende historiese gesinsagtergronde, wat nou alles deel word van die hersaamgestelde gesin. Hier is dus sprake van verskillende norme en waardes, huisreëls, behoeftes en interaksies tussen die gesinslede.

Die eie ouer, meestal die moeder wat hertrou, het byvoorbeeld die onrealistiese verwagting dat aangesien sy die nuwe eggenoot aanvaar en leer lief kry het, haar eie kinders die nuwe stiefouer, meestal die stiefvader, ook onmiddellik moet aanvaar en lief hê. Hier is dus sprake van die onrealistiese verwagting van "kitsliefde" tussen stiefouer en stiefkind, asook die "kitsaanvaarding" van mekaar.

Stiefouers het baie keer ook onrealistiese verwagtinge dat hul stiefkinders hulle moet aanvaar, omdat hulle vir hulle goed is en voel menigmaal geaffronteerd as dit nie gebeur nie. Die kinders daarenteen ervaar intense lojaliteitskonflikte en distansieer hulle juis van hul stiefouers, omdat enige lojaliteit teenoor die stiefouers volgens hulle dislojaliteit teenoor die eie ouer kan beteken. Stiefouers het ook weens hulle onsekere stiefouerrolle die onrealistiese verwagtinge dat hulle onmiddellik die nie-

toesighoudende ouers se rolle moet oorneem en die stiefkinders met fermheid "reg te ruk". Dit word nie so geredelik aanvaar nie.

Die eie ouer, veral die moeder het ook die onrealistiese verwagting dat, aangesien sy in die enkelouergesin primêr verantwoordelik was vir die dissiplinering van die kinders die stiefouer hierdie rol nou by haar moet oorneem as man in die huis. Wanneer die stiefouer dit wel doen, aanvaar sy dit nie so geredelik nie en skaar haar menigmaal aan die kant van haar kinders. Die eie kinders aanvaar dit allermins, omdat aanvaarding en vertroue tussen stiefouer en stiefkind dissiplinering moet voorafgaan en menigmaal bestaan dit nie eers op hierdie stadium nie.

Eie ouers en stiefouers het ook baie keer die onrealistiese verwagting dat hulle mekaar se kinders onmiddellik moet aanvaar en lief hê en ervaar intense skuldgevoelens indien hulle dit nie dadelik kan doen nie (Visher & Visher 1978:72-75; Visher & Visher 1979:32, 50, 57; Visher & Visher 1982:6-7, 64; Visher & Visher 1988:10, 17; Schuster & Ashburn 1986:60).

- **Meestal geen regsgeldige verhouding tussen stiefouers en stiefkinders nie**

In die kerngesin word beide eie ouers as die wettige ouers van die kinders beskou, aangesien hulle in die meeste gevalle wettig met mekaar getroud was toe die kinders uit die huwelik gebore is en word hulle gevolglik ook deur die bloedbande aan mekaar verbind.

Volgens die huidige regstelsel het die stiefouers egter nie enige regsaanspraak op hulle stiefkinders nie tensy hulle met die nodige toestemming van die eie ouers die stiefkind wettig aanneem. Dit maak dit vir beide stiefouers en stiefkinders moeilik om 'n nuwe stiefouer-stiefkindverhouding met mekaar op te bou, aangesien stiefverhoudinge slegs so lank duur as wat die tweede huwelik duur. Volgens reg kan stiefouers nie eers skriftelike toestemming gee ten opsigte van mediese behandeling van stiefkinders nie en word ook nie ten volle ten opsigte van skoolaangeleenthede by versending van, byvoorbeeld, skoolverslae van stiefkinders erken nie. Dit bemoeilik hul betrokkenheid by die stiefkinders.

Stiefouers voel baie maal uitgesluit en nie wettig deel van die hegte eie ouer-kindverhouding nie, omdat dit reeds gevorm is voor hulle op die toneel verskyn het. Hulle beleef hulself dus menigmaal as "buitestaanders" of "indringers" en weet nie duidelik wat hul plek, rol en funksie in die hersaamgestelde gesin moet wees nie, naamlik dié van ouer, stiefouer of geen ouer nie (Visher & Visher 1978:72; Visher & Visher 1982: 17-19; Visher & Visher 1988:10; Schuster & Ashburn 1986:693).

- **Die eie ouer-kindverhouding gaan die nuwe egpaarverhouding vooraf**

By eerste huwelike het meeste egpare in kerngesinne meer tyd alleen met mekaar voor die geboorte van die kinders om mekaar beter te leer ken. By hertroue (of tweede of meer huwelike) en die vorming van hersaamgestelde gesinne is daar sprake van die vorming van "kitsgesinne" of "kitsklaargesinne", waar eie ouers, stiefouers, eie kinders en stiefkinders onmiddellik deel vorm van die nuwe gesinne wat so gevorm word. Die nuwe egpaar het dus nie voldoende tyd en geleentheid om mekaar beter te leer ken soos in die geval van kerngesinne nie, omdat kinders ook onmiddellik deel uitmaak van hierdie gesinne. Die eie ouer-kindverhouding figureer ook reeds sterk sedert die enkelouergesinsfase en die nuwe egliede as stiefouers beleef hulself menigmaal as "buitestaanders" of "indringers" in hierdie egpaar- en eie ouer-kindverhoudinge, waar hulle veral nie onmiddellik deur die stiefkinders (die eie ouer se kinders) aanvaar en vertrou word nie en uitgesluit voel (Visher & Visher 1978:72; Visher & Visher 1982:8-9; Visher & Visher 1988:10; Schuster & Ashburn 1986:693).

- **Onverwerkte verliese en veranderinge**

Die hersaamgestelde gesin word gevorm na die dood van een van die egliede en in die meeste gevalle na die egskeiding van een of albei die egliede en word gekenmerk deur gevoelens van verlies en verdriet. Hierdie onverwerkte verliese van dood en egskeiding kan die vorming van eenheid in die hersaamgestelde gesin benadeel. Vorige eggenotes kan, byvoorbeeld, wettig geskei wees maar sielkundig of emosioneel nog nie. Dit kan vir die nuwe eggenotes onaanvaarbaar wees, aangesien nog te veel tyd, geld en aandag aan die vorige eggenotes bestee word ten koste van hulle en moontlik hul kinders se geluk.

Die kinders kan onverwerkte verliese ervaar weens die dood van die vorige ouer of 'n gedeeltelike verlies van die vorige ouer weens egskeiding. Alhoewel die eie ouer, meestal die moeder, die hertroue as 'n aanwins vir haar en haar kinders kan beleef, ervaar die kinders die hertroue meestal as 'n verdere verlies van die eie ouer se tyd en aandag. Die eie kinders moet nou die eie ouer met die stiefouer en moontlik ook met die stiefouer se kinders deel. Dit was nie die geval in die enkelouergesin nie, aangesien hulle die eie ouer net vir hulself gehad het. Die eie kinders kan gevolglik die stiefouer en stiefkinders as "indringers" beskou en die nie-toesighoudende ouer weer as 'n "droster" beskou wat die gesin verlaat het en in die steek gelaat het. Hierdie verlies van die nie-toesighoudende ouer word moeilik verwerk en die stiefouer en die stiefouer se kinders word verwerp.

Indien die stiefouer of die eie ouer nie voorheen getroud was nie, kan hulle 'n verlies ervaar ten opsigte van drome en verwagtinge van 'n eerste huwelik en die vorming van 'n kerngesin met die koms van kinders eers later in die huwelik. Waar die kinders egter reeds deel is van die gesin in die geval van die vorming van die hersaamgestelde gesin, kan die egpaar 'n verlies van tyd alleen ervaar, omdat die kinders se behoeftes primêr aandag geniet.

Die nie-toesighoudende eie ouer (meestal die vader) kan die verlies van 'n daaglikse ouer-kindverhouding ervaar, aangesien hy nou deel uitmaak van 'n ander huishouding, veral as hy ook hertrou het. Indien die toesighoudende eie ouer (meestal die moeder) die besoekregte inkort of die kontak met die vader ontmoedig, kan die vader verdere verlies ervaar en homself onttrek aan gesinsinteraksies.

Ander verliese behels 'n moontlike verlies en ondersteuning van familielede en 'n vriendekring weens moontlike verhuising na 'n ander omgewing, verandering van skool en beroep. Vir die kinders kan dit ook 'n verlies van 'n plek in die kinderry wees, waar hulle die oudste was en nou in die hersaamgestelde gesin die jongste kan wees of die enigste kind was en nou met ander kinders (stiefkinders) moet deel in die hersaamgestelde gesin (Visher & Visher 1978:71; Visher & Visher 1982:3-5; Visher & Visher 1988:10).

- **Die kinders vorm meestal deel van twee huishoudings**

In die kerngesin is die gesinsgrense duidelik omlyn weens bloedverwantskap tussen ouers en kinders wat hulle aanmekaar verbind. By die hersaamgestelde gesin daarenteen is die gesinsgrense vaag omlyn en vorm die kinders die enigste skakel tussen die twee huishoudings, veral as die nie-toesighoudende ouer ook intussen hertrou het. Hulle woon in die meeste gevalle by die moeder wat voogskap oor hulle het en die stiefvader. Hulle besoek, soos ooreengekom, die nie-toesighoudende eie ouer, naamlik die vader.

Die kinders maak ook met twee verskillende gesinskulture kennis. Aangesien die verskillende lede van die hersaamgestelde gesin uit persone met verskillende gesinsagtergronde en -verwagtinge saamgestel word, kan verwag word dat norme en waardes, wyses van doen en huisreëls verskillend geïnterpreteer word. Dit maak dit vir die kinders baie moeilik om onmiddellik by die twee huishoudings in te skakel en hulle voel baie keer nie ten volle deel van die twee huishoudings se doen en late nie. Volgens Prinsloo (1991:16) is hulle 'deeltitel-kinders' wat slegs aanspraak het op die eie ouer se aandeel in die betrokke huishoudings.

Die kinders kan ook in twee geskeur word wanneer hulle as "pionne" aangewend word in die twee eie ouers se bittere stryd om voortgesette voogskap, besoekregte en gereelde betaling van onderhoudstoelaes (Visher & Visher 1978:72; Visher & Visher 1979:31; Visher & Visher 1982:13-17; Visher & Visher 1988:10).

### 1.2.3 Belangrikste probleemareas in die hersaamgestelde gesin

#### *1.2.3.1 Probleme met kinders in die hersaamgestelde gesin*

Bernard wys reeds in 1956 daarop dat ouerskap in die hersaamgestelde gesin een van die moeilikste menslike opdragte is (Visher & Visher 1988:19). Messinger en McClenahan rapporteer in hulle navorsing dat probleme met kinders die grootste probleemarea in die hersaamgestelde gesin is. Vergelyk in hierdie verband Visher en Visher (1978:70-71), Visher en Visher (1979: 43, 138, 149) en Visher en Visher (1988:21). Duberman (1975:42) deel ook die vorige navorsers se sienings dat kinders

in die hersaamgestelde gesin die grootste probleem blyk te wees. Dit is duidelik dat ouerwees en kindwees in die hersaamgestelde gesin uiters problematies kan wees om die volgende redes:

- **Probleme met dissiplinering**

Volgens Visher en Visher (1978:72) ervaar alle gesinne op die een of ander stadium probleme met die dissiplinering van kinders, maar in die hersaamgestelde gesin is hierdie dissiplinering meer problematies. Hulle wys daarop dat daar met die hertroue van een of albei die eie ouers ewe skielik 'n nuwe volwassene op die voorgrond tree met moontlik ander idees ten opsigte van dissiplinering.

In die kerngesin daarenteen het die nuwe egpaar meestal meer tyd om mekaar beter te leer ken voor die geboorte van die kind. Met die geboorte en tydens die grootwordingsproses van die kind het die ouers ook toenemend meer geleenthede om voortdurend met mekaar te onderhandel ten opsigte van die verskillende dissiplineringspraktyke, wat hulle in die opvoedingsbegeleiding aan die kind voorstaan.

Visher en Visher (1978:72) wys verder daarop dat daar met hertroue en tydens die vorming van die hersaamgestelde gesin ook sprake kan wees van die vorming van 'n sogenaamde "kitsgesin" waar die kind onmiddellik deel word van die nuwe gesin wat so gevorm word. Die eie en stiefouer het gevolglik nie soos in die geval van die kerngesin eers voldoende tyd en geleentheid om mekaar beter te leer ken voor die koms van die kind nie. Die kind kom ook volgens Visher en Visher (1978:73) die hersaamgestelde gesin met 'n bepaalde ontwikkelingsvlak binne. Die eie ouer was reeds van die kind se geboorte in die kerngesin, maar veral tydens die enkelouergesinsfase as eie ouer, met eiesoortige idees ten opsigte van dissipline primêr verantwoordelik vir die dissiplinering van die kind.

Die stiefouer daarenteen kan volgens hierdie navorsers heeltemal onervare wees ten opsigte van dissiplinering, veral indien die stiefouer nog nie self reeds 'n eie kind het nie of idees huldig wat kan verskil van dié van die eie ouer en sodoende poog om die eie ouer se kind "reg te ruk" met oormatige fermheid en dwang. Dit kan nie net die

stiefkind van die stiefouer verder vervreem nie, maar ook tot hewige argumente tussen die nuwe egliede aanleiding gee.

Die eie ouer kan enersyds weens bloedbande en 'n hegte ouer-kindverhouding wat tydens die enkelouergesinsfase opgebou is hom/haar by die eie kind skaar. Die stiefouer kan andersyds hom- of haarself as 'n indringer of buitestaander in die hersaamgestelde gesin en meer spesifiek in die hegte eie ouer-kindverhouding beskou en weens 'n gevoel van magteloosheid onttrek van enige dissiplineringsaksies of met uitermatige fermheid optree. Vergelyk in hierdie opsig ook Visher en Visher (1978:72-73), Visher en Visher (1979:91-93) en Visher en Visher (1982:63-64).

Visher en Visher (1979:94) wys daarop dat veral adolessente hewig ontsteld is as die stiefouer die hersaamgestelde gesin binne kom en hulle onmiddellik wil dissiplineer. Die adolessente is sterk van mening dat die outonomie wat hulle tydens die enkelouergesinsfase ervaar het en nog steeds weens hulle toenemende emansipasie ervaar, verlore kan raak en aanvaar menigmaal nie die stiefouer se dissipline nie. Volgens dieselfde navorsers het baie stiefouers egter die onrealistiese verwagting dat hulle hul stiefkinders behoort te kan dissiplineer voordat hulle hul vriendskap, aanvaarding en vertroue eers probeer wen het. Visher en Visher (1988:213) rapporteer egter empiriese en kliniese bewyse ten opsigte van dissiplinering dat in gevalle, waar die stiefouers die dissiplineringsrol te gou wil oorneem, eenheidsvorming tussen die gesinslede eerder benadeel as bevoordeel word. Dit bemoeilik hul aanvaarding van mekaar of maak dit onmoontlik.

Die eie ouer, meestal die moeder, is ook egter baie keer gretig om van haar primêre verantwoordelikheid ten opsigte van dissiplinering tydens die enkelouergesinsfase afstand te doen en verwag dan van die stiefvader om as die nuwe man in die huis hierdie rol by haar oor te neem. So wys Visher en Visher (1978:73) en Visher en Visher (1979:60, 92) daarop dat die eie ouer, veral die moeder, hulp met die dissiplinering van die eie kind van die stiefvader kan verwag, maar ook tegelykertyd ambivalente gevoelens kan ervaar ten opsigte van die mate waarin dit deur die stiefvader toegepas word. So kan sy haar dan in die geval van enige dispuut weens moontlike oorbeskerming eerder aan die kant van haar kind skaar. Dit is ook volgens hierdie navorsers nie vreemd dat baie stiefvaders kla dat hulle dikwels dubbele

boodskappe van die moeders ten opsigte van dissiplinering ontvang nie. Die stiefvaders onttrek gevolglik in passiwiteit en laat die dissiplinering slegs aan die moeders oor wat op hulle beurt weer klagtes opper dat die stiefvaders hulle nie in hul dissiplineringstaak wil ondersteun nie.

- **Probleme om kinders te deel**

Volgens Visher en Visher (1978:73) het baie probleme tussen volwassenes en kinders in hersaamgestelde gesinne te doen met die feit dat kinders gedeel moet word met vorige egliede. Weens 'n gebrek aan vertroue is dit menigmaal vir vorige egliede besonder moeilik om hulle kinders met mekaar te deel. Veral in gevalle waar die een die ander eerder as 'n vyand as 'n vriend kan beskou, omdat daar hewige dispute kan bestaan ten opsigte van besoekregte en voogskap oor kinders. In uiterste gevalle moet dit menigmaal in die egskeidingshof beredder word, omdat die vorige egliede nie self 'n ooreenkoms met mekaar kan bereik nie.

Hierdie navorsers wys verder daarop dat, aangesien daar reeds 'n verlies aan 'n vorige gesin bestaan, die eie toesighoudende ouers vrese kan ervaar ten opsigte van die verdere verlies van hulle kinders, waar die kinders kan kies om by die nie-toesighoudende ouer te gaan woon. Dit kan aanleiding gee tot gevoelens van magteloosheid en onsekerheid tussen die eie ouers, wat jaloesie en gramskap tussen hulle tot gevolg kan hê. Dit kan groot spanning veroorsaak tussen die onderskeie huishoudings wat die kinders moet deel in die hersaamgestelde gesin. Die kinders wat meestal bewus is van hierdie onsekerheid en gespanne atmosfeer in die twee huishoudings kan hulle óf onttrek aan die gesinsinteraksies óf kan met onaanvaarbare gedrag probeer om 'n wig tussen veral die nuwe egpaar in te dryf in 'n poging om sodoende hulle eie ouers met mekaar te herenig.

- **Moontlike verwerpingsgevoelens**

Die hantering van verwerping deur die stiefkinders is vir Visher en Visher (1978:74) 'n hoof probleemarea vir baie stiefouers. Hulle ervaar veral 'n gebrek aan erkenning aan die kant van die stiefkinders weens 'n gevoel dat hulle nie primêr verantwoordelik is vir die stiefkinders se versorging nie. Omdat hulle nie eintlik vir hulle verantwoordelik

is nie, verwag stiefouers dankbaarheid en erkenning van hulle stiefkinders of poog met oormatige vriendelikheid te hard om dit te verkry. Hulle voel dan diep seergemaak indien dit nie geskied nie en die stiefkinders hulle wantrou weens moontlike lojaliteitsgevoelens teenoor die eie ouers. Die stiefouers reageer dikwels daarop deur hulle te onttrek aan hulle stiefkinders of om baie ferm teenoor hulle op te tree en erkenning af te dwing, wat verdere verwerping van hul stiefkinders tot gevolg het.

- **Onrealistiese verwagtinge**

Baie volwassenes, veral eie ouers wat toesig oor hulle kinders het, wat hertrou, het volgens Visher en Visher (1978:74) en Visher en Visher (1979:57-58) die onrealistiese verwagtinge dat stiefouers en stiefkinders mekaar outomaties en onmiddellik moet aanvaar en lief hê. Kitsaanvaarding en kitsliefde is nie moontlik nie, en ontwikkel meestal slegs met tyd. Hierdie navorsers wys verder daarop dat baie stiefouers verplig voel om hulle stiefkinders lief te hê en hulle probeer soms te hard om aan hierdie onrealistiese verwagtinge van die eie ouers te voldoen. Die stiefouers kan terselfdertyd ook skuldig voel omdat hulle nie in dieselfde mate liefde en aandag aan hulle eie kinders gee indien hulle ook eie kinders het nie, omdat hierdie kinders nie voltyds by hulle inwoon nie. Hulle maak deel uit van 'n ander huishouding, waar toesig oor hulle aan daardie betrokke eie ouer deur die egskeidingshof toegestaan is.

Volgens hierdie navorsers ervaar veral stiefmoeders intense skuldgevoelens, omdat hulle nie hulle stiefkinders outomaties en onmiddellik kan aanvaar en lief hê nie. Hierdie skuldgevoelens is volgens hulle ook besonder sterk aanwesig by vrouens met geen kinders van hul eie nie wat hertrou met mans met eie kinders en hulle geen ervaring in die opvoedingsbegeleiding van kinders het nie. Tot groot ontevredenheid van die eie vaders kan hulle hul stiefkinders meestal slegs geleidelik leer lief kry en aanvaar.

### *1.2.3.2 Finansiële probleme in die hersaamgestelde gesin*

Messinger rapporteer dat naas probleme met kinders, finansiële probleme in die hersaamgestelde gesin ook prominent figureer (Visher & Visher 1978:70; Visher & Visher 1979:43, 149). Visher en Visher (1982:144) wys daarop dat daar menigmaal

na hertroue verwys word as 'n 'seksuele monogamie', naamlik 'n huwelik of hertroue van een man met een vrou en 'n 'finansiële poligamie' (veelwywery). Die nuwe egpaar is seksueel met die hertroue aan mekaar verbind, maar is ook finansieel weens kinderonderhoudstoelae wat aan vorige egliede uitbetaal of van vorige egliede ontvang word nog in 'n groot mate finansieel verbonde aan hulle vorige egliede.

- **Finansiële band met vorige egliede**

Volgens Visher en Visher (1978:75) en Visher en Visher (1982:145) word die in- en uitbetaling van onderhoudstoelae beskou as 'n tasbare skakel met die vorige huwelik en gesien as boodskappe van besorgdheid, toornigheid en skuldgevoelens. Visher en Visher (1979:100) en Visher en Visher (1982:144) wys ook daarop dat geld 'n groot geskilpunt tussen die nuwe egpaar kan wees, veral waar "genoeg nie genoeg is nie" ten opsigte van gelde wat aan vorige egliede betaal word vir die versorging van kinders uit 'n vorige huwelik. Visher en Visher (1979:34) beskou finansiële aangeleenthede ook as 'n twispunt tussen vorige egliede, wat tot gevoelens van verwerping, skuldgevoelens, woede en groot verskille aanleiding kan gee. Hierdie konflik oor finansies kan spanning verhoog tussen al die lede van die hersaamgestelde gesin.

- **Skuldgevoelens en oorkompensasie**

Volgens Visher en Visher (1978:75-76) voel veral die nie-toesighoudende ouer skuldig dat die vorige eglied, asook eie kinders in die steek gelaat word, omdat menige nie-toesighoudende ouers ook hertrou, veral eie vaders. Hulle gee ook baie keer toe aan buitensporige finansiële versoeke wat, afgesien van die kinderonderhoudstoelae, tot hulle gerig word deur vorige eggenotes, wat hul nuwe eggenotes met ontevredenheid vervul, omdat hulle voel dat hul gesinne benadeel word ten koste van die vorige eggenotes se gesinne. Die nie-toesighoudende vader het ook menigmaal die vrees dat indien hy nie voldoen aan die finansiële versoeke wat die vorige eggenote tot hom rig nie, sy die kinders van hom sal weerhou deur hulle besoekregte in te kort. Hy gee dan toe aan hierdie eise. Die nie-toesighoudende vader gee dus menigmaal toe aan hierdie ekstra finansiële eise in 'n poging dat hy nie, afgesien van die egskeiding as 'n eerste verlies, nog 'n verdere verlies van sy kinders sal beleef as hy hulle nie kan sien

nie of hulle hom nie meer mag besoek nie. Die toesighoudende vorige eggenote kan dus hier in 'n magsposisie geplaas word, waar sy die nie-toesighoudende vader kan manipuleer om óf meer geldelik by te dra wanneer sy so voel óf indien hy dit nie sou doen nie, die kinders van hom te weerhou. Sy eie kinders kan ook deur haar beïnvloed word in die sin dat indien hy nie aan hierdie ekstra finansiële versoeke voldoen nie, hulle gelei word om te glo dat hy hulle nie meer lief het en ook nie meer vir hulle omgee nie. Dit kan die eie ouer-kindverhouding tussen die nie-toesighoudende vader en sy kinders ernstig benadeel. Die nuwe eggenote asook haar eie kinders kan ook ontevrede voel oor hierdie toestand van sake, byvoorbeeld waar die nuwe eggenote die idee kan hê dat haar man meer omgee vir sy vorige eggenote en hulle kinders as vir haar en sy stiefkinders. Dit weer kan die nuwe egpaarverhouding en die stiefouer-stiefkindverhouding skaad, waar hulle kan voel dat hy sy vorige eggenote en eie kinders bevoordeel en hulle met die minste tevrede moet wees. Daar moet ook op gelet word dat die vader self sy eie kinders tydens besoeke met luukshede kan trakteer of hulle oorlaai met duur geskenke om te kompenseer vir die verlies wat hy ervaar, omdat hulle nie voltyds by hom kan woon nie. Hierdie oorkompensasie en skuldgevoelens van die nie-toesighoudende vader kan weer ernstige komplikasie hê vir die eie kind-stiefkindverhouding. Die stiefkinders kan jaloesie openbaar en verwerp voel; dit kan ook aanleiding gee tot onenigheid en 'n ongesonde wedywering met mekaar, omdat hulle nie ook in dieselfde mate finansieel en materieel bevoordeel word nie.

- **Wantroue en finansiële geheimhouding**

Visher en Visher (1978:76; 1982:144) wys ook daarop dat finansiële probleme aanleiding kan gee tot gevoelens van wantroue. Byvoorbeeld, beide geskeide mans en vrouens kan voel dat hulle tydens egskeiding finansieel uitgebuit is deur die ander party en dat hulle nie in die hersaamgestelde gesin 'n herhaling daarvan wil beleef nie. Veral geskeide vrouens het tydens die tydperk van enkelouerskap die grootste deel van die enkelouergesin se gesinsinkomste onafhanklik gegenereer en gekontroleer. Die meeste van hulle is egter wantrouig om hierdie onafhanklike finansiële status prys te gee vir 'n meer afhanklike status in die hersaamgestelde gesin, waar hulle moontlik finansieel weer ondergeskik kan wees aan hulle nuwe huweliksmaats.

Visher en Visher (1978:76-77; 1979:35) beklemtoon ook die feit dat die nuwe egpare in hersaamgestelde gesinne dikwels nie inligting ten opsigte van salarisse, bankrekeninge, beleggings of ander bronne van inkomste met mekaar wil deel nie. Baie keer het hulle dan ook aparte bankrekeninge en beleggings, waar hulle uit hierdie bronne van inkomste elkeen vir hulle eie kinders finansieel voorsien, wat eenheidsvorming in die gesin kan benadeel.

- **Skuldgevoelens en finansiële voorsiening**

Bogenoemde navorsers wys ook daarop dat eie ouers (meestal moeders) skuldgevoelens kan ervaar dat hulle nuwe egliede hulle kinders finansieel moet onderhou, aangesien die kinderonderhoudstoelaes wat hulle van hulle vorige egliede ontvang nie voldoende is om hulle kinders finansieel te versorg nie. Gevolglik kan nuwe egliede as stiefvaders wat volgens wet geen regsaanspraak op hulle stiefkinders het nie, omdat hulle hul nie wettig aangeneem het nie, aansienlike finansiële verantwoordelikheid vir hulle stiefkinders aanvaar. Die eie moeders kan weer skuldgevoelens ervaar dat hulle van hulle eie kinders verwag om hulle stiefvaders onmiddellik te aanvaar, omdat hulle hul finansieel onderhou. Die stiefkinders daarenteen kan dit weerstaan, omdat onmiddellike aanvaarding van stiefouers sonder die nodige tyd, kennis en vertroue nie moontlik is nie. Hulle kan stiefvaders se finansiële bystand verwerp, omdat dit ook as dislojaliteit teenoor hulle eie vaders beskou kan word. Die eie moeders kan verdere skuldgevoelens ervaar dat hulle onnodige finansiële laste op hulle nuwe egliede as stiefvaders plaas. Hulle openbaar ook in 'n sekere mate wantroue dat hulle hul tot 'n mate daartoe verplig om finansiële verantwoordelikheid vir hulle kinders te aanvaar en dat die stiefvaders dit nie vrywillig doen nie. Dit weer kan aanleiding tot wantroue en probleme in die egpaarverhoudinge gee.

- **Die onrealistiese verwagtinge van "finansiële liefde en aanvaarding"**

Visher en Visher (1978:77) beklemtoon dit dat geldelike bydraes menigmaal in gesinne gelyk gestel word aan liefde en aanvaarding, maar dat dit veral in hersaamgestelde gesinne hoogty vier. Nuwe eggenotes kan byvoorbeeld ekstra betalings aan vorige eggenotes beskou as dat die vaders meer omgee vir en meer

besorg is oor hulle vorige eggenotes en hulle vorige gesinne as oor hulle en hul huidige gesinne. Die eie moeder kan ook weer voel dat haar nuwe eggenoot minder omgee vir sy stiefkinders deur finansieel meer te bestee aan sy eie kinders. Die stiefvader daarenteen kan sy nuwe eggenote as koud en gemeen ervaar, omdat sy hom daarvan beskuldig dat hy sy kinders se liefde probeer koop deur hulle finansieel te bederf en met allerhande luukshede te oorlaai. Die eie kinders weer kan 'n nie-toesighoudende ouer as onbesorg ervaar, omdat nie voldoende finansiële bystand aan hulle verleen word om 'n gemiddelde lewenstandaard te handhaaf nie. Hulle en hul eie moeders moet moontlik van goedkoper behuising gebruik maak en met minder luukshede klaarkom. Om hierdie ouer se liefde vir hulle te toets word daar menigmaal finansiële eise aan die ouer gestel waaraan daar gevolglik dan nie voldoen kan word nie. Soos die kinders ouer word, kan hierdie finansiële eise so in intensiteit toeneem dat die ouer glad nie aan hierdie buitensporighede kan voldoen nie, omdat dit bokant die ouer se finansiële vermoëns is. Die kinders kan dit nie altyd in dieselfde lig sien nie en kan dit as toenemende gevoelens van liefdeloosheid ervaar, omdat hulle die ouer se geld ook as maatstaf van die ouer se liefde vir hulle beskou. Die kinders kan ook die siening huldig dat indien die ouer wel vir hulle lief is, die ouer finansieel kan beplan om aan hulle finansiële eise te voldoen.

### 1.2.4 Lojaliteitskonflikte in die hersaamgestelde gesin

Hertroue en die gevolglike vorming van hersaamgestelde gesinne gaan gepaard met komplekse en gemengde lojaliteitskonflikgevoelens vanuit die verlede, wat nou in die hersaamgestelde gesin ingedra word deur kinders en volwassenes, omdat lojaliteit, vertroue en aanvaarding as voorvereiste het wat hier grotendeels afwesig is.

#### *1.2.4.1 Lojaliteitskonflikte by kinders*

Volgens Visher en Visher (1988:174) ervaar feitlik alle kinders na egskeiding lojaliteitskonflikte, maar die intensiteit daarvan hang hoofsaaklik daarvan af hoe die geskeide ouers hierdie saak later na egskeiding hanteer. Indien daar na egskeiding en met hertroue 'n samewerkingsooreenkoms tussen die geskeide ouers (vorige egliede) bestaan, waar hulle die kind se belange en geluk eerste stel, is die intensiteit daarvan gewoonlik veel laer as wanneer hulle hul eie persoonlike belange en eer

eerste stel. Die geskeide ouers kan voogskap ten opsigte van die kinders met mekaar deel of kan, byvoorbeeld, voel dat hulle met die egskeiding reeds 'n verlies ervaar het en nie ook in die proses hulle kinders wil verloor nie. Hulle kan mekaar dan 'n bittere stryd aansê wat tot duur en uitgerekte hofsake ten opsigte van voogskap aanleiding kan gee en wat die kinders grotendeels kan verwar, omdat die kinders beide ouers lief het en lojaal teenoor beide ouers wil wees. Die kinders wil ook nie graag een van die ouers in hierdie proses verloor nie, aangesien dit dan as dislojaliteit teenoor sodanige ouer beskou kan word.

Tydens egskeiding en die vorming van die enkelouergesin ontwikkel 'n hegte band tussen enkelouer en kind en gaan dit oor tot 'n hegte ouer-kindverhouding wat die egpaarverhouding van die eie ouer en stiefouer wat hertrou, voorafgaan.

Visher en Visher (1988:174) wys verder daarop dat met die koms van die stiefouer die kinders weereens intense lojaliteitskonflikte kan ervaar, byvoorbeeld waar die kinders die eie ouer in die enkelouergesinsfase met niemand gedeel het nie, nou met die stiefouer moet deel, waar die kinders dit ook naas die egskeiding as 'n verdere verlies van die eie ouer beleef. Dit gee ook in baie gevalle aanleiding tot die verwerping van die stiefouers. Die kinders kan voel dat die stiefouer hierdie hegte ouer-kindverhouding wil binne dring en die kinders nou met die stiefouer moet meeding vir die eie ouer se tyd en aandag. Die kinders moet van hul vertrouelingsposisies wat hulle tydens die enkelouergesinsfase beklee het, afstand doen. Dit kan lojaliteitsprobleme veroorsaak. Dit kan, byvoorbeeld, daartoe aanleiding gee dat die kinders hulself onttrek van enige gesinsinteraksies en in depressie verval of dat hulle met ontwrigtende gedrag die nuwe egpaarverhouding kan saboteer om die eie ouer sodoende weer vir hulself op te eis. Selfs in gevalle waar die stiefouer deur die stiefkinders as 'n volwasse vriend aanvaar word, kan hierdie kinders intense lojaliteitskonflikte ervaar. Die kinders kan, byvoorbeeld, voel dat enige moontlike lojaliteitsgevoelens wat teenoor die stiefouer openbaar word in die vorm van vertroue en aanvaarding dislojaliteit tot die eie ouer kan beteken en skuldig daaroor voel. Afgesien van hierdie intense lojaliteitskonflikte kan die kinders boonop nog intense skuldgevoelens ten opsigte van die eie ouer se liefde, wat nou tussen hulle en die stiefouer gedeel moet word, ervaar wat nie tydens die enkelouerfase die geval was nie. Dit kan tot verdere depressie of ontwrigtende gedrag en verwerping van die stiefouer

aanleiding gee, omdat die kinders lojaal is teenoor die eie ouer en ongelukkig voel dat die eie ouer se liefde en aandag nou gedeel moet word.

### *1.2.4.2 Lojaliteitskonflikte by volwassenes*

Visher en Visher (1988:166) wys daarop dat die eie ouer wat hertrou hoofsaaklik twee tipes lojaliteitskonflikte ondervind. Dit behels, naamlik, om eerstens vasgevang te voel tussen die nuwe eggenoot/eggenote en die kinders en tweedens om weens intense lojaliteitsgevoelens deur die eie en stiefkinders in twee verskillende rigtings getrek te word. Dit behels verder dat elkeen van hierdie onderskeie partye met mekaar wedywer om die eie ouer se lojaliteit. In hul vrees om nie die eie ouer te verloor ten koste van die onderskeie ander partye nie, kan elkeen van hierdie partye die lojaliteit van die eie ouer toets, in die mate wat die eie ouer regverdig tyd en aandag beskikbaar stel aan elkeen van hierdie partye.

- **Lojaliteitskonflikte van die eie ouer**

Volgens Sager en ander navorsers (Visher & Visher 1988:166) bestaan die hoofbron van spanning in hersaamgestelde gesinne daaruit dat die eie ouer interne konflikte ondervind weens hulle liefde vir hul kinders, asook hulle liefde vir hul nuwe eggenoot/eggenote. Dit gaan dus hier om die eie ouer-kindverhouding en die egpaarverhouding in die hersaamgestelde gesin. Die eie ouer kan intense skuldgevoelens openbaar, omdat 'n hegte egpaarverhouding as verraad teenoor die hegte ouer-kindverhouding beskou kan word en andersom.

Volgens Visher en Visher (1988:166) bestaan daar in die kerngesin meestal reeds 'n hegte egpaarverhouding met die geboorte van die kind en ontwikkel die ouer-kindverhouding later. In die hersaamgestelde gesin daarenteen is daar reeds sprake van 'n hegte ouer-kindverhouding tussen die eie ouer en eie kinders wat die egpaarverhouding tussen die eie ouer en nuwe eggenoot/eggenote voorafgaan. Tydens die enkelouergesinsfase ontwikkel 'n intieme band tussen eie ouer en kinders. Die kinders tree as vertrouelinge van die enkelouer op en deel hulle huishoudelike verantwoordelikhede met mekaar. Met die hertroue daarenteen ondervind die eie ouer ernstige spanninge. Die eie kinders wil, byvoorbeeld, nie die eie ouer se liefde

met die stiefouer deel nie. Hulle wil nog steeds die enigste vertrouelinge van die eie ouer bly. Dit kan aanleiding gee tot mededinging tussen die eie kinders en die nuwe eglied ten opsigte van die eie ouer se lojaliteit. Die eie ouer kan hulpeloos en skuldig voel, omdat hy/sy nie altyd voldoende aan albei partye se behoeftes kan voldoen nie.

- **Lojaliteitskonflikte van die stiefouer**

Visher en Visher (1988:167-168) wys verder daarop dat stiefouers as nuwe egliede in die egpaarverhoudinge ook lojaliteitskonflikte kan ondervind, byvoorbeeld, waar hulle nie onmiddellik die eie ouers se kinders so lief as hulle eie kinders kan hê nie. Dit laat hulle baie skuldig voel. Veral ook in gevalle waar die stiefouer se kinders nie by die nuwe egpare kan inwoon nie en die stiefouers voltyds aan die eie ouers se kinders se behoeftes moet voldoen, terwyl hulle voel dat hulle hul eie kinders afskeep en verraai.

- **Lojaliteitskonflikte weens vorige egpaar- en ouerverhoudinge**

Minstens een van die volwassenes in die hersaamgestelde gesin was deel van 'n vorige egpaarverhouding. Dit is 'n algemene bron van spanning vir egliede om vasgevang te voel tussen hul nuwe en vorige huweliksmaats, byvoorbeeld, waar hulle nog nie 'n emosionele of sielkundige skeiding beleef het nie. Dit figureer in 'n groot mate deur die opvoedingsbegeleiding wat hulle nog gesamentlik aan die eie kinders verskaf, byvoorbeeld, telefoniese oproepe en persoonlike besoeke in belang van die kinders, wat hulle nog emosioneel kan verbind aan hulle vorige huweliksmaats. Die nuwe huweliksmaats kan uitgesluit voel en jaloesie openbaar. Egliede kan gevolglik voel dat hulle deur hulle huidige en vorige huweliksmaats in twee verskillende rigtings getrek word en lojaliteitskonflikte ervaar wat hulle onseker, magteloos en skuldig laat voel (Visher & Visher 1988:169-170).

### 1.2.5 Probleme ten opsigte van gesinsgrense

Visher en Visher (1988:167) toon aan dat lojaliteitskonflikte en gesinsgrensprobleme in die hersaamgestelde gesin ineen gestrengel kan wees, daar lojaliteitskonflikte die formasie van duidelike deurdringbare interpersoonlike grense kan verhinder.

- **Duidelik omlynde kerngesinsgrense**

Volgens Visher en Visher (1982:13) bestaan daar duidelike en deurlaatbare gesinsgrense in die kerngesinsisteem, waar die egpaarsubsisteem gewettig word deur 'n openbare regsgeldige huweliksluiting. Met verloop van tyd word uit hierdie huwelik kinders gebore wat wettige bloedbande met beide ouers het en dus deel uitmaak van die ouer-kindsubsisteem. Die grense tussen die egpaarsubsisteem en die ouer-kindsubsisteem word duidelik omlyn en is tot 'n groot mate deurdringbaar om mekaar te kan akkommodeer in die gesin. Die egpaar, ouers en kinders weet wat hulle van mekaar kan verwag in hulle onderskeie egpaar-, ouer- en kinderrolle en wat die gemeenskap van hulle verwag, aangesien die kerngesin as die norm van die samelewing beskou word.

- **Vaag omlynde hersaamgestelde gesinsgrense**

By die hersaamgestelde gesin kan die gesinsgrense besonder vaag omlyn wees. Veral in die geval van egskeiding en hertroue maak die kind nou deel uit van twee of meer huishoudings: die enkelouergesin en hersaamgestelde gesin, in die geval waar een van die eie ouers nie hertrou het nie, maar wel die ander een; en twee hersaamgestelde gesinne, in die geval waar beide ouers hertrou het (Visher & Visher 1982:13-14). Waar beide ouers kinders uit 'n vorige huwelik het, is daar sprake van drie belangrike huishoudings en in die geval van die teenwoordigheid van stiefkinders, naamlik, die nuwe eglied se eie kinders, asook eie kinders wat die nuwe egpaar saam mag hê, kan meer huishoudings ter sprake wees. Hierdie deelgenootskap aan die verskillende huishoudings kan die vorming van deurlaatbare grense nog verder bemoeilik en kan die intensiteit van die lojaliteitskonflikte nog verder verhoog (Visher & Visher 1988:28).

- **Vaag omlynde gesinsgrense weens dubbele lidmaatskap van verskillende huishoudings**

Alhoewel die kind volgens bogenoemde navorsers dubbele lidmaatskap in beide huishoudings het, kan die gesinsgrense volgens hulle ook vaag omlyn wees. Prinsloo (1991:16) maak gebruik van die term 'deeltitelkinders' om hierdie dubbele

lidmaatskap te verduidelik. Hierdie vaag omlynde gesinsgrense kan die eie kind se beweging van die een huishouding na die ander bemoeilik, byvoorbeeld, waar bestaande voogskap- en besoekreg-ooreenkomste nog nie tot bevrediging van alle partye onderhandel is nie. Dit laat die kind onseker tot watter huishouding hy/sy nou werklik behoort: huishouding A waar die kind voltyds woon onder voogskap van meestal die moeder, of huishouding B, dié van die nie-toesighoudende ouer, meestal die vader, waar die kind op bepaalde tye besoek aflê. Die kind kan verdeeldheid en intense lojaliteitskonflikgevoelens ervaar en voel dat hy/sy weens hierdie dubbele lidmaatskap en vaag omlynde gesinsgrense in twee verskillende rigtings getrek word, omdat lojaliteit aan een eie ouer noodwendig as dislojaliteit aan die ander eie ouer ervaar kan word en hulle onseker laat. Vir Visher en Visher (1979:192) is die grootste bekommernis van kinders na die hertroue van hulle ouers 'n antwoord op die vraag oor waar hulle hoort. Dit gaan egter ook vir al die lede van die twee of meer huishoudings oor duidelikheid ten opsigte van wie deel uitmaak van die onderskeie huishoudings en wie nie, soos byvoorbeeld, nuwe egliede, stiefvaders en stiefkinders.

- **Die noodsaaklikheid van duidelik omlynde grense in die hersaamgestelde gesin**

Visher en Visher (1982:104-105) beklemtoon die feit dat die twee aparte huishoudings se gesinsgrense enersyds duidelik omlyn moet wees. Andersyds moet dit ook deurlaatbaar wees, sodat die kinders met gemak tussen die twee huishoudings kan beweeg sonder om onseker te voel en lojaliteitskonflikte te ervaar. Hulle wys verder daarop dat elke aparte hersaamgestelde huishouding onafhanklik moet kan funksioneer en eie gesinsgrense, veral ten opsigte van huisreëls, vir hulle daar moet stel. Hulle moet gemaklik kan funksioneer, ook wat betref hulle interpersoonlike verhoudinge as eie ouers, stiefouers, eie kinders en stiefkinders in albei huishoudings.

Visher en Visher (1979:210) wys in hierdie verband daarop dat indien die volwassenes in die hersaamgestelde gesin, naamlik die eie ouers en die stiefouers, gewillig is om die kinders en stiefkinders se regte, asook hulle onderskeie regte te erken en met mekaar saam te werk ter wille van die welsyn van die kind, die hersaamgestelde gesinsgrensprobleme minimaal en oorbrugbaar kan wees.

Die volgende belangrike gesinsgrense kan volgens Visher en Visher (1988) onderskei word in die hersaamgestelde gesin:

### *1.2.5.1 Gesinsgrense tussen hersaamgestelde huishoudings ten opsigte van voogskap en besoekregte*

Daar is vir Visher en Visher (1988:183-184) twee basiese determinante ten opsigte van gesinsgrense tussen die twee of meer huishoudings in hersaamgestelde gesinne, naamlik, voogskap wat meestal aan die moeder as toesighoudende eie ouer toegestaan word en besoekregte wat ten opsigte van die nie-toesighoudende ouer, meestal aan die vader, toegestaan word. Hulle beklemtoon ook die feit dat daar nou genoegsame getuienis bestaan dat dit in die meeste gevalle van kardinale belang vir die kind is om na egskeiding en tydens die vorming van die hersaamgestelde gesin, kontak met beide eie ouers te behou. Volgens hierdie navorsers is 'n ander belangrike bevinding ook dat daar voortdurende kontak tussen die nie-toesighoudende ouers en kinders moet wees. Gereelde kontak is belangriker as die veelvuldigheid of frekwensie en lengte van kontak.

Visher en Visher (1988:185-186) ervaar ook verder dat as kinders nie voortgesette kontak met een van die eie ouers (byvoorbeeld die nie-toesighoudende ouer) het nie, algehele aanpassing in die hersaamgestelde gesin swakker daaraan toe sal wees. Hulle kan groter probleme met die vorming van interpersoonlike verhoudinge, soos byvoorbeeld met die stiefouers, ondervind. Hierdie navorsers wys ook daarop dat hul persoonlike ervaring deur navorsing in hierdie verband ondersteun word.

Visher en Visher (1988:188) beklemtoon die feit dat hersaamgestelde huishoudings deurlaatbare gesinsgrense moet hê, sodat die kinders met gemak van die een huishouding na die ander kan beweeg. So kan hulle voordeel trek uit die verskeidenheid van ervarings wat die verskillende huishoudings aan hulle bied. Hulle wys egter verder daarop dat waar die eie ouers in die twee huishoudings die kinders nou moet deel, dit tot vyandigheid tussen die twee huishoudings aanleiding kan gee. Byvoorbeeld, waar die kind kan kies om by die nie-toesighoudende ouer te gaan kuier of woon, omdat die ouer weer in die huwelik getree het; of om sodoende weer in die nabyheid van sy/haar maats te kan wees. Die toesighoudende ouer kan naas die

egskeiding as eerste verlies, die verdere verlies van die kind vrees. Hierdie gewysigde besoek- en verblyfreëlings kan gevolglik teengestaan word. Dit kan tot groot onenigheid en uitgerekte hofsake aanleiding gee.

### *1.2.5.2 Gesinsgrense binne die hersaamgestelde huishouding*

Volgens Visher en Visher (1988:199-201) kan die gesinsgrense in die twee huishoudings ook vaag en onduidelik wees. Tydens die enkelouergesinsfase was die gesinsgrense duidelik omlyn, asook deurlaatbaar. 'n Hegte eie ouer-kindverhouding het sy beslag gehad en die kind het as die vertroueling van die enkelouer opgetree. Met die hertroue van een of beide die eie ouers bestaan die moontlikheid egter dat die interpersoonlike gesinsgrense tussen die eie ouer en die kind kan vervaag. Dit kan weer in die toekoms slegs met groot moeite deursigtig gemaak word. Die eie ouer moet nou, afgesien van die ouer-kindverhouding ook 'n hegte egpaarverhouding opbou om, byvoorbeeld, die tweede of verdere huwelik verseker te laat slaag, omdat die vorige(s) misluk het. Dit kan, volgens hierdie navorsers, die eie ouer in die onbenydenswaardige posisie tussen die geluk van 'n nuwe huwelik en 'n voortgesette hegte eie ouer-kindverhouding plaas. Die eie ouer kan enersyds skuldig en hulpeloos voel dat 'n hegte egpaarverhouding as verraad teenoor die eie ouer-kindverhouding gesien kan word, wat die eie ouer verdeeld kan laat ten opsigte van tyd en aandag tussen die nuwe eglied en eie kinders. Die eie kinders kan andersyds weer ervaar dat hulle hul vertrouelingsposisie opgebou tydens die enkelouergesinsfase nou moet inboet en weer net as kinders in die hersaamgestelde gesin beskou word. Die eie ouer moet ook met die stiefouer en moontlik met die stiefouer se eie kinders gedeel word. Die eie kinders kan, afgesien van die egskeiding as eerste verlies van die een eie ouer, hierdie delery van die ander eie ouer, as 'n verdere verlies ervaar wat hulle ongelukkig en opstandig kan maak. Hulle interpersoonlike verhoudinge met die eie ouer, stiefouer en die stiefouer se kinders kan benadeel word. Die eie ouer kan enersyds vrees ervaar ten opsigte van 'n verlies van die eie kinders wat hom/haar hulpeloos en skuldig kan laat voel. Die stiefouer kan andersyds weens die stiefkinders se moontlike vyandigheid en verwerping hom/haar onttrek of laat geld in die stiefouer-stiefkindverhouding, wat weer die eie ouer se gramskap tot gevolg kan hê. Dit kan die egpaarverhouding vertroebel.

Visher en Visher (1988:202) wys ook laastens daarop dat gesinsgrense ten opsigte van privaatheid ook vertroebel kan word as persoonlike privaatheid en ruimte ook in gedrang kom. Byvoorbeeld, waar eie ouer en kind en stiefouer en stiefkind ervaar dat hulle privaat tye met mekaar moet deel en nie altyd voldoende geleentheid daartoe kry nie. Of as eie kinders en stiefkinders die privaatheid van hul kamers en klerekaste met mekaar moet deel, wat hulle ongelukkig en opstandig kan maak.

### 1.2.6 Komplekse interpersoonlike verhoudinge in die hersaamgestelde gesin

Verskeie navorsers wys daarop dat die strukture van die verskillende hersaamgestelde gesinsvorme besonder kompleks kan wees en dat dit weer aanleiding kan gee tot komplekse interpersoonlike verhoudinge soos, byvoorbeeld, die volgende:

#### *1.2.6.1 Die nuwe egpaarverhouding*

By die hersaamgestelde gesin gaan die egpaarverhouding by hertroue gepaard met die vorming van 'n sogenaamde 'kitsgesin'. Moontlike eie en/of stiefkinders maak reeds deel uit van die gesin, omdat 'n hegte ouer-kindverhouding, gevorm tydens die enkelouergesinsfase, meestal die egpaarverhouding vooraf gaan. In hierdie geval het die egpaar menigmaal nie voldoende tyd en geleentheid om mekaar eers beter te leer ken nie, omdat tyd en aandag nou tussen die egpaarverhouding en ouer-kindverhouding verdeel moet word. Menigmaal het die nuwe egpaar nie eers voldoende tyd met mekaar alleen nie, omdat die kinders en stiefkinders van hierdie tyd ook vir hulself kan opeis. Hierdie beskikbare tyd kan so noodsaaklik wees vir die vorming van 'n hegte egpaarverhouding as voorvereiste vir gesinseenheid. Visher en Visher (1982:77-79) wys daarop dat baie eie ouers ook die ervaring het dat die vorming van 'n hegte egpaarverhouding moontlike verraad kan wees teenoor die reeds bestaande eie ouer-kindverhouding. Hulle kan skuldig voel, omdat hulle hul tyd en aandag nou met die kind en 'n nuwe eglied moet deel (vergelyk ook Visher & Visher 1978:78).

Visher en Visher (1979:96) beklemtoon dat dit veral op die gebied van die dissiplinering van kinders is waar samewerking tussen die nuwe egpaar die mees problematiese kan wees. Byvoorbeeld, waar die moeder dubbele boodskappe aan die

stiefvader stuur, waar hulp ten opsigte van die kinders se dissiplinering verlang kan word en terselfdertyd teengestaan kan word, wat die nuwe egpaarverhouding kan kompliseer. Visher en Visher (1979:97) wys ook verder daarop dat die moeder, as eie ouer, ook menigmaal te oorgretig kan wees om liefde en aanvaarding te bevorder tussen haar nuwe eglied en haar eie kinders. Meestal kan dit nie dadelik moontlik wees nie en slegs mettertyd geskied. Indien dit nie realiseer nie, kan sy voel dat sy gefaal het as eie ouer of die stiefouer daarvoor verkwalik. Dit is nie bevorderlik is vir 'n hegte egpaarverhouding nie.

Volgens Visher en Visher (1979:129) kan daar ook interne druk op die egpaarverhouding wees. Die egpaar kan verskillende verwysingsraamwerke en leefstyle hê wat met hertroue in die hersaamgestelde gesin ingedra word, byvoorbeeld, ten opsigte van gevoelens, behoeftes, opinies, wyses van doen en norme- en waardesisteme. Hierdie verskille kan verswarend inwerk op die egpaarverhouding.

Visher en Visher (1979:130-131) wys ook daarop dat een van die strukturele kenmerke wat tot groot probleme in die egpaarverhouding aanleiding kan gee, die hegte eie ouer-kindverhouding is wat die egpaarverhouding vooraf gaan. Die nuwe eglied kan uitgesluit voel van hierdie hegte band tussen die ouer en kind en jaloesie openbaar. Veral wanneer hulle tydens moontlike verskille 'n alliansie kan vorm teen die nuwe eglied ter beskerming van die eie ouer-kindverhouding. Die nuwe eglied kan veral jaloesie openbaar, omdat die eie ouer die eie kind beter ken en verstaan, en waar die stiefouer weens hierdie gebrekkige kennis van die stiefkind kan verskil van die eie ouer, byvoorbeeld, ten opsigte van dissiplinering, houdings en norm- en waardesisteme.

Wat eksterne druk betref kan, volgens Visher en Visher (1979:133-134), verhoudinge met vorige egliede belangrike probleemareas vir die meeste nuwe egpare met kinders wees. Veral waar vorige egliede die emosionele egskeiding nie volkome verwerk het nie en mekaar krenk met 'n volgehoue getwis oor die kind se voogskap en besoekregte. Indien emosionele skeiding nie realiseer nie, kan die vorming van hegte egpaarverhoudinge ernstig belemmer word, waar die nuwe eglied nie volwaardig deel kan vorm van die hersaamgestelde gesin nie.

Laastens kan daar, volgens Visher en Visher (1979:144), daarop gelet word dat probleme tussen die nuwe egpaar meestal sekondêr is tot die komplekse eie ouer/stiefouer-, eie kind/stiefkindverhoudinge as die primêre bron van spanning in die hersaamgestelde gesin. Dit is dus eerder probleme in die hersaamgestelde gesin wat deel kan word van die nuwe egpaarverhoudinge as wat dit andersom die geval is.

#### *1.2.6.2 Die eie ouer-kindverhoudinge*

Met die vorming van die hersaamgestelde gesin wil die eie ouer medeverantwoordelikheid met die stiefouer deel ten opsigte van basiese gesinstake. Die eie kind kan dit as direkte kompetisie met die stiefouer ervaar. Die stiefouer kan as 'n "indringer" beskou word, omdat die eie kind se betrokkenheid en tyd met die eie ouer ingeperk word en die eie kind die eie ouer nie eintlik met die stiefouer wil deel nie. Volgens Visher en Visher (1982:86-87) is dit veral vir die eie kind moeilik om die eie ouer met die stiefouer te deel, omdat die kind dit as 'n verlies van die hegte eie ouer-kindverhouding kan ervaar. Die eie ouer kan enersyds die eie kind met die stiefouer deel in 'n poging dat hulle mekaar sal aanvaar, maar kan dit andersyds ook as 'n verlies van die hegte eie ouer-kindverhouding wat tydens die enkelouergesinsfase opgebou is, beleef. Die eie ouer kan vasgevang voel tussen hierdie partye en intense skuldgevoelens ervaar, asook 'n verdere verlies van die eie kind vrees.

Visher en Visher (1979:45) wys daarop dat die eie ouer in die stiefouer 'n welkome hulp in die dissiplinering van die eie kind kan sien. Waar die eie ouer in die enkelouergesinsfase primêr verantwoordelik was vir dissiplinering, kan die eie kind nou hierdie dissiplinering van die stiefouer nie aanvaar nie en moontlik voel dat die eie ouer hom/haar in 'n mate verwerp en aan die stiefouer uitlewer. Dit kan die eie ouer-kindverhouding ernstig benadeel, byvoorbeeld, waar die eie kind die vertroue wat opgebou is tydens die enkelouergesinsfase ten opsigte van die eie ouer kan verloor.

Visher en Visher (1979:60) wys daarop dat die ambivalente lojaliteitskonflikgevoelens wat die moeder, byvoorbeeld, tydens die stiefvader se dissiplinering van haar kind(ers) ervaar, haar hulpeloos en skuldig laat voel. Volgens Visher en Visher (1982:9) kan die moeder ook vasgevang voel tussen die hegte nuwe eggenoot- en die kindverhoudinge,

waar sy voel dat sy haar kind(ers) in die steek laat. Hierdie lojaliteitskonflikgevoelens en vasgevangenheid kan gevolglik die eie ouer-kindverhoudinge ernstig benadeel.

Vir Visher en Visher (1982:9-11) bestaan daar moontlik reeds 'n hegte ouer-kindverhouding tussen die nie-toesighoudende vader en kind wat die toesighoudende moeder moontlik nie goedkeur nie en tot vyandigheid tussen die eie ouers kan lei. Die kind kan gevolglik vasgevang voel tussen die strydende ouers, waar hy/sy as "pion" en boodskapper aangewend kan word. Hy/sy moet tot nadeel van die eie ouer-kindverhoudinge moontlik kant kies.

Visher en Visher (1982:102) wys daarop dat waar die een eie ouer, byvoorbeeld, woedend vir die ander eie ouer kan wees, hierdie kwade gevoelens op die eie kind oorgedra kan word. Die eie kind maak biologies asook sielkundig, deel uit van die ander eie ouer. Byvoorbeeld, waar die een of die ander eie ouer afgekraak word in die teenwoordigheid van die kind of die kind vergelyk word met 'n negatiewe kwaliteit wat een eie ouer kan besit. Byvoorbeeld, "jy is net so ontverantwoordelik soos jou pa", kan tot ernstige lojaliteitskonflikte aanleiding gee. Die eie kind sal hierdie betrokke ouer verdedig en die ander eie ouer teëgaan wat die eie ouer-kindverhouding ernstig kan benadeel. Visher en Visher (1982:102, 108) beklemtoon dit dat die eie ouers nie in vyandigheid met mekaar kan lewe nie. Hulle verwag dat die kind kant moet kies tussen hulle en hulle trek eintlik die kind figuurlik uitmekaar. Dit kan die ouer-kindverhouding onherstelbare skade berokken.

#### *1.2.6.3 Die stiefouer-stiefkindverhoudinge*

Verskeie navorsers wys daarop dat dit in die meerderheid van gevalle 'n stiefvader is wat hertrou met 'n moeder wat voogskap oor haar kinders verkry het. So wys Bachrach (Noller & Callan 1991:117) daarop dat vier keer meer kinders by stiefvaders en eie moeders woon as by stiefmoeders. Die nuwe eglied maak gevolglik ook onmiddellik deel uit van hierdie hersaamgestelde gesinne wat op hierdie wyse gevorm word.

Met die vorming van hierdie sogenaamde 'kitsgesinne' kan daar egter ook sprake wees van komplekse stiefouer-stiefkindverhouding, waar die nie-aanvaarding van

mekaar en wantroue tussen stiefouer en stiefkind meestal hoogty vier. Volgens Visher en Visher (1982:80) kan die eie ouer se onrealistiese verwagtinge van 'kitsaanvaarding' van mekaar en 'kitsliefde' tussen die stiefouer en die stiefkind tot teleurstelling en komplekse stiefouer-stiefkindverhoudinge aanleiding gee. Sulke verhoudinge kan moontlik slegs mettertyd gedy.

Visher en Visher (1978:74) wys ook daarop dat stiefkinders se verwerping van hul stiefouers vir baie stiefouers 'n wesentlike probleem kan wees. Stiefkinders kan probleme ondervind met die aanvaarding van stiefouers wat tot verwerping aanleiding kan gee. Stiefkinders kan, byvoorbeeld, die mening huldig dat hulle met die stiefouers moet kan kompeteer wat betref die eie ouers se liefde, tyd en aandag wat hulle nie graag op 'n spesifieke tydstip met die stiefouers wil deel nie. Weens hierdie moontlike verwerpingstendense van stiefkinders kan stiefouers moontlik menigmaal te hard poog om hul stiefkinders se aanvaarding te verkry. Indien dit nie realiseer nie, kan stiefouers heftig hierop reageer deur hulle óf te onttrek aan enige stiefouer-stiefkindinteraksies óf te laat geld met die streng dissiplinering van die stiefkinders. Dit weer kan tot verdere verwerping aanleiding gee, wat die stiefouer-stiefkindverhoudinge net nog verder kan kompliseer.

Volgens Visher en Visher (1982:82) is stiefmoeder-stiefdogterverhoudinge van die mees komplekse, omdat die dogter, byvoorbeeld, tydens die enkelouergesinsfase verantwoordelikheid aanvaar het vir die voedselvoorbereiding, ander huislike take en die versorging van haar vader as moontlike enkelouer. Hierdie take en waar sy as vertroueling van die vader opgetree het, kan nou met die hertroue van die vader deur die stiefmoeder oorgeneem word, tot groot ontevredenheid van die stiefdogter. Hulle wys ook daarop dat die stiefvader-stiefseunverhoudinge kompleks kan wees in die sin dat die seun se man-in-die-huisposisie waar hy eens, tydens die enkelouergesinsfase, basiese herstelwerktake in en om die huis gedoen het en verantwoordelik was vir die versorging van die tuin nou deur die stiefvader oorgeneem kan word, in die geval waar die moeder hertrou.

Jacobson toon ook aan dat kinders meer spanning beleef wanneer hulle voltyds by 'n eie vader en stiefmoeder woon as wanneer hulle eerder by 'n eie moeder en stiefvader woon (Visher & Visher 1988:20). Duberman beklemtoon dit ook in haar studie van 88

hersaamgestelde gesinne in Cleveland dat stiefvaders beter verhoudinge het met hul stiefkinders as stiefmoeders en dat stiefmoeder-stiefkindverhoudinge meer problematies is, met stiefmoeder-stiefdogterverhoudinge as die mees problematiese (Visher & Visher 1979:42, 48, 179). Volgens Duberman dui navorsing ook daarop dat stiefmoeder-stiefdogterverhoudinge as die mees problematiese beskou moet word tot dit anders bewys kan word (Visher & Visher 1979:196).

Duberman (1975:47-50) wys op 'n gebrek aan navorsing betreffende houdings van stiefouers tot kinders, houdings van kinders tot stiefouers en kommunikasiepatrone tussen stiefkinders en stiefouers. Volgens haar dui een studie in hierdie verband daarop dat, ongeag die begeertes en vaardighede van die stiefouers, stiefouer-stiefkindverhoudinge menigmaal nie suksesvol is nie, omdat die gemeenskap se vooroordele en sosiale norme dit onmoontlik maak vir die stiefouer om 'n ouerrol te vervul. Sy wys daarop dat volgens die meeste skrywers in hierdie veld dit veral van toepassing is op gevalle, waar egskeiding die vorming van die hersaamgestelde gesin voorafgaan en die ander ouer ook nog leef wat nie ten gunste daarvan is dat die stiefouer hierdie ouerrol met hom/haar kan deel tot voordeel van die kind nie. Dit kan ook van toepassing wees by die dood van een van die eie ouers, waar die kind 'n veridealiseerde verhouding met sodanige ouer kon behou het, wat dit onmoontlik maak vir die stiefouer om hierdie ouerrol oor te neem. Volgens Duberman (1975:50) dui navorsingsbevindinge ook daarop dat die stiefvader meestal beter verhoudinge met die stiefkind stig as die stiefmoeder, omdat die stiefmoeder meer tyd voltyds tuis met die stiefkind verwyl as die stiefvader. Dit kan tot onenigheid tussen hulle aanleiding gee. Dit maak die stiefmoederrol ook meer problematies, veral, omdat die gemeenskap menigmaal meer simpatiek staan teenoor die stiefvader as teenoor die stiefmoeder.

#### *1.2.6.4 Die stiefbroer-stiefsusterverhoudinge*

Visher en Visher (1982:88-89) wys daarop dat jaloesie, verbittering en kompetisie baie moontlik is tussen stiefbroers en stiefsusters in die hersaamgestelde gesin en kan hand uitruk indien hulle nie regverdig behandel word nie. Hulle beklemtoon egter die feit dat broers en susters in kerngesinne ook uiters kompeterend, jaloers en verbitter jeens mekaar kan wees.

Duberman (1975:66-67) toon aan dat daar dikwels twee groepe kinders in die hersaamgestelde gesin opgeneem word, naamlik, dié van die moeder as eie ouer wat meestal permanent by die nuwe egpaar inwoon, en dié van die nuwe eglied wat met tye hul eie vader besoek. Volgens verskeie navorsers maak hulle die grootste groep hersaamgestelde gesinne uit. Die ouers van beide hierdie twee groepe kinders het dan menigmaal die onrealistiese verwagting dat die kinders mekaar onmiddellik moet aanvaar en dat hulle met mekaar oor die weg moet kom, omdat hulle as nuwe egpaar dit reeds doen. Dit is egter nie altyd moontlik tussen hierdie twee stelle kinders nie, want hulle het mekaar nie gekies soos in die geval van die egpaar nie en is maar net deel van hierdie 'kitsgesin' of hulle nou wil of nie!

Duberman beklemtoon dit ook in haar navorsing dat volgens verskeie navorsers ouderdoms- en geslagsverskille, asook persoonlikheidstrukture, menigmaal gedeeltelik verantwoordelik kan wees vir onenigheid tussen broers en susters, asook stiefbroers en stiefsusters. Kliekvorming tussen hierdie partye onderling, asook met een van die ouers, kom ook redelik algemeen voor. Die ander partye kan uitgesluit voel. Dit gee tot groot ontevredenheid en jaloesie aanleiding. Volgens haar is jaloesie en kompetisie ook 'n normale verskynsel tussen broers en susters in kerngesinne en daar kan verwag word dat dit tussen stiefbroers en stiefsusters in hersaamgestelde gesinne meer intens kan wees. Weens die vorming van hierdie 'kitsgesinne' kon hulle mekaar nog nie leer ken nie en vertrou hulle mekaar ook nie op hierdie stadium nie. Duberman beklemtoon dit dat jaloesie en kompetisie egter oorbeklemtoon kan word in navorsing oor stiefbroer- en stiefsusterverhoudinge.

Volgens Duberman (1975:61) kan in gevalle waar nuwe egpare eie kinders saam het, die stiefbroer-stiefsusterverhoudinge bevorder word. Al die kinders in die betrokke huishoudings kan gemeenskaplike interpersoonlike verhoudinge met die nuwe halfbroer(s) of halfsuster(s) hê. Sy wys daarop dat dit juis moontlik kan wees, omdat hulle deur bloedbande met een van die eie ouers aan hierdie halfbroer(s) of halfsuster(s) verbind word (vergelyk ook Visher & Visher 1979:177).

## 1.3 PROBLEEMSTELLING

Toenemende gesinsverbrokkeling weens 'n hoë egskeidingsyfer het tot gevolg dat hersaamgestelde gesinne toenemend gevorm word weens die hertroue van meestal geskeides met of sonder kinders. Bestaande navorsing met betrekking tot die hersaamgestelde gesinsopset beklemtoon die komplekse gesinstruktuur, die gebrek aan eie norme en rituele, asook die problematiese interpersoonlike verhoudinge wat in die hersaamgestelde gesin na vore kom. Vorige navorsing was primêr gerig op die opvoedingsrol van die stiefouer en die opvoedingsgesitueerdheid van die stiefkind. Die rol wat die eie ouer moontlik kan vervul in die opvoedingsbegeleiding van eie en stiefkinders, asook ten opsigte van die bevordering van eenheid in die hersaamgestelde gesin, is grootliks misgekyk.

Die vraag is nou in watter mate die eie ouer moontlik 'n sentrale posisie (of sleutelposisie) in die hersaamgestelde gesin kan inneem om hierdie eiesoortige problematiek die hoof te kan bied en sodoende eenheid in die hersaamgestelde gesin te kan help bevorder.

## 1.4 DOEL VAN DIE NAVORSING

### 1.4.1 Algemene doelstelling

Bevindinge van vorige navorsing aangaande die hersaamgestelde gesinslewe dui daarop dat die stiefouer, en meer spesifiek die stiefkind, in die besinning oor opvoedingsbegeleiding in die hersaamgestelde gesin primêr aandag geniet het.

Die doel van hierdie studie is om die bepaalde rol van die eie ouer ten opsigte van eenheidsontwikkeling in die hersaamgestelde gesin, vas te stel.

Antwoorde word gesoek op die volgende vrae in hierdie ondersoek:

- In watter mate kan die ouer bydra tot die eenheidsontwikkeling in die hersaamgestelde gesin?

- Watter probleme en uitdagings ondervind die eie ouer in die uitoefening van hierdie rol in die hersaamgestelde gesin?

- In watter mate word die eie ouer deur die stiefouer ondersteun in die uitoefening van hierdie rol?

### 1.4.2 Verbesondere doelstelling

In die lig van die voorafgaande is die besondere doel van die ondersoek om

- moontlike strukturele kenmerke en probleemareas in die hersaamgestelde gesin te identifiseer en te beskryf.

- 'n verwysingsraamwerk daar te stel ten opsigte van die rol van die eie ouer in die hersaamgestelde gesin. Die klem sal hier val op die versameling en beskrywing van gegewens betreffende hierdie eie ouerrol.

- toenemende begrip te bewerk ten opsigte van die sleutelrol van die eie ouer tydens gesinsinteraksies in die hersaamgestelde gesin.

- deur middel van 'n empiriese ondersoek die kwaliteit van hierdie eie ouerrol te bepaal ten opsigte van eenheidsvorming in die hersaamgestelde gesin.

- 'n begeleidingsprogram daar te stel wat die eie ouers kan inlig en ondersteun ten opsigte van hulle unieke rol in hersaamgestelde gesinne.

## 1.5 BEGRIPSVERKLARING

### 1.5.1 Eie ouer

Visher en Visher (1979:36) navorsers is dit eens dat die mees algemene vorm van hersaamgestelde gesin dié is, waar 'n nuwe stiefvader deel word van 'n huishouding waar die moeder as eie ouer aan die hoof van die huishouding gestaan het en meestal

algehele verantwoordelikheid aanvaar het vir die opvoeding van die kind(ers) in die gesin.

Die Engelse terme 'natural' of 'biological' dui die direkte bloedverwantskap tussen ouer en kind aan. Indien die begrip 'natural' direk vertaal word, beteken dit 'eie', wat ook in die algemene omgangstaal bekend staan as 'behorende aan 'n persoon self'. Weens bloedverwantskap behoort die kind dus self aan die eie ouer in die sin dat die eie ouer verantwoordelikheid aanvaar vir die kind se lewens- en opvoedingsbehoeftes.

### 1.5.2 Die hersaamgestelde gesin

In antwoord op die vraag "Wat is 'n hersaamgestelde gesin?" wys Steyn *et al* (1987:143-144) daarop dat 'n hersaamgestelde gesin ontstaan wanneer enkelouers hertrou (of in die huwelik tree as hulle nog nie voorheen getroud was nie). Volgens hierdie navorsers kan die strukture van hersaamgestelde gesinne besonder kompleks wees en beklemtoon hulle die volgende moontlike hersaamgestelde gesinsvorms:

- Die vrou het by haar vorige man eie kinders, wat voltyds by haar woon en haar vorige man betaal 'n onderhoudstoelae (of nie) en het besoekregte (of nie). Haar huidige man het nie eie kinders nie, maar is die stiefvader van haar eie kinders.

- Die vrou het nie eie kinders nie, maar haar huidige man het eie kinders wat voltyds by sy vorige vrou woon, en haar huidige man betaal 'n onderhoudstoelae (of nie) en het besoekregte (of nie). Alhoewel sy nie eie kinders het nie is sy 'n deeltydse stiefmoeder vir haar huidige man se kinders wanneer hulle hul besoek.

- Die vrou het by die vorige man eie kinders wat voltyds by haar woon, en die vorige man betaal 'n onderhoudstoelae (of nie) en het besoekregte (of nie).

- Die man het by die vorige vrou eie kinders wat voltyds by haar woon en die man betaal 'n onderhoudstoelae (of nie) en het besoekregte (of nie).

- Beide die man en die vrou het eie kinders uit hul vorige huwelike wat voltyds by hulle woon; die man se vorige vrou het besoekregte (of nie); die vrou se eie kinders se vorige vader betaal 'n onderhoudstoelae (of nie) en het besoekregte (of nie). Beide die man en die vrou het nie eie kinders uit hul huidige huwelik nie.

- Enigeen van die genoemde kombinasies sowel as eie kinders uit die egpaar se huidige huwelik.

As, volgens hierdie navorsers, ook daarop gelet word dat in die meerderheid gevalle vorige eggenote/eggenotes ook weer in die huwelik tree, kan komplekse interpersoonlike verhoudinge prominent figureer in die hersaamgestelde gesin.

Amerikaanse en Engelse literatuur maak ook gebruik van die terme 'remarried', 'reconstituted', 'recoupled', 'blended' of 'stepfamily' (vergelyk Visher & Visher 1979:4), maar vir die doel van hierdie studie sal daar voorkeur gegee word spesifiek aan die term 'hersaamgestelde gesin'. Dit beskryf die duidelikste dat lede van gesinne wat vorige gesinne saamgestel het in nuwe gesinne hersaamgestel kan word.

### 1.5.3 Die rol van die eie ouer in die hersaamgestelde gesin

Gouws, Louw, Meyer en Plug (1982:263) definieer 'rol' as 'n "persoon se 'funksie' of 'posisie' in 'n groep of instelling of die gedrag wat van 'n persoon as gevolg van sy posisie verwag word".

Vir die doel van die literatuurstudie sal 'funksie' of 'posisie' enersyds kan beteken dat die moeder/vader as eie ouer deur die nuwe eglied, eie kinders asook moontlike stiefkinders in verskillende rigtings getrek word. In 'n poging om aan al die betrokke partye se behoeftes te voldoen kan hy/sy weldra ervaar dat hy/sy in die middel van die partye vasgevang word weens lojaliteitskonflikte en skuldgevoelens, wat hom/haar magteloos en gefrustreerd kan laat.

Vir die doel van die empiriese ondersoek sal 'funksie' of 'posisie' andersyds kan beteken dat die moeder/vader as eie ouer 'n invloedryke sleutelposisie kan beklee,

omdat hy/sy die enigste persoon in die huishouding is wat deel vorm van beide die ouer- en kindsubsisteme in die hersaamgestelde gesin as gesinsisteem. Die wyse waarop hy/sy hierdie invloedryke posisie hanteer, beheer en bestuur, kan nie net tot voordeel van haar eie samewerkende verhoudinge met die betrokke partye aanleiding gee nie, maar ook ten opsigte van hul verhoudinge onderling tot voordeel van eenheid in die hersaamgestelde gesin, strek.

## 1.6 AFBAKENING VAN DIE GEBIED VAN ONDERSOEK

Die feit dat navorsing ten opsigte van die hersaamgestelde gesin al hoe omvangryker word, dui, onder andere, op die dringende nood aan begrip, professionele kennis en hulpverlening in hierdie verband.

Aangesien bestaande navorsing oor die hersaamgestelde gesin primêr fokus op die invloed van die hersaamgestelde gesin op die stiefkind, en in 'n mindere mate op die rol van die stiefouer, is dit duidelik dat veral die posisie van die kind meer aandag geniet het in navorsing oor hersaamgestelde gesinne.

Alhoewel die rol van die stiefouer as volwassene aandag geniet het, is die rol van die eie ouer in die hersaamgestelde gesin, grotendeels misgekyk. Deur middel van die ondersoek wat hier in die vooruitsig gestel word, sal gepoog word om duidelikheid te kry oor die moontlike invloedryke rol wat die eie ouer kan vervul om eenheidsvorming in die hersaamgestelde gesin te bevorder.

Aangesien meer mans hertrou met vrouens aan wie voogskap oor kinders toegestaan is, sal hierdie ondersoek primêr fokus op die rol van die moeder as toesighoudende eie ouer in die hersaamgestelde gesin, alhoewel die rol van die nie-toesighoudende vader ook bestudeer sal word as die ander eie ouer in die hersaamgestelde gesin.

Die klem sal ook val op hersaamgestelde gesinne, waar adolessente deel uitmaak van die huishouding, omdat hierdie fase reeds deur navorsing geïdentifiseer is as meer problematies as dié van jonger kinders. Daar word ook aan hierdie afbakening voorkeur gegee vanweë die feit dat adolessente hulle in 'n fase van oorgangsgroei en

emansipasie bevind. Hulle is ook sterk besig om meer volwasse te raak en is by uitstek daartoe in staat om hul belewinge ter verbaliseer en te kommunikeer.

Om die ondersoek prakties uitvoerbaar te maak sal dit beperk word tot 'n aantal hersaamgestelde gesinne vanuit verskillende sosio-ekonomiese vlakke van die stedelike gebied in en om Pretoria.

## 1.7 NAVORSINGSMETODE EN PROGRAM VAN ONDERSOEK

### 1.7.1 Metode van ondersoek

#### *1.7.1.1 Literatuurstudie*

'n Literatuurstudie sal aanvanklik onderneem word ten opsigte van

- die demografiese realiteit van die hersaamgestelde gesin,
- die eiesoortige rituele, norme en waardes in die hersaamgestelde gesin,
- 'n oorsig oor die strukturele kenmerke en probleemareas in die hersaamgestelde gesin,
- die besondere problematiek eie aan dié van eie ouerskap in die hersaamgestelde gesin en
- 'n sielkundig-opvoedkundige perspektief ten opsigte van die invloedryke rol van die eie ouer in die hersaamgestelde gesin.

#### *1.7.1.2 Empiriese ondersoek*

'n Kwalitatiewe ondersoek aan die hand van semi-gestruktureerde onderhoude sal uitgevoer word. Ouerpare en kinders in ses hersaamgestelde gesinne sal in die ondersoek betrek word. Die proefpersone sal uit Afrikaanse en Engelssprekende persone uit verskillende kultuurgroepe en sosio-ekonomiese stedelike gebiede in en om Pretoria getrek word. Insigte wat uit die onderhoude en literatuurstudie ingewin is, sal gebruik word om 'n begeleidingsprogram vir eie ouers in hersaamgestelde gesinne op te stel. Die program sal aan 'n fokusgroep (vier ouerpare in

hersaamgestelde gesinne) voorgelê word. Die fokusgroeponderhoud dien as verifikasie voor finalisering van die program.

### *1.7.1.3 Program van ondersoek*

**Hoofstuk 1** omvat 'n inleidende oriëntering, probleemontleding, probleemstelling, die doel van die ondersoek en 'n uiteensetting van die navorsingsprogram.

**Hoofstuk 2** behandel die aanloop tot gesinsverbrokkeling: veranderinge in die struktuur en funksie van die gesin.

**Hoofstuk 3** word gewy aan die aard van die hersaamgestelde gesin en die rol van die eie ouer in hierdie gesinstruktuur.

**Hoofstuk 4** fokus op die ontwerp van die empiriese ondersoek. 'n Omskrywing van die proefpersone, ondersoekmedia, uitvoering van die ondersoek en verifikasiemetode geniet die aandag.

**Hoofstuk 5** handel oor die verwerking en interpretasie van die empiriese gegewens.

**Hoofstuk 6** bied riglyne in die vorm van 'n oorhoofse begeleidingsprogram vir eie ouers in hersaamgestelde gesinne.

**Hoofstuk 7** sluit die navorsingsprojek af met 'n bevindinge, gevolgtrekkings, leemtes en aanbevelings.

# *Hoofstuk 2*

# *Die aanloop tot gesinsverbrokkeling: veranderinge in die struktuur en funksie van die gesin*

## 2.1 INLEIDING

Aan die vooraand van die een-en-twintigste eeu het rekenaarontwikkeling in die vorm van, byvoorbeeld, die Internet, CD Rom, e-pos en moderne telekommunikasie met die mobiele telefoon 'n werklikheid geword en die moderne tegnologie het die samelewing begin oorheers. Die vraag kan in hierdie lig met reg gestel word of die veranderinge wat die kerngesin weens hierdie tegnologiese vooruitgang ondergaan het tot die gesin se voordeel gestrek het en of dit die begin van die einde van die gesinslewe voorspel. Het daar, byvoorbeeld, 'n vervlakking in die kommunikasie-geleenthede in die gesinslewe begin intree, omdat tegnologiese vooruitgang ook die gesin begin oorheers het? Waar gesinslede via die rekenaar, televisie en videostel met mekaar kommunikeer, word intieme gesinskommunikasie grootliks daardeur vervang. Dit kan ook daartoe aanleiding gee dat gesinslede minder beskikbare tyd vir mekaar het en gesinsbande geleidelik verbreek word wat dan tot gesinsverbrokkeling aanleiding kan gee.

As 'n moontlike antwoord wat betref tegnologiese vooruitgang en ontoereikende gesinskommunikasie sal 'n literatuuroorsig onderneem word ten opsigte van die strukturele verandering en funksieverskuiwings wat die kerngesin weens die Industriële Revolusie, toenemende industrialisasie en tegnologiese ontwikkeling asook verstedeliking ondergaan het. Hierdie faktore het die kerngesin besonder kwesbaar gemaak. Gesinsverbrokkeling is aan die orde van die dag. Alternatiewe gesinstrukture, byvoorbeeld, enkelouergesinne, hersaamgestelde gesinne en

saamwoontendense het die kerngesin toenemend begin vervang. Die kerngesin kan weens hierdie kwesbaarheid en toenemende gesinsverbrokkeling nie meer as die enigste norm vir die samelewing beskou word nie. Dit kan in 'n toenemende mate deur alternatiewe gesinsvorme in die vorm van enkelouergesinne en hersaamgestelde gesinne vervang word, omdat hierdie gesinsvorme in 'n toenemende mate in die samelewing voorkom.

## 2.2 DIE INDUSTRIËLE REVOLUSIE, INDUSTRIALISASIE EN TOENEMENDE VERSTEDELIKING EN DIE VERANDERENDE STRUKTUUR EN FUNKSIES VAN DIE GESIN

Gerdes, Moore, Ochse en Van Ede (1988:200) benadruk dit dat ten einde die struktuur en die funksies van die gesin ten volle te kan begryp, dit histories en sosiokultureel beskou moet word. So 'n historiese en sosiokulturele perspektief is volgens hierdie navorsers noodsaaklik, aangesien gesinne teenswoordig worstel met steeds veranderende gesinstrukture, gesinsfunksies en rolpatrone wat reeds gedurende die afgelope twee eeue 'n aanvang geneem het. Steyn *et al* (1987:67) toon aan dat daar met die verloop van die agtiende en die negentiende eeu in Midde- en Wes-Europa ontwikkelings- en maatskaplike prosesse aan die orde van die dag was wat die gesinstruktuur en gevolglike gesinsfunksies, onderliggend aan die gesinstruktuur, ingrypend verander het. Ontwikkeling en faktore wat grootliks tot hierdie veranderings bygedra het, is die ontwikkeling op tegnologiese en wetenskaplike gebied wat tot die Industriële Revolusie aanleiding gegee het en die gevolglike verandering in waardestelsels in die Westerse wêreld. Volgens Steyn *et al* (1987:68-69) het die Industriële Revolusie gedurende 1750 in Engeland 'n welkome ontwikkeling in die tekstielbedryf tot gevolg gehad. Dit het tot 'n tegnologiese revolusie aanleiding gegee. Die tegnologie het in toenemende mate op die toepassing van wetenskaplike kennis berus. Verdere uitvindings wat ingrypende veranderinge in die samelewing- en gesinstruktuur teweeggebring het, was die ontwikkeling van die stoomenjin in 1820 wat die tekstielbedryf grootliks gemeganiseer het en die mens se werkplek van die huis na die fabriek verskuif het.

Pretorius (1998:59) is dit eens dat die Industriële Revolusie, die industriële arbeid asook die grootskaalse verstedeliking wat dit teweeggebring het, die

samelewingstruktuur en die stabiele gesinstruktuur ingrypend verander het. Die individu moes buite gesinsverband gaan werk en die gesinslewe is van gesinslede se ekonomiese aktiwiteite losgemaak. Daardeur het die individu die basiese arbeidseenheid geword en moes ter wille van aanloklike werksgeleenthede met kerngesin en al na die groot industriële stede verhuis. Steyn *et al* (1987:101-102) toon ook aan dat ekonomiese aktiwiteite gedurende die Industriële Revolusie van gesinsverband losgemaak is en na strukture buite die gesin verskuif is. Die arbeidsaktiwiteite in hierdie strukture was sodanig dat die uitgebreide gesin en groter huishouding nie as 'n totale eenheid binne die industriële opset opgeneem kon word nie, maar slegs die individu as die basiese arbeidseenheid. Hierdie losmaking is verder bevorder deur die feit dat die kerngesin moes verhuis na ander geografiese gebiede, byvoorbeeld, na groter stede waar industrieë gevestig is, waardeur hulle geografies van hul uitgebreide gesin losgemaak is. Volgens Steyn *et al* (1987:69) was die Industriële Revolusie, weens hierdie arbeidsverskuiwing, nie net 'n revolusie op tegnologiese en ekonomiese gebied nie, maar het ook indringende veranderings op maatskaplike terrein teweeggebring. Die vernaamste verandering was dat die fabriek die primêre produksie-eenheid in die samelewing geword het. Die gesin is so van sy ekonomiese aktiwiteite onthef. Volgens Gerdes *et al* (1988:202-203) het die landelike gesin vroeër as 'n produksie-eenheid gefunksioneer, waar elke lid van die gesin met arbeid en vaardighede tot die ekonomiese welvaart van die gesin bygedra het. Die mans en hul seuns het in die landelike gebiede landbougewasse verbou, wat deur die gesin se vroue en dogters verwerk is. Hierdie gesamentlike arbeid het daartoe gelei dat die gesin meer tyd saam kon deurbring en hul lewenservaringe met mekaar kon deel. Die tegnologiese ontwikkeling en gevolglike toenemende verstedeliking het daartoe gelei dat die huislike en werksomgewing van mekaar vervreem is. Die verskillende gesinslede het beroepe beoefen wat nie aan mekaar verwant is nie. Gevolglik het die groot verskille in hul lewenservarings hulle van mekaar vervreem en gesinsbande geleidelik laat verbrokkel.

Steyn *et al* (1987:69) is daarmee eens dat deur die ontwikkeling van die gedifferensieerde arbeids- en ekonomiese funksie 'n proses van strukturele differensiasie ontstaan het wat die struktuur van die samelewing en die gesin indringend verander het. Hulle definieer hierdie strukturele differensiasie as "'n evolusie van 'n multifunksionele rolstruktuur in meer gespesialiseerde strukture".

Volgens hulle is die proses van differensiasie van die ekonomiese aktiwiteit binne die industriële sisteem "die ontwikkeling van arbeid as 'n gedifferensieerde funksie met 'n duidelike onderskeid tussen werk en ander lewensaktiwiteite, waar arbeidsaktwiteite op 'n onafhanklike wyse buite die gesin uitgevoer word op grond van vermoëns en prestasie". Hierdie navorsers wys daarop dat industrialisasie en strukturele differensiasie die gevolg gehad het dat verskeie organisasies buite die gesin van die gesinsaktiwiteite, soos onder andere opvoeding, godsdiensbeoefening en ontspanning wat vroeër hoofsaaklik binne gesinsverband uitgevoer is, oorgeneem het. So het die skool toenemend verantwoordelikheid aanvaar vir die kind se opvoeding en onderrig, die kerk, tempel, moskee vir religieuse belewinge en allerlei vermaaklikheidsentrums wat betref ontspanning teen geldelike vergoeding. Dit het tot gevolg gehad dat die gesin hierdie aktiwiteite in 'n mindere mate saam as gesin beoefen het, wat gesinsbande kon verswak het.

Steyn *et al* (1987:69-70) wys daarop dat hierdie proses van strukturele differensiasie nie tot ekonomiese aktiwiteite alleen beperk was nie. Ander lewensaktiwiteite het buite die gesin begin differensieer in die vorm van gespesialiseerde strukture, byvoorbeeld, opvoeding en onderrig in skole en ander gespesialiseerde beroepe. Dit het nie slegs tot kenmerkende veranderinge in gesinsfunksies aanleiding gegee nie, maar ook tot die strukturele isolasie van die kerngesin, waar dit onafhanklik van die uitgebreide gesin begin funksioneer het. Dit moet egter beklemtoon word dat strukturele differensiasie asook funksionele en strukturele veranderings in gesinsverband volgens Goode (Steyn *et al* 1987:70) vir alle samelewings 'n realiteit is weens industrialisasie en die daarmee gepaardgaande verstedeliking. Dit is dus hieruit duidelik dat, aangesien Suid-Afrika ook aan die proses van industrialisasie en verstedeliking onderhewig was, veranderinge in gesinstrukture en gesinsfunksies ook hier te lande plaasgevind het. Die proses van industrialisasie en toenemende verstedeliking het in Suid-Afrika reeds gedurende die laaste helfte van die vorige eeu begin. Veral met die ontdekking van goud en diamante, waardeur geïndustrialiseerde stede ontstaan het en daar 'n toestroming vanaf die platteland of landelike gebiede na die stedelike gebiede begin plaasvind het en die platteland begin ontvolk het. Dit het veroorsaak dat die landelike tradisionele uitgebreide gesin sy trefkrag begin verloor het en die kerngesin in die stedelike gebiede toenemend die uitgebreide gesin begin vervang het. Gerdes *et al* (1988:203) verbeeld hierdie dramatiese veranderinge

vanaf landelike na 'n stedelike leefwyse deur te verwys na die ontstaan en ontwikkeling van Johannesburg as 'n geïndustrialiseerde stad. Ongeveer 1870 het die ontdekking van goud 'n goudstormloop laat ontstaan veral in die omgewing van die hedendaagse Johannesburg. In 1885 het Paul Kruger, as Staatspresident, 'n proklamasie uitgevaardig wat dit moontlik gemaak het om op verskeie plase in die destydse Witwatersrandgebied (vandag Gauteng) te delf en het Johannesburg so sy ontstaan as 'n stowwerige myndorp gehad. Met die herdenking van Johannesburg se honderdjarige bestaan in 1986 het dit reeds tot een van die grootste metropolitaanse stede in die wêreld ontwikkel. Hier het verskillende veranderende gesinstrukture deel uitgemaak van die moderne Suid-Afrikaanse samelewing. Die moderne kerngesin het, byvoorbeeld, as die norm na vore getree. Alternatiewe gesinsvorme in die vorm van enkelouergesinne en moontlike daaropvolgende hersaamgestelde gesinne met eiesoortige komplekse gesinstrukture en gesinsfunksies het ook ontstaan. Volgens Steyn *et al* (1987:70) het industrialisasie versnel veral tydens die Tweede Wêreldoorlog en die tydperk daarna met die toetrede van vrouens tot die beroepsmark en het die Suid-Afrikaanse samelewing na 'n gedifferensieerde industriële ekonomie oorgegaan waarby alle bevolkingsgroepe toenemend ingeskakel het.

Meer resente tegnologiese ontwikkelings wat in hierdie verband vermeld behoort te word, behels onder andere die volgende:

- Die koms van televisie gedurende die jare sewentig: Sedertdien het dit al groter trefkrag as massa kommunikasie- en reklamemedium ter bevordering van visuele kommunikasie verkry. Inligtingsverspreiding en nuusdekking per satelliet en ekonomiese vooruitgang in die vorm van 'n kragtige advertensie-aanslag, tree sterk na vore.

- Die ontwikkeling van meer gevorderde rekenaarprogramme gedurende die jare tagtig en negentig waarin Bill Gates en andere 'n groot rol gespeel het in die ontwikkeling van CD-Rom, Internet en webruimtes: Massale inligtingsverwerking, inligtingsberging en inligtingsverspreiding ontwikkel so. Spesifiek ook die ontwikkeling van geprogrammeerde rekenaaroutomate wat tot groter industriële meganisasie in die vorm van massaproduksie- en massaverbruikerstendense aanleiding gegee het.

- Die gevorderde ontwikkeling van telekommunikasiestelsels in die vorm van die mobiele of seltelefoon asook die faksmasjien gedurende die jare negentig: Dit het kommunikasie en inligtingverspreiding oor al groter afstande moontlik gemaak, veral ter bevordering van geografiese mobiliteit asook ekonomies-maatskaplike vooruitgang.

## 2.3 DIE STRUKTURELE VERANDERINGE IN DIE MODERNE KERNGESIN

### 2.3.1 Vanaf uitgebreide na moderne kerngesin

Volgens Gerdes *et al* (1988:207) het die samestelling, grootte en struktuur van die gesin ingrypend verander gedurende die afgelope eeu. In Westerse samelewings het die tradisionele uitgebreide gesin wat voor die tydperk van industriële ontwikkeling en gepaardgaande verstedeliking in die landelike gebiede voorgekom het, plek gemaak vir die moderne kerngesin wat in toenemende industrialisasie en verstedeliking sy ontstaan gehad het. Waar tradisionele samelewings egter nie so fel aan industrialisasie en verstedeliking blootgestel was nie, kom die tradisionele uitgebreide gesin nog in 'n groot mate voor, veral in afgeleë landelike gebiede.

Gerdes *et al* (1988:207) wys verder daarop dat die uitgebreide gesin primêr uit die drie geslagte bestaan het. Byvoorbeeld, die grootouers, ouers en kinders, maar met noue bande met ander familielede, onder andere, ongetroude broers en susters, ooms en tannies, neefs en niggies wat deel kon uitmaak van die uitgebreide gesin wat in dieselfde landelike gebied of op dieselfde plaas of in dieselfde huis woonagtig was. Groot gesinne was die algemene norm in hierdie tradisionele samelewing, want elke kind was 'n ekonomiese bate en bykomende hulp in die daaglikse funksionering van die gesin.

Volgens Steyn *et al* (1987:45, 57-58) bevat die tradisionele verwantskapsisteme of familienetwerke sosiale groeperinge en een van die vernaamste groeperinge is die huishouding, bestaande uit persone wat deur bloedverwantskap, huweliksluiting of aanneming verwant is aan mekaar. Hierdie bepaalde groep persone woon in een huis of in 'n groepering van wonings (byvoorbeeld hutte) saam binne dieselfde landelike gebied en daar bestaan tussen hierdie persone bepaalde ekonomiese funksies vir

huishoudelike doeleindes. Daar bestaan 'n verskeidenheid wyses waarop hierdie bepaalde huishoudings saamgestel kan word, byvoorbeeld, een kerngesin bestaande uit 'n vader, moeder en afhanklike eie kinders. Dit kan egter ook uit veel groter gesinseenhede bestaan, naamlik die uitbreiding van die huweliksverhouding. Byvoorbeeld, 'n poligamiese gesin bestaande uit twee of meer kerngesinne wat deur gelyktydige meervoudige huwelike aanmekaar verbind is, en waar, byvoorbeeld, een van die eggenote 'n gemeenskaplike gesinslid van meer kerngesinne is. Dit kan egter ook weens die uitbreiding van die ouer-kindverhouding (naamlik die tradisionele uitgebreide gesin) of weens 'n kombinasie van die twee voorbeelde ontstaan. Die wyse waarop hierdie uitgebreide gesinne ontstaan, is egter nie blote toeval nie, maar weens 'n tradisionele verwantskapsisteem gebou op 'n bepaalde vorm van afstamming.

Goode (Rank & Kain 1995:16) beklemtoon dit egter dat die tradisionele uitgebreide gesin nie oral die algemene norm was nie. Regdeur die nasionale samelewings van die hedendaagse Europa tot so ver terug as tydens die Middeleeue het die grootste persentasie persone in kerngesinne opgegroei, waar twee ouers en hul eie kinders die algemene norm was. Die algemene uitsprake van die sosiologie van twintig jaar gelede dat voor die aanvang van industrialisasie die uitgebreide gesin die algemene norm in die samelewing was, was dus meestal ongegrond. Nie meer as 'n vyfde van alle huishoudings in soverre resente navorsing dit wetenskaplik kon verantwoord, was uitgebreid in hierdie sin nie. In baie van die samelewings was die verhouding nog baie kleiner as dit. Dit het egter nie beteken dat die kerngesinne nie enige kontak met die grootouers of ander bloedverwante gehad het nie. Hulle het inteendeel op 'n gereelde basis kontak met mekaar gehad, aangesien die bloedverwante dikwels saam in een bepaalde landelike gebied gewoon het. Wat betref die daaglikse lewe van die gesin in Wes-Europa en Noord-Amerika sedert die Hervorming, was die kerngesin die primêre gesinseenheid.

Murdock (Steyn *et al* 1987:57) het egter in sy ontleding van 250 samelewings daarop gewys dat die kerngesin in 'n minderheid van die samelewings as 'n selfstandige eenheid voorkom en dat kerngesinne in die meeste samelewings saamgevoeg word om saamgestelde gesinne van een of ander aard te vorm. Volgens Murdock het die selfstandige kerngesin in slegs 49 gevalle uit 'n moontlike 192 voorgekom. In 53

gevalle poligame, maar nie tradisionele uitgebreide gesinne nie. In 92 gevalle het een of ander tipe uitgebreide gesin voorgekom, wat sowel monogame en poligame gesinne bevat het. In aansluiting hierby doen Nimkoff en Middleton (Steyn *et al* 1987:57) 'n ontleding van die voorkoms van die gesinsvorme in 549 kulture ten opsigte van die verspreiding van selfstandige kerngesinne en uitgebreide gesinsvorms. Hulle kom tot die slotsom dat die uitgebreide gesin in 302 van hierdie kulture bestaan, teenoor slegs 249 kulture waar die kerngesin voorkom. Afgesien van die spesifieke voorkoms het hulle die gesinsvorm met bepaalde ekonomiese vorms vergelyk en tot die volgende voorlopige veralgemenings gekom, naamlik dat die selfstandige kerngesin meestal voorkom in die primitiewe jag- en versamelingsamelewings met onsekere voedselbronne. Die uitgebreide gesinsvorme kom voor by landbou-ekonomieë veral by gekombineerde landbou en veeteelt. In samelewings wat jag en visvang, of van veeteelt alleen of veeteelt en visvang afhanklik is, kom kern- en uitgebreide gesinne in gelyke mate voor. Nimkoff en Middleton wys verder daarop dat die gesin wat die meeste in die geïndustrialiseerde samelewing voorkom, die kerngesin is.

### 2.3.2 Die moderne kerngesin

Volgens Gerdes *et al* (1988:208) maak ouers en hul eie kinders deel uit van die kerngesin. Die gesinne word gewoonlik klein gehou, omdat die kinders nie meer tot die gesin se ekonomie bydra soos in die geval van die tradisionele uitgebreide gesin nie, maar 'n addisionele uitgawe vir die gesin geword het totdat hulle ekonomies onafhanklik word. Byvoorbeeld, waar hulle nie na skool direk tot die beroepslewe toetree en ekonomies onafhanklik van die gesin word nie, maar eers verder gaan studeer op tersiêre vlak wat hoë studiekostes kan meebring.

Steyn *et al* (1987:101-102) wys daarop dat gedurende die Industriële Revolusie die ekonomiese funksies soos dit bestaan het in die tradisionele uitgebreide gesin losgemaak is van die kerngesin en na strukture buite die gesin verskuif het. Die belangrikste strukturele verandering wat die kerngesin egter weens die Industriële Revolusie ondergaan het, is dat die kerngesin struktureel geïsoleerd geraak het van die tradisionele verwantskapsisteem of familienetwerk en uitgebreide gesin en

onafhanklik begin funksioneer het. Dit het die kerngesin besonder kwesbaar gemaak, onder andere, ten opsigte van die volgende aspekte:

#### 2.3.2.1 *Ekonomiese kwesbaarheid*

Die kerngesin het ekonomies onafhanklik van die wyer verwantskapsisteem en uitgebreide gesin geraak, en is wat betref ekonomiese onderhoud, primêr afhanklik van die vader as die enigste broodwinner, alhoewel daar gesinne is waar die moeder ook tot die beroepslewe toegetree het en die gesinsinkomste so aangevul het. Die selfonderhoudende en selfversorgende funksie van die uitgebreide gesin ten opsigte van al die gesinslede het dus grotendeels verlore geraak. In tye van uiterste nood kan die kerngesin nie in dieselfde mate terugval op lede van die uitgebreide verwantskapsisteem en uitgebreide gesin soos in die verlede nie. Verskynsels soos, byvoorbeeld, die dood van die vader, langdurige werkloosheid van die vader, langdurige terminale siekte van die vader as eerste broodwinner of ten opsigte van die moeder as tweede broodwinner kan die kerngesin in ernstige finansiële nood dompel. Die gevolg is dat die versorging van senior burgers, gestremdes en siekes vir die kerngesin problematies kan raak, omdat die versorgingsinstansies verantwoordelik vir hul welsyn onbekostigbaar en onbekombaar geword het. Hierdie funksies is vroeër sonder enige koste deur die lede van die tradisionele uitgebreide gesin verskaf (Steyn *et al* 1987:103, 115; Gerdes *et al* 1988:208-209; Pretorius 1998:59).

#### 2.3.2.2 *Emosionele kwesbaarheid*

Die kerngesin het 'n intense emosionalisering ondergaan. Die gesinslede maak baie meer op mekaar staat ten opsigte van hul gevoelsmatige behoeftes, soos byvoorbeeld, koestering en emosionele sekuriteit. Hierdie emosionalisering van die kerngesin, in teenstelling met die tradisionele uitgebreide gesin, kom daarop neer dat

- in die uitgebreide gesin die gesinslid meestal deur 'n groot aantal persone omring is, en
- hulle nie so intens by mekaar betrokke is nie.

Die gesinslede in die kerngesin is baie meer op mekaar vir emosionele ondersteuning aangewese. Die verhoudinge tussen die gesinslede, naamlik, die eggenoot en die eggenote, die vader en die kinders en die moeder en die kinders, word gevolglik deur 'n intense emosionaliteit gekenmerk. Dit het intieme egpaar- en ouer-kindverhoudinge tot gevolg. Die besondere kleinheid asook strukturele isolasie van die kerngesin het die neiging om 'n intense emosionele betrokkenheid tussen gesinslede teweeg te bring. Dit skep die moontlikheid vir 'n eiesoortige intimiteit tussen gesinslede, maar ook vir baie intense emosionele konflik tussen gesinslede wat tot huwelikskonflik, byvoorbeeld, rusies of ouerprobleme of kinderprobleme in die vorm van oorbeskerming of opstandigheid, aanleiding kan gee (Gerdes *et al* 1988:209; Pretorius 1998:60; Steyn *et al* 1987:116).

#### ***2.3.2.3 Sosiale kwesbaarheid***

Een van die belangrikste kenmerke ten opsigte van die funksionering van die struktureel geïsoleerde kerngesin is dat die maatskaplike beheer deur die lede van die wyer verwantskapsisteem grotendeels verval het. Die kerngesin is baie kleiner as die tradisionele gesin en leef meestal verwyderd van ander verwante op hul eie, waar hul gedrag baie minder sigbaar is vir die ander verwante. Die gedagte dat die gesinslede toesig oor mekaar se gedrag moet uitoefen, soos dit die geval was in die tradisionele verwantskapsisteem en uitgebreide gesin, kan dus hierdeur nie tot sy volle reg kom nie. Dit maak maatskaplike beheer grotendeels onmoontlik. Met die strukturele geïsoleerdheid van die kerngesin ontwikkel die gedagte ook dat kerngesin-aangeleenthede privaat van aard is en dat verwante en vriende nie hierin mag inmeng nie. Afgesien van die verval van maatskaplike beheer, het hierdie beklemtoning van die privaatheid en selfstandigheid van die kerngesin die gevolg gehad dat die gesinslede slegs op mekaar aangewese is en dat hulle tydens krisistye nie op die ondersteuning van hul verwante kan peil trek nie. Hulle verkies menigmaal om hierdie probleme weens die privaatheid daarvan, nie met verwante te bespreek nie. Die kerngesin het as gevolg hiervan dus struktureel onondersteunend geraak en uiters kwesbaar geword (Gerdes *et al* 1988:208-209; Pretorius 1998:59-60; Steyn *et al* 1987:115-116).

Toenemende industrialisasie en verstedeliking het meegebring dat die moderne kerngesin die tradisionele uitgebreide gesin grotendeels vervang het. Die moderne kerngesin het egter tegelykertyd ekonomies, emosioneel en sosiaal meer kwesbaar geraak, omdat die ondersteuningstrukture vanuit die uitgebreide gesin verval het. Dit gee dikwels tot verbrokkeling van die kerngesin aanleiding.

## 2.4 GESINSFUNKSIEVERSKUIWINGS VANAF DIE TRADISIONELE UITGEBREIDE GESIN NA DIE MODERNE KERNGESIN

Pretorius (1998:44) wys daarop dat daar 'n neiging is om gesinne as statiese eenhede wat nie verander nie te beskou. Die teendeel is egter volgens hierdie navorser waar, naamlik, dat gesinne merendeels dinamies van aard is en voortdurend verander waar dit aan verandering blootgestel word. Gesinne verander enersyds, omdat die verskillende gesinslede deur verskillende lewensfases gaan en ook andersyds, omdat samelewings voortdurend verander, meestal weens grootskaalse industrialisasie en die daarmee gepaardgaande tegnologiese ontwikkeling en verstedeliking. Pretorius (1998:49) beskou die algemene opvatting, naamlik, dat gesinne weens hierdie grootskaalse veranderinge in die moderne, geïndustrialiseerde en verstedelikte samelewing 'n funksieverlies ondergaan het, as te negatief en wil dit eerder as 'n funksieverskuiwing sien.

Pretorius (1998:48-49) onderskei tussen die gesin se kern- en randfunksies. Onder die kernfunksies sluit hy die biologiese, opvoedings-, religieuse, beskermende, sosiale en koesterings- of affektiewe funksies in wat die gesin se aard en wese bepaal. Indien hierdie funksies aangetas word, raak dit die gesin in sy diepste wese. Die randfunksies behels weer die ekonomies-produktiewe, ontspannings- en status-toekennende funksies wat, indien hulle aangetas word, die gesinslewe in die moderne gesin ernstig kan benadeel.

Volgens Pretorius (1998:49-51) het die belangrikheid van sekere van die kernfunksies en randfunksies deur die jare afgeneem:

- Die *biologiese funksie* – die kerngesin in die moderne samelewing word kleiner as die uitgebreide gesin in die tradisionele samelewing van vroeër. Sosiale

faktore in die samelewing, byvoorbeeld, verslegtende sosio-ekonomiese toestande, beperkte lewensruimte, ensovoorts, het die gevolg dat een, twee tot maksimum drie kinders die norm geword het (veral in die moderne verstedelikte gesin). In die tradisionele landelike gesin kan egter nog meer as drie kinders aanwesig wees en kan as die norm beskou word.

- Die *ekonomies-produktiewe funksie* het verskuif van die huis as produksie-eenheid, waar die gesin saamgewerk het en gesinseenheid gehandhaaf het, na die nywerheid met sy onpersoonlike en gespesialiseerde aard en wese, waar die individuele werker eerder as die hele gesin in diens is. Industrialisasie het die gevolg gehad dat artikels en dienste weg van die huis geproduseer word, maar in die huis verbruik word. Die gesin het dus merendeels 'n verbruikerseenheid in die moderne samelewing geword.

- Die *opvoedingsfunksie* wat vroeër hoofsaaklik in die tradisionele uitgebreide gesin uitgevoer is, het met die kennisontploffing en meer gespesialiseerdheid in die tegnologie verskuif na opvoedingsinstansies buite die gesin, naamlik skole, kolleges, technikons en universiteite vir kennisvermeerdering wat die ouerhuis nie meer alleen kon behartig nie. Hierby moet egter beklemtoon word dat die koesterings- of affektiewe funksie nog 'n vername funksie in die moderne gesin vervul. Die kind ondervind sekerheid, veiligheid, sekuriteit, geborgenheid en aanvaarding in die gesin. Toenemende gesinsverbrokkelings- en kindermishandelingstendense kan egter die gevolg hê dat ook hierdie gesinsfunksie meer na maatskaplike dienste verskuif word, soos byvoorbeeld, pleegsorg, kinderhuise, bewaarruimtes, weeshuise, ensovoorts.

- Die *ontspanningsfunksie* – ofte wel vryetydsbesteding – is grotendeels verkommersialiseer in die vorm van sportklubs, gesondheidsklubs, diskoteke, aerobiese klubs, vriendskapsklubs, teaters, ensovoorts, met ekonomiese winsmotiewe. Hierdie ontspanning vind hedendaags buite die gesin plaas, die vroeëre saamwees, saamspeel, saamsing, saam ontspan, ensovoorts, van die gesin is vervang. Dit sluit gevolglik ook die sosiale funksie van die gesin in wat ook verskuif het na instansies buite die gesin.

- Die *religieuse funksie* het merendeels verskuif na makrokerke in die moderne samelewing. Dit het vroeëre huisgodsdiens of boekevat en huisaltaar in die tradisionele gesin, waar die gesinseenheid hoog aangeslaan is, grotendeels vervang. Die lede van die gesin kan nou in die massa vereensaam indien makrokerke nie meganismes inbou om dit te verhoed nie, byvoorbeeld soos in die vorm van huisdienste of huisselgroepvorming wat grootskaals aan die orde van die dag is.

- Wat die *status-toekennende funksie* en die *beskermende funksie* betref, het daar ook verskuiwings plaasgevind. In die tradisionele gesin het die gesinslede weens die eersgeboortereg en die status van die ouer (meestal die vader as patriarg) 'n bepaalde status in die samelewing gehad. Die tradisionele gesin het selfs die verantwoordelikheid gehad om die gesinslede te beskerm teen aanvalle en ander liggaamlike leed. Hedendaags kan die status van die gesinslede nog gekoppel word aan die beroep wat die ouer (meestal die vader, maar ook al meer toenemend die moeder, weens grootskaalse werkloosheid van die vader) volg. Dit kan ook bepaal word deur die bepaalde vooraanstaande voorstad waarin die gesin woon. Die gesinslede moet deur middel van verdere tersiêre studie en beroepsopgang meestal ook hul eie status verwerf. Wat beskerming betref, is hierdie funksie meestal oorgeneem deur die veiligheidsdienste, polisiedienste, huissekuriteitsdienste, ensovoorts.

Steyn *et al* (1987:76-93) wys daarop dat die vraag oor watter spesifieke funksies nog in die gesin bestaan 'n kontroversiële onderwerp in die gesinsosiologie geword het. Hierdie gesinsnavorsers is dit egter met Pretorius eens dat daar eerder van die adaptiewe funksies (of funksieverskuiwing volgens Pretorius) van die moderne geïndustrialiseerde verstedelikte gesin gepraat moet word as 'n funksieverlies, waar dit daarop neerkom dat die moderne gesin al sy funksies aan die moderne samelewing afgestaan het. Hulle onderskei die volgende gesinsfunksies wat adaptasie en integrasie ondergaan het gedurende die afgelope jare weens die strukturele differensiasie wat in die moderne samelewing ingetree het.

■ **Die ekonomies-adaptiewe funksie**

In die tradisionele en voorindustriële samelewing is die ekonomiese funksie, soos byvoorbeeld, produksie en konsumpsie hoofsaaklik binne die wyer verwantskapsisteem en die uitgebreide gesin uitgevoer weens hul selfonderhoudende ekonomie. Die Industriële Revolusie en die proses van strukturele differensiasie waardeur die gesamentlike arbeid van die gesinslede uit die huis na die fabriek of nywerheid geneem is, het veral die produksiefunksie beïnvloed. Die produksie van goedere en dienste is meestal weggeneem, terwyl die konsumpsiefunksie (Pretorius se verbruikersfunksie) nog bestaan binne die moderne kerngesin. Beperkte produksie-aktiwiteite bestaan egter nog binne die moderne gesin, byvoorbeeld, in die vorm van voedselvoorbereiding en naaldwerk, waar produkte verder verwerk word. Hierdie produksie in die gesin is egter die verdere verwerking vir konsumpsie of verbruik en nie vir die produksie en verspreiding in die samelewing nie.

■ **Die integratiewe funksie**

In die tradisionele samelewing bestaan die kleiner gemeenskappe uit verwantskapsgroepe met al die voorskrifte daaraan verbonde wat groepe mense saamvoeg en integreer op 'n wyer samelewingsvlak. Die kerngesin daarenteen skakel nie in by 'n gemeenskap met so 'n hegte verwantskapsgroep nie, maar skakel eerder in by 'n gemeenskap wat uit 'n struktureel gedifferensieerde aantal groeperings gevorm word. Dit is daarom nie die verwantskapsgroepe wat integrasie hoofsaaklik moontlik maak nie, maar wel die ontwikkeling van sosiale netwerke tussen die gesinne onderling, wat berus op 'n interaksie tussen gesinne onderling asook die gemeenskap. Die verwantskapsisteem in die tradisionele samelewing en die kerngesin in die moderne struktureel gedifferensieerde samelewing vervul 'n belangrike funksie in die statusverkryging van die gesin, wat van mekaar kan verskil. (Vergelyk hier Pretorius se status-toekennende funksie.) In die tradisionele samelewing word status toegeken op grond van geboorteorde, ouderdom en geslag van die gesinslede in die tradisionele gesin. In die industriële struktureel gedifferensieerde samelewing word status toegeken aan die moderne gesin op grond van die beroepstatus en prestasie van die manlike hoof (die vader) van die gesin wat tot gevolg het dat die vrou en kind(ers) ook dieselfde status geniet. Later moet die kind(ers) van die moderne gesin

hierdie status self verwerf weens verdere studie op tersiêre vlak asook beroepsopgang in die geïndustrialiseerde moderne samelewing.

Wat die godsdienstige bydrae tot die integratiewe funksie betref, word gevind dat huisgode en die aanbidding van voorvadergeeste (veral onder die Swart bevolking in Afrika) 'n belangrike funksie vervul in die tradisionele uitgebreide gesin. Wat die voorindustriële Westerse samelewing betref, is daar weer sprake van 'n gedifferensieerde godsdiensstruktuur in die vorm van die geestelikes en die Christelike Kerk, maar 'n groot deel daarvan word binne die gesinskring vervul, byvoorbeeld, in die vorm van die kind(ers) se godsdiensonderrig, huisgodsdiens en die tafelgebed, waar die vader as priester van sy huis optree. Die Industriële Revolusie het egter die gevolg gehad dat weens verstedeliking en sekularisasie hierdie godsdiensfunksies toenemend uit die gesin verdwyn en meer die verantwoordelikheid van die kerk geword het. Pretorius (1998:42) is in sy bespreking van die religieuse funksie as kernfunksie van die gesin daarmee eens dat alhoewel sommige gesinne nog huisgodsdiens beoefen, hierdie funksie ook meestal deur die kerk vervul word.

- **Die patroonhandhawende en spanningsbeheerfunksie**

Wat voortplanting betref, word afgestorwe gesinslede in gesinne vervang deur reproduksie of voortplanting en word seksuele verkeer buitehuweliks of voorhuweliks afgekeur, maar kom steeds voor. Industrialisasie, verstedeliking en die toenemende versekularisering van die moderne Westerse samelewing het ook ten opsigte van geslagsmoraliteit sekere indringende veranderinge teweeggebring. Byvoorbeeld, vanaf seksuele omgang ter wille van reproduksie na seksuele omgang ter wille van genot en bevrediging sonder 'n vrees vir swangerskap weens die verbetering van kontrasepsietegnieke. Hierdie nuwe seksuele moraliteit gee aanleiding tot permissiwiteit onder jongmense as gevolg van voorhuwelikse seksuele omgang. Toename in permissiwiteit lei egter nie tot normloosheid ten opsigte van seksuele aktiwiteite nie, want hierdie seksuele aktiwiteite bly nog steeds normgebonde in die gesin, waar 'n wettige huweliksluiting dit voorafgaan. Die gesin het nog steeds die instelling verantwoordelik vir seksuele beheer en voortplanting gebly ten spyte van hierdie permissiwiteit. Pretorius (1998:48-49) is in sy bespreking van die gesin se biologiese

kernfunksie daarmee eens dat voortplanting die primêre verantwoordelikheid van die gesin is.

- **Die koesterende en sosialiseringsfunksie**

Met geboorte is die kind totaal hulpeloos en nie in staat om hom/haarself te versorg nie. Hoewel die fisiese versorging (byvoorbeeld voeding en sindelikheid) van die ouer (veral die moeder) noodsaaklik is, is dit alleen nie voldoende nie. Dit is belangrik dat hierdie fisiese versorging met emosionele warmte gepaard moet gaan in die vorm van vertroeteling of liefkosing. Hierdie fisiese en emosionele versorging staan ook beter bekend as die koesterende funksie van die gesin en is van uiterste belang ten opsigte van die fisiese en sosiale ontwikkeling van die kind. Die gesin kan dus in hierdie verband met reg beskou word "as 'n klein verwantskapsgestruktureerde groep, met die sleutelfunksie van koesterende sosialisering". Die proses van ontwikkeling waardeur die kind moet beweeg, staan ook bekend as sosialisering. Vanuit die samelewing beskou, word sosialisering verder gedefinieer as die proses waarin die waardes en normatief gereguleerde gedragspatrone van geslag tot geslag oorgedra word wat tot die handhawing van die aanvaarde gedragspatrone binne 'n bepaalde samelewing bydra. Buiten die aanleer van bepaalde basiese gedragsvorme ten opsigte van sosiale verkeer, ontwikkel die wil tot konformiteit met norme ook binne die gesinsopset gedurende die kind se eerste lewensjare. Dit is egter so dat hierdie konformering met norme as basiese motiverings- en persoonlikheidskern alreeds ontwikkel moet wees voordat die kind enigsins baat kan vind by opvoedkundige instellings soos, byvoorbeeld, die skool. Afgesien van die feit dat die gespesialiseerde opvoedkundige instellings 'n belangrike deel van die sosialiseringstaak en die voorbereiding van die kind vir volwassenheid van die uitgebreide gesin oorgeneem het, het die kerngesin steeds sy belangrike sosialiseringsfunksie bly behou. Die gesin is en bly steeds die instansie, waar die basiese sedelik-sosiale persoonlikheidskern van die kind gevorm word. Hierdie sosialiseringsfunksie, wat in die struktureel gedifferensieerde samelewing nog steeds binne gesinsverband vervul word, word vandag nog as een van die primêre funksies van die gesin beskou.

Adams (1986:97) wys ter aanvulling van Pretorius (1998:49-51) en Steyn *et al* (1987:76-93) op soortgelyke funksies wat deur die gesin in elke samelewing vervul

moet word om te kan voortbestaan. Davis (Adams 1986:97) praat van 'reproduction' (reproduksie of voortplanting), 'maintenance' (verdedigings-, beskermende handhawings- of instandhoudingsfunksie), 'placement' (vervangingsfunksie) en 'socialization' (sosialisering) as universele of algemene funksies (universal functions). Murdock (Adams 1986:97) beklemtoon ook reproduksie en sosialisering, maar noem ook ekonomiese samewerking (economic cooperation) en seksuele verhoudings (sexual relations). Reis (Adams 1986:97) maak aanspraak daarop dat daar maar een universele of algemene funksie van die gesin is, naamlik die koesterende sosialiseringsfunksie (nurturant socialization). Goode (Adams 1986:98), onderskei drie gesinsfunksies wat vanuit die gesin of die samelewing se posisie beskou kan word. Eerstens is daar die reproduktiewe funksie van die gesin wat gegrond word op vrugbaarheid en van die samelewing se posisie beskou word as die vervangings-funksie, waar gestorwe lede van die samelewing vervang word deur geboortes van nuwe lede. Tweedens is daar weer die statustoekennende funksie (status placement) as die bepaling van die persoon se bepaalde lewensmoontlikhede. Volgens die samelewing is daar sprake van die integratiewe of instandhoudingsfunksie of handhawingsfunksie, waar gesinsagtergrond 'n belangrike determinant vorm ten opsigte van beroepsprestasie en status in die samelewing. Derdens is daar die sosialiseringsfunksie van die samelewing as die sosiale beheerfunksie of spannings-beheerfunksie (social control) gegrond op normbeheer en normhandhawing in die samelewing.

Ogburn (Adams 1986:99) wys op 'funksieverlies' van die gesin weens industrialisasie en verstedeliking, waar die ekonomies-produktiewe funksie van die gesin vervang is deur die fabriek, die opvoedingsfunksie deur die skoolklaskamer, die religieuse funksie deur die kerk of sinagoge en die ontspanningsfunksie deur die teater en die sportstadium. Adams (1986:100) beklemtoon dit egter dat daar eerder van funksie-uitbreiding of funksieverskuiwing sprake is as 'n 'funksieverlies' en haal Vincent aan wat die 'funksieadaptasie' van die gesin beklemtoon, waar die gesin moet kan aanpas by snelle veranderings in die samelewing om te kan oorleef in die toekoms. Pretorius (1998:49) is hiermee eens en maak ook eerder gebruik van die term 'funksieverskuiwing' as 'funksieverlies' om hierdie veranderinge in gesinsfunksies te verduidelik.

## 2.5 VERANDERENDE GESINSTRUKTURE IN DRIE OORSESE LANDE

### 2.5.1 Verenigde State van Amerika

Volgens Ahlburg en De Vita (Rank & Kain 1995:149, 151-155) het die struktuur van die Amerikaanse gesin oor die afgelope 30 jaar 'n dramatiese verandering ondergaan weens snelle tegnologiese veranderinge. Gesinne is vandag ook kleiner met twee of minder kinders as die norm. Die moeder is ook 'n voltydse beroepsvrou in die meerderheid gevalle en daar is 'n 50-50 kans van egskeiding voor die kind(ers) volwassenheid bereik. Die broodwinner-tuisteskeppermodel, waar die vader 'n voltydse beroep beklee het en die moeder 'n tuisteskepper was en hulle saam hul eie of aangenome kind(ers) grootgemaak het, was vroeër die norm. Die demografiese realiteit in 1991 was dat slegs een uit elke vyf gesinne aan hierdie norm voldoen het en ander gesinstrukture ook hedendaags algemeen voorkom soos enkelouergesinne, hersaamgestelde gesinne, multigenerasiegesinne, saamwoontendense, ensovoorts. In 1991 was ongeveer een uit elke agt gesinne enkelouergesinne, wat 'n verdubbeling vertoon het sedert 1970 en waar die moeder in die meerderheid gevalle as gesinshoof opgetree het. Ongeveer 16,6 miljoen kinders het in 1991 in hierdie gesinne opgegroei, wat verdubbel het sedert 1970 en verdriedubbel het sedert 1960. Wat die saamwoontendense betref, was daar in 1991 ongeveer drie miljoen sulke gevalle en het dit sedert 1970 sesvoudig toegeneem. In die helfte van hierdie gevalle was kinders betrokke. Hierdie tendense dui op 'n toenemende mate van gesinsverbrokkeling wat hier voorkom. Dit kan verswarend op die gesinslewe en kinderopvoeding inwerk.

Wisensale (Rank & Kain 1995:411, 414) wys daarop dat daar die afgelope 20 jaar 'n toename was in gesinne sonder vaders, kinders sonder gesinne en gesinne sonder behoorlike behuising. Hierdie gesinsverbrokkeling kan die kind se geborgenheidstrewe benadeel. Hierdie navorsers wys ook daarop dat ongeveer 65% van moeders in gesinne ook 'n beroepsrol vervul en dat hierdie syfer voortdurend sal toeneem en beaam verder, volgens Price, dat ongeveer twee uit elke drie huwelike in egskeiding kan eindig, waar 40% tot 50% kinders wat sedert 1970 gebore is 'n skeiding van hul ouers kan beleef. Daar is gevolglik dus ook 'n toename in enkelouergesinne. Dit is een van die gesinstrukture wat die vinnigste toeneem.

McCubbin beklemtoon dit ook dat die Verenigde State van Amerika besig is om in 'n veelrassige, multikulturele en veeltalige samelewing te ontwikkel, waar ongeveer 33% van die totale bevolking anderskleurig sal wees. Gesinstrukture is aan verandering blootgestel, byvoorbeeld, waar uitgebreide en multigenerasie gesinne asook kerngesinne andersoortige strukture kan aanneem.

Ellwood (Rank & Kain 1995:477, 479) toon aan dat in 1960, 9% blanke kinders nie saam met twee ouers gewoon het nie. Teen 1990 het hierdie syfer verhoog na 21%. Wat die Swart kinders betref, was die veranderinge in die gesinstruktuur meer dramaties, byvoorbeeld, waar in 1960, 33% nie saam met twee ouers gewoon het nie, verhoog dit in 1990 na 62%. Veranderende houdings teenoor voorhuwelikse en buitehuwelikse seksuele omgang asook verbeterde geboortebeperkingstegnieke dra dus ook by tot veranderende gesinstrukture, byvoorbeeld,, nooit getroude vorme van enkelouerskap asook buite-egtelike ouerskap wat toenemend tot verbrokkeling van die tradisionele gesinslewe aanleiding kon gegee het.

### 2.5.2 Groot-Brittanje

Wat Groot-Brittanje betref, wys Harding (1996:2) daarop dat van die kenmerkendste veranderinge sedert die Tweede Wêreldoorlog die toetrede van die getroude vrou tot die arbeidsmark was, waar sy wat betref huistake en die versorging van die kinders deur haar eggenoot ondersteun is. Volgens Harding (1996:47, 87) kom egskeiding en die vorming van enkelouergesinne, waar die moeder as gesinshoof optree, algemeen voor. Dit lei menigmaal tot tweede of verdere huwelike en die vorming van hersaamgestelde gesinne. Heteroseksuele saamwonery kom ook algemeen voor in die Britse samelewing. Harding (1996:93, 100) beklemtoon dit dat hierdie veranderinge in gesinstrukture meestal die gevolg was van industrialisasie, verstedeliking, snelle tegnologiese veranderinge, regeringsveranderinge en veranderinge in die arbeidsmark. Die veranderde sosiale rolle van mans en vrouens en hulle onderskeie sosiale, ekonomiese en politieke posisies kan volgens hierdie navorser interne gesinsveranderinge voortbring, ook wat betref die ouer-kindverhoudinge. Byvoorbeeld, veranderende geslagsrolle, waar die moeder haar rol van tuisteskepper kan verruil vir haar voltydse beroep (beroepsvrou) en die vader afgesien van sy voltydse beroep as broodwinner meer betrokke kan raak by sy gesin

en nie langer as "afwesige" vader beskou word wat in sy beroep opgang maak, maar nie beskikbaar is vir sy gesin nie. Die vraag is egter of, waar die moeder voltyds in haar beroep opgaan, sy nie merendeels "afwesig" vir haar gesin kan word, indien sy nie in hierdie opsig deur die vader ondersteun word nie. Dit kan toenemend daartoe aanleiding gee dat gesinsbande verswak, wat gesinsverbrokkeling tot gevolg kan hê.

### 2.5.3 Swede

Jones, Tepperman en Wilson (1995:vii) beklemtoon dit dat baie faktore die gesinslewe beïnvloed en dat hulle nie seker is hoe hierdie faktore, onder andere, die ekonomiese, kulturele en politiese fasette van die samelewing in die toekoms kan verander nie. Hierdie navorsers haal Burke aan wat gesinsdiversiteit as die 'nuwe norm' in die samelewing beskou. Hulle wys ook daarop dat een van die diepgaandste veranderinge in die gesinslewe die verandering in gesinsgrootte is. Volgens hierdie navorsers is gesinne vandag kleiner en minder standvastig as in 1940. Meer gesinne word geraak deur egskeiding, meer kinders word groot in enkelouergesinne en meer gesinslede woon saam sonder om in die huwelik te tree, maar het biologiese ouerskap oor kinders (Jones *et al* 1995:8). Volgens Jones *et al* (1995:12, 13, 71) word saamwonery nie meer as stigmaties beskou nie en kom redelik algemeen voor in Skandinawië, veral Swede waar dit reeds 'n geruime tyd al voorkom. Hulle beskou Swede as die land met die grootste saamwoonkoers en dit is gevolglik nie ongewoon dat mense eers saamwoon voor hulle in die huwelik tree nie. Swede het ook, naas Amerika, die tweede hoogste egskeidingskoers in die industriële wêreld en, omdat baie saamwoonverhoudinge in vervreemding eindig, het Swede ook die hoogste koers ten opsigte van gesinsdisintegrasie. Hulle beskou die voorkoms van die kerngesin nog steeds as die algemeen geldende norm. Dit blyk dus duidelik dat hierdie hoë saamwoontendens en hoë egskeidingskoers ten spyte van die feit dat die kerngesin nog die norm is, daartoe kan bydra dat gesinsverbrokkeling verder kan toeneem in die nabye toekoms. Jones *et al* (1995:17-18) vra egter verder met reg die vraag of gesinne in hul huidige vorm in die toekoms sal kan oorleef of sal hulle oorleef in vorme wat verskillend sal wees of in 'n mate ook onbekend sal wees. Byvoorbeeld, kan daar aangeneem word dat die gesin in die toekoms nog sal voortbestaan of is huidige gesinsprobleme en gesinsverbrokkeling die gevolg van ekonomiese, sosiale, politieke en kulturele tendense wat dit kan verhoed?

## 2.6 DIE INVLOED VAN SOSIALE VERANDERINGE OP DIE SUID-AFRIKAANSE GESINSBESTEL

Harvey (1992:4) wys daarop dat sosiale verandering, wat derhalwe ook sosiopolitieke en sosio-ekonomiese verandering behels, oor 'n wye spektrum van die Suid-Afrikaanse samelewing voorkom. Die gevolg is dat alle sosiale, politieke, kulturele, ekonomiese en ander instellings aan voortdurende verandering blootgestel word. Veranderinge in demografiese tendense soos 'n toename of afname in geboorte- en sterftekoerse asook migrasietendense soos verstedeliking en veranderende norme en waardes word ook hierby ingesluit. Hierdie veranderinge het 'n invloed op alle aspekte van die gesinslewe, soos onder andere, die samestelling en grootte van die gesin, rolverdeling en rolveranderinge asook gesinseenheid of moontlike gesinsdisorganisasie. Volgens Harvey (1992:4, 10) het industrialisasie en die daarmee gepaardgaande verstedeliking veral gedurende die huidige eeu 'n merkbare invloed op die Suid-Afrikaanse multikulturele samelewing en gesinstelsels gehad. Industrialisasie en verstedeliking het gesinne in 'n mindere of meerdere mate verander aan die hand van veranderende gesinsrolle, makliker egskeidings, hoër egskeidings- en buite-egtelikheidsyfers asook 'n groter verskeidenheid gesinstipes en moontlike alternatiewe gesinsvorme as ooit tevore in die geskiedenis. Saamwoontendense het verhoog met toenemende verstedeliking, waar kinders nie in dieselfde mate geborgenheid in hierdie gesinne as in kerngesinne ervaar nie, omdat daar nie standvastige norme en waardes in hierdie gesinne is nie. Die saamwoonverhouding kan te eniger tyd verbreek word wat die kind sonder 'n geborgenheidsruimte, waar hy sy persoonlike identiteit toereikend verwerf, laat.

Harvey (1992:10) beklemtoon dit ook dat die betekenis van die gesin in die betrokke samelewing verander. Enersyds bestaan die denke dat die gesin die kern van die samelewing vorm en dat indien dit bedreig word, die samelewing ook kan verbrokkel. Andersyds bestaan die denke dat die gesin in sy teenswoordige vorm van mindere belang is en oorbeklemtoon word. Volgens Harvey (1992:11) het gesinne merendeels by die veranderende omstandighede aangepas, en alhoewel duidelike tekens van verbrokkeling sigbaar is, vervul die gesin steeds 'n belangrike funksie in die samelewing. Beide die kerngesin en die uitgebreide gesin vorm die middelpunt van hierdie oorlewingstryd wat woed. Alhoewel die gesinslewe van wisselende betekenis

blyk te wees, speel die gesin steeds 'n deurslaggewende rol en behoort dit as samelewingsinstelling erken, beskerm en versterk te word. Die kerngesin vorm die vertrekpunt, maar slegs met die erkenning van die bestaan van ander gesinstipes, soos byvoorbeeld, enkelouergesinne en hersaamgestelde gesinne as alternatiewe gesinsvorme. Dit is egter kommerwekkend dat 'n groot persentasie gesinne veral onder die druk van verandering gesinsdisorganisasie ervaar met moontlike blywende skade aan die onderskeie gesinslede en die betrokke gemeenskap. Byvoorbeeld, in gesinne waar gesinsgeweld hoogty vier of waar alkoholmisbruik in gesinne aanleidende faktore tot gesinsverbrokkeling kan wees.

Harvey (1992:12) erken 'n noue verband tussen verandering in die gesin as instelling en veranderinge in ander samelewingsinstellings in die betrokke milieu. Verskillende gesinstipes het weens veranderende norme en waardes, verwestering, sekularisasie, verstedeliking en ander sosiale veranderingsverskynsels ontstaan. Veranderinge in die gesinslewe moenie noodwendig as disintegrasie of patologie ervaar word nie, aangesien verandering van uitgediende gebruike somtyds ten goede meewerk vir die gesinslede en die gesin as sodanig. Die gevaar is egter dat die gesin net met bepaalde funksies verbind kan word en indien hierdie funksies sou verander, die gesin foutief as patologies ervaar kan word. So het die rol van die man en die vrou in die gesin, byvoorbeeld, toenemend veranderinge ondergaan sonder dat dit tot disintegrasie van die gesin aanleiding gegee het. Die dinamiese aard van die gesin laat dit nie toe dat dit aan universele funksies onderwerp word nie, maar maak dit aanpasbaar by die eise en besondere behoeftes van die tyd. Volgens die navorser is menige vaders nie meer "afwesige vaders" vir hulle gesinne nie, waar hulle in hulle beroepe opgang maak. Hulle is beskikbaar vir hulle gesinne, omdat hulle doelbewus meer tyd vir hulle kinders in hul besige beroepsprogramme inruim.

Volgens Harvey (1992:12) is die proses van sosiale verandering deur industrialisasie en verstedeliking versnel. Die tradisionele selfonderhoudende landelike leefwyse is meestal deur 'n verstedelikte Westerse leefwyse vervang, veral wat betref die Blanke, Kleurling- en Indiërbevolkingsgroepe. Die afskaffing van die toestromingsbeheermaatreëls kan toenemend daartoe aanleiding gee dat die verstedelikingsproses van die verskillende Swart bevolkingsgroepe sal toeneem. Dit is vir verskeie dekades teruggehou. Hulle bevind hul op die oomblik in verskillende fases van landelikheid,

industrialisasie en verstedeliking. Dit blyk dus dat die sosiale veranderinge die gesinslewe van die multikulturele bevolkingsgroepe in Suid-Afrika verskillend beïnvloed. So het, byvoorbeeld, baie Swart migrasiewerkers na die stede gestroom om in die myne te kom werk en hul vrouens en gesinne in die landelike gebiede agtergelaat. In die stede het hulle buite-egtelike verhoudings aangegaan waarin kinders verwek is sonder dat daar hegte gesinsbande was, wat gesinsverbrokkeling laat toeneem het onder hierdie Swart gesinne. Hedendaags vind hierdie migrasietendense nog steeds plaas.

Dit geld ook ten opsigte van huishulpe wat in die vroeë oggendure hulle gesinne moet verlaat om in die stede te kom werk. Hulle kom dan laat saans tuis na lang busritte en kan nie voldoende aandag aan hulle gesinne gee nie, omdat hulle uitgeput is en van die kleiner kinders alreeds slaap. Dit verswak die gesinsbande en kan aanleiding gee tot toenemende gesinsverbrokkeling.

## 2.7 VERANDERINGE VAN GESINSTRUKTURE IN DIE SUID-AFRIKAANSE SAMELEWING

Steyn (1994:22) wys daarop dat navorsing oor veranderende gesinstrukture in 'n verskeidenheid samelewings oor die laaste aantal dekades geweldig toegeneem het. Uit 'n analise van hierdie navorsing is daar sekere algemene tendense wat ten opsigte van veranderende gesinstrukture in alle samelewings voorkom. Byvoorbeeld, veranderinge in die gesinslewe van alle samelewings weens strukturele veranderinge in die gesinslewe as gevolg van die industriële en tegnologiese revolusie en die daarmee gepaardgaande verstedeliking. Weens unieke eie veranderende waardesisteme asook omgewingsfaktore in die verskillende samelewings word alle gesinstrukture nie op dieselfde vlak deur industrialisasie en verstedeliking geraak nie. Derhalwe kan daar nie altyd veralgemeen word in navorsingsuitsprake oor die gesinslewe en veranderinge in die struktuur van die gesin nie, maar moet die veranderende gesinstrukture op sigself en in konteks van die betrokke samelewing bestudeer word, waar dit van gesin tot gesin en van samelewing tot samelewing kan verskil.

In aansluiting by Harvey soos reeds bespreek ten opsigte van sosiale veranderinge in die Suid-Afrikaanse samelewing en die invloed daarvan op die Suid-Afrikaanse multikulturele gesinsbestel beklemtoon Steyn (1994:23) die groot diversiteit van gesinstrukture. Sy beklemtoon voortdurende veranderinge in die verskillende gesinstrukture die afgelope eeu. Die Suid-Afrikaanse samelewing het groot sosiale veranderinge ondergaan weens 'n groeiende mynindustrie, tegnologiese en industriële omwentelinge, meganisasie en 'n grootskaalse verstedeliking, veral sedert die Tweede Wêreldoorlog. Hierdie omvangryke veranderinge op sosiale vlak het die gesinslewe en gesinstrukture van die verskillende bevolkingsgroepe ingrypend verander. Toenemende druk en spanning op die gesinslewe van die onderskeie bevolkingsgroepe het hulle ook besonder kwesbaar gemaak.

Volgens Steyn (1994:23,74) en in aansluiting by Harvey, is daar ook diversiteit in die aanvangstrukture van gesinne, ondersteuningsnetwerke, norm- en waardepatrone asook die ekonomiese en politieke omstandighede waaraan die gesinne in die verskillende bevolkingsgroepe individueel onderhewig is. Dit oefen 'n merkbare invloed uit op die besondere stand van die gesinslewe wat gehandhaaf word. Statistieke oor teenswoordige tendense, soos verhoogde egskeidingskoerse, gesinsgeweld, buite-egtelike geboortes en die neiging tot saamwonery (cohabitation) en moontlike daaropvolgende huweliksbevestiging, dui daarop dat die gesinslewe van al die bevolkingsgroepe in Suid-Afrika onderhewig is aan toenemende spanning en gesinsverbrokkeling. Sekere van hierdie tendense kan meer van toepassing wees op sekere bevolkingsgroepe as op andere.

Steyn (1994:75) wys daarop dat bestaande gesinsnavorsing in Suid-Afrika die diversiteit van gesinstrukture tussen die verskillende bevolkingsgroepe erken. Daar is tot op hede nog nie 'n poging aangewend om die presiese aard, samestelling en omvang daarvan tussen die verskillende multikulturele bevolkingsgroepe te bepaal nie. Daar is nie bepaal of daar wel enige noemenswaardige verskille in hierdie verband reeds bestaan of ontstaan het nie. Dat industrialisasie en verstedeliking hiertoe bygedra het, kan nie ontken word nie.

Navorsingsresultate volgens Steyn (1994:75) dui daarop dat daar 'n mate van ooreenkoms sowel as onderskeidingspatrone in die gesinstrukture wat in die

verskillende bevolkingsgroepe ontstaan het, is. Wat betref die voorkoms van verskillende gesinstrukture kan dit egter beklemtoon word dat die kerngesin die hoogste voorkomssyfer onder al die bevolkingsgroepe vertoon. Die verhouding van hierdie frekwensie kan aansienlik verskil van een bevolkingsgroep tot 'n ander.

Steyn (1994:47, 75-76) se bevindinge dui daarop dat 70,2% van die Blanke huishoudingstrukture deel uitmaak van kerngesinne, alhoewel 76,6% van die populasie in kerngesinne woon. Onder Indiërs is 60,5% van die huishoudingstrukture kerngesinne, maar slegs 54,2% van die populasie woon in kerngesinne. Onder Kleurlinge is dit meestal dieselfde, naamlik, 40,1% van die Kleurling huishoudingstrukture teenoor 40% van die populasie. Onder die Swart huishoudingstrukture woon 39,8%, teenoor 33% van die populasie in kerngesinne.

Uit 'n analise van navorsingsdata wys Steyn (1994:79) daarop dat ten spyte van die diversiteit van gesinstrukture wat onder Blankes, Kleurlinge en Indiërs voorkom, die oorgrote meerderheid van die respondente in al drie die bevolkingsgroepe, naamlik 93,2% van die Blankes, 92,6% van die Indiërs en 88,2% van die Kleurlinge die kerngesin nog steeds as die ideale gesinstruktuur erken.

'n Veranderende gesinstruktuur wat volgens Steyn (1994:76) baie aandag kry in literatuur oor gesinsosiologie is die enkelouergesin. Uit haar analises as gesinsnavorser van hierdie literatuur, is die gesinstruktuur wat duidelik die hoogste frekwensie in hierdie verband vertoon, die moeder-kindgesin. Volgens haar eie navorsing is dit 'n gesinstruktuur wat oorwegend by Swart huishoudings (14,8%) en Kleurling huishoudings (15%) voorkom. Dit is ook die geval by 6,2% Blanke huishoudings en 7,7% Indiër huishoudings. Indien hierdie navorsing teen die sosiokulturele en historiese agtergrond beskou word, ontstaan enkelouergesinne by Swart en Kleurling bevolkingsgroepe meestal as gevolg van buite-egtelike geboortes en by Blanke en Indiër bevolkingsgroepe meestal weens egskeiding of die dood van 'n eggenoot of eggenote.

Steyn (1994:75-76) beklemtoon dit dat die kerngesin oorwegend by Blankes voorkom, sterk inslag gevind het by Indiërs en by minder as die helfte van die Swart en Kleurling bevolkingsgroepe voorkom, want 'n multigenerasie gesinstruktuur het ook sy inslag by

hierdie bevolkingsgroepe gevind. Sy wys ook daarop dat twee tipes onderskei kan word, naamlik dié met 'n manlike gesinshoof en dié met 'n vroulike gesinshoof. Die multigenerasie gesin met 'n manlike gesinshoof het die hoogste frekwensie onder Swart huishoudings, naamlik 16,2%, onder Kleurlinge is die frekwensie 11,6%, onder Indiërs 5,1% en onder Blankes maar slegs 0,8%. Dieselfde frekwensie kom ook min of meer voor by die multigenerasie gesin met 'n vroulike gesinshoof, naamlik 12,6% by Swartes, 8,2% by Kleurlinge en 'n lae frekwensie van 3,9% en 0,4/% by Indiërs en Blankes onderskeidelik. Wanneer hierdie twee tipes multigenerasie gesinne saamgevoeg word, vorm dit 28,8% van die gesinne van die Swart bevolkingsgroep, 19,8% van dié van die Kleurling bevolkingsgroep, 12,0% van dié van die Indiër bevolkingsgroep en slegs 1,2% van die Blanke bevolkingsgroep. Indien die kerngesin plus addisionele lede as 'n gewysigde uitgebreide gesin beskou word en hierdie frekwensie bygevoeg word tot dié van die multigenerasie gesinne met manlike en vroulike gesinshoofde is dit duidelik dat 'n groot persentasie van veral die Swart bevolking deel uitmaak van hierdie gesinstruktuur. Alhoewel hierdie gesinsvorme 40,2% van al die gesinstrukture beslaan, leef 50,8% van die Swart bevolking binne hierdie gesinstrukture. Onder Kleurling en Indiër bevolkingsgroepe leef ook 'n aansienlike persentasie binne hierdie gesinstrukture, naamlik 45,3% en 37,9% onderskeidelik, waar hierdie strukture maar onderskeidelik 33,9% en 25,6% van die totale aantal strukture van hierdie bevolkingsgroepe uitmaak. Wat die Blankes betref, leef slegs 9,7% van die bevolking binne hierdie strukture, terwyl die huishoudingstrukture in hierdie verband 5,5% van al die huishoudingstrukture beslaan.

Dit is dus duidelik uit die voorafgaande gegewens dat die gesinstrukture in die Suid-Afrikaanse multikulturele samelewing indringende veranderinge ondergaan het wat tot alternatiewe gesinsvorme aanleiding gegee het. Die vraag is egter of hierdie alternatiewe gesinstrukture, soos byvoorbeeld, die moderne kerngesin, die enkel-ouergesin, die hersaamgestelde gesin en moontlike ander gesinsvorme wat in die toekoms mag ontstaan wat die tradisionele uitgebreide gesin grootliks vervang het en nog kan vervang, die vermoë sal hê om te kan oorleef in die toekoms. In watter mate sal hul voortbestaan ook kan voldoen aan die eise van toereikende opvoedingsbegeleiding van die kinders?

## 2.8 VERANDERENDE STRUKTURE EN WAARDEVERANDERINGE IN DIE SAMELEWING EN GESIN

Die Franse sosioloog, Gurvitch (Prinsloo & Du Plessis 1998:133-134), wys daarop dat die sosiale werklikheid van die tweede helfte van die twintigste eeu 'n struktuur is wat bestaan uit verskillende lae wat in mekaar invloei en in wisselwerking met mekaar is.

- **Die morfologiese en ekologiese laag (laag 1)**

Hierdie laag sluit die natuurlike en tegniese – die stoflike – wêreld in. Dit wat sintuiglik waargeneem kan word en wat deur gesamentlike menslike arbeid tot stand gekom het, byvoorbeeld, dorpe, stede, skole, kerke, ensovoorts.

- **Die georganiseerde maatskaplike laag (laag 2)**

Hierdie laag omvat alle menslike kontak soos ons dit daagliks ondervind. Dit sluit beroepsorganisasies en maatskaplike organisasies soos ontspanning, kuns- en godsdiensbeoefening, onderwys, maar veral ook die gesin in. Die moderne kerngesin wat ekonomies, sosiaal en emosioneel kwesbaar geword het.

- **Die norme-laag (laag 3)**

Die mens erken norme en het 'n normbesef. Dit het te make met godsdienstige, kulturele en morele voorskrifte wat onder kultuurgroepe kan verskil. Dit sluit die veranderinge in die normstruktuur van 'n hedendaagse, onpersoonlike, hoogs gespesialiseerde industrieel verstedelikte samelewing in. Weens hierdie toenemende normveranderinge asook gebrek aan vaste norme is die mens merendeels op hom/haarself aangewese in die voortleef van hierdie norme.

- **Die waarde-laag (laag 4)**

Veranderinge in die waardestruktuur, wat nou aansluit by die normstruktuur, toon dat ook hier die tradisionele verwantskaps- en uitgebreide gesinstruktuur streng toesig en beheer uitgeoefen het oor die samelewingswaardes en gesinswaardes en die

voorlewing daarvan. Byvoorbeeld, religieuse waardes het sterk inslag gevind by die tradisionele samelewing en uitgebreide gesin en die voorlewing daarvan. Die moderne, geïndustrialiseerde samelewing beklemtoon die kerngesin as slegs 'n middel tot 'n doel, naamlik om as gesinslid te presteer op elke vlak om sodoende by te dra tot die ekonomiese en tegnologiese welvaart van die samelewing, sonder om die gesinslid as persoon in ag te neem weens, byvoorbeeld, die onpersoonlike geneigdheid van die moderne samelewing waar persoonlike geluk en gesinsgeluk van minder belang blyk te wees. Volgens Zahn (Pretorius 1998:248) is ekonomiese ontwikkeling die direkte gevolg van die wetenskaplik-tegnologies-industriële revolusie wat veral gedurende die laaste dekades teen 'n ongekende tempo voortsnel. Massaproduksie, massaverbruik en 'n materialistiese lewensingesteldheid is verskynsels wat met ekonomiese ontwikkeling en welvaart gepaard gaan. Hierdie welvaart beïnvloed die totale persoon se lewenstyl asook lewens- en wêreldperspektiewe. Kirstein (Pretorius 1998:248) beweer dat welvaart die materiële waardes in die samelewing ten koste van die geestelike en sosiale waardes beklemtoon. Die gewete word dikwels verkrag in die najaag van die materiële, oneerlikheid word menigmaal as woekerwins of besigheid beskou. Volgens Pretorius (1998:246-247) het hierdie voortsnelling van die wetenskaplike en tegnologiese ontwikkeling die persoon se sosiale, religieuse en lewensperspektiewe ingrypend verander. Humanistiese en liberalistiese waardes word oorbeklemtoon ten koste van die religieuse waardes weens die versekularisering (verwêreldliking) van die samelewing. Die menslike vryheid word oorbeklemtoon om seksueel-immoreel op te tree; die menseregte van andere te skend en die waarheid te verruil vir die leuen. Dit laat die mens onseker ten opsigte van die toekoms. Dit geskied meestal weens 'n gebrek aan vaste norme en waardes en in navolging van uiteenlopende norm- en waardestelsels in die vorm van toenemende veranderinge en onsekerhede op hierdie gebied.

In aansluiting hierby wys Pretorius (1998:242) daarop dat van die negentiende tot die twintigste eeu daar 'n transformasie van 'n tradisioneel-statiese na 'n modern-dinamiese samelewing was. Wat betref die twintigste eeu het lae een en twee drastiese veranderinge ondergaan. Lae drie en vier verander ook toenemend, wat tot norm- en waarde-onsekerheid aanleiding kan gee. Vaste norme en waardes kan so vervang word deur nuwe veranderende norme en waardes wat uiteenlopend van aard kan wees.

Gerdes *et al* (1988:205-206) beklemtoon dit dat elke samelewing, van die primitiefste tot die modernste, beheer word deur die gelowe en waardes wat die norme en gedragspatrone van die betrokke samelewing en gesinsopset bepaal. Sonder uitsondering word in alle samelewings vername lewensgebeurtenisse, soos geboortes, huweliksluitings en sterftes, beheer deur bepaalde gelowe, rituele en voorskrifte in die betrokke samelewing. In die vroeëre Westerse kultuur is die huwelik, byvoorbeeld, as 'n heilige aangeleentheid beskou wat nie verbreek kan word nie en was egskeiding hoogs onwaarskynlik. Waar dit wel voorgekom het, is dit veroordeel en as stigmaties beskou. Alhoewel die huwelik nog as die norm in die meeste samelewings beskou word, is huweliksonstabiliteit vandag 'n realiteit wat steeds toeneem en wat tot egskeiding aanleiding gee in die meerderheid van gevalle met gepaardgaande toenemende gesinsverbrokkeling. Die hedendaagse beklemtoning van individuele vryheid en persoonlike geluk kan bydra tot huweliksonstabiliteit. Vroeër was die gesinslid ondergeskik aan die gesin, byvoorbeeld, in die tradisionele uitgebreide gesin wat tot gesinstabiliteit aanleiding gegee het. Vandag is die gesin egter ondergeskik aan die gesinslid, waar persoonlike vryheid en geluk ten koste van die ander gesinslede kan geskied. Dit kan tot gesinsonstabiliteit aanleiding gee. Waardeveranderinge het ook begin ontstaan ten opsigte van seksualiteit. Waar seksuele omgang voorheen met voortplanting geassosieer is, het die steeds stygende bevolkingsaanwas en verbeterde geboortebeperkingstegnieke asook veranderende seksuele moraliteit tot oorwaardering van seksuele genot aanleiding gegee. So word seksuele aanpasbaarheid en bevrediging hedendaags gelyk gestel met huwelikstabiliteit en gepropageer deur veral seksterapeute. Gedurende die afgelope jare het die openbare mening en houdings ten opsigte van seksualiteit opvallend verander. Dit was 'n onderwerp wat meestal nie in die openbaar en veral nie in gesinne bespreek is nie, maar is nou 'n onderwerp wat openlik bespreek en gepropageer word. Dit word bespreek deur die massamedia, byvoorbeeld, televisie, gesinsvideo's, film- en teaterwêreld, tydskrifte, rekenaar, Internet, ensovoorts. Dit kan ook die skadelike invloed van buite-egtelike verhoudings en pornografie wat tot seksuele immoraliteit aanleiding gee, insluit. Die waardes wat persone nastreef en hul beskouing van moraliteit of immoraliteit kan 'n invloed uitoefen op hul gelowe, houdings en verwagtinge van die huwelik, ouerskap en egskeiding, asook 'n moontlike hertroue. Dit is belangrik om daarop te let dat waardekonflik kan ontstaan as die man of die vrou in die huwelik of die ouers en kinders in die gesin, verskillende of nuwe

waardes begin navolg wat nog grootliks onbekend of onaanvaarbaar vir die verskillende ander gesinslede kan wees.

Volgens Pretorius (1998:262) leef die mens in 'n moderne tydvlak, waar norme en waardes afgebreek, verbloem of ontken word in die moderne samelewing; veral ten opsigte van die religieuse of godsdienstige asook sedelike sy van die lewe. Die moderne volwasse mens en veral die kind wat nog nie volwassenheid bereik het nie en maklik beïnvloedbaar is, vind dit toenemend moeilik om tussen reg en verkeerd, goed en sleg, die aanvaarbare en onaanvaarbare, die skone en vuile, die waarheid en die leuen asook die eerlike en oneerlike te onderskei. Die massamedia en die reklamewese het 'n groot aandeel aan die normkrisis waarin moderne mense hul bevind. Daar heers menigmaal 'n bandelose vryheid ten opsigte van die seksuele, morele en religieuse norme en waardes wat veral die jeug kan laat ontspoor in die moderne samelewing en tot promiskuïteit of vrye geslagtelike verkeer, ongewenste tienerswangerskappe, Vigs, alkohol- en dwelmmisbruik en satanisme, aanleiding kan gee. In 'n gekompliseerde samelewing word aan elke persoon, maar veral aan die beïnvloedbare jeugdige veelvuldige en menigmaal uiteenlopende asook teenstellende norme voorgeleef. Gevestigde norme en waardes word menigmaal oorboord gegooi, terwyl lewensonsekerheid ten opsigte van nuwe maar nog onbekende norme en waardes kan heers. Waar die tradisionele verwantskapsisteem streng beheer en toesig uitgeoefen het oor die uitgebreide gesin se norme en waardes, kan die moderne verstedelikte gesin weens sy sosiale geïsoleerdheid en kwesbaarheid jeugdiges aan hulself oorlaat om die norme van hul lewe self te bepaal. Die jeugdige eksperimenteer dan met norme en waardes of kom in opstand teen die ouers se beperkende maatreëls. In die moderne, onpersoonlike geïndustrialiseerde samelewing kan die dieper lae van die norme en waardes weens onbetrokkenheid ernstig benadeel word (Pretorius 1998:62, 271).

Samevattend kom dit daarop neer dat toenemende verstedeliking en die ontstaan van 'n tegnologiese samelewing daartoe aanleiding gegee het dat die tradisionele uitgebreide gesin grootliks vervang is deur 'n ekonomies, emosioneel en die sosiaal kwesbare moderne kerngesin. Hierdie kwesbaarheid van die kerngesin het daartoe aanleiding gegee dat die gesin toenemend normonseker geraak het weens die voortdurende normveranderinge in die hoogs geïndustrialiseerde samelewing. Die

kwesbaarheid van die moderne gesin en die tegnologiese vooruitgang het daartoe aanleiding gegee dat ook ander alternatiewe gesinstrukture na vore getree het, byvoorbeeld, enkelouergesinne weens hoë egskeidingskoerse, waar meestal geskeides hertrou en hersaamgestelde gesinne vorm. Hierdie alternatiewe gesinsvorme kom meestal voor weens die toenemende gesinverbrokkeling wat met verstedeliking gepaard gaan, waar die tradisionele gesinsbande versteur word deur die toenemende migrasie na die stede. Dit kan ook gevorm word weens hoë saamwoontendense wat toenemend internasionaal en plaaslik voorkom. Hier word gesinsbande nie op 'n vaste basis gevorm nie. Dit gee aanleiding tot toenemende gesinsverbrokkeling. Saamwoontendense kan ook die vorming van hersaamgestelde gesinne voorafgaan tydens die tydperk waar die betrokke partye saamwoon in 'n sogenaamde 'proefhuwelik' as 'n aanpassings- of hofmakingsperiode voor die wettige hertroue.

## 2.9 SINTESE

In hierdie hoofstuk is die strukturele veranderinge van die gesin asook funksieverskuiwings binne die gesin teen die agtergrond van die wyer samelewing waarvan dit deel vorm, bespreek. Dit dui daarop dat die moderne kerngesin ekonomies, emosioneel en sosiaal besonder kwesbaar geword het. Die gesin het ook met toenemende industrialisasie en verstedeliking van 'n primêr produksie-eenheid waar alle gesinslede saamgewerk het, beskikbaar vir mekaar was en saam ontspan het, tot 'n verbruikerseenheid, waar hierdie aspekte grootliks ontbreek, ontwikkel. Tegelykertyd is die moderne kerngesin ingebed in 'n samelewing waar tegnologiese vooruitgang hoog aangeslaan word ten koste van gesinsnorme en gesinswaardes. Die moderne gesin se voorlewing van hierdie norme en waardes word hierdeur ernstig aangetas. Dit kompliseer opvoedingsbegeleiding in die gesin weens 'n besonder onsekere toekomsperspektief. Hierdie strukturele veranderinge, funksieverskuiwings en onsekere toekomsperspektief van die moderne kerngesin maak alternatiewe gesinsvorming moontlik. Enkelouergesinne en hersaamgestelde gesinne vertoon die grootste voorkoms. Hierdie alternatiewe gesinsvorme word meestal tydens die verbrokkeling van die moderne kerngesin gevorm, waar 'n betrokke huwelik in egskeiding eindig en die kerngesin deur 'n enkelouergesin vervang word of deur 'n hersaamgestelde gesin indien daar sprake van hertroue is.

# *Hoofstuk 3*

# *Die hersaamgestelde gesin en die rol van die eie ouer in hierdie gesinstruktuur*

## 3.1 INLEIDING

In aansluiting met die vorige hoofstuk, beklemtoon Britz-Scheepers en Du Preez (1994:237) die wysiging van die tradisionele gesinslewe as een van die opvallendste tendense in die Suid-Afrikaanse samelewing. Volgens hierdie navorsers het hoë egskeidingsyfers en hertroues daartoe aanleiding gegee dat ook hersaamgestelde gesinne een van die vinnig groeiende gesinsvorme in die samelewing geword het. In teenstelling met die kerngesin as vorm van die tradisionele gesinslewe, word die hersaamgestelde gesin op 'n uiters komplekse fondament gebou en is dit volgens hierdie navorsers ook verbind met bande van die verlede en hede. Gesinsgenote vorm deel van 'n netwerk van persone en verhoudinge. Dit ontstaan weens vorige verliese deur meestal egskeiding of die sterfte van 'n eglied of ouer, asook 'n hertroue. Die verlies van 'n eerste verhouding en 'n vrees ten opsigte van die herhaling daarvan in 'n daaropvolgende huwelik, kan die stabiliteit van die verhoudingsnetwerk in die hersaamgestelde gesin negatief beïnvloed, aldus hierdie navorsers.

In hierdie hoofstuk sal die sleutelrol van die eie ouer bestudeer word en die positiewe bydrae wat die eie ouer kan bied in die stabilisering van hierdie verhoudingsnetwerke tot voordeel van al die gesinsgenote en gesinseenheid in die hersaamgestelde gesin.

## 3.2 DIE EIE OUER IN 'N SLEUTEL- EN/OF MAGSPOSISIE IN DIE HERSAAMGESTELDE GESIN

Volgens Prinsloo se navorsing oor stiefouerskap en die selfaktualisering van die stiefkind, bepaal die eie ouer tot 'n groot mate hoe suksesvol die tweede huwelik en die stiefgesin sal wees. Hierdie navorser wys verder daarop dat die eie ouer egter tot die besef sal moet kom dat hy of sy net so hard as die stiefouer sal moet werk om die verhouding tussen die stiefouer en stiefkind te laat slaag. Volgens hierdie navorser is dit egter belangrik dat die eie ouer voldoende tyd en aandag aan beide die nuwe huweliksmaat (stiefouer) en kinders, naamlik eie en/of stiefkinders, sal moet bestee, sodat niemand van hulle die idee kry dat hulle om die eie ouer se tyd en aandag hoef mee te ding nie. Sy wys egter ook daarop dat om so baie gesinsgenote se uiteenlopende belange so suksesvol te dien, baie wysheid, geduld en opoffering van die eie ouer sal verg (**CSD/SWO Bulletin** 5(3) April 1993:10).

Visher en Visher (1988:68) toon egter aan dat die eie ouer hom/haar in 'n kragtige sleutelposisie in die hersaamgestelde gesin kan bevind, omdat die eie ouer deel vorm van beide die egpaarverhouding subsisteem en die ouer-kindverhouding subsisteem. Volgens hierdie navorsers wend die eie ouers menigmaal nie hierdie sentrale posisies waarin hulle hul bevind tot voordeel van eenheidsvorming van die hersaamgestelde gesin aan nie. Waar lojaliteitskonflikgevoelens en skuldgevoelens wat hulle mag ondervind hul tyd en aandag kan verdeel tussen hul egpaarverhoudinge en ouer-kindverhoudinge. Die eie ouers mag die idee huldig dat indien hulle hegte egpaarverhoudinge tydens die hofmakingsproses en die menigmaal daaropvolgende hertroue aangaan, hulle dislojaal sal optree teenoor hulle eie kinders, wat hulle met intense skuldgevoelens belaai.

Visher en Visher (1988:80) wys daarop dat die meeste gevallestudies daarop dui dat stiefouers menigmaal ontevrede is, omdat eie ouers nie die leiding neem in hersaamgestelde gesinne nie. Indien stiefouers dan hierdie leiding wil oorneem, ondervind hulle probleme met die kinders en menigmaal ook met die eie ouers wat hulle aan die kant van die kinders skaar tydens enige dispute tussen die betrokke partye. Die eie ouer kan ook menigmaal 'n magsposisie vertoon, waar besoekregte

ten opsigte van die eie kinders ingeperk of opgeskort word in 'n poging om die nie-toesighoudende ouer (meestal vaders) te vervreem van hul eie kinders. Dit geskied meestal weens die eie ouer (meestal moeders) se onrealistiese verwagting dat die stiefouer (meestal stiefvaders) en stiefkinders (meestal die moeder se eie kinders) mekaar gouer sal aanvaar in die totale afwesigheid van die nie-toesighoudende eie ouer (meestal vaders).

## 3.3 RIGLYNE TEN OPSIGTE VAN DIE POSITIEWE AANWENDING VAN DIE EIE OUER SE MAGSPOSISIE

Visher en Visher (1982:60-61) wys daarop dat alhoewel eie ouers meestal hulpeloos en magteloos voel, omdat hulle 'n voortdurende buffer moet vorm tussen hul eie kinders en hul nuwe huweliksmaats se behoeftes, hulle nie uitgelewer hoef te voel nie. Omdat die eie ouer interpersoonlike verhoudinge aangaan met die nuwe huweliksmaat en daar reeds intieme interpersoonlike verhoudinge bestaan tussen die eie ouer en sy/haar kinders asook sy/haar ouers is die eie ouer in 'n positiewe magsposisie. Visher en Visher (1982:61) beklemtoon die volgende belangrike riglyne ten opsigte van die eie ouer se positiewe magsposisie om gesinseenheid te bevorder in die hersaamgestelde gesin:

- Indien die eie ouer die nuwe huweliksmaat (stiefouer) positief ondersteun, sal dit moeilik of onmoontlik wees vir die kinders (eie of stief) om 'n wig in te slaan tussen die eie ouer en die stiefouer.

- Aangesien die kinders die eie ouer reeds goed ken en ook bekend is met die eie ouer se huisreëls is dit belangrik dat die ouer hierdie leidingsrol sal voortsit in die huishouding. Die eie ouer moet, byvoorbeeld, beskikbaar wees ten opsigte van die opvoedingsbegeleiding en koestering van die kinders. Dit geld ook ten opsigte van die vasstelling van die huisreëls in die hersaamgestelde huishouding. Dit behoort ook te geskied met die toenemende ondersteuning van die nuwe huweliksmaat as stiefouer, maar die eie ouer moet te alle tye die leidingsrol in hierdie verband neem.

- Die eie ouer moet besef dat dit onmoontlik is om te alle tye al die betrokke partye, soos, byvoorbeeld, die nuwe huweliksmaat asook die eie en stiefkinders, tevrede te stel. Indien die eie ouer dit sou doen, kan hy/sy voortdurend "vasgevang" word tussen die behoeftes, grille en giere van die nuwe huweliksmaat, asook die eie en stiefkinders. Dit kan daartoe aanleiding gee dat die eie ouer teleurgesteld in hom/haarself kan wees en voel dat hy/sy misluk in die uitvoering van hierdie ouerrol.

- Die eie ouer moet ook besef dat aangesien daar 'n dieperliggende liefde bestaan tussen die eie ouer en die nuwe huweliksmaat asook die eie ouer en die eie kinders, dit moeilik sal wees om nie in te meng in die stiefouer-stiefkindverhoudinge nie. Die eie ouer moet hierdie betrokke partye die tyd en geleentheid bied om mekaar geleidelik te vind in die aanvaarding van mekaar asook wedersydse respek ten opsigte van mekaar. Indien die eie ouer dit nie sou doen nie, kan hy/sy verdeeld voel ten opsigte van die nuwe huweliksmaat en die eie, asook stiefkinders se behoeftes wat hom/haar magteloos laat.

## 3.4 UITDAGINGS EN TAKE VAN DIE HERSAAMGESTELDE GESIN EN DIE SLEUTELROL VAN DIE EIE OUER HIERIN

Visher en Visher (1990:4-5) wys daarop dat daar 'n suksesvolle oorgang moet wees vanaf vorige gesinskulture na hersaamgestelde gesinskulture. Die vraag is egter wat die sleutelrol van die eie ouer sal wees tydens hierdie oorgangsfase. Sal die eie ouer 'n invloedryke rol vervul in die oorgang na 'n hersaamgestelde gesinskultuur of sal die eie ouer die hersaamgestelde gesinskultuur voortbou op dié van die kerngesin omdat dit as norm van die samelewing beskou word?

Volgens Visher en Visher (1990:5) behels hierdie uitdagings en take die volgende:

- Daar moet eenheid (solidariteit) en maturasie van die nuwe egpaarverhouding wees.

- Die bestaande eie ouer-eie kindverhoudinge en bindinge moet bewaar of bevorder word.

- Nuwe stiefverhoudinge veral tussen stiefouers en stiefkinders en tussen stiefkinders onderling moet bevorder of ontwikkel word as dit nie reeds bestaan nie.

- 'n Gevoel van "behoort aan" of volle lidmaatskap van die hersaamgestelde gesin moet aangemoedig word.

Met die verloop van die besprekings in hierdie hoofstuk, sal dit duidelik blyk dat die eie ouer ook ten opsigte van hierdie uitdagings en take 'n sleutelrol kan vervul, omdat die eie ouer deel vorm van beide die egpaarverhoudinge en die ouer-kindverhoudinge.

## 3.5 EIENSKAPPE VAN DIE SUKSESVOLLE HERSAAMGESTELDE GESIN EN DIE ROL VAN DIE EIE OUER IN HIERDIE STRUKTUUR

Navorsing en kliniese waarnemings dui ses belangrike eienskappe aan waaraan volwassenes in die hersaamgestelde gesin moet kan voldoen vir die hersaamgestelde gesin om enigsins suksesvol te kan funksioneer (Visher & Visher 1990:5-11) . Die sleutelfunksie van die eie ouer as een van die volwassenes sal in hierdie verband van nader beskou word:

- **Die verwerking van verliese**

Dit is belangrik dat die volwassenes in die hersaamgestelde gesin hul persoonlike verliese tot 'n groot mate reeds verwerk het. Die eie ouer het, byvoorbeeld, die persoonlike verlies gehad van 'n vorige huwelik wat in egskeiding geëindig het en daarmee ook die droom van 'n suksesvolle huwelik. In hierdie verband is dit noodsaaklik dat die eie ouer mettertyd hierdie persoonlike verliese sal aanvaar en hom/haar emosioneel losmaak van die vorige eglied. Die eie ouer moet die moontlike pynlike verlede agter hom/haar plaas en hard werk aan die nuwe egpaarverhouding

om suksesvolle gesinseenheid enigsins te kan bevorder in die hersaamgestelde gesin. Dit is egter 'n bekende feit dat eie ouers menigmaal probleme kan ervaar om hulle emosioneel los te maak, omdat die eie kinders se belange hulle tot 'n groot mate aan die vorige egliede kan verbind. Dit is belangrik dat ouerskapbande in die vorm van moontlike mede-ouerskap sal voortbestaan tussen die toesighoudende ouer (meestal die moeder) en die nie-toesighoudende ouer (meestal die vader) in belang van die eie kinders. Die emosionele huweliksbande met die vorige eglied moet egter afgesny word en die eie ouer moet die emosionele huweliksbande met die nuwe huweliksmaat versterk. Dit geskied deur in die soms besige hersaamgestelde gesinsprogram, waar die eie en stiefkinders baie tyd en aandag verg, tyd vir mekaar te maak. Dit kan, byvoorbeeld, geskied wanneer die eie en stiefkinders die nie-toesighoudende ouers besoek tydens vooraf beplande naweke en vakansies of wanneer die nuwe egpaar saam in die tuin werk of saam skottelgoed was. Dit is belangrik vir gesonde egpaarkommunikasie en die eie ouer behoort 'n leidende rol in hierdie verband te speel.

- **Realistiese verwagtinge**

Dit is belangrik vir die eie ouer om weg te beweeg van die norme en rituele wat in die vorige kerngesin bestaan het en nie die kerngesin in die nuwe hersaamgestelde gesin te wil dupliseer nie. Eie ouers kan hulle hieraan skuldig maak, waar die hersaamstelling vir die samelewing verberg word weens geheimhouding en voort te bou op die norme en rituele van die kerngesin. Dit is dan onmoontlik vir die hersaamgestelde gesin om eie norme en rituele te kan verwerf. Wat die verwerwing van eie norme en rituele betref, kan die eie ouer 'n leidende rol speel in die hersaamgestelde gesin, waar verjaarsdae en feesdae en ander belangrike gebeurtenisse op 'n eiesoortige wyse gevier word wat kan verskil van dié van die vorige kerngesin.

Wat die onrealistiese verwagtinge van 'kitsliefde' en 'kitsaanvaarding' betref, maak eie ouers hulle dikwels ook hieraan skuldig. Hulle verwag dat die nuwe huweliksmaats hul eie kinders onmiddellik net so lief moet hê soos hulself. Wat kitsaanvaarding betref, kan eie ouers verwag dat die nuwe huweliksmaats (meestal stiefvaders) en die

eie ouers se eie kinders mekaar dadelik moet aanvaar, omdat hulle as eie ouers die nuwe huweliksmaats lief gekry het en reeds aanvaar het. Die eie ouer moet ook hier 'n leidende rol speel deur terug te staan en dit aan die betrokke partye oor te laat om mekaar mettertyd te aanvaar en mekaar hoogstens te respekteer, waar ware liefde nie moontlik blyk te wees nie. Die eie ouer kan 'n leidende rol speel deur tyd te maak vir hierdie partye om alleen met mekaar te wees, om sodoende mekaar geleidelik te vind. Hulle kan saam ontspan of saam inkopies gaan doen vir die gesin.

- **Vestiging van 'n soliede egpaareenheid**

Om gesinseenheid in die hersaamgestelde gesin te kan bevorder, is dit noodsaaklik dat daar 'n soliede egpaareenheid sal wees om ook in hierdie verband die hersaamgestelde gesin suksesvol te kan laat funksioneer. Waar daar in die hersaamgestelde gesin sprake is van die vorming van 'n sogenaamde 'kitsgesin' met kinders wat onmiddellik deel vorm van die gesin en baie aandag verg, is dit menigmaal moeilik vir die nuwe egpaar om tyd alleen vir mekaar beskikbaar te kan hê. Die eie ouers kan weens lojaliteitsgevoelens jeens die eie kinders skuldig voel indien hulle intieme egpaarverhoudinge met die nuwe huweliksmaats aangaan. Die eie ouers kan die idee huldig dat hulle hul eie kinders in hierdie opsig afskeep en nie genoeg tyd en aandag aan hulle afstaan nie. Eie ouers moet egter ook hier 'n leidende rol speel en genoegsame tyd aan hulle eie kinders afstaan. Sodoende het die eie kinders nie nodig om ook verder aanspraak te maak op die tyd wat die egpaar alleen vir mekaar beskikbaar behoort te hê nie. Hierdie tye alleen kan met oorleg gereël word wanneer die eie kinders die nie-toesighoudende ouer besoek of tye saam met hulle vriende deurbring. Die sekuriteit van hierdie soliede egpaareenheid kan ook tot voordeel van die eie en stiefkinders strek, waar hulle in 'n hersaamgestelde gesin met gesinsharmonie en gesinseenheid kan opgroei.

- **Die vestiging van konstruktiewe rituele**

Goeie interpersoonlike verhoudinge ontwikkel uit positiewe gedeelde herinneringe of ervaringe en gevoelens van behoort aan ontwikkel uit die bekende en alledaagse wyses van doen. Die vestiging van eie rituele en tradisies is 'n belangrike eienskap van

suksesvolle hersaamgestelde gesinne wat nie van kerngesinne geleen kan word nie. Ook in hierdie verband kan eie ouers 'n sleutelfunksie vervul. Die eie ouers en die eie kinders het 'n gedeelde verlede uit hul vorige eie ouer-kindverhoudinge wat hulle reeds opgebou het tydens die enkelouergesinsfase, byvoorbeeld, tydens spesiale geleenthede en gesinseremonies, waar hulle dinge saam gedoen het. Dit is egter belangrik dat hulle nou eie rituele en tradisies sal opbou en met die samewerking van die stiefouers 'n integrale deel van die hersaamgestelde gesinslewe sal vorm. Spesiale geleenthede en feesdae kan op 'n eiesoortige wyse gevier word en kan verskil van die wyse waarop dit in die kerngesin gevier is voor die eie ouers se egskeiding. Die eie ouers se inskiklikheid en kreatiwiteit kan hier 'n sleutelrol speel, waar die toekenning van huislike take met oorleg en deur onderhandeling met alle gesinsgenote kan geskied. Byvoorbeeld, waar hulle saam tuinmaak, skottelgoed was en saam ontspan kan die eie ouer 'n leidende rol hierin speel deurdat die eie ouer dit inisieer.

- **Die vorming van bevredigende stiefverhoudinge**

Stiefverhoudinge ontwikkel menigmaal nie tegelykertyd met die vorming van 'n hegte (soliede) egpaarverhouding nie. Dit kan slegs mettertyd ontwikkel en ook hierin kan die eie ouer 'n leidende rol speel, waar die eie ouer nie die wedersydse aanvaarding van mekaar onmiddellik tussen die betrokke stiefouers en stiefkinders sal afdwing nie. Die eie ouer kan egter geleenthede skep, waar hierdie partye mekaar geleidelik sal aanvaar en respekteer, byvoorbeeld, waar hulle saam stokperdjies kan beoefen omdat die ouers terugstaan en hulle tyd alleen met mekaar gun. Die ouers kan hierdeur die stiefouers ondersteun om deur die dinge wat hulle saam met die stiefkinders doen eers geleidelik vriendskapsverhoudinge met die stiefkinders (die eie ouers se kinders) op te bou. Byvoorbeeld, waar aanvanklike moontlike verwerpingsgevoelens, wantroue en nie-aanvaarding van die ander geleidelik kan oorgaan in die aanvaarding van mekaar, waar hulle mekaar toenemend sal vertrou en respekteer. Dit is egter belangrik dat die eie ouers nog steeds 'n leidende dissiplineringsrol sal vervul, waar hulle nog primêr verantwoordelik sal wees vir die vasstelling van die huisreëls. Menigmaal verwag eie ouers (veral eie moeders) met die hertroue 'n welkome hulp van die stiefouers met die dissiplinering van die eie kinders, omdat veral eie moeders tydens die enkelouergesinsfase hierdie funksie self moes vervul. Wanneer die

stiefouers (meestal stiefvaders) hul dan wil dissiplineer, ondervind hulle veral teenstand van die eie kinders, meestal adolessente, omdat hulle in 'n emansiperende ontwikkelingsfase verkeer, waar hulle juis onafhanklik wil wees. Tydens hierdie dissiplineringsdispute skaar die eie ouers hul meestal aan die kant van die kinders, omdat hulle lojaal is teenoor hul eie kinders. Dit is dus belangrik dat die eie ouers sal toesien dat die stiefouers eers sal terugstaan en die dissiplineringsrol aan die eie ouers sal oorlaat tot tyd en wyl die eie kinders die stiefouers wel aanvaar en kan vertrou. Die eie ouers kan dit dan wel doen deurdat hulle nie uit die staanspoor van die stiefouers sal verwag om hierdie funksie namens hulle te vervul nie. Deur die uitbouing van 'n hegte egpaarverhouding kan hierdie sensitiewe aangeleenthede oor opvoedingsbegeleiding tot voordeel van al die betrokke partye aangespreek word. Dit weer kan die basis vorm vir die toenemende vestiging van die stiefouer-stiefkindverhoudinge, waar die eie ouers 'n invloedryke rol kan vervul, omdat hulle deel vorm van beide die egpaarverhoudinge en die eie ouer-kindverhoudinge. Die eie ouers bevind hul dan ook in 'n sleutelposisie om gesinseenheid te kan bevorder in die hersaamgestelde gesin. Hulle sal egter daarteen moet waak dat nie een van hierdie partye, naamlik, eie en stiefkinders, asook nuwe huweliksmaats en vorige huweliksmaats hulle van hierdie doel sal laat afsien nie.

- **Samewerking tussen die onderskeie huishoudings in die hersaamgestelde gesin**

Dit is belangrik dat daar 'n samewerkingsooreenkoms in belang van die eie en stiefkinders tussen die verskillende huishoudings, waartussen die kinders kan beweeg, sal bestaan. In hierdie opsig kan beide die toesighoudende eie ouers (meestal moeders) en die nie-toesighoudende ouers (meestal vaders) 'n sleutelfunksie vervul. Vir baie van hierdie ouers is dit egter nie altyd moontlik om sulke samewerkingsooreenkomste aan te gaan nie, weens die kompeterende of vyandige houdings wat tussen hierdie onderskeie partye kan bestaan. Hierdie navorsers wys egter daarop dat daar in 'n toenemende mate 'n siening by die ouers bestaan dat daar ter wille van die kinders samewerking moet wees ten opsigte van hul verantwoordelikheid tot gedeelde ouerskap. Indien daar samewerking bestaan, waar die eie ouers 'n leidende rol speel, kan dit ook makliker wees vir die kinders om tussen

die onderskeie huishoudings te beweeg sonder dat hulle vasgevang word tussen vyandige en kompeterende eie ouers. Die gevolgtrekking wat hier gemaak kan word, is dat die eie en stiefkinders ook minder lojaliteitskonflikte kan ervaar, waar daar van hulle verwag kan word om kant te kies tussen die eie ouers asook hul onderskeie huishoudings. Visher en Visher (1989:65 en 1990:10) definieer hierdie samewerkingsooreenkomste as 'parenting coalitions' oftewel ouerskapkoalisies. Die rol van die eie ouer hierin sal vervolgens bespreek word.

## 3.6 DIE ROL VAN DIE EIE OUERS IN OUERSKAPKOALISIES

Die rol van die eie ouers ten opsigte van hierdie ouerskapkoalisies sal vervolgens aan die hand van Visher en Visher (1989:65-70) bespreek word:

Visher en Visher (1989:65) wys daarop dat daar na egskeiding en met die gevolglike vorming van enkelouergesinne sprake kan wees van 'co-parenting' of mede-ouerskap tussen die toesighoudende eie ouers (meestal moeders) en die nie-toesighoudende eie ouers (meestal vaders). Met die hertroue van óf die toesighoudende eie ouers (meestal moeders) óf die nie-toesighoudende eie ouers (meestal vaders) of beide hierdie partye is daar sprake van meer as twee volwassenes wat verantwoordelik kan wees vir ouerskap. Dit staan volgens hierdie navorsers bekend as 'parenting coalitions' oftewel ouerskapkoalisies.

Die resultate van kliniese en empiriese ondersoeke dui daarop dat alhoewel hierdie ouerskapkoalisies nie in alle gevalle moontlik is nie weens moontlike antagonisme, is daar meer voordele ten opsigte van samewerking as kompetisie en vyandigheid tussen al die betrokke volwassenes so verantwoordelik vir ouerskap.

- **Noodsaaklike ouerskapkoalisies met die nie-toesighoudende ouers**

Visher en Visher (1989:65) haal Furstenberg en Nord aan wat daarop wys dat 50% van die eie en stiefkinders voortgesette kontak met die nie-toesighoudende ouers het twee jaar na egskeiding van die eie ouers. Dit is vervolgens belangrik dat hierdie nie-toesighoudende ouers (meestal vaders) hierdie voortgesette kontak met die kinders sal

behou en dat hulle hierin deur die toesighoudende eie ouers ondersteun sal word. Dit is ook belangrik dat die toesighoudende eie ouers dit sal aanmoedig, deur samewerking te inisieer met die nie-toesighoudende eie ouers. Dit kan verhoed dat die nie-toesighoudende ouers mettertyd kontak met hulle eie kinders sal verloor. Die toesighoudende eie ouers kan dit bevorder deur die nie-toesighoudende ouers nog steeds as mede-ouers te erken en nie toe te laat dat hierdie belangrike ouerrol deur stiefouers (meestal stiefvaders) oorgeneem word nie. Die toesighoudende eie ouers kan hier 'n sleutelrol vervul, waar die stiefouers ondersteun word om afstand te doen van hul onsekere stiefouerrolle, byvoorbeeld, waar hulle as nie-ouers deur die breër samelewing en die regstelsel beskou word. Alhoewel stiefouers nooit volwaardige eie ouers vir hul stiefkinders kan wees nie, kan die eie ouers geleenthede skep vir die stiefouers om eie standvastige stiefouerrolle te verwerf. Byvoorbeeld, waar hulle weens hul onsekere stiefouerrolle menigmaal nie 'n behoefte sal hê om met die nie-toesighoudende eie ouers te kompeteer en hul eie ouerrolle te wil oorneem nie. Deur menigmaal terug te staan en tye en geleenthede te skep, waar hierdie stiefouers hul eie stiefouerrolle toenemend kan verwerf, kan die eie ouers 'n waardevolle rol in hierdie verband speel. Deur hierdie stiefouerrolle juis nie so te bevorder nie kan die eie ouers doelbewus poog om die stiefouers, die nie-toesighoudende eie ouers se ouerrolle te laat oorneem om die nie-toesighoudende eie ouers (meestal vaders) juis sodoende af te sny van die hersaamgestelde gesin. Die eie ouers (meestal moeders) kan dit menigmaal juis doen, omdat hulle self onseker is in hul eie ouerrolle en voel dat hulle met die nie-toesighoudende ouers moet kan kompeteer om hul eie kinders vir hulself te kan behou. Die toesighoudende eie ouers wil dit menigmaal ook juis doen om sodoende nie 'n verdere verlies van hul eie kinders moontlik te ervaar nie, waar die eie kinders kan besluit om by die nie-toesighoudende ouers te gaan woon. Die toesighoudende eie ouers kan dit menigmaal ook as 'n uitkoms sien om die nuwe onsekere egpaarverhoudinge juis te kan bevorder in die totale afwesigheid van die nie-toesighoudende eie ouers. Moontlik omdat hulle wetlik, maar egter emosioneel, nog nie volkome geskei kan wees van die nie-toesighoudende eie ouers nie en daar boonop nog antagonisme tussen hulle kan bestaan, waar die eie kinders hulle nog aan mekaar verbind. Die voortgesette kontak met die nie-toesighoudende eie ouers kan juis nie verbreek word nie, omdat slegs die positiewe aspekte van die nie-toesighoudende eie ouers deur die eie kinders veridealiseer kan word. Gevolglik sal

die toesighoudende eie ouers en die stiefvaders moeilik hiermee kan kompeteer, wat kan veroorsaak dat die toesighoudende eie ouers 'n verlies van hul eie kinders kan ervaar, omdat hulle by die nie-toesighoudende ouers wil gaan woon.

- **Voordele van ouerskapkoalisies waarin die eie ouer 'n sleutelrol kan vervul**

Wanneer eie en stiefkinders kontak met beide die eie ouers asook die stiefouers het, waar daar sprake is van samewerking tussen die betrokke partye, kan dit vir almal tot voordeel wees. Ook in hierdie verband kan die eie ouers 'n sleutelrol speel. Die eie ouers kan antagonisme tussen die verskillende huishoudings help minimaliseer, deur samewerking tussen die betrokke huishoudings doelbewus te bevorder. Byvoorbeeld, deur nie toe te laat dat kinders as boodskappers tussen antagonistiese huishoudings funksioneer nie, maar vredevoorstanders sal wees ter wille van die kinders se welsyn. Hierdie samewerking wat die eie ouers kan inisieer, kan ook die kinders se lojaliteitskonflikte verminder, waar van hulle verwag word om kant te kies tussen die vyandige partye in die betrokke huishoudings. Met 'n samewerkende ouerskapkoalisie is daar 'n bondgenootskap tussen eie ouers en stiefouers, waar hulle saam verantwoordelikheid vir die kinders se opvoedingsbegeleiding aanvaar. Met hierdie deel in die ouerskapfunksies kan dit ook meer tyd en geleentheid vir die vestiging van hegte egpaarverhoudinge beskikbaar stel. Die eie ouers kan 'n sleutelrol vervul deur die nuwe huweliksmaats te ondersteun in hul onsekere huweliksrolle en stiefouerrolle. Hulle kan 'n waardevolle bydrae lewer tot die vestiging van gesinseenheid (Visher & Visher 1989:65).

## 3.7 BELANGRIKE STRUIKELBLOKKE MET DIE VORMING VAN OUERSKAP-KOALISIES EN DIE EIE OUERS SE ROL OM DIT TE ELIMINEER

- **Onvoldoende sielkundige skeiding tussen die toesighoudende eie ouers en nie-toesighoudende eie ouers**

In hierdie opsig kan die eie ouers 'n sleutelrol vervul deur hierdie sielkundige skeiding aan te moedig sodat die verskillende huishoudings onafhanklik kan funksioneer. Daar

behoort ook hier sprake te wees van samewerking ter wille van die welsyn van die kinders. Die eie ouers se persoonlike verskille sal nie die sentrale fokus wees nie, maar die eie en stiefkinders se geluk en welstand.

- **Die volwassenes se antagonisme of vyandigheidsgevoelens**

Waar daar moontlike vyandigheid kan bestaan tussen die volwassenes in die verskillende huishoudings, behoort die eie ouers as vredemakers op te tree, byvoorbeeld, deur nie verantwoordelik te wees vir die inisiëring van hierdie moontlike vyandigheid nie. Die eie ouers kan hier bydra tot die feit dat die kinders minder intense lojaliteitskonflikgevoelens sal ervaar as daar nie van hulle verwag word om kant te kies tussen die vyandige volwassenes nie.

- **Swak egpaarverbondenheid**

Die nuwe egpaar kan probleme ondervind om 'n hegte egpaareenheid op te bou, byvoorbeeld, as die toesighoudende eie ouers (meestal moeders) reeds deel uitmaak van hegte eie ouer-kindverhoudinge wat tydens die enkelouerfase gevorm is. Dit gaan die nuwe egpaarverhouding vooraf. Die toesighoudende eie ouers kan gevolglik die idee huldig dat indien hulle hegte egpaarverhoudinge met die nuwe huweliksmaats aangaan, hulle dislojaal teenoor hulle eie kinders sal wees. Die toesighoudende eie ouers kan hier 'n sleutelrol vervul deur voldoende tyd en aandag aan beide die eie kinders en die nuwe huweliksmaats beskikbaar te stel sodat hulle nie daarvoor moet kompeteer nie. Daar moet ook tyd alleen met elk van hierdie partye deurgebring word. Tyd alleen met die nuwe huweliksmaats kan beskikbaar wees wanneer die eie en stiefkinders hul nie-toesighoudende ouers besoek. Wanneer die eie ouers en kinders saam ontspan, kan daar weer tyd alleen deurgebring word met die eie kinders.

- **Die onvermoë om stiefouers as deel van die ouerskapkoalisies te beskou**

Die idee kan gehuldig word dat slegs die toesighoudende en die nie-toesighoudende eie ouers in die verskillende huishoudings deel uitmaak van die ouerskapkoalisies en

die stiefouers kan hiervan uitgesluit word. Dit kom veral voor wanneer daar nie voldoende emosionele skeiding tussen die toesighoudende en nie-toesighoudende eie ouers plaasgevind het nie. Dit kan ook in gevalle voorkom waar die nie-toesighoudende eie ouers (veral moeders) nie hul eie kinders met die stiefouers wil deel nie, omdat hulle nog lojaal teenoor hulle wil wees, soos byvoorbeeld, tydens die enkelouergesinsfase. Die eie ouers moet die stiefouers intrek in die ouerskapkoalisies, sodat die stiefouers deel hiervan vorm en nie voel dat hulle indringers in die ouerskapkoalisies is nie. In hierdie opsig kan die stiefouers waardevolle ondersteuning aan die eie ouers bied.

- **Die vrees ten opsigte van die verdere verlies van eie ouer-kindverhoudinge**

Wanneer daar nie voldoende emosionele skeiding tussen die eie ouers bestaan nie, kan daar ook sprake wees van vyandigheid tussen die verskillende huishoudings waartussen die eie en stiefkinders beweeg. Die eie ouers kan as gevolg hiervan die verdere verlies van hul eie kinders vrees as die kinders sou besluit om in 'n ander huishouding te gaan woon. Die eie ouers kan in hierdie verband 'n sleutelfunksie verrig as hulle voorstanders van emosionele skeiding is en so vyandigheid tussen die verskillende huishoudings teenwerk tot voordeel van die kinders se welstand.

- **Die rol van die eie ouer in die oplossing van moontlike struikelblokke**

  - *Die ontwikkeling van genoegsame skeiding tussen die vorige egliede*

  Dikwels is vorige egliede wetlik, maar nie sielkundig geskei nie. Die gevolg is dat die nuwe huweliksmaats uitgesluit kan voel deur hierdie verhoudinge tussen die vorige egliede. Dit veroorsaak ook dat die nuwe egpaarverhouding nie voldoende kan ontwikkel nie, en dat die kinders fantasieë kan hê ten opsigte van die hereniging van hul eie ouers. Die eie ouers moet hulle sielkundig losmaak van die vorige egliede deur die stiefouers in die ouerskapkoalisie op te neem, waar hulle volmondig deel van die nuwe hersaamgestelde gesin kan wees. Die eie ouers moet ook doelbewus aan die

nuwe egpaarverhoudinge werk, sodat hulle as nuwe egpaar eensgesind kan optree en mekaar kan ondersteun in hul besluitneming tot voordeel van die nuwe gesin. Hierdeur sal die eie kinders ook besef dat hereniging tussen die eie ouers nie meer kan geskied nie en dat hulle dit so sal moet aanvaar. Die eie ouers kan ook ondersteunend in die eie kinders se verwerking van hierdie fantasieë optree deur vir hulle beskikbaar te kan wees wanneer hulle daaroor wil praat.

- *Die vermindering van vyandigheid tussen die vorige egliede*

Tydens egskeiding en die daaropvolgende hertroue is daar menigmaal sprake van bitterheid en vyandigheid tussen die vorige egliede. Dit kan ook as gevolg van onvoldoende sielkundige skeiding voortduur. Die eie ouers kan hierdie moontlike vyandigheid teenwerk deur hul sielkundig los te maak van die vorige egliede en te fokus op die ouerskapvaardighede van die vorige egliede. Hulle kan sodoende 'n integrale deel vorm van die ouerskapkoalisie tot voordeel van die kinders se opvoedingsbegeleiding.

- *Die vorming van standvastige egpaarverhoudinge*

Die eie ouers moet die vorming van hegte egpaarverhoudinge as eerste prioriteit beskou, alhoewel hegte eie ouer-kindverhoudinge dit voorafgaan. Indien die egpaarverhoudinge nie primêre aandag geniet nie, kan die reeds bestaande eie ouer-kindverhoudinge benadeel word in die sin dat die gesinseenheid kan verbrokkel en verdere egskeiding tot gevolg kan hê, wat verswarend op die eie kinders se opvoeding kan inwerk.

- *Die doelbewuste insluiting van stiefouers in ouerskapkoalisies*

Die eie ouers kan deur voldoende sielkundige skeiding van die vorige egliede en die vorming van hegte egpaarverhoudinge met die nuwe huweliksmaats as stiefouers verseker dat die stiefouers 'n integrale deel van die nuwe ouerskapkoalisies vorm.

- *Die doelbewuste uitskakeling van vrees ten opsigte van verdere verlies*

Indien die toesighoudende eie ouers samewerking met die nie-toesighoudende eie ouers inisieer, kan 'n samewerkingsooreenkoms die magstryd tussen hulle vervang sodat hulle nie verdere verlies van hulle eie kinders sal ervaar nie.

(Vergelyk Visher & Visher 1989:66-70.)

## 3.8 DIE ROL VAN DIE EIE OUER IN DIE LEWENSIKLUS VAN DIE HERSAAMGESTELDE GESIN

Verskeie navorsers waaronder Robinson (1980), Carter en McGoldrick (1980), Wald (1981), Sager *et al* (1983), Mills (1984), Papernow (1984) en Visher en Visher (1988) is ten gunste van 'n ontwikkelingslewensiklusbenadering in gesinsnavorsing (Robinson 1991:125).

Robinson (1991:125) wys verder daarop dat die gesin gedurende egskeiding en die vorming van die enkelouergesin, asook die meestal daaropvolgende hersaamgestelde gesin deur verskeie lewensiklusfases gaan wat mekaar onderling kan beïnvloed. Hierdie navorser beklemtoon veral die volgende sewe fases wat van toepassing op die hersaamgestelde gesin kan wees. Die sleutelrol van die eie ouer hierin sal vervolgens bespreek word:

(1) *Die nuwe begin* (vergelyk Robinson 1991:127-129)

Tydens hertroue en die aanvangsfase van die hersaamgestelde gesin is dit belangrik dat die eie ouers daarteen sal waak om die nuwe hersaamgestelde gesin nie as 'n voortsetting van die kerngesin te laat funksioneer nie. Dit is menigmaal die geval om die hersaamgestelde gesin in die geheim as 'n kerngesin te laat funksioneer om nie anders as die kerngesin beskou te word nie en so vooroordeel vry te spring, omdat die samelewing menigmaal slegs die kerngesin erken.

Tydens die aanvangsfase van die hersaamgestelde gesin het eie ouers ook dikwels die onrealistiese verwagtinge dat aangesien hulle hul nuwe huweliksmaats gekies en aanvaar het, die eie kinders ook tevrede met hierdie keuses moet wees. Die eie ouers moet bedag daarop wees dat dit onmoontlik vir beide die nuwe stiefouers en stiefkinders kan wees om mekaar onmiddellik te aanvaar. Dit moet ook nie van hulle verwag word nie. In 'n poging om die stiefouers onmiddellik deel van die hersaamgestelde gesin te maak, kan die toesighoudende eie ouers die voorgesette ouerskap van die nie-toesighoudende ouers misken en probeer verydel. Die toesighoudende eie ouers moet toesien dat die nie-toesighoudende ouers voortgaan met hul ouerskapfunksies, deur nie die eie kinders en hul nie-toesighoudende eie ouers hul besoekregte te ontsê nie. Dit is dus belangrik vir die eie ouers om 'n emosionele skeiding te bewerkstellig in hul verhoudinge as vorige egliede wat tot vyandighede tussen hulle aanleiding kan gee. Die eie kinders kan die middelpunt van hierdie magstryd tussen hulle vorm. Die eie kinders kan menigmaal in die middel vasgevang voel, omdat hulle albei eie ouers lief het en nie tussen hulle kan kies nie, omdat hulle lojaal teenoor beide die eie ouers wil bly. Dit is dus belangrik dat die eie ouers hierdie lojale siening van die eie kinders sal respekteer en in belang van die eie kinders hul ouerskapverantwoordelikhede sal nakom. Al sou dit dan slegs vir hulle moontlik wees om op hierdie vlak met mekaar saam te werk tot voordeel van die eie kinders se opvoedingsbegeleiding en welstand.

Die toesighoudende eie ouers moet ook daarop bedag wees dat dit vir die nuwe huweliksmaats as stiefouers moeilik kan wees om onmiddellik deel van die nuwe hersaamgestelde gesin te kan wees en moet dit ook nie van hulle verwag nie. Die eie ouers moet kan verwag dat aangesien die stiefouers nie deel was van die hegte ouer-kindverhoudinge tydens die enkelouergesinfase nie, hul uitgesluit hiervan kan voel en 'n groot mate van jaloesie kan openbaar. Dit geskied meestal weens die belewing van hul onsekere stiefouerrolle. Hulle behoort deur die eie ouers ondersteun te word om hul eie stiefouerrolle te verwerf en nie met die eie ouers te kompeteer ten opsigte van hul eie ouerrolle nie.

(2) *Pogings tot assimilasie (gelykmaking of verwerking)* (vergelyk Robinson 1991:130-132)

Hersaamgestelde gesinne het hier tyd nodig vir die eie ouers om hul verhoudinge met hul eie kinders te versterk en aan te pas, maar ook tegelykertyd tyd en geleenthede beskikbaar te stel, waar die stiefouers en die stiefkinders interpersoonlike verhoudinge mettertyd kan vorm. Die toesighoudende eie ouers kry hier in 'n meerdere mate te doen met jaloesie van beide die stiefouers en die nie-toesighoudende eie ouers wat verwerk moet word. Stiefouers, veral dié wat nie voorheen getroud was nie en nie kinders van hulle eie het nie, kan jaloesie openbaar teenoor die toesighoudende eie ouers en hul eie kinders wat reeds 'n hegte ouer-kindband gevorm het. Stiefouers wat reeds getroud was, kan jaloesie, skuldgevoelens en verlies ervaar ten opsigte van hul eie kinders wat in die vorige gesinne agtergelaat is. Die nie-toesighoudende eie ouers kan jaloesie openbaar teenoor beide die toesighoudende eie ouers en stiefouers, omdat hul eie kinders voltyds deel vorm van hul bepaalde huishoudings wat met hertroue tot stand gekom het. Die eie kinders van die toesighoudende eie ouers kan ook jaloesie openbaar ten opsigte van hul eie ouers se verhoudinge met hul nuwe huweliksmaats waarvan hulle uitgesluit kan voel.

Die toesighoudende eie ouers kan in hierdie fase vasgevang voel in hierdie jaloesies van die nie-toesighoudende eie ouers, stiefouers en eie kinders. Dit is egter belangrik dat die eie ouers begrip sal hê vir die jaloesies wat meestal weens die onsekerhede van die nuwe verhoudinge gevorm kan word en tot konfliksituasies aanleiding kan gee. Deur die eie ouers se samewerking, oop kommunikasie en verdraagsame begrip kan hierdie konflik mettertyd uitgeskakel word as die eie ouers hul tyd en aandag so kan verdeel dat kompetisie tussen hierdie partye grotendeels uitgeskakel kan word. Dit kan geskied deur die nuwe huweliksmaats en die eie kinders elk hulle eie regmatige deel van hul aandag en tyd te bied. Die eie ouers moet ook besef dat hulle hierdie tyd en aandag nie alleen kan beheer nie, maar afhanklik is van die samewerking van hul nuwe huweliksmaats en eie kinders, wat nie altyd so geredelik beskikbaar is nie. Soos byvoorbeeld, waar die eie kinders lojaliteitskonflikte kan ervaar indien hulle met die stiefouers saamwerk en kan voel dat hulle dislojaal teenoor hulle eie ouers is. Dit geskied meestal omdat daar bloedbande bestaan tussen hulle

en hul eie ouers, maar dat hierdie bloedverwantskap nie die stiefouers insluit nie. Hier is dit dus belangrik dat eie ouers die eie kinders sal verseker dat hulle nie dislojaal teenoor hulle sou optree indien hulle toenemend met die stiefouers sou saamwerk nie, aangesien aanvaarding en respek gedeel kan word. Die eie ouers kan terselfdertyd die eie kinders die versekering gee dat hulle weens hul bloedverwantskap en hul opregte ouerliefde hul eie kinders nooit sal versaak nie en niemand hul plek kan inneem nie. Die stiefouers moet ook die versekering gee dat hulle weens hul bloedverwantskap en hul opregte ouerliefde die eie kinders nooit sal versaak nie en niemand hul plek kan inneem nie. Die stiefouers moet ook die versekering van die eie ouers kry dat hulle volwaardig deel vorm van die nuwe gesin in die mate wat die eie ouers ook liefde en aandag met hulle deel.

(3) *Bewustheid* (vergelyk Robinson 1991:134-135)

Die eie ouers het in hierdie fase twee hooftake om te vervul. Hulle moet die nakomelingskapsgrense met hulle eie kinders herbevestig en die grense tussen die huishoudings waartussen hul eie kinders kan beweeg, erken. Tydens die enkelouergesinsfase het die eie kinders besondere vertrouelingsposisies beklee, veral in gevalle waar die eie ouers (meestal moeders) staatgemaak het op die emosionele en morele ondersteuning van die eie kinders. Byvoorbeeld, die seun kon as die man in die huishouding beskou word, waar die moeder as enkelouer opgetree het en waar sy in 'n meerdere mate voogskap oor die kinders verkry het. Alhoewel voogskap in 'n mindere mate aan vaders toegestaan word, kon dogters in hierdie huishoudings weer as vrouens in die huis opgetree het, en hulself as verantwoordelik vir die vaders se versorging beskou het. Dit is nou vir hierdie eie kinders moeilik om uit hierdie besondere vertrouelingsposisies te tree en weer as kinders in die nuwe huishoudings gesien te word, veral omdat die stiefouers hierdie rolle nou grotendeels oorgeneem het. Die eie ouers het dus hier 'n groot taak om die eie kinders ten opsigte van hierdie veranderende vertrouelingsrol in te lig sodat hulle dit sal kan aanvaar en nie in hierdie verband met die stiefouers sal kompeteer nie.

Die eie ouers moet ook besef dat daar samewerking behoort te wees tussen die huishoudings anders kan die eie kinders as boodskappers beskou word tussen die

huishoudings, byvoorbeeld, waar hulle verlangde inligting van die een huishouding aan die ander huishouding moet verskaf. Die eie ouers moet die eie kinders inlig dat dit nie van hulle verwag behoort te word nie, omdat elke huishouding onafhanklik behoort te funksioneer met 'n eie stel huisreëls. Waar dit wel plaasvind, behoort eie ouers saam te werk deur dit nie van hulle te verwag nie, omdat die eie kinders kan worstel met geweldige skuldgevoelens en lojaliteitskonflikte. Deur die samewerking tussen die huishoudings kan dit vir die eie kinders ook makliker wees om tussen die verskillende huishoudings te beweeg. Byvoorbeeld, waar hulle die goedkeuring van die eie ouers het en die eie ouers dit ook doelbewus aanmoedig. Waar die verskillende huishoudings hul onderskeie grense erken en nie inmeng in die ander se huislike aangeleenthede nie, kan die eie ouers bydra tot die vermindering van antagonisme. Byvoorbeeld, waar die toesighoudende en nie-toesighoudende eie ouers mag verskil ten opsigte van die besoekregte van die eie kinders, wat oor 'n lang tydperk kan voortduur. Dit vra dus om begrip van die eie ouers en intense samewerking om suksesvol in hierdie verband te kan optree in belang van die kinders.

(4) *Herstrukturering* (vergelyk Robinson 1991:138-140)

In hierdie fase wil stiefouers meestal veranderings aanbring wat deur die eie ouers teengestaan kan word. Byvoorbeeld, die stiefouers wil nou die eie ouers se kinders begin dissiplineer of probeer "regruk". Terselfdertyd kan die stiefkinders ten spyte van voortdurende lojaliteitskonflikte, poog om die stiefouers meer te aanvaar. Dit is belangrik dat die eie ouers op 'n diplomatiese wyse die stiefouers moet kan oorreed om eers die stiefkinders se vertroue te wen alvorens hulle meer aktief tot dissiplinering van die kinders oorgaan. Indien die stiefouers dit nie sou doen nie, kan die moontlike geleidelike aanvaarding van die stiefkinders wat tydens hierdie fase kan plaasvind, skipbreuk ly wanneer die stiefouers wel tot aktiewe dissiplinering sou oorgaan. Die eie ouers behoort tydens hierdie fase primêr verantwoordelik te wees vir die dissiplinering van die eie kinders en die vasstelling van die huisreëls. Dit behoort egter slegs te geskied met die samewerking van die stiefouers en die eie kinders. Die eie ouers kan hier 'n aktiewe rol speel deur samewerking in hierdie verband te inisieer deur onderhandeling en oop kommunikasie met die betrokke partye. Gesamentlike besluitnemings sal aangegaan kan word met ooreenstemming tussen die partye.

Wanneer die stiefouers ook kinders in die hersaamgestelde gesin sou inbring of tydens besoeke, kan daar wedywering tussen die eie kinders en stiefkinders ontstaan, byvoorbeeld as beskikbare tyd en ruimte gedeel moet word. Dit is belangrik dat tye so gereël word dat die onderskeie partye hul regmatige deel daarvan kry. As die stiefouers tyd alleen met hul kinders deur die eie ouers gegun word en die stiefouers die eie ouers tyd gun met hulle kinders om sodoende die ouer-kindverhoudinge te versterk. Dit is ook belangrik dat beide die eie kinders en die stiefkinders die eie ouers en die stiefouers tyd sal gun om hul egpaarverhoudinge verder uit te bou. Die rol van die eie ouers tydens onderhandelings in hierdie verband kan nie onderskat word nie.

Wat ruimte betref, sal daar ook aktiewe onderhandelinge van die kant van die eie ouers moet wees. As kamers gedeel word deur die eie kinders en die stiefkinders sal moontlike onenighede sodoende uitgeskakel word. Dit kan ook gebeur dat met die koms van die stiefkinders die eie kinders se plekke in die kinderry verander, byvoorbeeld, die oudste eie kind kan nou die jongste in die nuwe gesin wees. In hierdie opsig sal die eie ouers in samewerking met die stiefouers taktvol moet optree om nie ongesonde wedywering tussen die eie en stiefkinders verder aan te wakker nie.

Wat seksualiteit betref, sal die eie ouers ook 'n belangrike funksie kan vervul in die mate wat hulle met die stiefouers in die egpaarverhoudinge 'n voorbeeld kan stel. Seksualiteit moet so uitgeleef word dat die kinders nie in die verleentheid gestel word nie, siende dat hulle hul ook in fases van toenemende seksuele ontwikkeling kan bevind, soos byvoorbeeld tydens puberteit en adolessensie. Dit is dus belangrik dat privaatheid erken sal word en daar oop kommunikasie tussen hierdie partye in hierdie verband sal wees. Moontlike seksuele belangstelling tussen die eie en stiefkinders sal met groot omsigtigheid deur die eie ouers en met die samewerking van die stiefouers benader moet word. Dit geld ook ten opsigte van moontlike seksuele belangstelling tussen stiefvaders en adolessente stiefdogters, waar die bloedskandeverbod in hierdie geval nie geld in die hersaamgestelde gesin, soos in die kerngesin nie.

Die toesighoudende eie ouers behoort hier 'n wakende oog te hou en openlik daaroor te kommunikeer indien seksualiteit nie respekvol tussen die betrokke partye hanteer word nie. Daarom is dit so belangrik dat die eie ouers 'n voorbeeld hier moet kan stel

in die wyse waarop seksualiteit in die nuwe egpaarverhoudinge hanteer word. Slegs dan sal hulle die nodige selfvertroue en insig kan hê om met die betrokke partye hieroor te kan onderhandel.

(5) *Aksie* (vergelyk Robinson 1991:142-144)

Hierdie fase berus daarop dat die nuwe egpaar saam na praktiese oplossings sal soek om toenemende samewerking te bevorder tussen die onderskeie partye in die hersaamgestelde gesin. Byvoorbeeld, ten opsigte van die vestiging van eie reëls en grense wat nie ontleen word aan die kerngesin nie. In hierdie opsig kan die eie ouers 'n sleutelfunksie verrig tydens onderhandelinge ten opsigte van die vestiging van 'n eie identiteit in die hersaamgestelde gesin wat op samewerking berus. Dit is egter ook so dat tydens hierdie fase daar nog voortdurende konflikte mag bestaan tussen die vorige egpare ten opsigte van hul eie kinders se voogskap en besoekregte. Terselfdertyd vorm die nuwe stiefouers deel van die nuwe egpaarverhoudinge wat ongelukkig kan voel of jaloesie kan openbaar. Byvoorbeeld, indien die nie-toesighoudende eie ouers met die toesighoudende eie ouers mag verskil oor reëlings in verband met voogskap of besoekregte van kinders. Hier moet die toesighoudende eie ouers met beide die stiefouers en nie-toesighoudende ouers onderhandel sodat die belange en welsyn van die kinders eerste prioriteit sal geniet. Die stiefouers moet insien dat dit noodsaaklik is dat die eie kinders voortgesette kontak met hul nie-toesighoudende eie ouers behoort te hê en nie afgesny kan word van hierdie noodsaaklike ouer-kindbande nie. Dit is ook noodsaaklik dat die nie-toesighoudende eie ouers op hul beurt sal besef dat voortgesette vyandighede nie in die belang van die eie kinders kan wees nie en dat hulle met die toesighoudende eie ouers en stiefouers moet saamwerk. Beide die toesighoudende eie ouens en die nie-toesighoudende eie ouers bevind hulle dus hier in sleutelposisies om samewerking te laat slaag of nie. Ook die stiefouers moet deel vorm van hierdie samewerkingsooreenkoms en so nie uitgesluit hiervan voel nie.

Hierdie moontlike samewerkingsooreenkomste tussen die onderskeie huishoudings kan die beweging van die eie en stiefkinders tussen die huishoudings vergemaklik. Lojaliteitskonflikte kan verminder word, waar die kinders nie kant hoef te kies tussen die huishoudings nie of om hulle nie teen mekaar af te speel nie. Dit is slegs moontlik

indien eie ouers verseker dat elke huishouding 'n eie stel huisreëls het wat deur die kinders nagekom moet word wanneer hulle hul in 'n betrokke huishouding bevind. Hier is dit ook belangrik dat die eie ouers aanvanklik self verantwoordelikheid moet aanvaar vir die dissiplinering in die betrokke huishouding en nie stiefouers nie. Die eie ouers in die onderskeie huishoudings moet ook kan onderhandel ten opsigte van die dissiplinering van die kinders, waar hulle eerder in belang van die kinders met mekaar sal saamwerk as om mekaar voortdurend teë te gaan.

(6) *Integrasie* (vergelyk Robinson 1991:145-147)

Dit is belangrik om daarop te let dat die fases van ontwikkeling in die hersaamgestelde gesin mekaar insluit en op mekaar voortbou om sodoende moontlike gesinseenheid te bewerkstellig. Tydens hierdie fase van ontwikkeling kan die gesin reeds as eenheid saamwerk om die daaglikse probleme in gesinsfunksionering die hoof te kan bied en om moontlike uitdagings wat aan die gesin gestel word, te aanvaar. Dit is moontlik, omdat die gesin in hierdie stadium reeds eie rituele en huisreëls aanvaar het wat kan verskil van dié van die kerngesin, en waar die eie ouers dan in hierdie opsig die inisiatief kan geneem het. Dit is egter belangrik dat die stiefouers die eie ouers hier slegs ondersteun het en nie die eie ouers se ouerrolle probeer oorneem het nie. In hierdie ondersteuning van die eie ouers kan die stiefouers reeds so vertrouensverhoudinge met die stiefkinders opgebou het, waar daar sprake kan wees van moontlike wedersydse aanvaarding. Tydens moontlike gesinskrisisse en uitdagings aan die gesin kan die stiefouers dus nie nou slegs die eie ouers ondersteun nie, maar die gesin as sodanig. Die stiefouers het dus hier hul eie besondere stiefouerrolle wat vervul behoort te word sonder dat hulle nodig het om met die eie ouers te kompeteer of hul rolle vir hulself te probeer toe-eien. Die stiefouers kan dus weens hierdie besondere vertrouelingsposisies wat hulle vir hulself in die gesin opgebou het, waardevolle bydraes lewer tydens moontlike gesinsonderhandelinge. Hulle kan meer objektief en onpartydig wees in gevalle waar die eie ouers moontlik te subjektief en partydig optree om sodoende moontlik te verhoed dat gesinsonderhandelinge skipbreuk ly. Dit is egter belangrik dat die stiefouers sal besef dat hierdie slegs ondersteuningsfunksies is wat die eie ouers se besondere ouerskapfunksies nie kan vervang of tersyde kan stel nie.

Hierdie ondersteuning van die stiefouers aan die eie ouers kan slegs tydens hierdie fase tot sy volle reg kom indien daar ook 'n samewerkingsooreenkoms bestaan tussen die eie ouers in die verskillende huishoudings. Ouerskap kan, byvoorbeeld, gedeel word tussen die eie ouers in hierdie huishoudings en nie slegs die primêre verantwoordelikheid van die toesighoudende eie ouers wees nie. Hierdie verligting ten opsigte van ouerskapfunksies kan aan eie ouers meer tyd beskikbaar stel om hul egpaarverhouding verder uit te bou en sodoende by te dra tot gesinseenheid in die hersaamgestelde gesin.

(7) *Resolusie (oplossing)* (vergelyk Robinson 1991:148-149)

Hierdie fase van ontwikkeling is moeilik bereikbaar in die hersaamgestelde gesin, en kan slegs in uitsonderlike gevalle tydens die kinderfases van die eie en stiefkinders bereik word. Dit word meestal eers 'n werklikheid wanneer hierdie kinders jong volwassenes is. Dit is ook belangrik dat die nie-toesighoudende eie ouers nie intussen hul ouerskapfunksies opgesê het nie, maar nog steeds deel uitmaak van die samewerkingsooreenkoms met die toesighoudende eie ouers. Tydens hierdie fase moet die hersaamgestelde gesin ook reeds eie rituele en norme ontwikkel het, wat nie gebaseer is op die vorige kerngesin nie. Hierdie rituele kan beoefen word wanneer daar bepaalde gesinsbyeenkomste plaasvind wat kan bydra tot gesinstabiliteit en gesinseenheid, omdat verskillende gesinslede met mekaar kan saamwerk. Dit is egter belangrik om daarop te let dat gesinseenheid moontlik nooit die vlak van dié van die kerngesin sal kan bereik nie, omdat vorige gesinsgeskiedenisse menigmaal nie gedeel kan word nie. Om hierdie rede is dit onmoontlik dat die hersaamgestelde gesin met die kerngesin gelykgestel kan word, maar moet die hersaamgestelde gesin as verskillend van die kerngesin beskou word. Byvoorbeeld, waar die eie ouers 'n sleutelrol kan vervul in die ontwikkeling van eie norme en rituele asook 'n eie gesinsgeskiedenis.

## 3.9 DIE OUERSKAPFUNKSIE VAN DIE EIE OUER

Fine en Kurdek (1992:727) wys daarop dat ouer-kind interpersoonlike prosesse ten opsigte van ouerskap verteenwoordig word deur outokratiese, outoritêre, permissiewe

en hulp-ouerskapstyle. Hulle beklemtoon dit ook dat vorige navorsing daarop dui dat spesifiek wat betref adolessente in hersaamgestelde gesinne hul sosiale bevoegdhede en akademiese sukses positief verband hou met 'n outoritêre ouerskapstyl. Wat betref die outokratiese en permissiewe ouerskapstyle bestaan daar egter 'n negatiewe verband.

Fine en Kurdek (1992:727) toon aan dat die hulp-ouerskapstyl 'n relevante deel uitmaak van ouerskap in die hersaamgestelde gesin. Byvoorbeeld, waar die stiefouers die eie ouers ondersteun in hul ouerskapfunksies, maar die primêre verantwoordelikheid ten opsigte van ouerskap nogtans by die eie ouers berus. Die stiefouers aanvaar dus nie primêre verantwoordelikheid vir die dissiplinering van die stiefkinders nie, maar vervul slegs 'n sekondêre moniteringsrol, wat daartoe kan bydra dat positiewe opvoedingsverhoudinge met die stiefkinders gestig kan word.

Barber en Lyons (1994:421-422) beklemtoon dit ook dat eie ouers wat 'n hartlike en demokratiese outoritêre ouerskapstyl in die hersaamgestelde gesin aanvaar, meer ervare is tydens hul onderhandelinge met eie en stiefkinders. Dit het die gevolg dat die kinders meer selfvertroue vertoon en ook wat betref hul gedrag en akademiese prestasie, beter daaraan toe is.

Barber en Lyons (1994:423) wys daarop dat veral wat betref moeders as eie ouers in die hersaamgestelde gesin, die mees algemene ouerskapstyl die outoritêre ouerskapstyl is, waar die stiefouers ook deel uitmaak van besluitnemingsprosesse in die gesin, byvoorbeeld waar die stiefouers veral ondersteuningsfunksies vervul aan die eie ouers. Volgens hierdie navorsers kan die stiefouers se ouerskaprolle ook strek vanaf aanvanklike onbetrokkenheid tot aktiewe dissiplinering van die kinders. Dit kan moontlike gedragsprobleme asook die vorming van swak selfbeelde onder kinders tot gevolg hê.

Volgens Britz-Scheepers en Du Preez (1994:241) kom stiefouers menigmaal voor uitdagings te staan wat nie in dieselfde mate in kerngesinne ondervind word nie. Hersaamgestelde gesinne is meer kompleks van aard, minder voorspelbaar en spanning asook skok weens die veranderde gesinsituasie kan ondraaglike spanning

op die ouer-kindverhouding plaas. Alhoewel hersaamgestelde gesinne spanninge ervaar, veral ten opsigte van rolverwagtinge en die vestiging van verhoudinge, hoef dit nie noodwendig negatiewe uitkomste te hê nie. Daar kan ook sprake wees van positiewe uitkomste, byvoorbeeld, waar spanning in die hersaamgestelde gesinne verminder kan word. Dit kan geskied waar die eie ouers die kompleksiteit van die hersaamgestelde gesinne erken en vaardig is in die vestiging van die nuwe egpaarverhoudinge, omdat hierdie verhoudinge die primêre verhouding in hierdie gesinne behoort te wees.

Britz-Scheepers en Du Preez (1994:241) beklemtoon dat die verantwoordelikheid vir gesinseenheid in hersaamgestelde gesinne veral by die eie ouers berus, omdat hulle primêr verantwoordelikheid aanvaar vir die kinders. Volgens hierdie navorsers behoort ouerskap, as 'n belangrike faset van die hersaamgestelde gesin voor en na die vorming van egpaarverhoudinge, beplan en deeglik bespreek te word. Veral omdat die vestiging van nuwe egpaarverhoudinge, vorige eie ouer-kindverhoudinge en nuwe stiefouer-stiefkindverhoudinge aanpassing, samewerking en ondersteuning verg, ten einde gesinseenheid te kan bewerkstellig. Britz-Scheepers en Du Preez (1994:242-243) wys dus daarop dat die belangrikste uitdaging waarvoor alle lede van hersaamgestelde gesinne te staan kan kom, die vestiging van nuwe interpersoonlike verhoudinge is. Hiervoor bestaan daar tans meestal geen rolmodelle nie. Die primêre verantwoordelikheid berus dus hier by die eie ouers om met die samewerking van die stiefouers hierdie interpersoonlike verhoudinge te ontwikkel om sodoende gesinseenheid te kan bevorder. Volgens hierdie navorsers bestaan daar gevolglik ook fisiese en emosionele grense wat kan bydra tot die vestiging van groepsidentiteit, wat van gesin tot gesin kan verskil. Byvoorbeeld, watter gesinslede fisies deel uitmaak van 'n betrokke huishouding en watter emosionele bande daar mag bestaan tussen die betrokke gesinslede, onder andere vorige eie ouer-kindverhoudinge, die nuwe egpaarverhoudinge en stiefouer-stiefkindverhoudinge. Hierdie navorsers wys verder daarop dat, indien die eie ouers en die stiefouers in die twee huishoudings bereid is om die regte van beide die eie en stiefkinders asook hul regte te erken, grensprobleme tussen die betrokke huishoudings minimaal kan wees. Dit is egter ook waar dat indien een of meer lede van die betrokke huishoudings, soos byvoorbeeld, die nie-toesighoudende eie ouers, afgesny word van 'n besondere huishouding, gesinseenheid

ernstig benadeel kan word in daardie huishoudings (Britz-Scheepers & Du Preez 1994:243). Daarom is dit belangrik dat voortgesette samewerking moet kan bestaan tussen die eie en stiefouers in die onderskeie huishoudings.

Wat betref interpersoonlike verhoudinge kom elke lid van die gesin die betrokke huishouding binne met 'n eie verwysingsraamwerk van verhoudinge, wat die eie ouers en stiefouers se take kan bemoeilik om interpersoonlike verhoudinge in die besondere huishouding te kan verstewig. Dit is egter noodsaaklik dat die eie en stiefouers mekaar sal ondersteun om die nuwe egpaarverhoudinge, asook die eie en stiefouer- en eie en stiefkindverhoudinge te verstewig in die betrokke huishouding (Britz-Scheepers & Du Preez 1994:243).

Wat betref kontrole in die besondere huishoudings kan dit ook vir beide die eie en stiefouers problematies wees. Beide die nie-toesighoudende en toesighoudende eie ouers kan, byvoorbeeld, voel dat hulle van hul gesag ingeboet het. Dit kan hulle hulpeloos laat. Veral waar vorige egpare deur middel van hofbevele poog om 'n mate van kontrole te bekom, kan dit skadelik wees vir die uitoefening van ouerskap en die vorming van gesinseenheid in die betrokke huishoudings. Alhoewel die mening volgens Britz-Scheepers en Du Preez (1994:243) bestaan dat stiefouers van die vernaamste skakels ten opsigte van gesinseenheid vorm, kan hulle nie die eie ouers se ouerskapfunksies ten volle oorneem nie, byvoorbeeld, wat betref die dissiplinering van die eie kinders. Wat hulle wel kan doen, is om die eie ouers in hierdie ouerskapfunksies te ondersteun, waar hulle, byvoorbeeld, eers as moontlike vertrouelingspersone of volwasse vriende van die eie kinders kan optree om hulle vertroue sodoende te probeer wen. Dit kan slegs geskied waar die stiefouers en stiefkinders mekaar mettertyd sal aanvaar en die eie ouers hulle in die verband sal ondersteun, byvoorbeeld, waar die eie ouers sal terugstaan en hulself sal dissiplineer om nie voortdurend in te meng in hierdie stiefouer-stiefkindverhoudinge nie. Hulle sal die stiefouers en stiefkinders voldoende tyd en geleentheid moet kan gee om mekaar geleidelik te kan vind. Aangesien die eie ouer-kindverhoudinge die nuwe egpaarverhoudinge voorafgaan en die eie ouers nooit dislojaal teenoor die eie kinders wil optree nie, kan dit vir die eie ouers 'n bra moeilike opgawe wees om nie tussenbeide te kom nie. Die eie ouers sal die stiefouers dus in hierdie opsig moet kan

ondersteun, waar hulle met die stiefouers sal saamwerk en waar eie belange nie eerste gestel word nie, maar waar daar 'n strewe na gesinseenheid sal wees. Om hierdie gesinseenheid 'n werklikheid te maak sal die eie ouers moet kan toesien dat beide die egpaarverhoudinge en stiefouer-stiefkindverhoudinge verstewig word. Die eie ouers sal, byvoorbeeld, die inisiatief kan neem, omdat hulle inherent deel vorm van beide hierdie verhoudinge.

## 3.10 SINTESE

In hierdie hoofstuk is die rol van die eie ouer in die hersaamgestelde gesin onder die loep geneem. Daar is tot die gevolgtrekking gekom dat, alhoewel die eie ouers (veral moeders) meestal vasgevang voel tussen die eie ouer-kindverhoudinge en die nuwe egpaarverhoudinge wat hulle hulpeloos laat, verkeer hulle eintlik in 'n magsposisie. Die eie ouers kan hierdie magsposisie positief aanwend om beide die eie ouer-kindverhoudinge en die nuwe egpaarverhoudinge verder uit te bou, aangesien hulle die enigste gesinslede is wat deel uitmaak van beide hierdie verhoudinge. Deur genoegsame tyd en aandag aan die eie kinders asook die nuwe huweliksmaats af te staan, kan die eie ouers verhoed dat hulle daarvoor hoef te kompeteer. Die nuwe huweliksmaats kan ook as stiefouers die eie ouers ondersteun in hul ouerskapfunksie, byvoorbeeld, waar hulle besef dat dit nie nodig is om met die eie ouers (veral die nie-toesighoudende eie ouers) te kompeteer nie, want hulle kan die eie ouers nie vervang nie. Die eie ouers kan ook 'n sleutelrol vervul in die vestiging van 'n ouerskapkoalisie met die nie-toesighoudende eie ouers en die stiefouers, waar hulle in belang van die eie en stiefkinders se welsyn met mekaar kan saamwerk om gesinseenheid te bevorder.

# Hoofstuk 4

# Ontwerp van die empiriese ondersoek

## 4.1 INLEIDING

Die voorgaande hoofstukke omvat 'n uitgebreide literatuuroorsig ter verkenning van die huidige stand van navorsing aangaande hersaamgestelde gesinne. Dit vorm ook 'n omvattende teoretiese onderbou vir die navorsingsontwerp wat in hierdie hoofstuk in die vooruitsig gestel word. So het hoofstuk 1 byvoorbeeld gehandel oor die inleidende oriëntering, probleemontleding, probleemstelling en die doel van hierdie ondersoek. In hoofstuk 2 is die aanloop tot gesinsverbrokkeling, spesifiek wat betref die veranderinge in die gesinstruktuur en gesinsfunksies, aangespreek. Hoofstuk 3 behels 'n voorlopige literatuurondersoek betreffende die rol van die eie ouer in die hersaamgestelde gesin wat verder in 'n empiriese ondersoek geverifieer en uitgebou sal word.

Die beweegrede tot hierdie indringende verkenning van die rol van die eie ouer kom daarop neer dat bestaande navorsing met betrekking tot hersaamgestelde gesinne die ongedefinieerde rol van stiefouers en probleme met stiefkinders beklemtoon. Die moontlike invloedryke rol wat die eie ouers in hierdie gesinsopset kan vervul is vroeër grootliks misgekyk weens die volgehoue fokus op die kompleksiteit van verhoudingsvorming tussen stiefouers en stiefkinders.

Die omvattende literatuuroorsig toon dat die eie ouer 'n waardevolle bydrae kan lewer in hierdie komplekse stiefouer-stiefkindverhoudinge aangesien die eie ouer die enigste lid van die gesin is wat 'n integrale deel uitmaak van beide verhoudingstrukture.

Die voorgaande literatuurstudie toon egter dat die eie ouer meestal in 'n problematiese bufferhoedanigheid vasgevang is tussen die egpaarverhouding en ouer-

kindverhouding. Die klimaat van affektiewe labiliteit wat hieruit voortspruit, werk negatief in op alle verhoudinge in die hersaamgestelde gesin.

Die begeleidingsprogram wat na die empiriese ondersoek in die volgende hoofstukke in die vooruitsig gestel word, sal bepaalde riglyne daarstel wat die eie ouer kan ondersteun en bemagtig ten opsigte van sy/haar sleutelrol in die hersaamgestelde gesin.

## 4.2 DOEL VAN DIE EMPIRIESE ONDERSOEK

Die onmiddellike doel van die navorsing is om die rol van die eie ouer in die hersaamgestelde gesin empiries te verken. Vir die doel van die ondersoek sal daar gefokus word op die ondersteuning wat die eie ouer aan die gesinslede bied en die mate waartoe die eie ouer se potensiële sterktes in hierdie verband ontwikkel kan word.

Die uiteindelike doel is die opstel van 'n begeleidingsprogram vir eie ouers in hersaamgestelde gesinne.

Uit die voorgaande literatuurstudie het dit geblyk dat die eie ouer dikwels vasgevang raak tussen die nuwe eglied (stiefouer) en eie kind wat die eie ouer magteloos en skuldig kan laat.

Die spesifieke doelstelling met hierdie ondersoek behels die in-diepte verkenning van die rol wat die eie ouer kan en behoort te vervul in die hersaamgestelde gesin, veral wat betref die leiding wat die eie ouer kan neem ten opsigte van die volgende gesins-aangeleenthede:

- Die vestiging van 'n hegte egpaarverhouding wat as basis vir gesinseenheid kan dien, waar die kinders nie die eie ouer en stiefouer teen mekaar kan afspeel nie.

- Die vestiging van toereikende stiefouer-stiefkindverhoudinge, waar die eie ouer 'n sentrale posisie kan inneem in die opvoedingsbegeleiding en dissiplinering van die eie kinders en die stiefouer toenemend 'n sterker ondersteuningsrol vervul na gelang die verhouding met die kinders verdiep.

- Die vestiging van 'n effektiewe ouerskapkoalisie (ouervennootskap) met die nie-toesighoudende eie ouer, waar die kind se belange eerste gestel word.

- Die stel van realistiese verwagtinge, waar aanvaarding en liefde nie meteens van stiefgesinslede verwag word nie, maar met die tyd gedy.

- Die vestiging van norme en rituele eie aan die hersaamgestelde gesin as alternatiewe gesinsvorm wat nie ontleen is of ondergeskik is aan dié van die kerngesin as enigste aanvaarde norm van die samelewing nie.

- Die vestiging van 'n gesonde finansiële stelsel, waar alle gesinslede insae kan hê in die gesinsbegroting wat betref inkomstes en uitgawes en daaroor kan onderhandel in belang van al die lede van die gesin.

Hierdie spesifieke doelstelling ten opsigte van bogenoemde gesinsaangeleenthede sal realiseer in die ontwikkeling van 'n begeleidingsprogram vir eie ouers, waar hulle bemagtig kan word vir hul sleutelrol in die hersaamgestelde gesin.

## 4.3 KWALITATIEWE NAVORSINGSTRATEGIE: AGTERGROND, DOEL EN MOTIVERING

Sedert Wilhelm Windelband in 1894 die onderskeiding tussen die kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsingstrategieë voorgestel het, is dit gebruiklik om sosiale navorsing volgens hierdie kategorieë te klassifiseer. Dit is dus nie vreemd dat die geesteswetenskappe en veral ook in hierdie geval die sielkundige opvoedkunde hierdie navorsingstrategieë met vrug aanwend nie (Mouton & Marais 1988:48; Mouton 1996:133).

Enersyds word die kwantitatiewe navorsingsmetode onderskei, waar die algemeen geldige verskynsels in menslike gedrag ondersoek en verklaar word wat 'n positiewe of negatiewe uitwerking op die opvoeding kan hê. Andersyds word in hierdie verband ook die kwalitatiewe navorsingsmetode onderskei, waar die onherhaalbaarheid en uniekheid van die menslike gedrag en opvoeding verken en beskryf word (Mouton & Marais 1988:48-49; Mouton 1996:133).

Mouton (Mouton 1996:133) stel respektiewelik die gebruik van die konsepte 'veralgemenings' en 'kontekstuele' navorsingstrategieë voor wat respektiewelik in kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsing aangewend kan word. Onder die veralgemeningstrategie word sosiale objekte, verskynsels en gebeure; ook onder andere die opvoedingsverskynsels en -gebeure as verteenwoordigend van 'n groter populasie verskynsels en gebeure bestudeer. In die geval van die kontekstuele navorsingstrategie is daar sprake van die bestudering van enkele gevalle (of 'n besondere geval) en die intrinsieke betekenisinhoude en samehang in hierdie verband (Mouton 1996:169).

Sax (1979:77) spreek hom soos volg oor die kwalitatiewe navorsingsmetode uit: "The idiographic research method attempts to understand the behaviour and attitudes of the individual without attempting to generalize these findings to other persons or groups." Hierdie uitsprake van Sax sal as hoofuitgangspunt in hierdie proefskrif aangewend word. In gevalle waar uitsprake, byvoorbeeld, oor die eie ouer se rol nie sonder meer op alle eie ouers in hersaamgestelde gesinne van toepassing kan wees nie, sal elke besondere geval op meriete beskou en bestudeer word. Daar sal egter gepoog word om tendense vas te stel wat rigtingduidend in die opstel van 'n begeleidingsprogram vir eie ouers in hersaamgestelde gesinne kan wees.

Du Toit en Piek (1974:10) wys daarop dat die idiografiese benadering die unieke in 'n persoon wil beskryf, met ander woorde "dit wat in 'n besondere persoon, in 'n besondere geval in werking is", hier spesifiek die besondere rol wat die eie ouer kan vervul in die hersaamgestelde gesin. Volgens Gouws *et al* (1982:127) word die idiografiese metode in die geesteswetenskaplike navorsing aangewend by die bestudering en beskrywing van enkele, onherhaalbare, unieke verskynsels in die mens

en in menseverhoudinge. Hierdie navorsers wys ook daarop dat W. Dilthey en G.W. Allport dit as die aangewese metode vir die sielkunde en in hierdie geval die sielkundige opvoedkunde beskou.

Vir Derbyshire (1988:176) gaan dit by die aanwending van die kwalitatiewe navorsingsmetode in die opvoedkundige navorsing nie hoofsaaklik om die versameling van gegewens vir verslaggewingsdoeleindes nie, maar om die indringende of in-diepte verkenning en beskrywing van 'n besondere kind se persoonsvoltrekking aan die hand van toepaslike verkenningsmedia. In die lig hiervan beoog hierdie empiriese navorsing die idiografies-eksploratiewe verkenning van kinderlike betekenisgewing aan die hersaamgestelde gesin met spesifieke aandag aan die leidende rol van die eie ouer in die stigting en onderhouding van interpersoonlike en opvoedingsverhoudinge binne die hersaamgestelde gesin.

Derbyshire (1988:177) wys daarop dat alhoewel die aantal gevalle wat in die idiografiese ondersoek bestudeer word, oor die algemeen weens praktiese redes beperk word, die navorsingsmetode die volgende voordeel het: dat, byvoorbeeld, individuele gevalle (of gevallestudies) wat in die vorm van persoonsbeelde of idiogramme aangebied word, die uitsonderingsgeval op die reël na vore kan bring. Dit weer kan genoegsame inligting verskaf om gevestigde en soms uitgediende stereotipe opvattings te weerlê. Dit kom, wat hierdie studie betref, voor waar hersaamgestelde gesinne byvoorbeeld nog steeds as patologies of gestigmatiseerd beskou word. Die gevolg is dat hierdie gesinne negatief met kerngesinne as die sogenaamde aanvaarbare norm van die samelewing vergelyk kan word en nie as snelgroeiende alternatiewe gesinsvorme erken word nie.

Mouton (1996:185-186) beklemtoon kwalitatiewe navorsing as volg: "One of the distinctive aspects of qualitative research is the fact that the researcher attempts to understand people in terms of their own definitions or self-descriptions and concepts of the world." Bogden en Taylor (Maykut & Morehouse 1994:18) sluit hierby aan, waar hierdie navorsers die volgende standpunte ten opsigte van kwalitatiewe navorsing huldig: "The qualitative researcher looks to understanding a situation as it is constructed by the participants. The qualitative researcher attempts to capture what

people say and do, that is, the products of how people interpret the world. The task for the qualitative researcher is to capture this process of interpretation. To do this requires an empathic understanding or the ability to reproduce in one's own mind the feelings, motives and thoughts behind the actions of others. The task of the qualitative researcher is to find patterns within those words and actions and to present those patterns for others to inspect while at the same time staying as close to the construction of the world as the participants originally experienced it."

So 'n indringende verkenning kan die empatiese begrip van die eie ouer se rol moontlik maak, waar die eie ouer se standpunte en handelinge in die realisering (uitvoering) van hierdie rol tematies interpreteer kan word, soos wat dit prosesmatig figureer tydens gesinsinteraksies in die hersaamgestelde gesin. In hierdie opsig blyk dit duidelik dat die kwalitatiewe navorsingstrategie met sy kwalitatiewe navorsingsmetodes die aangewese navorsingsmetode vir hierdie empiriese ondersoek is.

## 4.4 STEEKPROEFTREKKING

### 4.4.1 Agtergrond, doel en motivering

Wat steekproeftrekking betref, wys Mouton (1996:139) op die volgende belangrike aspek: "The point about sampling is precisely that it is usually neither feasible nor possible to draw large samples. We sample precisely because we wish to base estimates of population properties on small selections of cases." Spesifiek wat kwalitatiewe navorsing betref, verwys Mouton (1996:169) na die volgende: "In qualitative research, the investigator usually works with a wealth of rich descriptive data, collected through methods such as participant observation, in-depth interviewing and document analysis. The research strategy is usually of a contextual nature. This implies a focus on the individual case (or small number of cases) in its specific context of meanings and significance."

Dit gaan dus om die in-diepte verkenning en interpretasie van die navorsingsprobleem in kwalitatiewe verband. Juis daarom kan daar nie 'n groot aantal gevalle bestudeer

word nie soos in die geval van kwantitatiewe navorsing, waar die fokus op veralgemening die gebruik van groot getalle noodsaak nie.

In die geval van hierdie navorsingsondersoek word die rol van die eie ouer deur middel van individuele onderhoude met lede van ses hersaamgestelde gesinne in-diepte verken om verbande of samehange ten opsigte van hierdie rol te identifiseer. Hierdie gesinne is deur middel van doelgerigte steekproefneming geïdentifiseer. Die uiteindelike doel is die daarstelling van riglyne vir 'n begeleidingsprogram vir eie ouers in die lig van sodanige bevindinge.

### 4.4.2 Grootte van ondersoekgroep

Spesifiek wat betref die grootte van die ondersoekgroep beklemtoon Maykut en Morehouse (1994:104) 'n relatiewe klein groep van ses tot agt persone. Volgens Krueger en Morgan (Maykut & Morehouse 1994:106) behoort die groep nie kleiner as vier en nie groter as twaalf te wees nie. Vir die doel van die onderhawige navorsing is ses hersaamgestelde gesinne in die ondersoek te betrek wat ten opsigte van samestelling en kultuur van mekaar verskil. Hierdie gesinne sal verkieslik twee jaar en langer as hersaamgestelde gesinne moes funksioneer, sodat die meerderheid van die aanvanklike aanpassingsprobleme wat veral tydens die eerste twee jaar van die vorming van sodanige gesinne voorkom, reeds tot 'n mate oorbrug kan wees.

### 4.4.3 Verantwoording ten opsigte van steekproeftrekking asook geldigheid en betroubaarheid van die ondersoek

#### 4.4.3.1 Metode, doel en motivering

Dit het reeds duidelik uit die voorgaande literatuurstudie geblyk dat hersaamgestelde gesinne, in 'n poging om die samelewing se kritiek en vooroordele te ontkom, as oorspronklike kerngesinne probeer funksioneer. Hierdeur poog hersaamgestelde gesinne om hul sigbaarheid vir die samelewing te verberg. Dit bemoeilik pogings om akkurate en betroubare inligting aangaande hierdie gesinne asook eie ouers in hierdie gesinne te bekom.

In 'n poging om hierdie tekortkominge aan te spreek, sal daar aan die hand van Maykut en Morehouse (1994:57) van 'snowball sampling' gebruik gemaak word, waar hierdie navorsers hierdie sneeubal steekproeftrekkingstegniek of ketting-verwysingstegniek as volg verduidelik: "In building a sample, qualitative researchers may use a technique called 'snowball sampling', where one research participant or setting leads to another or snowballs. For the purpose of maximum variation, it is advisable for the qualitative researcher to use the snowball technique or other techniques to locate subsequent participants or settings that are very different from the first." Byvoorbeeld, waar een eie ouer asook 'n hersaamgestelde gesin wat vir die navorsingsprojek kwalifiseer die navorser kan verwys na ander hersaamgestelde gesinne wat andersoortige gesinsamestellings mag vertoon om sodoende maksimum variasie te kan verseker. Deur hierdie verwysingstegniek sal eie ouers en hersaamgestelde gesinne geïdentifiseer word wat werklik belangstel in en bereidwillig sal wees om aan hierdie navorsingsprojek deel te neem, in die mate waartoe hulle hul vrywillige toestemming verleen. Hierdeur kan die betroubaarheid van die ondersoek verseker word en kan akkurate en betroubare inligting ingewin word.

Uit die voorgaande literatuurstudie het dit reeds duidelik geblyk dat hersaamgestelde gesinne sekere aanpassingsprobleme ondervind tydens hul aanvanklike vorming waar, onder andere, die rol van die eie ouer nog nie duidelik gedefinieer is nie. In 'n poging om hierdie rol van die eie ouer empiries te ondersoek en duidelik te omskryf, sal daar van die ervaring en perspektiewe van eie ouers gebruik gemaak word wat hierdie rol reeds langer as twee jaar vervul het. Hul bydraes en samewerking tot die navorsingsprojek is noodsaaklik vir die duidelike definiëring van hierdie rol asook die daarstelling van 'n begeleidingsprogram wat eie ouers kan bemagtig om hierdie rol toereikend te vervul.

Hersaamgestelde gesinne wat langer as twee jaar funksioneer, sal die ondersoek vergemaklik en wel om die volgende redes:

- Onverwerkte verliese weens egskeiding en dood wat die vorming van die hersaamgestelde gesin voorafgegaan het, is in 'n mate reeds aangespreek.

- Voogskaptoekenning ten opsigte van eie kind(ers) en stiefkind(ers) is gewoonlik reeds afgehandel.
- Besoekregte aan die nie-toesighoudende eie ouers is reeds onderhandel.
- Verhoudinge met die eie kind(ers) is reeds gevestig tydens enkelouerskap wat die hersaamgestelde gesin voorafgaan.
- Die eie ouer se verhoudinge met die nuwe eglied se kind(ers) (die eie ouer se stiefkind(ers)) is in 'n mate verwerk of probleme daarmee is reeds bekend aan die eie ouer.
- Die eie ouer se lojaliteitskonflikte ten opsigte van die nuwe eglied en die eie ouer se kind(ers) is tot 'n mate verwerk of die eie ouer is bewus van probleme in hierdie verband.
- Die nuwe egpaarverhoudinge is moontlik reeds tot 'n mate gevestig of probleme daarmee word nog steeds ondervind.
- Die eie ouer is moontlik reeds bewus van onrealistiese verwagtinge wat van die nuwe eglied en die kind(ers) gekoester word.

#### 4.4.3.2 Geldigheid

Vir Denscombe (1998:241) dui geldigheid in kwalitatiewe navorsing op die volgende: "In a broad sense, validity means that the data and the methods are 'right'. In terms of research data, the notion of validity hinges around whether or not the data reflect the truth, reflect reality and cover the crucial matters. In terms of the methods used to obtain data, validity addresses the question, 'Are we measuring suitable indicators of the concept and are we getting accurate results?' The idea of validity hinges around the extent to which research data and the methods for obtaining the data are deemed accurate, honest and on target."

Teen die agtergrond van hierdie uiteensetting ten opsigte van geldigheid in kwalitatiewe navorsing word die geldigheid van hierdie navorsingstudie as volg aangespreek:

- Die aanvang van die navorsingstudie behels 'n uitgebreide literatuuroorsig, waar die doel van die studie duidelik uiteengesit word, naamlik die in-diepte

verkenning van die sleutelrol wat eie ouers in hersaamgestelde gesinne vervul. Die doel van die studie is om 'n begeleidingsprogram vir eie ouers daar te stel.

- Die literatuurstudie word opgevolg met 'n kwalitatiewe empiriese ondersoek. Ses hersaamgestelde gesinne word betrek in semi-gestruktureerde onderhoude, waar navorsingsdata ten opsigte van die eie ouer se unieke rol vergelyk en verifieer word met die data verkry uit die literatuuroorsig.

- Tydens die empiriese ondersoek word die begeleidingsprogram ook aan die evaluering en kritiek van 'n fokusgroep bestaande uit vier ervare ouerpare in die hersaamgestelde gesinsopset onderwerp, met die doel om die begeleidingsprogram vir eie ouers sinvol aan te pas en vir die praktyk te verfyn.

Die geldigheid van die navorsingsonderhoud sien volgens Denscombe (1998:136) as volg daar uit: "Direct contact at the point of the interview means that data can be checked for accuracy and relevance as they are collected. Interviews are generally prearranged and scheduled for a convenient time and location. This ensures a relatively high response rate."

- Semi-gestruktureerde onderhoude wat in die empiriese ondersoek aangewend word, maak dit moontlik om, waar onduidelikhede bestaan, dit met verdere vrae op te volg om akkurate en relevante inligting te bekom.

- Onderhoude word gereël tydens tye wat vir respondente die mees geleë is om maksimale bywoning te verseker. Lokale word geïdentifiseer wat privaat en steuringsvry is om onderbrekings tydens onderhoudvoering uit te skakel, waar akkurate inligting op band geneem kan word vir transkribering, analisering en interpretasie van die navorsingsdata.

- Die primêre doel van die studie behels die ontwikkeling van 'n begeleidingsprogram vir eie ouers in problematiese verhoudinge in hersaamgestelde gesinne.

#### 4.4.3.3 Betroubaarheid

Brink (Hollway & Jefferson 2000:79) definieer betroubaarheid as volg: "Reliability refers to the consistency, stability and repeatability of results". Volgens Hollway en Jefferson (2000:79-80) veronderstel hierdie definisie dat betekenisgewing in kwalitatiewe navorsing kontroleerbaar en dieselfde kan wees tydens die opeenvolgende aanwending daarvan in navorsingsdata. Vir hierdie navorsers is dit egter 'n ongeldige kriterium, want hulle beskou betekenisgewing as uniek tot die mens en die interpersoonlike verhoudinge wat hy/sy mag aangaan. Hulle wys daarop dat sodanige situasies wat kwalitatief geanaliseer word, nie dupliseerbaar is nie. In hierdie navorsingstudie geld dit ook met betrekking tot die in-diepte verkenning van die sleutelrol wat eie ouers in hersaamgestelde gesinne vervul. Die eie ouers se betekenisgewing aan hul situasie, asook hul primêre aandeel in die interpersoonlike verhoudingstigting en opvoedingsbegeleiding in die hersaamgestelde gesin is telkens uniek van aard. Die navorser vereenselwig hom met hierdie laasgenoemde uitspraak.

Spesifiek wat betref die betroubaarheid van onderhoudvoering as kwalitatiewe navorsingsmetode beklemtoon Denscombe (1998:137) die volgende: "The impact of the interviewer and of the context means that consistency and objecitivty are hard to achieve. The data collected are, to an extent, unique owing to the specific context and the specific individuals involved. This has an adverse effect on reliability." Dit is ook die geval in hierdie navorsingsondersoek, waar die gesinslede unieke kontekstuele bydraes lewer tydens onderhoude rakende hul funksionering in hersaamgestelde gesinne en die eie ouer se primêre rol hierin, wat die navorser as onderhoudvoerder kwalitatief interpreteer.

Teen die agtergrond van die problematiek wat betref betroubaarheid in kwalitatiewe navorsing word die betroubaarheid van hierdie navorsingsondersoek as volg aangespreek:

- Slegs ervare eie ouers en hersaamgestelde gesinne wat langer as twee jaar in hierdie hoedanigheid funksioneer en wat werklik belangstel in en bereidwillig is om aan die navorsingstudie deel te neem, is geïdentifiseer vir die studie.

- Tydens onderhoudvoering word rapport bewerkstellig tussen die navorser en die respondente deurdat 'n atmosfeer van wedersydse aanvaarding en vertroue geskep word wat noodsaaklik is vir die insameling van betroubare inligting.

- In die onderhoude word vrae wat moontlik nie verstaan of begryp word nie en wat moontlik verkeerd geïnterpreteer kan word, weer verduidelik met die doel om betroubare inligting te bekom.

- Bandopnames van al die onderhoude word tydens data-analise herhaaldelik teruggespeel om volledige akkurate en betroubare transkribering van inligting te verseker. Bande dien as permanente rekord van die inligting vir kontroleringsdoeleindes. In hierdie verband wys Denscombe (1998:122) op die volgende: "Audio tape-recording offers a permanent record and one that is complete in terms of the speech that occurs. It lends itself to being checked by other researchers."

## 4.5 KEUSE EN OMSKRYWING VAN KWALITATIEWE VERKENNINGSMEDIA

### 4.5.1 Semi-gestruktureerde onderhoud: agtergrond, doel en motivering vir insluiting

De Wet, Monteith, Venter en Steyn (1981:161-162) wys daarop dat onderhoudvoering deel van die mees algemene inligtingsversamelingsmetodes vorm wat akkurate en betroubare inligting betreffende 'n persoon of gebeure ten doel het. Hierdie navorsers wys ook daarop dat die onderhoud meestal die voordeel het dat vrae wat moontlik nie verstaan of begryp word nie, verduidelik kan word. Die onderhoud bied ook aan die navorser die geleentheid om die respondent se verbale response meer in-diepte te verken. Dit geskied tydens die rapportstigting tussen die navorser en die respondent, waar onderhoudvoering ook die voordeel het dat 'n atmosfeer van wedersydse vertroue en aanvaarding geskep word wat die insameling van betroubare inligting moontlik maak. Dit is dus voor die hand liggend dat daar tydens die onderhoudvoering rapport met die eie ouers en ander lede van die hersaamgestelde gesin bewerkstellig sal moet word om enigsins betroubare inligting oor die rol van die

eie ouer te kan bekom. Sodoende kan die betroubaarheid van die empiriese ondersoek verhoog word.

Volgens Lincoln en Guba en Taylor en Bogan (Maykut & Morehouse 1994:81) verwys kwalitatiewe navorsingsonderhoude spesifiek na diepte of in-diepte onderhoude. Vir die doel van kwalitatiewe navorsing identifiseer Maykut en Morehouse (1994:81) onderhoudsvorme wat strek van vooraf gestruktureerd tot relatief ongestruktureerd waar vrae tydens die onderhoud ontwikkel.

Ary, Jacobs en Razavieh (1985:342) maak egter 'n sinvolle bydrae in hierdie verband, waar hierdie navorsers onderskei tussen "structured, semistructured (a combination of open- and closed-ended questions) and unstructured types of interviews". Wat betref die begryping van die eie ouer se rol in die hersaamgestelde gesin sal daar in hierdie studie van semi-gestruktureerde onderhoudvoering gebruik gemaak word om akkurate en betroubare inligting te kan bekom. Die primêre beweegrede hiervoor kan met die volgende aanhaling van Maykut en Morehouse (1994:88) verduidelik word: "The primary consideration for qualitative research is that the questions be open-ended, inviting the interviewee to participate in a conversation. Open-ended questions often begin with the words such as, 'What do you think ...?' 'How do you feel...?' 'In what way...? ' 'How might ...?' An open-ended question is one which is not easily answered with a discrete response, such as 'yes' or 'no', or a brief word or phrase. Questions that are designed to yield discrete responses of short answers are referred to as closed questions. They close down the conversation, and provide little opportunity for gaining participant perspectives. In order to conduct an interview that is experienced by both researcher and interviewee as 'a conversation with a purpose', it is essential to ask open-ended questions."

Die redes vir die keuse van die semi-gestruktureerde onderhoud met 'n kombinasie van geslote en oop vrae kan as volg verantwoord word:

- Geslote vrae wat slegs beknopte of kort antwoorde verlang, sal spaarsaam aangewend word. Indien 'n vraag na die navorser se mening te vlugtig of bondig beantwoord word, bestaan die moontlikheid dat dit met verdere vrae

opgevolg kan word om meer duidelikheid oor 'n spesifieke aspek te verkry. Die semi-gestruktureerde onderhoud maak dit moontlik, omdat dit nie slegs van geslote vrae gebruik maak nie, maar 'n kombinasie van geslote en oop vrae.

- Aangesien die rol van die eie ouer in-diepte verken word, sal oop vrae wat meer indringende verkenning moontlik maak, meer gewig dra tydens onderhoudvoering. Die rede hiervoor is dat besondere gesinsverhoudinge, gesinsprosesse of gesinsinteraksies indringend verken sal moet word en meer spesifiek die rol van die eie ouer in hierdie verband.

- Die samewerking van die eie ouer en ander gesinslede is van kardinale belang om die rol van die eie ouer in-diepte te kan verken. Oop vrae bevat meer moontlikhede om hierdie nodige rapport te kan bewerkstellig tussen die navorser en die eie ouer asook ander gesinslede, waar hulle saam kan deelneem aan gespreksvoeringe met hul besondere bydraes. Dit kan slegs toereikend geskied indien daar sprake kan wees van wedersydse respek, vertroue en aanvaarding, waar hulle hulself as medewerkers van die navorsingstudie kan beskou.

- Wat betref die ontwikkeling van oop vrae identifiseer Patton (Maykut & Morehouse 1994:90-92) die volgende vraagtipologie wat tydens onderhoudvoering ter sprake sal wees:

    - **Ondervindingsvrae (ervaringsvrae)/gedragsvrae.** Dit behels die vrae ten opsigte van wat persone doen of reeds gedoen het in hul lewe of 'n beskrywing van wat hulle tans doen. Dit is gewoonlik vrae wat reeds bekend is aan die respondent en gevolglik met gemak beantwoord kan word ter aanvang van die onderhoud. Byvoorbeeld, "Hoe lank was jy as eie ouer deel van 'n enkelouergesin?" of "Hoe lank is jy reeds geskei?" "Hoe lank reeds vorm jy as eie ouer deel van 'n hersaamgestelde gesin?" "Hoe het jy jou rol as opvoeder in die enkelouergesinsituasie ervaar?" "Hoe ervaar jy jou rol tans in die hersaamgestelde gesin?"

- **Meningsvrae/waardevrae.** Vrae ten opsigte van persone se mening wat betref 'n betrokke aspek, byvoorbeeld "Wat is na jou mening belangrike lewenswaardes wat aan kinders oorgedra behoort te word?"

- **Gevoelsvrae.** Vrae ten opsigte van die gevoelens wat persone ervaar, byvoorbeeld "Verwag jy van jou nuwe maat om jou kind(ers) te dissiplineer?" "Watter gevoelens ervaar jy as hy/sy dit wel doen?"

- **Sensoriese of sintuiglike vrae.** Vrae ten opsigte van persone se sig, gehoor, tas, reuk en smaak, byvoorbeeld "Luister jy net so aandagtig as jou stiefkind(ers) met jou praat as wanneer jou eie kinders met jou praat?" "Kyk jy na jou stiefkind(ers) se huiswerk opdragte?"

- **Agtergrondsvrae/demografiese vrae.** Vrae ten opsigte van persone se huwelikstatus, leef- en werkareas, byvoorbeeld "Woon julle as hersaamgestelde gesin nog in julle oorspronklike woning?" "Het julle albei kinders uit vorige huwelike?"

Hierdie vraagtipologie van Patton sal ook aangewend word tydens die samestelling van die vrae wat as aanvulling tot die onderhoude sal dien.

### 4.5.2 Fokusgroeponderhoudvoering: agtergrond, doel en motivering vir insluiting

Maykut en Morehouse (1994:104) definieer 'n groepsonderhoud as "a group conversation with a purpose". Volgens hierdie navorsers neem 'n relatiewe klein groep mense, naamlik ses tot agt persone, deel aan sodanige groepsbespreking waar hulle dan poog om hul persoonlike menings, gevoelens, kennis en insigte ten opsigte van 'n spesifieke probleemarea te peil en oor te dra. Krueger en Morgan (Maykut & Morehouse 1994:104) verkies egter in hierdie opsig die term 'fokus-groeponderhoudvoering' tydens hul verwysing na hierdie dinamiese groepsinteraksies, waar daar spesifiek op die belange van 'n bepaalde groep gefokus word. Vir die doel van hierdie studie sal die bevindinge van 'n fokusgroeponderhoud aangewend word

as toetssteen vir die finalisering van die aard, inhoud en lengte van die voorgestelde ouerbegeleidingsprogram. Kritiek en aanbevelings van die groep sal dien as verifikasie om te verseker dat soveel moontlik steun aan eie ouers in die program gebied word. Vier ouerpare wat almal langer as twee jaar in hersaamgestelde gesinne funksioneer, sal in die fokusgroeponderhoud betrek word.

Ferreira en Puth (1988:167) definieer in hierdie verband fokusgroeponderhoudvoering in meer detail as volg: "Focus group interviewing is a qualitative research technique for collecting data from a small number of participants, usually six to ten, who are interviewed in a group rather than individually. A focus group discussion is the basis from which information is obtained. The discussion is conducted as an open conversation in which each participant may comment, ask questions of other participants, or respond to comments by others, including the interviewer. Participants are usually led through the discussion by an interviewer, or a moderator, who is often the researcher. The interviewer introduces and directs the discussion of topics and encourages participation in the conversation". Vir die doel van hierdie empiriese ondersoek sal daar gebruik gemaak word van 'n fokusgroep bestaande uit vier ouerpare in hersaamgestelde gesinne wat gesamentlike bydraes sal lewer rakende die finalisering van die voorgestelde begeleidingsprogram vir eie ouers. Die navorser sal as fasiliteerder optree tydens die ontwerp en verloop van die fokusgroepbespreking (vergelyk hoofstuk 6 in hierdie verband).

Volgens Ferreira en Puth (1988:168-169) word fokusgroeponderhoudvoering vir jare reeds met groot sukses deur privaat marknavorsingsmaatskappye en handelsadvertensieagentskappe aangewend tydens die bepaling van hul kliënte se houdings teenoor produkte wat nagevors en geadverteer word. Hierdie navorsers wys daarop dat as 'n meer resente metode in die sosiale wetenskappe, sodanige navorsingsmetode ook toenemend in die genoemde wetenskappe toegepas word soos, onder andere, in gesinsbeplanningsprogramme, waar persone se kennis en houdings jeens gesinsbeplanning ondersoek word. Vir die doel van hierdie navorsingstudie sal fokusgroeponderhoudvoering hoofsaaklik aangewend word in die bepaling van die fokusgroep ouerpare se houdings, voorstelle en aanbevelings vir die begeleidingsprogram. Dit geld veral die sinvolheid van die inhoud asook die ontwerp en

toepassing van die program. Verifiëring ten opsigte van die sinvolheid van die program behels, onder andere, die noodsaaklikheid van sodanige program in die lig van die samelewing en die eie ouers se grootskaalse onkunde rakende hersaamgestelde gesinne as snelgroeiende komplekse alternatiewe gesinstrukture met eiesoortige gesinsamestellings, probleemareas, rituele, norme, waardes, gesinsinteraksies en opvoedingsgebeure. Die evaluering wat betref die ontwerp en die toepassing van die program sluit, onder andere, die spesifieke doelwitte in wat vir elke programsessie gestel word asook die lengte en die volgorde van doelwitte en sessies tydens die totale duur van die program (vergelyk hoofstuk 6 waar hierdie aspekte in groter detail behandel word).

Die navorser sal in die lig van hierdie evalueringsbespreking die begeleidingsprogram verfyn en finaliseer.

### 4.5.3 Deelnemende observasie tydens individuele en fokusgroeponderhoudvoering: agtergrond en doel

Patton (Maykut & Morehouse 1994:69) beklemtoon die volgende ten opsigte van deelnemende observasie: "Using participant observation for qualitative research is for many the method of choice. It is also the method of data collection which draws most heavily upon the various skills of the qualitative researcher." Denzin (Maykut & Morehouse 1994:69) het die volgende beskouing: "Participant observation simultaneously combines document analysis, interviewing of respondents and informants, direct participation and observation, and introspection." Vir Maykut en Morehouse (1994: 69) beteken dit die volgende: "The task is one of listening hard and keenly observing what is going on among people in a given situation or organization or culture in an effort to more deeply understand it and them."

Vir die doel van die empiriese ondersoek sal deelnemende observasie 'n integrale deel vorm van individuele en fokusgroeponderhoudvoering en wel om die volgende redes:

- Bepaalde liggaamshoudings, gesigsuitdrukkings, stemmings en handgebare wat nie op band vasgelê kan word nie, kan waargeneem en aangeteken word.

Dit kan aanduidend wees van moontlike opgewondenheid, senuweeagtigheid, onsekerheid en ongelukkigheid. Waardevolle addisionele inligting word sodoende verskaf wat tydens onderhoudvoering, data-analise en die interpretasie van navorsingsgegewens aangewend kan word om 'n geheelbeeld ten opsigte van sekere aspekte te verkry.

- Dit wat menigmaal nie gesê word nie en slegs in liggaamstaal en gesigsuitdrukking waargeneem kan word tydens onderhoudvoering met gesinslede kan net so belangrik wees vir data-analise en interpretasie van gegewens as dit wat wel gesê en op band vasgelê kan word.

- Dit is belangrik dat daar tydens onderhoudvoering met werklike belangstelling en die nodige aandag na die gesinslede geluister sal word om sodoende rapport, aanvaarding en vertroue te bewerkstellig. Dit is noodsaaklik vir die gesinslede se samewerking aan die navorsingsprogram.

- Aandagtige beluistering kan die moontlikheid daarstel dat vrae wat gesinslede verkeerd interpreteer, weer verduidelik kan word om sodoende meer akkurate en betroubare inligting te bekom.

- Empatiese begrip kan bewerkstellig word, aangesien die navorser tydens die onderhoudvoering homself met begrip in die gesinslede se omstandighede kan inleef en sodoende hulle vertroue wen.

### 4.5.4 Toestemming van bandopname tydens individuele en fokusgroep-onderhoudvoering: doel en motivering

Tydens die individuele onderhoude asook die fokusgroeponderhoud sal die respondente se toestemming gevra word om die onderhoude op band te neem en wel om die volgende redes:

- Die maak van volledige skriftelike aantekeninge tydens onderhoudvoering is meestal 'n besonder tydrowende en moeilike opgawe. Daar is byvoorbeeld 'n

voortdurende verbreking van oogkontak wat nadelig tydens enige gesprekvoering is.

- Daar kan van persone verwag word om sekere belangrike inligting weer te herhaal indien die spraaktempo van respondente moontlik te vinnig is. Dit kan die egalige vloei van die onderhoud ernstig vertraag en tot verveling en frustrasie aanleiding gee. Belangrike inligting kan op hierdie wyse verlore raak.

- Rapportstigting, waar wedersydse vertroue en aanvaarding essensieel is, kan belemmer word met die maak van aantekeninge en verbreking van oogkontak. Ware omgangs- en ontmoetingsessensies kan nie verwerklik word om die onderhoud te laat slaag nie.

- Insiggewende stemintonasies wat aanduidend kan wees van moontlike emosionele fluktuasies, soos byvoorbeeld, opgewondenheid, geluk, verdriet, onsekerheid en spanning kan nie so getrou weergegee word as wat die geval is met 'n bandopname nie. Sodoende kan betroubare inligting ten opsigte van hierdie gevoelsaspekte verlore gaan.

- Bandopnames van hierdie gesprekvoering kan tydens data-analise by herhaling teruggespeel word om volledige en betroubare transkribering van inligting moontlik te maak. Dit kan die akkurate interpretasie van navorsingsgegewens tot gevolg hê wat die betroubaarheid van die empiriese ondersoek kan verhoog. Bandopnames verseker ook die veilige bewaring van inligting vir opvolg gesprekvoering en verwysingsdoeleindes.

Dit is belangrik om daarop te let dat persone met wie onderhoude gevoer word, bandopnames as bedreigend vir hul privaatheid kan beskou. Om hierdie redes sal daar tydens die notering van gesprekke van skuilname gebruik gemaak word om lede van hersaamgestelde gesinne se anonimiteit te verseker. Hul werklike identiteit, asook waar hulle woon, werk en skoolgaan, sal aan geheimhouding onderworpe wees en nie sonder hul persoonlike toestemming bekend gemaak word nie.

### 4.5.5 Data-analise en verifikasie van die ondersoek

Tydens die transkribering van die inligting wat met die onderhoudvoering op band geneem is, sal bepaalde probleemareas as tendense geïdentifiseer word wat voortdurend voorgekom het in die individuele en fokusgroeponderhoude onderskeidelik. Dit sal ook vergelyk word met soortgelyke tendense uit die uitgebreide literatuuroorsig. Dit is van belang dat bepaalde tendense as temas geïdentifiseer moet word wat die problematiek van die hersaamgestelde gesin as alternatiewe gesinstruktuur kan belig. Evalueringsaanbevelings van die fokusgroep sal uiteindelik as verifikasie dien dat probleemaspekte wat as tendense na vore tree, wel op bevredigende wyse in die program opgeneem word.

## 4.6 SINTESE

Hierdie hoofstuk bied die kritiese verantwoording van die kwalitatiewe navorsingstrategie met spesifieke verwysing na die kwalitatiewe ondersoekmetodes wat vir dataversameling in die vooruitsig gestel word. Die seleksie en samestelling van die ondersoekgroep, wyses van dataversameling, data-analise en verifikasiemetode word volledig verduidelik.

In die volgende hoofstuk sal daar verslag gelewer word van die verloop van die empiriese ondersoek.

# *Hoofstuk 5*

# *Verwerking en interpretasie van die empiriese gegewens*

## 5.1 INLEIDING

Die vorige hoofstukke bied 'n oorsig oor bestaande navorsingsliteratuur ten opsigte van die aanloop tot gesinsverbrokkeling, die belangrikste probleemareas en die rol van die eie ouer in die hersaamgestelde gesin.

In die voorafgaande hoofstuk is die doel en die metode van die ondersoek, naamlik die keuse van die idiografiese kwalitatiewe navorsingstrategie; die keusevereistes van die ses gesinne; die keuse en omskrywing van die verkenningsmedia in die vorm van semi-gestruktureerde onderhoude met die proefpersone in gesinsverband, reeds bespreek.

Met hierdie teoretiese onderbou en ontwerp van die empiriese ondersoek as verwysingsraamwerk, sal daar in hierdie hoofstuk oorgegaan word tot die interpretasie van die gegewens wat ingewin is met die empiriese ondersoeke in die ses proefgesinne.

Om die gesinslede wat aan die empiriese ondersoeke deelgeneem het se persoonlike identiteit te beskerm en om anonimiteit te verseker sal daar in die gesinsverslae deurgaans van skuilname gebruik gemaak word.

Die agtergrondgegewens van die ses gesinne sien as volg daaruit:

## 5.2 GESINSVERSLAE

(1) Die Harmse gesin - GESIN A.

**Identifiserende besonderhede**

| | **Hendrik** | **Susan** |
|---|---|---|
| Ouderdom by vorming van hersaamgestelde gesin | 46 | 37 |
| Beroepstatus | Sake-konsultant | Huisvrou |
| Huwelikstatus voor vorming van hersaam-gestelde gesin | Geskei | Geskei |
| Tydsduur van huidige huwelik | 6 jaar | |
| Kinders uit vorige huwelik | *Hein, 16 jaar, inwonend | *John, 17 jaar, inwonend<br>Sue, 19 jaar, besoekend |

*Kinders met wie onderhoude gevoer is.

Hendrik en Susan is ses jaar gelede getroud. Hendrik se seun, Hein, en Susan se seun, Johan, woon by hulle. Susan se dogter, Sue, het tot einde matriek by hulle gewoon, maar woon vir meer as 'n jaar nou by haar vader. Sy is ingeskryf vir opleiding by die Technikon. Sy besoek die gesin op tye wat vir haar geleë is.

Die fokus in die onderhoud met die egpaar het op die volgende aspekte geval:

- **Besoekreëlings**

Hendrik en Susan is beide as eie en stiefouers sterk ten gunste van hul eie en stiefkinders se voortgesette kontak met hul nie-toesighoudende eie ouers in die ander huishoudings. Hendrik en Susan beskou ook die voortgesette besoeke aan die ander eie ouer as 'n belangrike faktor in die voortgesette verhouding van kind tot ouer en van ouer tot kind. Indien dit nie toereikend realiseer nie, kan daar volgens hulle 'n 'steuring' of selfs 'n 'skeuring' in hierdie verhouding ontstaan.

Om hierdie voortgesette kontak te bevorder, het hulle met die kinders en die ander ouers ooreengekom dat die kinders hulle elke tweede naweek, asook elke tweede vakansie, besoek. Besoeke tydens vakansies geskied op 'n rotasiebasis om te verseker dat 'n betrokke ouer die kind nie elke keer dieselfde vakansie kry nie.

In die geval van Susan se seun besoek hy sy vader nog gereeld elke tweede naweek en gedurende skoolvakansies. Volgens die egpaar is dit problematies, omdat sy vader hierdie besoekreëlings soms sonder enige grondige redes of vooraf kennisgewing verander. Alhoewel dit nie gereeld die geval is nie, is die egpaar van mening dat dit die beplanning van hul eie gesinsaktiwiteite soms ernstig in die wiele ry.

Susan se dogter woon tans by haar vader. Hierdie woonreëling het vir haar geriefliker en besparender geword, omdat sy aan dieselfde Technikon studeer waar haar vader doseer. Gevolglik betaal sy nie klasgelde nie en hoef sy nie van koshuisinwoning gebruik te maak nie. Sy besoek haar moeder egter weens haar studieverpligtinge nou minder gereeld en slegs sommige naweke.

Volgens die egpaar bestaan daar tans 'n moontlike nadeel wat betref Susan se kinders se besoeke aan hul eie ouers. Alhoewel hulle graag die ander eie ouer nog steeds wil besoek, steur dit hulle studieverpligtinge, afsprake met hulle vriende asook hul sportaktiwiteite. Haar dogter se studieverpligtinge en haar seun se sport- en kulturele aktiwiteite by sy skool neem van hul tyd in beslag. Die gevolg is dat besoekreëlings voortdurend aangepas moet word, wat ontwrigtend is ten opsigte van ander gesinsaktiwiteite, en wat dit ook vir die betrokke kind moeilik maak om die ander eie ouer gereeld te sien.

Hendrik se seun besoek sy moeder egter weens haar alkoholisme die afgelope twee jaar nie meer nie. Volgens sy vader was dit vir hom meer traumaties om haar te besoek as om haar liewers glad nie in hierdie toestand te sien nie. Hy moes sielkundige behandeling ontvang vir sy opgekropte woede-uitbarstings wat, sedert hy by sy vader woon, verdwyn het. Hendrik wys veral daarop dat hierdie staking van voortgesette kontak 'n skeuring in hierdie belangrike eie moeder-kindverhouding veroorsaak het. Volgens hom kon dit tot dusver nog nie herstel word nie. Volgens die vader was sy vorige eggenote se neigings tot alkoholisme die primêre oorsaak van

hul egskeiding sewe jaar gelede en van die feit dat hy volle toesig en beheer oor sy seun verkry het.

Die egpaar het, ten spyte van hul voorkeur tot voortgesette kontak, probleme met die kinders se besoekreëlings ondervind. Dit gee tot ongelukkigheid aanleiding. Volgens die egpaar moet daar 'n vaste besoekroetine bestaan wat slegs in uitsonderlike gevalle, met die nodige goedkeuring van al die betrokke partye, gewysig behoort te word.

- **Betaling van onderhoud**

Hierdie gesin ondervind geen probleme met die betaling van onderhoudstoelae nie. Die egpaar het die saak vooraf deeglik bespreek, en sekere ooreenkomste bereik. Volgens die egpaar was daar ook bepaalde onderhandelings met die ander eie ouers, byvoorbeeld Hendrik se voogskap oor sy seun skeld hom vry van onderhoud aan sy vorige eggenote. Susan se vorige eggenoot betaal nog gereeld onderhoud ten opsigte van sy seun. Dit is volgens die egpaar nie altyd voldoende nie, veral in die lig van die steeds stygende finansiële uitgawes, omdat John groter word. Hulle het groot waardering vir die vader se toegewydheid. Hy betaal egter nie meer onderhoud vir sy dogter nie, omdat sy by hom woon.

Weens die feit dat daar nie onderskeid getref word tussen eie en stiefkinders in hierdie gesin nie, is daar nie sprake daarvan dat enige finansiële reëlings afsonderlik getref word nie. Die gesinsfinansies word dus gesamentlik deur die egpaar hanteer en tot voordeel van al die betrokke gesinslede aangewend.

- **Opvoeding, dissiplinering en aanvaarding van kinders**

Wat opvoeding en dissiplinering betref, wys die egpaar daarop dat hulle as gesin reeds by aanvang van hulle hersaamgestelde gesinsituasie hierdie belangrike aspekte bespreek het. Daar is ook tydens hul gesinsonderhandelings bepaalde ooreenkomste bereik.

Die egpaar ondersteun mekaar beide as eie en stiefouers en dissiplineer al die kinders in die huis met vrymoedigheid. Moontlike verskille in hul opvoeding en dissiplinering word volgens die egpaar eers met mekaar bespreek. Konsensus word bereik alvorens hierdie aspekte met die kinders onderhandel word. Die ouers se eenstemmigheid is dus belangrik, maar daar moet ook ooreenkomste met die kinders as deel van die onderhandelinge tydens gesinsgesprekke, aangegaan word.

Hendrik en sy stiefkinders het mekaar van die begin af aanvaar en hierdie aanvaarding het met verloop van tyd sterker gegroei. Susan toon egter aan dat wedersydse aanvaarding vir haar as stiefmoeder in die gesin meer problematies was. Hierdie aanvaarding het gaandeweg verbeter as gevolg van groter wedersydse begrip tussen haar en haar stiefseun.

Onderlinge aanvaarding tussen ouers en kinders in hierdie gesin is oor die algemeen goed. Dit is egter belangrik om daarop te let dat aanvaarding van en liefde vir mekaar mettertyd sterker geword het soos hulle mekaar beter leer ken en begrip vir mekaar begin toon het.

- **Egpaarverhouding**

Hendrik wys daarop dat hulle as egpaar sterk ten gunste is van kinders se voortgesette kontak met die ander eie ouers, maar dat dit ook problematies kan wees ten opsigte van die vestiging van 'n hegte egpaarverhouding, soos byvoorbeeld in die geval van Susan se vorige eggenoot se voortgesette kontak met hul seun. Hy voel in 'n mate onseker en openbaar jaloesie (alhoewel hy dit ontken) oor Susan se voortgesette kontak met haar eerste man. Susan ervaar egter geen onsekerheid en probleme met hierdie voortgesette kontak nie: sy dink dat sy haar vorige eggenoot min genoeg sien.

Volgens die egpaar moet daar voortgesette kontak met die ander eie ouer wees, maar vorige egpaarverhoudinge moet nie inmeng met die nuwe egpaarverhoudinge nie. Dit is dus van primêre belang dat emosionele skeiding met die vorige eggenoot/eggenote reeds voltrek is, sodat die nuwe egpaarverhoudinge tot 'n hegte eenheid kan ontwikkel. Hierdie egpaar besef dat hegte egpaarverhoudinge juis belangrik is, ook wat betref die kinders se geluk in hul gesinsopset. Hulle laat nie toe

dat vorige egpaarverhoudinge die kinders enigsins skade aandoen nie. Die kinders is gelukkig met die nuwe gesinsopset.

Tyd alleen met mekaar is belangrik vir hierdie egpaar en geskied meestal wanneer die seuns met hul vriende uitgaan of aan skool- en sportaktiwiteite deelneem.

Gevolgtrekkings uit die onderhoud met die seuns, John en Hein:

- **Besoekreëlings en verhoudinge met die ander eie ouer**

John besoek gereeld elke tweede naweek sy vader wat vir vyf jaar weer getroud was. Hy is net meer as 'n jaar gelede weer geskei. Volgens hom is sy verhouding met sy vader net so goed as dié met sy moeder, alhoewel hy hom minder sien. Hy kom goed met sy vader oor die weg, omdat hulle dieselfde belangstelling, naamlik die restourering van antieke meubels, deel en juis daarom geniet hy dit om vir hom te gaan kuier.

Hein besoek sy moeder nou vir twee jaar reeds nie meer nie. Sy is nie weer getroud na haar egskeiding sewe jaar gelede nie. Haar alkoholisme is die oorsaak daarvoor. Volgens Hein was sy verhouding met sy moeder goed, die tye toe hy haar nog gereeld gesien het. Hy wonder menigmaal hoe dit nou met haar gaan. Hy openbaar enersyds 'n intense begeerte om haar weer te besoek, maar dit is andersyds vir hom nog steeds meer traumaties om haar in hierdie toestand te sien as om haar liewers glad nie te sien nie. Dit is duidelik dat hy hierdie goeie eie ouer-kindverhouding met sy moeder mis en dit graag wil verbeter.

- **Verblyfreëlings en verhoudinge met die eie ouer asook stiefouer in die gesin**

John en Hein woon in 'n huishouding waar beide hul eie ouers ook as stiefouers optree. Volgens John is sy verhouding met sy moeder goed, maar hy wil graag lojaal bly teenoor beide sy eie ouers. Hy het op die oomblik 'n goeie verhouding met sy stiefvader en aanvaar hom, maar dit het met verloop van tyd ontwikkel. Dit blyk uit die onderhoud dat Hein ook 'n goeie verhouding met sy stiefmoeder het, veral weens

die leemte wat daar bestaan betreffende die verhouding met sy eie moeder. Die aanvaarding van sy stiefmoeder het ook met verloop van tyd verbeter. Hy aanvaar haar in 'n sekere mate as 'n plaasvervangende moeder wat begrip vir hom het.

Die seuns toon ook duidelik in die onderhoud dat Hein se vader primêr verantwoordelik is vir dissiplinering wat hulle beide aanvaar, maar met die ondersteuning van John se moeder. Hulle ervaar nie onderskeid tussen hulle nie.

- **Onderlinge verhoudinge tussen kinders in die gesin**

Volgens John kom hy en sy stiefbroer, Hein, sedert hulle mekaar beter leer ken het, goed oor die weg. Toe sy suster, Sue, nog by hulle gewoon het, het veral sy en Hein nie met mekaar klaargekom nie. Die probleem is opgelos toe sy by haar vader gaan woon het. Hein stem saam dat hy en John goed oor die weg kom, maar dat hy en Sue nie so goed klaarkom soos hy en John nie.

- **Verhoudinge met grootouers**

Beide John en Hein se oumas van onderskeidelik moeders- en vaderskant leef nog. Die seuns beklemtoon dit dat hulle oumas nie onderskeid tref in hul verhoudinge met hulle nie en hul wedersyds aanvaar en lief het.

- **Verhoudinge met vriende**

John en Hein beskou vriende as belangrik in hul lewe, want hulle kan met hul vriende persoonlike sake deel wat hulle selfs nie met hul ouers wil bespreek nie. Dit is duidelik dat die seuns gesonde vriendskapsverhoudinge het, wat hulle gelukkig maak omdat hulle hul vriende kan vertrou.

- **Beskryf kortliks wat jou gelukkig maak in die lewe**

John wys daarop dat die talle goeie vriendskappe wat hy reeds gesluit het, hom baie gelukkig maak. Dit wat hy reeds in die lewe bereik het soos om, byvoorbeeld, vir sy skool se eerste rugbyspan te kan speel en om tot die skool se leerlingraad verkies te

kon word, het hom ook baie gelukkig gemaak. John koester realistiese verwagtinge van homself. Hein is daarmee eens dat om saam met sy vriende te kan wees, hom gelukkig maak. Hein wys ook daarop dat dit vir hom aangenaam is om saam met John iewers heen te gaan, maar volgens hom hou hy meer daarvan om ook op sy eie dinge te kan doen.

- **Beskryf kortliks wat jou ongelukkig maak in die lewe**

Hein wys daarop dat sy moeder se drankprobleem hom baie ongelukkig maak. Telkens in die onderhoud praat hy slegs van sy moeder se "probleem" wat daarop kan dui dat hy 'n positiewe verhouding met sy moeder mis.

(2) Die Malan gesin - GESIN B

**Identifiserende besonderhede**

| | **Koot** | **Rina** |
|---|---|---|
| Ouderdom by vorming van hersaamgestelde gesin | 41 | 30 |
| Beroepstatus | Opleidings-bestuurder | Interieur ontwerper |
| Huwelikstatus voor vorming van hersaam-gestelde gesin | Geskei (2 keer) | Geskei |
| Tydsduur van huidige huwelik | 5 jaar | |
| Kinders uit eerste huwelik (het nie kinders uit tweede of vorige huwelik nie) | Jan, 21 jaar, inwonend<br>Dries, 19 jaar, besoekend<br>*Elize, 16 jaar, besoekend | Geen |
| Kind van egpaar | Riana, 6 maande, inwonend | |

*Slegs Elize was beskikbaar vir onderhoudvoering.

Koot en Rina is vyf jaar gelede getroud en hulle het 'n babadogtertjie van ses maande. Koot het twee seuns en 'n dogter uit sy eerste huwelik. Rina het nie kinders uit haar vorige huwelik nie. Koot se seun, Jan, woon by hulle en besoek sy moeder nie gereeld nie. Dries en Elize woon by hul moeder wat nie weer getroud is nie. Elize besoek hulle menigmaal deur die week na skool, elke tweede naweek en elke tweede vakansie. Dries besoek die egpaar nie gereeld nie.

Die fokus in die onderhoud met die egpaar het op die volgende aspekte geval:

- **Besoekreëlings**

Die egpaar is ten gunste van die kinders se voortgesette kontak met die ander ouer. Elize besoek haar vader gereeld. Indien sy buitemuurse skoolaktiwiteite moet bywoon, is daar 'n staande reëling met haar moeder wat voltyds werk dat sy na skool haar stiefmoeder besoek, omdat sy naby die skool woon en voltyds tuis is. Hierdie reëling het die voordeel dat sy voor die aanvang van die buitemuurse aktiwiteite van haar skoolopdragte hier afhandel. Weens die vriendskapsverhouding wat hulle oor die jare opgebou het, ondersteun haar stiefmoeder haar hierin.

Dries wat 'n hegte band met sy moeder het, besoek sy vader minder gereeld en ook slegs wanneer hy gunste nodig het. Dit maak sy vader ongelukkig, omdat hy graag voortgesette kontak met sy seun wil behou.

Jan weer besoek sy moeder nie gereeld nie, omdat daar vir jare reeds nie 'n sterk band tussen hulle bestaan nie. Hy het op twaalfjarige ouderdom reeds van die huis af weggeloop, is later koshuis toe en het na skool by 'n kibboets in Israel gaan werk. Hy woon nou sedert net meer as 'n jaar gelede by sy vader.

Die dogter se besoekreëlings funksioneer dus toereikend, maar die twee seuns se besoekreëlings is meer problematies. Dit maak die ouers ongelukkig. Volgens die egpaar is dit van kardinale belang dat daar vaste besoekreëlings moet wees, maar dat dit nie afgedwing behoort te word nie. Die egpaar wys daarop dat vaste besoekreëlings sekuriteit aan al die betrokke partye bied as hulle weet wat om van mekaar

te verwag, en waar moontlike aanpassings slegs met die goedkeuring van al die partye sal geskied.

- **Betaling van onderhoud**

Wat onderhoudsbetaling betref, het die vader en sy vorige eggenote ooreengekom dat die grootste gedeelte van die onderhoud direk in die drie kinders se bankrekenings inbetaal word, aangesien sy na die egskeiding die huis asook 'n nuwe motor gekry het. Hiermee wou die vader verseker dat die kinders hul regmatige deel van die onderhoud kry. Die stiefmoeder wys egter daarop dat die vader die kinders finansieel oorlaai, sodat die kinders die geld sonder inspanning verkry en nie waardeer nie. Die vader staan egter sterk daarop dat sy kinders nie finansieel moet swaar kry en by hul portuurgroepe afsteek nie. Hulle moet kan koop wat hulle benodig vir hul daaglikse lewensbestaan.

- **Opvoeding, dissiplinering en aanvaarding van kinders**

Koot verwag van Rina om hom by te staan in die opvoeding en dissiplinering van sy kinders. Tydens die aanvangsfase van hulle huwelik was dit nie vir haar moontlik nie en het Koot dit ook nie van haar verwag nie, omdat sy en die kinders mekaar eers oor die jare beter moes leer ken. Wat die twee stiefseuns betref, was en is dit nog steeds vir haar problematies.

Jan het die grootste deel van sy lewe nie by hulle gewoon nie. Hulle het meestal slegs telefonies en per faks met mekaar moes kommunikeer en het nie werklik 'n hegte band met mekaar kon opbou nie. Hulle het mekaar maar min gesien. Dries het die grootste deel van sy lewe by sy moeder deurgebring en hulle slegs naweke besoek. Noudat hy egter ouer geword het, besoek hy hulle ook minder gereeld en kommunikeer maar min met haar as stiefmoeder. Dit was vir Elize, as stiefdogter, minder problematies as haar broers om haar stiefmoeder te aanvaar, omdat daar mettertyd 'n vriendskapsverhouding tussen hulle ontstaan het.

Die stiefmoeder toon egter begrip daarvoor dat haar stiefdogter aanvanklik probleme ondervind het om haar te aanvaar en dat haar stiefseuns nog steeds probleme in

hierdie verband ervaar, veral weens die slegte stiefmoederervaringe wat hulle uit hul vader se vorige huwelik ondervind het. Die vorige stiefmoeder het hulle as kinders verwerp. Sy wys daarop dat sy as kind ook 'n negatiewe aanvaardingservaring gehad het. Haar moeder het na haar egskeiding met 'n man met vyf kinders getrou en sy kon hulle ook nie onmiddellik aanvaar nie. Juis daarom is sy heeltemal bereid om hulle voldoende tyd en geleentheid te gee om haar, indien moontlik, te aanvaar. Die stiefmoeder toon ook aan dat sedert hulle ses maande gelede as egpaar 'n babadogtertjie ryker geword het, hul gesinseenheid hegter geword het. Sy voel nou as 'n eie ouer eers werklik deel van die gesin en nie meer slegs 'n buitestaander of indringer nie.

Die vader wys daarop dat aangesien die drie kinders nou reeds ouer is, hulle nie voortdurend meer gedissiplineer word nie. Hy sê dat Rina, as stiefmoeder en ook nou as eie ouer, hom egter nog ondersteun, wat betref die opvoedingsbegeleiding van sy kinders en dat hy haar betrokkenheid waardeer.

- **Egpaarverhouding**

Volgens die egpaar het hul onderskeie vorige egpaarverhoudinge, asook hul egskeidings wat daarop gevolg het, hul beter toegerus wat betref hul huidige egpaarverhoudinge. Die egpaar is voorstanders van hegte egpaarverhoudinge wat tot voordeel van hulself asook hul kinders se geluk kan strek. Hul voorbeeld, geloofslewe en leiding as egpaar is van kardinale belang. Hegte egpaarverhoudinge is, volgens hierdie egpaar, belangrik vir die bevordering van gesinseenheid. Die egpaar is dit eens dat hegte egpaarverhoudinge kan voorkom dat kinders 'n wig tussen die ouers inslaan en die egpaarverhoudinge sodoende verongeluk. Gevolglik wys hulle daarop dat hulle dit nie sou toelaat, indien die kinders dit probeer nie. Enige moontlike verskille ten opsigte van opvoedingsbenaderingswyses word nie in die teenwoordigheid van die kinders besleg nie, maar eers as egpaar privaat bespreek. Sodoende word ooreenkomste bereik wat die belange van die kinders, asook gesinsgeluk, vooropstel en nie net hul eie persoonlike voorkeure in hierdie verband nie. Dit word dan later aan die kinders oorgedra om ook hul standpunte in hierdie verband te verneem. Die egpaar stem ook saam dat die babadogtertjie wat hulle

gesamentlik het, hul egpaarverhoudinge verder verstewig het en bygedra het tot die moontlike vestiging van gesinseenheid.

Dit is vir die egpaar belangrik om ook tyd alleen met mekaar deur te bring waar hul egpaarverhoudinge nog verder verstewig kan word deur gereelde oop en gesonde kommunikasie met mekaar as egpaar. Dit is moontlik wanneer die groter kinders uitgaan en die baba slaap, wanneer hul dan tyd het om rustig met mekaar te kan kommunikeer oor die daaglikse gebeure.

Alhoewel daar volgens die egpaar 'n vriendskaplike verhouding met die ander eie ouer bestaan en voortgesette kontak met die kinders goedgekeur word, is die egpaar dit eens dat dit nie moet inmeng met hul egpaarverhoudinge nie. Volgens Koot moet voortgesette huistake aan die vorige eggenote nie aangemoedig word nie, omdat dit kan inmeng met die huidige egpaarverhoudinge, indien dit nie reg hanteer word nie. Rina stem saam dat daar voortgesette kontak moet kan bestaan met die ander ouer en dat sy nie hierdie ouerrol wil oorneem nie, maar slegs ondersteunend wil optree as stiefmoeder.

Volgens die egpaar vorm hulle 'n hegte eenheid waar voortgesette kontak aangemoedig word, omdat hulle gesinseenheid wil bevorder.

Gevolgtrekkings uit die onderhoud met die dogter, Elize:

- **Besoekreëlings en verhoudinge met die nie-toesighoudende eie ouer en stiefouer**

Elize besoek haar nie-toesighoudende vader baie gereeld, byvoorbeeld, elke tweede naweek en menigmaal gedurende die week wanneer sy aan buitemuurse skool-aktiwiteite deelneem. Sy is 'n kranige hokkiespeelster en haar vader maak, waar enigsins moontlik, tyd om van haar hokkiewedstryde by te woon, wat sy ook baie waardeer, omdat sy voel dat hy as vader nog steeds vir haar daar is.

Elize wys daarop dat sy 'n vriendskapsverhouding met haar stiefmoeder aangegaan het. Sy beskou haar as haar beste vriendin, omdat sy met haar oor persoonlike sake kan gesels wat sy nie eers met haar moeder en vader wil deel nie.

Elize se verhouding met haar vader en stiefmoeder verloop toereikend. Soveel so, dat sy dit geniet om hulle te besoek en werklik deel voel van hul huishouding.

- **Verblyfreëlings en verhoudinge met die toesighoudende eie ouer**

Volgens Elize bestaan daar nie eintlik 'n hegte verhouding tussen haar en haar moeder wat nie weer getroud is nie. Sy toon tog aan dat sy vir haar lief is en haar as eie ouer respekteer. Hulle het soms verskille oor die stiefmoeder se rol in haar lewe. Dit maak haar ongelukkig, omdat sy graag teenoor beide lojaal wil wees.

Elize wys daarop dat haar moeder 'n hegter verhouding met haar ouer broer, Dries, as met haar het. Wat huistake betref, verwag haar moeder ook meer van haar as van hom. Dit maak haar ongelukkig, omdat sy van mening is dat hul beide vir sekere huistake verantwoordelikheid behoort te aanvaar. Haar broer doen dit wel nie, omdat hy baie uithuisig is.

Dit blyk dus dat Elize se moeder van haar verwag om haar te ondersteun wat betref huistake. Sy aanvaar dit nie so gelate nie. Dit maak haar opstandig, omdat dit nie ook van haar broer verwag word nie. Dit het moontlike spanning tussen haar en haar broer tot gevolg en steur die verhouding met mekaar.

- **Verhoudinge met mekaar as kinders in die verskillende huishoudings**

Uit die onderhoud is dit duidelik dat Elize vir jare nie 'n hegte verhouding met haar twee ouer broers het nie, omdat hul menigmaal min kontak met mekaar gehad het. Ouderdomsverskil kan as 'n bydraende faktor beskou word, omdat sy sestien is en haar broers, Dries en Jan, reeds onderskeidelik negentien en een-en-twintig jaar oud is. As broers en suster deel hulle ook nie gemeenskaplike belangstellings met mekaar nie. Sy het egter 'n uitstekende verhouding met die babasussie wat sy as haar eie beskou.

Dit is dus duidelik dat haar verhoudinge met haar broers nog nie toereikend verwerklik word nie, maar dat haar halfsussie vir wie sy baie lief is en as suster aanvaar het, hul verhoudinge met mekaar as broers en suster tot 'n mate bevorder het.

- **Verhoudinge met die grootouers**

Elize wys daarop dat al haar grootouers nog leef, maar dat sy die meeste kontak met haar vader se ouers het, omdat haar moeder se ouers ver van hulle af woon, en sy hulle nie gereeld sien nie. Sy het egter toereikende verhoudinge met haar oupas en oumas. Wat betref haar stiefmoeder se ouers is daar ook nie onderskeid nie en word sy as kleindogter aanvaar.

- **Verhoudinge met vriende**

Elize beskou vriende as belangrik in haar lewe, alhoewel sy nie 'n groot vriendekring het nie. Sy toon aan dat sy met haar beste vriendin sake deel wat persoonlik van aard is. Wat verhoudinge met die teenoorgestelde geslag betref, het sy 'n goeie vriend wat vir haar baie in die lewe beteken en wat sy kan vertrou.

- **Beskryf kortliks wat jou gelukkig maak in die lewe**

Elize wys daarop dat dit haar gelukkig maak as mense liefdevol teenoor mekaar optree en mekaar se gevoelens respekteer, soos wat dit, volgens haar, die geval is met haar vader en stiefmoeder se gelukkige egpaarverhouding. Sy wys daarop dat sy dit geniet om hulle gereeld te besoek, omdat sy deel van hul gesin voel. Sy is ook verheug oor haar nuwe babasussie met wie sy dan graag speel wanneer sy die gesin besoek. Dit maak haar ook gelukkig, omdat sy 'n hegte vriendskaplike verhouding met haar stiefmoeder het en goed met haar vriende wat vir haar baie in die lewe beteken, oor die weg kom.

- **Beskryf kortliks wat jou ongelukkig maak in die lewe**

Elize beklemtoon dit dat haar verhoudinge met haar moeder en broers nie na wense is nie en dat dit haar baie ongelukkig maak. Sy toon ook 'n intense begeerte dat

hierdie verhoudinge mettertyd sal verbeter en verklaar haar ook bereid om mee te werk in die bevordering van hul onderlinge verhoudinge met mekaar.

(3) Die Green gesin - GESIN C

**Identifiserende besonderhede**

| | **Jack** | **Lana** |
|---|---|---|
| Ouderdom by vorming van hersaamgestelde gesin | 38 | 35 |
| Beroepstatus | Tegnikus | Krediteur |
| Huwelikstatus voor vorming van hersaamgestelde gesin | Geskei | Geskei |
| Tydsduur van huidige huwelik | 7 jaar | |
| Kinders uit vorige huwelik | Linda, 21 jaar, nie-besoekend | Jennifer, 22 jaar, besoekend<br>*Herman, 18 jaar, inwonend |

*Kind met wie onderhoud gevoer is.

Jack en Lana is sewe jaar gelede getroud. Haar dogter, Jennifer, het by hulle gewoon voordat sy drie jaar gelede in die huwelik getree het. Haar seun, Herman, het voorheen by sy vader gewoon, maar woon nou die afgelope twee jaar reeds by hulle. Hy kry by 'n plaaslike Tegniese Kollege opleiding. Jack se dogter, Linda, woon by haar moeder en hy het geen kontak met haar nie.

Die fokus in die onderhoud met die egpaar het op die volgende aspekte geval:

- **Besoekreëlings**

Die egpaar moedig voortgesette kontak van die kinders met die vader as die ander eie ouer aan. Lana wat as eie ouer na haar egskeiding toesig en beheer oor beide haar kinders verkry het, wys daarop dat sy haar kinders voortdurend aangemoedig het om kontak met die ander ouer te behou. Na haar egskeiding het sy haar seun toegelaat om by sy vader te gaan woon, omdat vaderlike voorlewing en dissipline vir 'n seun vir haar belangrik is en omdat hy graag na hom toe wou gaan. Hy het haar egter

gereeld elke tweede naweek besoek. Haar dogter weer het na die egskeiding by haar bly woon en haar vader minder gereeld besoek. Hulle het nie goed met mekaar oor die weg gekom nie, aangesien sy van mening was dat haar vader haar moeder in die steek gelaat het. Na hul huwelik het sy ook by hulle as egpaar gewoon, maar sedert sy drie jaar gelede getroud is, besoek sy hulle weens haar huweliksverpligtinge nie meer so gereeld nie. Haar seun het die afgelope twee jaar besluit om by hulle te kom woon en besoek sy vader nou gereeld elke tweede of derde naweek en elke tweede vakansie.

Die stiefvader, Jack, toon aan dat sy dogter hom nie besoek nie, alhoewel sy naby hulle woon. Na hul egskeiding het sy vorige eggenote sy dogter van hom vervreem. Besoeke aan hom is ontmoedig en hy het gevolglik nie voortgesette kontak met haar gehad nie, alhoewel hy gereeld onderhoud vir haar betaal het. Jack is ook van mening dat hy nie voortgesette kontak wou afdwing nie, omdat dit veral sy kind sou benadeel. Hy het dit enersyds gelate as werklikheid aanvaar, maar was andersyds ongelukkig daaroor. Lana wys daarop dat dit volgens haar ongehoord van 'n eie ouer is om voortgesette kontak met die ander ouer te ontmoedig, aangesien hierdie ouer ook 'n reg van toegang tot die kind(ers) het. Lana verkwalik ook haar stiefdogter, omdat sy reeds mondig is en intussen tot ander insigte kon gekom het en die breuk in voortgesette kontak al tot 'n mate kon herstel het deur haar vader gereeld te besoek of te telefoneer.

Dit is dus hieruit duidelik dat alhoewel voortgesette kontak deur die egpaar goedgekeur word, dit slegs gedeeltelik toereikend voltrek word, byvoorbeeld waar Lana se seun sy vader gereeld besoek, maar haar dogter haar nie meer so gereeld besoek nie en wat Jack betref, sy dogter hom glad nie besoek nie.

- **Betaling van onderhoud**

Lana wys daarop dat vir die ongeveer tien jaar wat sy 'n enkelouer was, sy geen onderhoudstoelaes van haar vorige eggenoot ontvang het nie. Hy was die mening toegedaan dat sy hul dogter moes versorg, omdat hy hul seun versorg. Omdat sy ook nie haar twee kinders hierdeur wou seermaak nie, het sy hom gevolglik nie hiervoor aanspreeklik gehou nie. Sy het self die mas probeer opkom, alhoewel dit menige dag

maar vir haar moeilik was sonder onderhoudsbystand. Sy beklemtoon dit ook dat sy nie ongeoorloofde besoekregteweierings aangewend het om hom tot ander insigte te bring nie, soos wat menigmaal die geval is waar die vader nie gereeld onderhoud betaal nie.

Jack toon aan dat hy al die jare gereeld onderhoud vir sy dogter betaal het, alhoewel hy haar van kleins af nie gesien het nie. Hy beklemtoon dit dat haar moeder hom slegs geken het wanneer hulle geld nodig gehad het. Volgens hom sou sy vorige eggenote ook nie geskroom het om geregtelike stappe teen hom te neem, indien van die onderhoudstoelae laat inbetaal is nie. Dit was egter nie die geval nie, omdat onderhoudsbetaling betyds inbetaal is. Omdat sy dogter getroud is en vir 'n paar jaar reeds selfversorgend is, betaal hy nie meer onderhoud vir haar nie. Dit blyk dus dat in hierdie geval die wyse van onderhoudsbetaling problematies verloop het wat betref Lana se kinders, maar nie in die geval van Jack se dogter nie.

- **Opvoeding, dissiplinering en aanvaarding van kinders**

Wat opvoeding, dissiplinering en aanvaarding betref, het die egpaar nie ernstige probleme ondervind nie. Lana se kinders ken vir Jack al van kleins af, aangesien hy en hul vader vroeër saam gewerk het. Toe die egpaar sewe jaar gelede getroud is, het Lana se dogter en seun hom gou aanvaar. Hierdie aanvaarding is vergemaklik, omdat hy saggeaard en altyd vir hulle beskikbaar was waar hul vader weer meer in sy vriende en buite-egtelike verhoudings belanggestel het. Dit was ook volgens Lana die hoofoorsaak van hul egskeiding. Sedert Lana se huwelik met Jack het haar dogter hom as "dad" aangespreek en alhoewel haar vader hierteen gekant was, het sy nie ingegee wat betref sy teenkanting nie. Haar seun noem hom egter "oom Jack", omdat hy by sy vader gewoon het en sy vader hom verbied het om Jack as vader aan te spreek. Noudat hy die afgelope twee jaar by die egpaar woon, vertoon hy volgens Lana 'n behoefte om sy stiefvader ook as "dad" aan te spreek, maar Jack verwag dit nie van hom nie. Hieruit blyk dit dat die stiefkinders se aanvaarding van hul stiefvader toereikend verloop het en ook wat betref sy aanvaarding van hulle as sy stiefkinders.

Jack wys daarop dat sy stiefkinders hom aanvaar het wanneer hy Lana ondersteun het wat betref hul opvoeding en dissiplinering. Hy beklemtoon dit egter dat die stiefouers

nie onredelik moet wees met hul stiefkinders deur byvoorbeeld op hulle te skree of met hulle te baklei nie, maar hulle reg te benader om aanvaar te kan word.

Lana het, as eie ouer, dit ook van Jack, as stiefouer, verwag om haar te ondersteun in die opvoeding en dissiplinering van haar kinders wat die kinders ook sonder enige teenstand aanvaar het. Lana beklemtoon dit dat die vrou wat by haar vorige eggenoot gebly het, terwyl haar seun by sy pa gewoon het, baie goed na hom omgesien het, alhoewel sy hul saamwonery nie goedgekeur het nie.

Lana toon ook aan dat sy nog altyd die begeerte gehad het dat haar seun van die begin af by hulle as egpaar moes woon, soos wat met haar dogter die geval was. Sy kon ook, volgens haar, dan as moeder vir hom meer leiding gee en vir hom daar wees soos wat sy dit vir haar dogter gedoen het. Sy het hom baie gemis, maar sy vader wou nie hiertoe instem nie. Volgens haar kon Jack as 'n "pa-vriend" vir hom beter leiding gee as sy eie vader, omdat sy vader nie altyd vir hom beskikbaar was nie. Jack beklemtoon dit dat hy as stiefvader nooit enigsins tussen die vader en sy kinders wou kom nie, omdat dit hul vader is en bly. Hy het hy hom nog altyd as sulks gerespekteer. Hy toon aan dat, alhoewel Lana se seun nou by hulle woon, hy hom voortdurend aanmoedig om sy vader gereeld te telefoneer en te besoek, wat hy wel doen.

Dit blyk dus hieruit dat opvoeding en dissiplinering toereikend voltrek word in hierdie gesin. Wedersydse aanvaarding tussen eie ouer en kind asook tussen stiefouer en stiefkind word belangrik geag en die egpaar ondersteun mekaar ook in hierdie opsig.

Lana beklemtoon dit egter dat wat opvoeding en gesinsgeluk betref, haar religieuse oortuigings nog altyd vir haar 'n inspirasiebron was in die opvoedingsbegeleiding van haar kinders. Dit was die geval tydens enkelouerskap asook wat betref hul huidige hersaamgestelde gesinsopset. Huisgodsdiens, die uitlewing en voorlewing van Christelike norme en waardes asook gesinsgesprekke word voortdurend in die gesin aangemoedig. Tydens hierdie gesinsgesprekke word die kind se menings en bydraes ook van belang geag in die bevordering van hegter gesinseenheid.

- **Egpaarverhoudinge**

Die egpaar wys daarop dat indien daar 'n hegte egpaarverhouding bestaan, omdat die egpaar mekaar werklik lief het en aanvaar, die kind(ers) ook wedersyds aanvaar kan word deur die egpaar. Volgens die egpaar opper van die egpare wat huweliksprobleme na 'n tweede of verdere huwelik ondervind, menigmaal die verskoning dat probleme met die kind(ers) die enigste oorsaak daarvoor was. Daar is moontlik ander bydraende faktore ook aanwesig, maar dit word gerieflikheidshalwe verbloem. Hulle wys daarop dat as die wil by die egpaar bestaan om die huwelik te laat slaag en hegte egpaarverhoudinge bestaan, hulle nie sal toelaat dat kinders hierdie huweliksgeluk verongeluk nie. Indien daar egter nie hegte egpaarverhoudinge tydens die huwelik ontwikkel nie, sal dit volgens die egpaar vir die kind(ers) moontlik wees om 'n wig tussen die egpaar in te slaan wat tot nadeel van beide die huwelik en die betrokke kind(ers) in die gesinsopset kan strek. Dit is dus vir hulle belangrik dat die ouers nie sal toelaat dat die kind(ers) hulle in hierdie opsig sal manipuleer of intimideer met negatiewe gevoelsuitinge of onaanvaarbare gedragswyses nie.

Die egpaar wys daarop dat die kinders in hul geval bygedra het tot hul geluk as egpaar waar hulle hul stiefvader aanvaar het, omdat hy vir hulle en hul moeder goed is en hulle hul as eie en stiefouer nooit teen mekaar afgespeel het nie. Die egpaar beklemtoon dit dat hulle nie sou swig voor sodanige aanslag nie, omdat hulle hegte egpaarverhoudinge as van kardinale belang beskou vir die vestiging van hegte gesinseenheid.

Dit is ook belangrik, volgens die egpaar, dat die eie ouer in die egpaarverhoudinge die stiefouer bewustelik sal ondersteun, byvoorbeeld, waar die stiefouer nie net as deel van die egpaar gesien word nie, maar as deel van die gesin as sodanig, anders beleef hierdie persoon hom/haar as slegs 'n buitestaander in die huidige gesinsopset. Tyd alleen met mekaar is ook vir dié egpaar belangrik, waar huweliksbande verder verstewig kan word.

Die egpaar beklemtoon dit dat hulle tyd alleen met mekaar deurbring, waar hulle tydens aande en naweke uitgaan wanneer die vader sy besoekregte uitoefen. Wanneer hulle saans alleen tuis tyd deurbring, kan hulle dus ook rustig met mekaar

kommunikeer oor sake wat hulle as egpaar meer direk raak sonder om in belang van die kind(ers) voortdurend onderbreek te word tydens hierdie gesprekke. Die egpaar is van mening dat hierdie egpaargesprekke belangrik is vir die vestiging van hegter egpaarverhoudinge wat as basis kan dien vir die verstewiging van gesinseenheid.

Gevolgtrekkings uit die onderhoud met die seun, Herman:

- **Besoekreëlings en verhoudinge met die ander eie ouer**

Herman wys daarop dat hy vroeër nie so 'n goeie verhouding met sy vader gehad het nie. Sy vader het menigmaal sy moeder aangerand en buite-egtelike verhoudings aangegaan. Dit het hom ongelukkig, haatdraend en opstandig gemaak weens sy lojaliteit teenoor sy moeder. Hy wys ook daarop dat sy vader hom ook baie keer onregverdig gestraf het en nie vir hom beskikbaar was nie, omdat sy vriende baie van sy tyd in beslag geneem het. Herman beklemtoon dit ook dat hy menigmaal nie met sy vader kon praat as hy probleme gehad het nie. Hy kon dit later wel met sy moeder en stiefvader doen, omdat hulle vir hom meer beskikbaar was. Dit is egter verblydend om daarop te let dat sedert hy by sy moeder en stiefvader kom woon het, sy verhouding met sy vader aansienlik verbeter het. Gevolglik besoek hy sy vader gereeld elke tweede naweek en vakansie en somtyds ook gedurende die week. Wanneer hy nou sy vader besoek, maak sy vader tyd vir hom en gaan hulle gereeld uit of geniet die tyd saam tuis. Sy vader wat vir die afgelope paar jaar nie weer getroud is nie, het egter volgens Herman 'n vriendin wat sy lewe ingrypend verander het. Hy is gevolglik nie meer so ongeduldig en onredelik met Herman nie, maar baie liefdevol en begrypend. Herman is baie verheug hieroor. Hy geniet dit om tyd saam met sy vader deur te bring en die feit dat hulle mekaar se geselskap nou werklik weer kan waardeer.

Dit is dus duidelik dat sy besoekreëlings glad verloop en dat Herman sy vader nou nog meer dikwels sien as voorheen. Dit is ook verblydend dat die vader-seunverhouding wat deur die jare nie altyd so toereikend verloop het nie, besig is om ten goede te verander en tot voordeel van beide die betrokke partye strek.

- **Verblyfreëlings en verhoudinge met die eie ouer asook stiefouer in die gesin**

Herman wys daarop dat hy sedert sy ouers se egskeiding by sy vader gewoon het, maar dat hy die afgelope twee jaar nou by sy moeder en stiefvader woon, omdat hy dit so verkies het. Herman beklemtoon dit dat hy nog al die jare 'n hegter verhouding met sy moeder gehad het, omdat sy altyd vir hom liefde gegee het en vir hom meer beskikbaar was as moeder as wat dit die geval met sy vader was. Hy het groot bewondering vir sy moeder wat hom en sy suster deur die jare voortdurend fisies en moreel ondersteun het. Herman wys ook daarop dat hy nie sal skroom om vir haar in die bresse te tree, indien dit van hom verwag word nie. Hy is verheug oor die feit dat sy moeder wat al die jare as enkelouer finansieel so swaar gekry het, 'n huweliksmaat gevind het wat vir haar liefde kan bied en haar goed kan versorg.

Herman beklemtoon dit dat hy 'n hegte verhouding met sy stiefvader het. Hy wys daarop dat hy hom graag as sy eie vader wou gehad het, omdat hy meer vir hom beskikbaar is as wat dit die geval met sy vader was. Herman beklemtoon dit ook dat sy stiefvader as 'n ware volwasse vriend begrip vir hom toon en hom ondersteun waar hy enigsins probleme ondervind in die lewe. Hulle deel ook dieselfde belangstelling wat betref veteraan en moderne sportmotors en hy wys daarop dat hulle gereeld saam motorskoue besoek, waar sy vader, byvoorbeeld, eerder saam met sy vriende sou gaan golf speel het.

Herman het nie enige probleme gehad om sy stiefvader te aanvaar nie, veral weens die feit dat sy stiefvader vir sy moeder omgee en haar voortdurend ondersteun. Alhoewel sy moeder nog altyd primêr verantwoordelik was vir die dissipline in die huis, het hy gevolglik nie 'n probleem daarmee gehad dat sy stiefvader haar hierin ondersteun soos sy dit as eie ouer ook van hom verwag het as stiefouer nie.

Dit is dus hieruit duidelik dat Herman toereikende interpersoonlike verhoudinge met sy moeder en veral met sy stiefvader opgebou het, waar hy sy moeder en sy stiefvader aanvaar en nie probleme het met die aanvaarding van hul opvoeding en dissiplinering in die gesin nie.

## ■ Onderlinge verhoudinge tussen kinders in die gesin

Herman beklemtoon dit dat hy en sy suster tydens die tydperk toe sy ouers nog getroud was, goed met mekaar oor die weg gekom het, maar hul onderlinge verhoudinge het na hul ouers se egskeiding in 'n sekere mate vervaag. Volgens Herman het hulle met mekaar begin wedywer wat betref ouerliefde en aanvaarding. Aangesien hy op daardie stadium by sy vader gewoon het en nie voldoende liefde en aanvaarding van sy vader ontvang het nie, het hy sy suster wat by sy moeder gewoon het, vir al die moederliefde en aanvaarding wat sy voortdurend ontvang het, beny.

Herman beklemtoon dit dat sedert sy moeder se tweede huwelik, maar veral sedert hy by hulle kom woon het, sy verhouding met sy suster aansienlik verbeter het. Hy het nou nie meer die behoefte gehad om met haar te kompeteer wat betref ouerliefde en aanvaarding nie. Hy het, volgens hom, ook nou sy regmatige deel hiervan verkry. Sedert sy suster ook getroud is, gaan kuier hy gereeld vir haar, maar wys daarop dat hy bekommerd oor haar voel, omdat sy 'n onstuimige en wankelrige huwelikslewe het. Sy suster word dikwels fisies aangerand deur haar man wat 'n drankprobleem het. Dit dui op 'n hegte broer-susterband wat vroeër nie so heg was nie.

## ■ Verhoudinge met grootouers

Herman beklemtoon dit dat hy deur die jare 'n goeie band met sy grootouers gehad het, maar dat hy veral met sy oorlede ouma van vaderskant 'n hegte verhouding gehad het. Dit dui daarop dat hy 'n groot verering vir sy ouma het, omdat sy 'n sleutelrol in sy geloofslewe gespeel het. Hy wys daarop dat hy nog steeds 'n goeie band met sy oupa en sy grootouers aan moederskant het en dat hy hulle gereeld sien. Hy toon ook aan dat hy en sy oupa in 'n stadium van sy lewe saam gedraf het. Hy het gereelde kontak met sy stiefvader se ouers en beklemtoon dit dat hulle hom aanvaar en nie onderskeid tussen hom en hul ander eie kleinkinders maak nie.

## ■ Verhoudinge met vriende

Volgens Herman was vriende vir hom nog altyd belangrik in sy lewe. Hy geniet dit om saam met sy vriende te ontspan of saam met hulle iewers heen te gaan. Wat

heteroseksuele verhoudinge betref, geniet hy die geselskap van sy paar goeie vriendinne.

Dit dui daarop dat hy toereikende vriendskapsverhoudinge aangegaan het en goed met sy vriende van albei geslagte oor die weg kom.

- **Beskryf kortliks wat jou gelukkig maak in die lewe**

Volgens Herman is hy verheug daaroor dat sy moeder gelukkig getroud is. Hy wys ook daarop dat hy bly is dat die verhoudinge tussen hom en sy vader verbeter het, waar hy nou 'n hegter band met hom het. Wat betref sy verhouding met sy suster, maak dit hom ook gelukkig dat daar nou 'n hegte broer-susterband tussen hulle bestaan.

- **Beskryf kortliks wat jou ongelukkig maak in die lewe**

Herman beklemtoon dit dat dit hom ongelukkig maak, omdat sy suster vir wie hy so lief en jammer is 'n ongelukkige huwelikslewe het. Hy wys ook daarop dat hy nie graag sou wou gehad het dat sy moeder vroeër so swaar in die lewe moes kry nie. Hy voel ook ongelukkig, omdat sy oorlede ouma van vaderskant met wie hy so 'n hegte band gehad het, nie meer daar is nie.

(4) Die Dlamini gesin - GESIN D

**Identifiserende besonderhede**

| | **Thomas** | **Mary** |
|---|---|---|
| Ouderdom by vorming van hersaamgestelde gesin | 46 | 37 |
| Beroepstatus | Mediese verteenwoordiger | Huisvrou |
| Huwelikstatus voor vorming van hersaam-gestelde gesin | Geskei | Geskei |
| Tydsduur van huidige huwelik | 6 jaar | |
| Kinders uit vorige huwelik | *Ann, 14 jaar, inwonend<br>Lucas, 22 jaar, besoekend<br>Maggy, 20 jaar, besoekend | *Marian, 13 jaar, inwonend<br>*Isaac, 11 jaar, inwonend |

*Kinders met wie onderhoud gevoer is.

Thomas en Mary is ses jaar gelede getroud. Mary se kinders, Isaac en Marian, asook Thomas se dogter, Ann, oor wie hy voogskap verkry het, woon by hulle. Thomas se ouer seun en dogter, Lucas en Maggy, is reeds getroud en besoek hulle nie gereeld nie, omdat hulle ver woon. Ann besoek haar moeder gereeld elke vakansie. Isaac en Marian sal hul vader nie meer kan besoek nie, omdat hy gedurende die jaar 1999 aan tuberkulose oorlede is.

Die fokus in die onderhoud met die egpaar het op die volgende aspekte geval:

- **Besoekreëlings**

Die egpaar wys daarop dat hulle ten gunste van die kinders se voortgesette kontak met die ander eie ouers is. As beide eie en stiefouers in hul gesin glo hulle daarin dat kinders gereelde kontak met hul ander ouers moet kan hê. Gevolglik besoek hulle die ander ouers gewoonlik slegs gedurende vakansies, omdat hulle ver woon. Die egpaar

toon aan dat hulle nie enige probleme met die kinders se besoekreëlings ondervind nie. Al vereiste is dat die ander ouers vroegtydige voorbereidings in hierdie verband moet tref, wat gevolglik ook wel gedoen word. In die geval van Mary se twee kinders sal hulle hul vader egter nie in die toekoms meer kan besoek nie, omdat hy oorlede is.

Dit is dus hieruit duidelik dat die kinders se besoekreëlings glad verloop, maar dat in die geval van Mary se kinders hulle hierdie gereelde besoeke aan hul vader in die toekoms sal mis.

- **Betaling van onderhoud**

Mary wys daarop dat sy nie ten gunste daarvan was dat haar twee kinders se vader onderhoud vir hulle moes betaal nie en dat hul stiefvader hul nog altyd finansieel onderhou het.

Thomas beklemtoon dit weer dat hy kort na sy egskeiding voogskap oor sy kinders verkry het, omdat hul moeder nie meer bevoeg was om hulle fisies te versorg nie. Gevolglik het hy nie meer onderhoud betaal nie. Sy oudste seun en dogter is reeds finansieel onafhanklik en slegs sy jongste dogter is nog van hulle versorging afhanklik.

Dit is hieruit duidelik dat die egpaar nie enige probleme met onderhoudsbetaling ervaar nie. Die egpaar wys ook daarop dat hul gesinsfinansies gesamentlik tot voordeel van al die kinders in die gesin hanteer word.

- **Opvoeding, dissiplinering en aanvaarding van kinders**

Mary wys daarop dat Thomas haar kinders eintlik van kleins af groot gemaak het. Dit blyk dus dat hierdie egpaar reeds vir 'n geruime tyd saam gewoon het voordat hulle in die huwelik getree het. Volgens Mary het haar kinders hul stiefvader ook reeds van kleins af aanvaar omdat hulle by hom groot geword het, en noem hulle hom ook van kleins af "pa". Gevolglik het hulle ook sy opvoeding en dissiplinering aanvaar. Mary het dit ook van Thomas, as stiefvader, verwag om haar te ondersteun in die opvoeding en dissiplinering van haar kinders.

Thomas se kinders het hul stiefmoeder ook van kleins af as moeder aanvaar en so ook haar opvoeding en dissiplinering. Thomas toon aan dat hy op sy beurt dit ook van Mary verwag het om sy kinders op te voed en te dissiplineer.

Dit is hieruit duidelik dat dit nie vir die egpaar, beide as eie en stiefouers, problematies is om hul kinders en stiefkinders wedersyds te aanvaar, op te voed en te dissiplineer nie. Veral omdat hulle wedersydse begrip wat betref hierdie eie ouer- en stiefouerrolle toon en mekaar hierin ondersteun en aanvul, maak hulle gevolglik ook nie onderskeid tussen hulle kinders wat betref opvoeding en dissiplinering nie. Die kinders kom ook volgens die egpaar goed met mekaar oor die weg en het mekaar alreeds van kleins af aanvaar.

Die egpaar wys daarop dat hul opvoeding en dissiplinering van hul kinders geskoei is op die aanvaarding en uitlewing van hul religieuse waardes wat vir hulle baie belangrik in die lewe is en wat hul kinders ook moet kan navolg. Dit is vir hierdie egpaar dus belangrik dat die kinders vaste norme en waardes moet kan aanleer uit hul opvoeding en voorlewing as ouers om hul lewensekerheid te gee in hul latere lewe.

Dit blyk dus dat opvoeding en dissiplinering toereikend verloop in hierdie gesin, omdat die egpaar wedersydse begrip vir mekaar se kinders toon, hulle as hul eie kinders aanvaar en hulle met liefde en simpatieke gesagsbegeleiding ondersteun. Dit dui ook daarop dat daar 'n hegte gesinseenheid in hierdie gesin bestaan wat deur hegte egpaareenheid daargestel en ondersteun word, soos dit weldra duideliker uit die bespreking van die egpaarverhoudinge sal blyk. Daar is sprake van hegte gesinseenheid, omdat die gesinslede mekaar onderling aanvaar en tyd maak vir mekaar, veral waar hulle gereeld saam huisgodsdiens hou en met mekaar in gesprek tree tydens die nuttiging van hoofmaaltye.

- **Egpaarverhoudinge**

Die egpaar beklemtoon dit dat hul harmoniese egpaarverhoudinge en gesinslewe Christelike waardes en beginsels as onderbou het wat daagliks voorgeleef word,

byvoorbeeld, waar wedersydse aanvaarding van mekaar en wedersydse respek vir mekaar belangrik geag word.

Dit is in hierdie geval dus duidelik dat hegte egpaarverhoudinge gesinseenheid bevorder en verstewig. Hierdie hegte gesinseenheid bestaan egter ook, omdat die egpaar saamwerk om hul huweliks- en gesinslewe wat beide vir hulle belangrik is verder uit te bou en te laat slaag. Die egpaar is die mening toegedaan dat hul voorbeeld ook van kardinale belang is betreffende hul kinders se opvoedingsbegeleiding.

Dit is hieruit duidelik dat die egpaar weens hul hegte egpaarverhoudinge mekaar ondersteun en ook nie sal toelaat dat die kinders 'n wig tussen hulle as egpaar probeer inslaan nie. Weens hegte gesinseenheid, asook wedersydse respek en aanvaarding, is daar egter nie sprake daarvan dat die kinders die ouers teen mekaar afspeel nie. Die egpaar sal eers met mekaar onderhandel oor belangrike aspekte betreffende die kinders se opvoeding, dissiplinering asook ander algemene gesinsake om sodoende egpaar- en gesinseenheid te bevorder, byvoorbeeld, waar tydens egpaaronderhandelinge sekere ooreenkomste bereik is, sodanige uitkomste tydens gesinsgesprekke aan die kinders gekommunikeer word. Die egpaar beklemtoon dit egter dat in hierdie gesinsgesprekke die kinders se menings en bydraes ook van belang geag word. Dit is vir die egpaar belangrik dat die kinders ook 'n sê moet hê in hul gesinsake, wat gesinseenheid verseker, sodat hulle kan voel hulle vorm werklik deel van die gesin. Dit is egter verblydend dat daar nie sprake van ouer-kindbondgenootskappe of -alliansies in hierdie gesinsopset is wat die hegte egpaar- en gesinseenheid kan versteur of verongeluk nie. Ouers en kinders word nie volgens bloedlyn teen mekaar afgespeel nie of in twee strydende kampe verdeel nie.

Die egpaar wys ook daarop dat tyd alleen vir hulle as egpaar baie belangrik is. Wanneer die kinders gewoonlik saam met hulle maats uitgaan of skoolfunksies bywoon, sal hulle dan byvoorbeeld, as egpaar rustig met mekaar kommunikeer of ook uitgaan.

Die egpaar beklemtoon die feit dat hulle vorige eggenotes nie inmeng in hul huidige huweliks- en gesinslewe nie en dat dit bydra tot die vestiging van hul hegte egpaarverhoudinge.

Gevolgtrekkings uit die onderhoud met die dogters, Marian en Ann, en die seun, Isaac:

- **Besoekreëlings en verhoudinge met die ander eie ouer**

Marian en Isaac het gereeld elke skoolvakansie hul vader wat nie weer getroud is nie, besoek. Hy is egter gedurende die jaar 1999 aan tuberkulose oorlede. Hulle het dit geniet om vir hom te gaan kuier, omdat hulle hom altyd as hul vader respekteer het. Uit die onderhoud is dit ook duidelik dat hy hulle altyd goed behandel het as hulle hom besoek het. Tydens die onderhoud kon 'n tikkie weemoedigheid bespeur word wanneer hulle van hul vader praat en hulle het ook aangetoon dat hulle hom baie sal mis in die toekoms, omdat hulle vir hom lief was. Dit bevestig hul wedersydse aanvaarding van mekaar, asook interpersoonlike verhoudinge met mekaar.

Ann besoek gereeld elke skoolvakansie haar moeder wat sedert haar egskeiding ook nie weer getroud is nie. Sy wys egter daarop dat sy nie so 'n goeie band met haar moeder as met haar stiefmoeder het nie, omdat haar moeder hulle nie as kinders kon versorg nie en hulle by haar vader kom woon het. Sy het gevolglik gedurende daardie fase van haar lewe haar moeder ook nie so gereeld gesien nie, wat tot 'n sekere mate hierdie ontoereikende verhouding tussen haar en haar moeder kan verklaar. Sy wys egter daarop dat sy juis daarom haar moeder gereeld elke vakansie besoek om hierdie moeder-dogterverhouding wat ietwat vervaag het, weer te kan verstewig, en dat daar vordering in hierdie verband te bespeur is.

- **Verblyfreëlings en verhoudinge met die eie ouer asook stiefouer in die gesin**

Marian en Isaac beklemtoon dit dat hulle 'n hegte ouer-kindverhouding met hul moeder het aangesien sy hulle eintlik van kleins af meestal alleen groot gemaak het, omdat hul vader weens arbeidsverpligtinge in die mynwese baie uitstedig was. Sy was ook gedurende hierdie fase van hul lewe primêr verantwoordelik vir hul opvoeding en

dissiplinering. Sedert sy met hul stiefvader, Thomas, getroud is, het sy dit voortgesit. Sy het van Thomas verwag om haar hierin te ondersteun, wat hy ook gedoen het. Die feit dat die kinders van kleins af by hul stiefvader en moeder groot geword het, en aangesien die egpaar vir 'n geruime tyd reeds voor hulle getroud is, saam gewoon het, het tot gevolg gehad dat die stiefkinders nie enige probleme gehad het om hul stiefvader se opvoeding en dissiplinering te aanvaar nie. Hulle wys daarop dat hul stiefvader deur die jare eintlik maar hul vader was, omdat hy hul groot gemaak en versorg het. Isaac beklemtoon dit dat hy sy stiefvader gereeld help tuinmaak, omdat hy dit geniet om in die tuin te werk en dat hulle ook gereeld saam sokker speel. Hy was ook gereeld hul motor en help sy stiefvader ook met basiese herstelwerktakies aan die motor en in en om die huis. Dit dui daarop dat daar 'n goeie verhouding tussen hom en sy stiefvader bestaan en dat hy hom as stiefvader aanvaar. Marian wys daarop dat sy respek vir haar stiefvader het, omdat hy hulle al die jare goed versorg het en vir hulle as vader ingestaan het. Hul vader was op daardie stadium nie vir hulle beskikbaar nie, omdat hy ver van hulle af gewoon het en hulle mekaar maar min gesien het.

Ann wys daarop dat sy deur die jare 'n goeie verhouding met haar stiefmoeder, Mary, opgebou het, omdat hul moeder hul aanvanklik nie kon versorg nie en hulle gevolglik by hul vader kom woon het. Sy beklemtoon dit dat haar stiefmoeder haar eintlik maar groot gemaak het, omdat sy nog klein was toe sy by haar vader-hulle kom woon het. Sy het gevolglik haar stiefmoeder asook haar opvoeding en dissiplinering as vanselfsprekend aanvaar. Ann toon aan dat haar stiefmoeder haar ook as haar dogter aanvaar het en vir haar lief en goed is. Sy wys in die onderhoud daarop dat sy dit baie geniet om haar stiefmoeder met basiese huistakies te help, byvoorbeeld met voedselvoorbereiding vir die hele gesin en die opwas van skottelgoed na maaltye. Gedurende hierdie take kommunikeer sy, haar stiefmoeder en stiefsuster graag met mekaar oor daaglikse gebeure.

Dit blyk dus dat Marian, Ann en Isaac toereikende verhoudinge met hul eie en stiefouers in die gesin realiseer waar hulle, asook hul opvoeding en dissiplinering, aanvaar word.

## ■ Onderlinge verhoudinge tussen kinders in die gesin

Isaac, Marian en Ann wys daarop dat hulle van kleins af goed met mekaar oor die weg kom. Isaac en Ann vertel spesifiek dat hulle menigmaal nie eers daaraan dink dat hulle nie eie broer en suster is nie, en mekaar sodanig aanvaar. Marian is daarmee eens dat sy as klein dogtertjie reeds vir Ann as eie suster aanvaar het en dat hulle baie goed met mekaar oor die weg kom. Ann wys daarop dat haar ouer broer en suster reeds getroud is en vir geruime tyd ver van hulle af woon. Gevolglik het hulle as kinders nie eintlik 'n band met hulle nie, omdat hulle die ouer broer en suster selde sien.

## ■ Verhoudinge met grootouers

Marian en Isaac beklemtoon dit dat hulle ook hegte verhoudinge met hul ouma van vaderskant het en dat sy vir hulle goed is. Ann wys ook daarop dat haar stiefouma haar as eie kleindogter aanvaar het en nie onderskeid tussen hulle as kleinkinders maak nie. Volgens die kinders is hul oupa en stiefoupa wat vir hulle ook baie lief was, reeds oorlede. Volgens Marian en Isaac is hul grootouers aan moederskant reeds voor hulle gebore is, oorlede en het hulle hul gevolglik nie geken nie. Ann wys ook daarop dat sy haar grootouers van beide vaders- en moederskant nie geken het nie, aangesien hulle reeds voor sy gebore is, oorlede is, maar dat haar stiefouma hierdie leemte deurgaans in haar lewe gevul het.

## ■ Verhoudinge met vriende

Volgens die drie kinders is vriende vir hulle baie belangrik in die lewe. Marian en Ann het met hul netbaldeelname in skoolverband al 'n groot vriendekring opgebou. Isaac het ook 'n klompie skoolvriende wat pouses saam met hom by die skool sokker speel en hulle kom goed met mekaar oor die weg. Dit blyk dus dat die onderskeie vriendskapverhoudinge toereikend voltrek word.

- **Beskryf kortliks wat jou gelukkig maak in die lewe**

Isaac, Marian en Ann is daarmee eens dat hul gelukkige gesinslewe hulle baie gelukkig maak. Hulle geniet dit ook om aan sport deel te neem, waar die twee susters van netbal hou en Isaac sy sokker geniet.

- **Beskryf kortliks wat jou ongelukkig maak in die lewe**

Die afsterwe van Marian en Isaac se vader stem hulle ongelukkig en hulle verlang na hom. Volgens Ann is daar teenswoordig niks in haar lewe wat haar ongelukkig maak nie.

(5) Die Edwards gesin - GESIN E

**Identifiserende besonderhede**

| | **Jimmy** | **Liana** |
|---|---|---|
| Ouderdom by vorming van hersaamgestelde gesin | 31 | 28 |
| Beroepstatus | Onderwyser | Sekretaresse |
| Huwelikstatus voor vorming van hersaam-gestelde gesin | Nooit voorheen getroud nie | Geskei |
| Tydsduur van huidige huwelik | 4 jaar | |
| Kinders uit vorige huwelik | Geen | *Diana, 16 jaar, inwonend |
| Kind van egpaar | Amor, 3 jaar, inwonend | |

*Kind met wie onderhoud gevoer is.

Jimmy en Liana is vier jaar gelede getroud en het 'n driejarige dogtertjie, Amor. Liana se dogter, Diana, woon by hulle en besoek haar vader wat ook weer getroud is, gereeld elke tweede of derde naweek asook elke tweede vakansie.

In die onderhoud met die egpaar het die fokus op die volgende aspekte geval:

■ **Besoekreëlings**

Die egpaar toon aan dat hulle ten gunste is van Diana se voortgesette kontak met haar vader. Gevolglik besoek sy hom elke tweede of derde naweek en elke tweede vakansie. Hulle ondervind as egpaar ook nie enige ernstige probleme wat betref hierdie besoekreëlings nie. Liana wys, as eie ouer, daarop dat hierdie besoekreëlings reeds tydens haar enkelouerskap vasgestel is en dat die status quo behou is tydens haar huwelik met Jimmy omdat hy nie enige probleme daarmee gehad het nie. Jimmy beklemtoon dit egter dat hy van die staanspoor af Liana se dogter aanvaar het en haar as deel van hul gesin beskou. Juis daarom is hy somtyds spyt indien hulle as gesin met tye op kort kennisgewing 'n gesinsfunksie of -uitstappie reël en sy dan afwesig is, omdat sy haar vader moes besoek. Die egpaar wys daarop dat hierdie besoekreëlings aangepas word om, waar moontlik, al die betrokke partye te akkommodeer, maar dan slegs met die toestemming van al die partye. Die egpaar toon aan dat met die koms van hul babadogtertjie drie jaar gelede, Diana aanvanklik nie so gereeld na haar vader toe wou gaan nie, omdat sy van mening was dat hierdie nuwe sussie haar plek in die gesin sou inneem. Dit het egter nie gebeur nie, gevolglik besoek Diana haar vader nou meer gereeld as wat voorheen die geval was.

■ **Betaling van onderhoud**

Wat onderhoudsbetaling betref, ondervind die egpaar ook nie probleme nie, omdat dit gereeld betaal word. Jimmy is egter van mening dat Diana se vader as groot sakeman vrywillig meer onderhoud kan betaal as wat tans die geval is. Die egpaar is dit eens dat dit nie afgedwing sal word nie aangesien haar vader vrywillig wel addisionele finansiële bydraes maak ten opsigte van haar perdryklasse asook addisionele wiskundeklasse. Die egpaar beklemtoon dit ook dat hul gesinsfinansies gesamentlik hanteer word en dat daar geen onderlinge geheimhouding in hierdie verband bestaan nie.

■ **Opvoeding, dissiplinering en aanvaarding van kinders**

Liana wys daarop dat sy as enkelouer streng met Diana was, alhoewel daar nog altyd 'n hegte band tussen hulle bly voortbestaan het. Sy voel egter nou skuldig, omdat sy

nie met hul driejarige dogtertjie, Amor, ook so streng is nie. Liana beklemtoon dit dat Amor baie van haar tyd as moeder verg, wat haar nog meer skuldig laat voel, daar sy nie genoegsame tyd en aandag ook aan Diana kan gee soos wat voorheen die geval was nie. Sy voel veral skuldig weens die feit dat Diana haar nie eens daarvoor verkwalik nie.

Volgens Jimmy het Diana hom gou as stiefvader aanvaar, en het sy hom as "pa Jimmy" aangespreek sonder dat hy dit enigsins van haar verwag het. Haar stiefvader beklemtoon dat hy nie enige probleme van sy kant gehad het om haar te aanvaar nie, omdat sy 'n liefdevolle en saggeaarde dogter is wat nooit enigsins probleme gee nie. Hy het as stiefvader ook nie enige probleme om haar op te voed en te dissiplineer nie, omdat hy haar instemming en haar moeder se toestemming hiervoor het. Omdat sy ook reeds 'n adolessente dogter is, is Jimmy van mening dat haar moeder 'n meer prominente rol in hierdie verband speel en hy haar slegs hierin ondersteun. Jimmy wys daarop dat hy en Diana goed oor die weg kom en 'n belangstelling in perde met mekaar deel. Aangesien hy 'n deeltydse perdeteler is en sy 'n kranige perderuiter, bring hulle menige tye saam met die perde deur wat hulle die geleentheid bied om mekaar beter te leer ken.

Jimmy beklemtoon dit dat hy, as stiefvader, aanvanklik nie deel van die gesin gevoel het nie, alhoewel Liana en haar dogter in hul optrede hom nooit as 'n buitestaander beskou het nie. Eers met die geboorte van Amor het hy werklik deel van hul gesin gevoel en was dit vir hom ook makliker om 'n meer prominente rol wat betref opvoeding en dissiplinering te kan speel. Jimmy wys ook daarop dat alhoewel Liana, as eie ouer, vir hom, as stiefouer, toestemming gegee het om Diana te dissiplineer en dit ook in 'n sekere sin van hom verwag het, sy hom somtyds ook daarvoor verkwalik het indien hy dit wel gedoen het. Die primêre rede hiervoor was, volgens haar, dat sy skuldig gevoel het, omdat sy weens Amor wat as hiperaktiewe baba (koliekbaba) baie van haar tyd en aandag geverg het, nie ook voldoende tyd en aandag aan Diana kon gee nie. Indien Jimmy dan vir Diana wil dissiplineer, het sy weens hierdie skuldgevoelens en lojaliteit aan haar dogter van hom verskil. Jimmy kon dit nie altyd begryp nie en dit het gelei tot argumente tussen hulle. Hy het homself dan as buitestaander of indringer in hierdie eie ouer-kindverhouding beskou en het homself

onttrek, wat Liana nog verder skuldig en ongelukkig laat voel het. Dit alles het weer aanleiding gegee tot spanning in hul egpaarverhoudinge.

Die egpaar wys daarop dat hulle sedertdien saam daaraan gewerk het om meer begrip vir mekaar in hierdie verband te hê. Veral Liana, as eie ouer, waak nou daarteen om nie haar skuldgevoelens onregverdiglik op andere te verplaas nie, maar om daaraan te werk. Gevolglik het hulle as egpaar saam besluit om Amor in 'n kleuterskool te plaas, wat Liana ook nou meer tyd en energie sal gee om voldoende aandag aan Diana te gee.

Jimmy, as stiefouer, waak ook nou daarteen om homself nie te onttrek nie, maar gee voldoende tyd en aandag aan Diana. Dit is vir hom belangrik dat die twee dogters elkeen hul regmatige deel hiervan ontvang. Jimmy maak 'n punt daarvan om nie met Diana se vader te kompeteer wat betref vaderskap nie. Alhoewel hy, as stiefvader, haar liefde vir perde gekweek het, respekteer hy die bestaande vaderrol. Hy maak dit vir hom moontlik om van haar perdesportbyeenkomste te kan bywoon en so tyd saam deur te bring.

Die egpaar wys ook daarop dat hulle aanvanklik na die geboorte van Amor onbewustelik onderskeid gemaak het tussen Amor en Diana se opvoeding en dissiplinering, omdat sy kleiner was en hulle baie uitgesien het na haar koms. Die gevolg was dat sy hulle in 'n sekere sin later begin manipuleer het. Dit het daartoe gelei dat Liana se dogter menigmaal nie meer haar vader wou besoek nie, omdat sy bevrees was dat Amor haar sentrale posisie as ouer dogter in die gesin sou oorneem en sy wou haar nie meer aanvaar nie. Gevolglik het die egpaar bewuste pogings aangewend om nie meer onderskeid in hul opvoeding en dissiplinering te maak nie. Hulle het ook strenger teenoor Amor begin optree en haar manipulerende gedrag het aansienlik verbeter. Dit het ook weer vir Diana meer sekerheid ten opsigte van haar plek in die gesin gegee en sy het Amor ook nou as suster aanvaar en besoek haar vader meer gereeld.

## ▪ Egpaarverhouding

Die egpaar wys daarop dat, alhoewel hulle baie gesteld is op hegte egpaarverhoudinge en baie tyd en aandag aan mekaar bestee het, die geboorte van Amor inbreuk hierop gemaak het, omdat sy as koliekbaba huilerig en hiperaktief was en gevolglik min geslaap het. Die gevolg was dat hulle as egpaar min tyd vir mekaar gehad het en menigmaal weens 'n tekort aan slaap asook oormoegheid persoonlike verskille gehad het, wat tot argumente tussen hulle gelei het. Hierdie faktore het gesamentlik bygedra tot spanning in hul huwelik, asook huweliksonenigheid, wat die egpaar laat besef het dat hulle oplossings in hierdie verband moes vind om hul aanvanklike huweliksgeluk te herwin.

Gevolglik het die egpaar sedertdien mediese advies ingewin en is Amor tans onder medikasie vir hiperaktiwiteit. Die feit dat Amor nou ook 'n kleuterskool bywoon waar sy van haar oortollige energie ontslae kan raak en gevolglik ook 'n vaster slaappatroon het, het daartoe bygedra dat die egpaar saans nou meer tyd alleen vir mekaar beskikbaar het. Die feit dat Diana gereeld naweke haar vader besoek en ook aktief by haar skool se sport- en kulturele aktiwiteite betrokke is, maak dit vir hulle as egpaar verder moontlik om aandag aan hul egpaarverhouding te kan gee. Gevolglik word hul egpaarverhouding toereikend voltrek en is daar ook sprake van 'n hegte gesinseenheid in hierdie gesin.

Gevolgtrekkings uit die onderhoud met die dogter, Diana:

## ▪ Besoekreëlings en verhoudinge met die nie-toesighoudende eie ouer en stiefouer

Volgens Diana het haar vader twee jaar gelede weer in die huwelik getree en besoek sy hulle elke tweede of derde naweek asook elke tweede vakansie. Sy wys daarop dat sy 'n hegte verhouding met haar vader het. Diana kom ook goed met haar stiefmoeder in hierdie huishouding oor die weg, omdat sy volgens haar ook nog jonk is en daar slegs 'n tien jaar ouderdomsverskil tussen hulle bestaan. Sy beskou haar as 'n volwasse vriendin en spreek haar aan op haar naam en kan ook sake van persoonlike aard met haar bespreek, omdat hulle mekaar wedersyds gou aanvaar het.

Diana beklemtoon dit dat sy dit geniet om hulle naweke te besoek en om vakansies saam met hulle iewers heen te gaan, omdat sy as enigste kind volkome deel van hul huishouding voel en ook so aanvaar word.

Dit blyk dus hieruit dat sy nie enige verhoudingsprobleme met haar vader en stiefmoeder ondervind nie en dat sy graag hierdie huishouding wil besoek, omdat sy hier welkom is.

- **Verblyfreëlings en verhoudinge met die eie ouer asook stiefouer in die gesin**

Diana wys daarop dat sy 'n goeie verhouding met beide haar moeder en stiefvader het, omdat haar moeder haar verstaan en haar stiefvader baie geduld met haar het. Sy spreek haar stiefvader as "pa" aan, omdat sy hom aanvaar het. Sy beklemtoon dit dat sy enige tienerprobleme eerder met haar stiefvader as met haar moeder sal bespreek, omdat hy as hoërskoolonderwyser daagliks meer hiermee te doen kry.

Dit is duidelik dat haar moeder as eie ouer primêr verantwoordelik is vir die dissipline en die vasstelling van huisreëls in die gesin, maar dat haar stiefvader haar moeder hierin ondersteun. Volgens Diana het sy ook nie probleme met die aanvaarding van haar stiefvader se opvoeding en dissiplinering nie. Sy wys daarop dat haar ouers nie streng dissipline in hul gesin toepas nie en dat sy wat dissipline betref, begrip daarvoor het indien haar ouers meer toegeeflik teenoor haar driejarige halfsuster, Amor, is omdat sy baie kleiner is as sy.

Dit is hieruit duidelik dat sy tevrede met haar moeder en stiefvader se opvoeding en dissiplinering is, omdat sy toereikende verhoudinge met beide het en volkome deel van hul huisgesin voel. Sy beklemtoon dit ook dat haar moeder en veral haar stiefvader nie onderskeid tussen haar en haar halfsussie maak nie, alhoewel sy nie sy eie dogter is nie.

- **Verhoudinge met mekaar as kinders in die verskillende huishoudings**

Diana wys daarop dat haar vader en stiefmoeder nie kinders het nie, maar dat haar moeder en stiefvader 'n driejarige dogtertjie het. Volgens haar aanvaar sy hierdie halfsussie van haar as eie sussie en was sy baie bly toe sy gebore is, omdat sy alleen groot geword het. Dit is duidelik dat, alhoewel sy haar halfsussie as haar eie aanvaar en lief het, sy haar met tye irriteer, omdat sy die privaatheid van haar kamer oortree en dan van haar persoonlike aandenkings vat of selfs breek. Diana toon egter aan dat wanneer dit wel gebeur, haar moeder nie sal skroom om haar hieroor te dissiplineer nie.

Diana wys ook daarop dat haar moeder weer verwag en dat sy uitsien daarna en hoop dit is 'n seuntjie, omdat sy graag ook 'n boetie sal wil hê.

Dit is duidelik dat sy nie enige ernstige verhoudingsprobleme met haar halfsussie in die gesin ondervind nie, alhoewel hulle soms hul persoonlike verskille het.

- **Verhoudinge met grootouers**

Diana het toereikende verhoudinge met haar grootouers. Sy wys daarop dat sy gereeld vir haar vader se ouers gaan kuier en dat hulle vir haar goed is. Volgens Diana het sy ook 'n goeie verhouding met haar oupa van moederskant en is sy spyt dat haar ouma reeds oorlede is. Haar stiefvader se ouers is ook goed vir haar en alhoewel sy nie hul eie kleinkind is nie, maak hulle ook nie onderskeid tussen haar en haar halfsussie nie. Hulle beskou Diana, ten spyte van die geboorte van haar halfsussie, nog steeds as hul eerste kleinkind.

- **Verhoudinge met vriende**

Vriende was nog altyd vir Diana baie belangrik in haar lewe, omdat sy alleen groot geword het en haar vriende hierdie leemte vir haar kon vul. Sy wys daarop dat alhoewel sy 'n groter vriendekring het, sy met slegs een goeie vriendin haar persoonlike sake deel.

Dit is hieruit duidelik dat Diana toereikende verhoudinge met haar vriende aangaan wat ondersteuning aan haar bied.

- **Beskryf kortliks wat jou gelukkig maak in die lewe**

Diana wys daarop dat haar hegte gesinslewe en die feit dat sy goed met haar familielede oor die weg kom, haar gelukkig maak in die lewe.

- **Beskryf kortliks wat jou ongelukkig maak in die lewe**

Diana beklemtoon dit dat as haar ouers nog voortdurend in rusies betrokke sou wees, dit haar baie ongelukkig sou maak, maar dat dit gelukkig nie meer die geval is nie. Volgens haar het haar ouers in die verlede persoonlike verskille gehad wat haar met tye baie ontstel en ongelukkig gemaak het. Sy wys ook daarop dat sy aanvanklik ongelukkig was oor haar ouers se egskeiding, maar dat dit egter gaandeweg ten goede uitgewerk het, omdat beide haar ouers weer lewensgeluk in hul onderskeie huwelike ervaar.

(6) Die Jansen gesin - GESIN F

**Identifiserende besonderhede**

| | **Paul** | **Pauline** |
|---|---|---|
| Ouderdom by vorming van hersaamgestelde gesin | 26 | 26 |
| Beroepstatus | Algemene bestuurder | Eie besigheid |
| Huwelikstatus voor vorming van hersaamgestelde gesin | Geskei | Geskei |
| Tydsduur van huidige huwelik | 14 jaar | |
| Kinders uit vorige huwelik | *Leon, 18 jaar, inwonend | *Zelda, 18 jaar, inwonend |
| Kind van egpaar | *Ilze, 12 jaar, inwonend | |

*Kinders met wie onderhoude gevoer is.

Paul en Pauline is reeds veertien jaar gelede getroud. Pauline se dogter, Zelda, uit haar vorige huwelik woon by hulle. Die egpaar het 'n twaalfjarige dogter, Ilze. Paul se agtienjarige seun, Leon, woon ook tans by hulle nadat hy net meer as 'n jaar gelede besluit het om ook by hulle te kom woon om meer standvastigheid in sy lewe te kry.

In die onderhoud met die egpaar het die fokus op die volgende aspekte geval:

- **Besoekreëlings**

Dit is duidelik dat die egpaar persoonlik nie ten gunste van die kinders se voortgesette kontak met die ander eie ouers is nie, omdat dit in die geval van hul gesin se spesifieke omstandighede baie probleme veroorsaak het. Waar besoekreëlings nie problematies vertoon nie, is hulle egter daarmee eens dat die kind voortgesette kontak met die ander ouer behoort te hê. Dit moet volgens hulle minimaal geskied as voorsorgmaatreël dat die ander eie ouer nie te veel inmeng in die ander betrokke huishouding se gesinsaangeleenthede nie.

Paul, as eie ouer, wys daarop dat sy vorige eggenote, voor sy seun by hulle kom woon het, dit aanvanklik vir hom menigmaal moeilik gemaak het om sy seun te siene te kry. Hy moes haar gedurig smeek om Leon vir 'n betrokke naweek te kon kry. Volgens Paul was haar verskoning, onder andere, dat hy byvoorbeeld nie vroegtydig reëlings in hierdie verband getref het nie, of dat daar skielik iets onverwags opgeduik het en hy Leon nie meer moes kom haal nie. Die uitkoms hiervan was dat hy met tye sy seun glad nie gesien het nie. Die tye wanneer hy egter nie voortgesette kontak gehad het nie, het sy hom dan dikwels getelefoneer om te verneem of hy dan nie meer in sy seun se welstand belangstel nie. Dit het beide hom en Leon ontstel en aanleiding gegee tot hewige argumente tussen hulle as ouers. Soveel so dat Leon nie meer by sy moeder wou woon nie.

Volgens Paul besoek Leon sedert hy by hulle kom woon het, sy moeder gereeld elke tweede naweek en elke tweede vakansie, en sorg hy persoonlik daarvoor dat hy hom self daar gaan aflaai en weer gaan haal. Hy doen dit as 'n teenmaatreël dat sy vorige eggenote nie inmeng in sy nuwe huishouding nie. Weens haar vroeëre ongenaakbare

houding wat betref Leon se besoekreëlings vermy Paul enige persoonlike kontak met sy vorige eggenote.

Pauline wys op haar beurt ook as eie ouer daarop dat sy van haar kant af ook probleme ondervind het met voortgesette kontak, omdat haar dogter se vader al vir jare nie enige kontak met haar het nie. Sy beklemtoon dit dat sy sedert hul egskeiding haar vorige eggenoot voortdurend aangemoedig het om kontak met Zelda te behou om sodoende sy vaderlike verantwoordelikhede teenoor haar na te kom. Hy het volgens haar nie enige belangstelling hierin getoon nie en selfs kort na hul egskeiding spoorloos verdwyn. Pauline toon aan dat sy nie enige pogings aangewend het om hom op te spoor nie, daar dit vir haar duidelik was dat hy nie werklik in Zelda se welstand belanggestel het nie.

Pauline wys daarop dat die tye toe Paul se seun hulle as gesin wel besoek het, sy as stiefmoeder haar bes gedoen het om sy besoek vir hom so aangenaam moontlik te kon maak, ten spyte daarvan dat hulle ook maar hul onderskeie aanpassingsprobleme in hierdie verband gehad het. So het Leon, byvoorbeeld, enersyds vanuit 'n huishouding gekom waar dissipline agterweë gelaat is en waar Pauline andersyds weer 'n sterk voorstander van dissipline was, wat tot verskille tussen hulle aanleiding gegee het.

- **Betaling van onderhoud**

Wat onderhoudsbetaling betref, het hierdie egpaar ook probleme hiermee ondervind. Paul wys daarop dat die tydperk toe Leon nog by sy moeder gewoon het, hy baie probleme in hierdie opsig ondervind het ten spyte daarvan dat die egskeidingsbevelvoorskrifte stiptelik nagekom is en hy jaarliks vrywilliglik meer onderhoud betaal het. Paul beklemtoon dit dat, alhoewel hy gereeld onderhoud betaal het, hy nou gedagvaar word vir Leon se agterstallige skoolfonds, wat sy vorige eggenote nie gereeld vereffen het nie.

Dit is hieruit duidelik dat Paul ernstige probleme wat betref die verantwoordelike aanwending van onderhoudstoelae ondervind. Volgens hom kan dit finansieel verswarend inwerk op die huidige gesinsopset en tot vrywing tussen gesinslede

aanleiding gee, indien dit nie met groot omsigtigheid hanteer word nie. Dit is egter verblydend dat sy huidige eggenote asook die kinders in die gesin begrip hiervoor toon en dat hulle hom in hierdie verband ook moreel ondersteun.

Pauline wys daarop dat in haar dogter se geval haar vorige eggenoot nooit enige onderhoud betaal het nie en dat sy ter wille van haar kind se gekwetste gevoelens weens haar vader se verwerping hom nie hiervoor wou opspoor en dagvaar nie. Gevolglik het Pauline haar dogter self finansieel onderhou tydens haar enkelouerskap. Sedert die egpaar se huwelik word hul gesinsfinansies gesamentlik tot voordeel van die hele gesin aangewend, waar die egpaar as 'n hegte eenheid hierdie probleme met onderhoudsbetaling in belang van die nuwe gesin hanteer.

- **Opvoeding, dissiplinering en aanvaarding van kinders**

Aangesien Paul en Pauline beide as eie en stiefouers optree en ook hul stiefkinders hulle van jongs af reeds aanvaar het, en hulle onderskeidelik as "pa" en "ma" aanspreek, ondervind die egpaar teenwoordig nie ernstige opvoedings- en dissiplineringsprobleme in hul gesin nie. Die egpaar beklemtoon dit dat waar hul wel probleme sou ondervind hulle mekaar aanvul en ondersteun in die opvoeding en dissiplinering van hul kinders en dat teenswoordig daar in hierdie verband nie onderskeid getref word nie.

Die egpaar wys daarop dat hulle nie eers wat Ilze betref, tans onderskeid in hul opvoeding en dissiplinering maak nie. Pauline beklemtoon dit egter dat toe Paul se seun Leon aanvanklik by hulle kom woon het, dit vir haar as stiefmoeder 'n groter aanpassing was as tydens die tydperk toe hy hulle slegs besoek het. Sy het op daardie stadium twee dogters gehad wat presies geweet het wat om van haar te verwag wat betref opvoeding en dissiplinering, maar sy en haar stiefseun moes mekaar egter eers mettertyd in hierdie opsig vind.

Volgens die egpaar het hy vir 'n lang tydperk in sy lewe vrye teuels gehad. Sy moeder was nie daarop gesteld watter tyd en of hy wel huis toe kom, of hy skool bywoon en of sy huiswerkopdragte voltooi is, of nie. Die gevolg hiervan is dat hy as agtienjarige 'n akademiese agterstand gehad het in die sin dat hy maar in graad tien in 'n skool

vir buitengewone onderwys is. Hy moes reeds in graad twaalf gewees het. Volgens die egpaar moes hulle wat opvoeding en dissiplinering betref, hom dus op daardie stadium meer ondersteun as die twee dogters, omdat hulle in 'n meer stabiele huis groot geword het waar opvoeding en dissiplinering toereikend geskied het. Zelda en Ilze het hierdie onderskeid aanvaar, omdat hulle hul broer die tye toe hy hulle as gesin besoek het, reeds as deel van hul gesin beskou het en hom moreel ondersteun het.

Paul toon aan dat hy, as eie ouer, aanvaar het dat Pauline, as stiefmoeder, en Leon, as haar stiefseun, van mekaar sou verskil wat opvoeding en dissiplinering betref. 'n Skoolsielkundige het hulle as egpaar reeds hierop voorberei met Leon se beslissing om voltyds by hulle te kom woon. Gevolglik het hy hulle tyd en geleentheid gebied om mekaar in hierdie opsig te kon vind, waar hy nie tussenbeide getree het wanneer hulle wel van mekaar verskil het nie.

Paul wou Pauline se dogter, Zelda, kort na hul huwelik wettig aanneem, sodat sy die egpaar se van kon dra, maar haar vader wou nie sy toestemming hiertoe gee nie. Die gevolg was dat toe die egpaar se dogter, Ilze, gebore is, hierdie nuwe sussie, toe sy groter word, menigmaal hierdie verskil in van aangewend het om Zelda by te kom wanneer hulle van mekaar verskil het. Hiertydens het Zelda nie volkome deel van die gesin gevoel nie en het Ilze haar nie as deel van die gesin beskou nie. Die egpaar wys daarop dat hulle haar hieroor berispe het en dat sy dit sedertdien nie meer doen nie, omdat Ilze nou meer begrip hiervoor het, alhoewel hulle as susters nog maar hulle verskille het. Pauline wys weer daarop dat Zelda haar vir 'n tydperk in haar lewe nie volkome aanvaar het nie, omdat sy vroeër te streng met haar was, waar sy later egter meer toegewensgesind was met Ilze. Pauline het egter mettertyd besef dat sy, as eie ouer, fouteer het waar sy haar gesindheid teenoor Zelda verander het, omdat sy ook as persoon 'n verandering ondergaan het en meer geduldig en vergewensgesind begin optree het.

Pauline beklemtoon dat sy veral tydens haar enkelouerskap 'n baie ongelukkige persoon was en dit op Zelda uitgehaal het en haar as klankbord gebruik het, omdat sy die naaste aan haar was. Met haar huwelik het sy weer lewensgeluk ervaar en het haar ongeduld en onvergenoegdheid plek gemaak vir meer toegeneentheid, wat Zelda op daardie stadium nie kon begryp nie, veral weens die onderskeid in haar

opvoedings- en dissiplineringsbenaderingswyses betreffende Zelda en Ilze. Hierdie verskil in opvoeding en dissiplinering is sedertdien reeds aangespreek en het Zelda haar weer volkome aanvaar en is daar tans nie meer onderskeid in hierdie opsig in hul gesinsopset nie.

Die egpaar beklemtoon dit dat hul eensgesindheid in opvoeding, dissiplinering en aanvaarding veral daarin gesetel is dat hulle as egpaar van meet af van mekaar verwag het om mekaar se kinders te kon opvoed en dissiplineer. Dit het ook volgens hulle bygedra tot hul huweliksgeluk en hegte gesinseenheid.

- **Egpaarverhouding**

Die egpaar wys daarop dat voortgesette kontak met vorige egliede, veral waar dit problematies verloop, menigmaal die oorsaak is dat egpare probleme ondervind en skei en nie soseer slegs probleme met kinders nie.

Dit is duidelik dat weens die feit dat voortgesette kontak met die ander eie ouer in hul geval ontoereikend verloop het, die egpaar nie eintlik ten gunste van die kind(ers) se voortgesette kontak met die ander eie ouer is nie. Volgens hulle kan die egpaarverhouding en gesinsverhoudinge slegs verstewig of heg wees, indien daar minimale of geen kontak met vorige egliede is nie. Waar voortgesette kontak volgens hulle toereikend verloop, het die egpaar nie enige besware dat die kind(ers) minimale kontak met die ander ouer het nie.

Die egpaar wys gevolglik daarop dat hulle as egpaar en gesin samewerkingsooreenkomste aangegaan het en dat hul egpaar- en gesinsverhoudinge met die jare ontwikkel het, waar hulle tans 'n hegte egpaar- en gesinseenheid ervaar. Volgens die egpaar is dit belangrik dat hul egpaarverhouding nog hegter moet kan vertoon en juis daarom maak hulle gevolglik ook meer tyd alleen vir mekaar beskikbaar wanneer die kinders soms saans of merendeels naweke met hul maats uitgaan. Alhoewel dit nie die geval is nie, beklemtoon hulle dit ook dat hulle as egpaar nie sal toelaat dat die kinders enigsins tussen hulle kom nie. Dit is menigmaal die geval wanneer daar nie reeds hegte egpaarverhoudinge bestaan nie en die kinders dan gevolglik moontlik 'n

wig kan inslaan tussen die nuwe egpaar as 'n poging om hul eie ouers weer met mekaar te kan herenig.

Die egpaar beklemtoon dit dat enige moontlike verskille wat hulle as egpaar of gesin met mekaar mag hê eers as egpaar privaat beredeneer word. Later word die uitkomste hiervan dan verder tydens huisvergaderings wat op 'n gereelde basis gehou word, ook met die kinders onderhandel. Tydens hierdie huisvergaderings word die kinders se menings en bydraes as van belang geag waartydens daar gesamentlik na oplossings gesoek word om enige gesinsprobleme uit die weg te ruim en om gesinseenheid sodoende te bevorder.

Gevolgtrekkings uit die onderhoud met die dogters, Zelda en Ilze, en die seun, Leon:

- **Besoekreëlings en verhoudinge met die ander eie ouer**

Zelda wys daarop dat sy van kleins af nie kontak met haar vader, wat blykbaar weer getroud is, het nie en hom eintlik nie meer so goed ken nie. Gevolglik besoek sy haar vader nie en bestaan daar nie 'n hegte ouer-kindverhouding tussen haar en haar vader nie, omdat hy geen poging aangewend het om voortgesette kontak met haar, as dogter, te behou nie.

Volgens Leon besoek hy sy moeder, wat nie weer getroud is nie, en by wie hy eers gewoon het, elke tweede of derde naweek. Volgens hom bestaan daar nie eintlik so 'n hegte verhouding tussen hom en sy moeder soos wat die geval is tussen hom en sy stiefmoeder nie. Leon wys daarop dat sy moeder nie altyd vir hom beskikbaar was en is soos wat die geval met sy stiefmoeder is nie. Volgens hom het hy en sy moeder menigmaal ook maar hul verskille wat betref sy opvoeding en dissiplinering, wat hulle onderlinge verhoudinge met mekaar verder versteur.

- **Verblyfreëlings en verhoudinge met die eie ouer asook stiefouer in die gesin**

Volgens Zelda het sy in die verlede nie so 'n hegte verhouding met haar moeder gehad nie, omdat sy van mening was dat haar moeder te streng met haar was. Sy wys

daarop dat sedert haar jonger halfsuster, Ilze, se geboorte haar moeder se houding in hierdie opsig begin verander het. Sy is nie meer so uitermatig streng met haar nie. Volgens Zelda kon sy dit eers nie begryp nie en sy was van mening dat haar moeder onderskeid tussen haar en Ilze getref het, omdat Ilze jonger as sy is en het sy hulle daarvoor verkwalik. Gaandeweg het sy egter besef dat haar moeder werklik berou gehad het dat sy altyd so streng met haar was en as persoon ten goede wou verander het. Gevolglik hou sy dit nie meer teen haar moeder nie en is daar sprake van 'n hegte moeder-dogterverhouding waar hulle mekaar weer wedersyds aanvaar. Zelda wys daarop dat daar sedert die egpaar se huwelik ook 'n hegte stiefkind-stiefouerverhouding tussen haar en haar stiefvader bestaan. Die feit dat sy haar vader jare laas gesien het en tans nie enige kontak met hom het nie, kon moontlik daartoe bygedra het dat sy haar stiefvader eintlik van kleins af as haar vader aanvaar het. In hierdie verband wys Zelda daarop dat sy nie meer 'n behoefte het om haar vader weer te sien nie, omdat sy 'n vader gekry het wat werklik in haar belangstel, en wat waarlik vir haar lief en goed is.

Volgens Leon bestaan daar 'n hegte ouer-kindverhouding tussen hom en sy vader. Dit is ook blykbaar die hoofrede waarom hy vandat hy groter geword het, besluit het om eerder voltyds by sy vader te kom woon, daar hy nie so 'n hegte verhouding met sy moeder as met sy vader opgebou het nie. Leon is ook van mening dat hy sy vader nou meer nodig het in sy lewe, omdat hy graag meer dinge saam met hom wil doen. Hulle het dieselfde belangstellings en sy vader vergesel hom menigmaal tydens skole- en provinsiale rugbywedstryde of hulle doen saam skrynwerk in die motorhuis. Leon beklemtoon dit dat daar ook 'n hegte stiefouer-stiefkindverhouding tussen hom en sy stiefmoeder bestaan. Hy kom goed met sy stiefmoeder oor die weg en aanvaar haar, omdat sy reeds van kleins af vir hom meer beskikbaar was en hom beter opvoedingsleiding kon gee as sy eie moeder. Dit moet egter hier beklemtoon word dat volgens die vader sy moeder menigmaal haar ouerpligte versuim het. Dit is egter duidelik dat sy stiefmoeder hierdie pligte nougeset nakom en haar morele ondersteuning en voorlewing is vir hom besonder betekenisvol.

Ilze wys daarop dat sy, as dogter van die egpaar, 'n hegte verhouding met beide haar vader en moeder het. Sy toon aan dat haar moeder strenger dissipline toepas as haar vader en daarom het hulle ook somtyds maar hul verskille in hierdie verband.

Byvoorbeeld, wat betref die uitvoering van haar skool- en huistake wat sy nie so nougeset uitvoer nie. Volgens Ilze is haar vader altyd vir haar beskikbaar en het sy 'n hegte verhouding met hom, omdat hy voldoende voorsiening bied betreffende sy gesin se finansiële en morele behoeftes. Ilze toon ook haar respek vir haar moeder, omdat sy haar vader so getrou in hierdie opsig bystaan.

Dit blyk dus dat die drie kinders in hierdie huishouding goed met hul eie en stiefouers oor die weg kom, daar hulle nie onderskeid tussen eie en stiefkinders maak nie en altyd vir die kinders beskikbaar is.

- **Verhoudinge met mekaar as kinders in verskillende huishoudings**

Leon wys daarop dat wanneer hy sy moeder, wat nie weer getroud is nie, besoek hy redelik goed met sy twee halfbroers wat jonger as hy is, oor die weg kom. Volgens sy vader is hulle die kinders van twee verskillende mans met wie sy vorige eggenote verhoudings gehad het. Leon maak egter nie melding daarvan nie en praat ook nie verder oor sy verhoudinge met hulle nie, wat moontlik daarop kan dui dat daar wel nie 'n hegte onderlinge verhouding tussen hulle bestaan nie.

Zelda toon aan dat haar vader weer getroud is en dat sy moontlik twee of drie halfsussies het (sy is nie seker van die getal nie) waarvan sy wel die oudste is. Sy het hulle egter nog nooit gesien nie en daarom het sy ook geen band met hulle nie.

Ilze wys daarop dat toe sy kleiner was sy menigmaal van Zelda wat ouer as sy is, verskil het, omdat Zelda reeds deel van die gesin was toe sy gebore is en sy gevolglik afgunstig op haar was. Wanneer hulle dan wel verskil het, het sy nie geskroom om haar onwelkom te laat voel in die gesin nie. Gevolglik het sy haar menigmaal daarop gewys dat sy nie werklik deel van hul gesin is nie, omdat sy nie dieselfde van as hulle het nie. Sy het sodoende haar ouers vir haarself opgeëis en wou hulle nie met Zelda deel nie. Zelda is dit eens met Ilze dat Ilze menigmaal hierdie verskil in vanne gebruik het om haar seer te maak as hulle argumente gehad het. Ilze het haar met tye onwelkom laat voel deur haar aan te sê om na haar vader terug te gaan. Volgens Zelda het dit haar baie ongelukkig en opstandig gemaak, daar sy op daardie stadium nie eers enige kontak met haar vader gehad het nie, omdat hy haar al van kleins af

reeds verwerp het. Ilze toon aan dat sy nie soortgelyk met Leon opgetree het nie , omdat hy dieselfde van as sy het. Hy was ook nie vir haar 'n bedreiging nie, omdat hy hulle op daardie tydstip nie so gereeld besoek het nie. Zelda was wel, omdat sy voltyds by hulle gewoon het. Ilze beklemtoon haar spyt wat betref haar onredelike optrede teenoor Zelda in die verlede. Omdat sy sedertdien tot ander insigte gekom het, aanvaar sy haar as suster en beskou sy haar as volkome deel van hul gesin.

Zelda wys daarop dat sy nog somtyds van Ilze verskil, omdat daar 'n ouderdomsverskil van ses jaar tussen hulle bestaan, terwyl dit nie so dikwels die geval met haar broer is nie, omdat hulle dieselfde ouderdom het. Leon en Zelda beskou ook laggenderwys hulself as 'n "tweeling" in die gesin, omdat hulle dieselfde dag, maand en jaar gebore is en goed met mekaar oor die weg kom. Leon beklemtoon dit dat hy oor die algemeen goed met beide sy susters oor die weg kom en nie probleme met hulle onderlinge aanvaarding van mekaar het nie. Oor die algemeen gesien, is dit duidelik dat daar teenswoordig nie ernstige verhoudingsprobleme tussen die kinders wat betref hierdie gesin bestaan nie en dat hulle goed met mekaar klaarkom.

- **Verhoudinge met grootouers**

Volgens Leon het hy nog altyd hegte verhoudinge met sy oupa en ouma van moederskant gehad. Hy wys daarop dat sy oupa reeds van kleins af vir hom 'n steunpilaar was, daar sy ouers geskei is en hy toe nie meer verder by sy vader kon woon nie, maar wel by sy moeder. Sy oupa het dus volgens hom tot 'n mate hierdie leemte van 'n vaderfiguur vir hom vervul. Zelda beklemtoon dit dat sy veral 'n hegte band met haar oorlede oupa van stiefvaderskant gehad het, omdat hulle 'n besondere belangstelling in perde gedeel het. Sy kom egter nie so goed met haar ouma van stiefvaderskant oor die weg nie, omdat haar stiefouma haar stiefniggie wat net so oud soos sy is as eie kleinkind meer bevoordeel. Dit is dus duidelik dat haar stiefoupa nie enige onderskeid tussen hulle as kinders gemaak het nie, maar haar stiefouma wel. Ilze en Leon toon egter dat hulle as eie kleinkinders ook goed met hierdie oupa oor die weg gekom het en dat hulle nog steeds goed met hierdie ouma oor die weg kom, omdat sy nie onderskeid tussen hulle as haar eie kleinkinders maak nie. Zelda beklemtoon dit dat sy nie enige kontak of band met haar grootouers van vaderskant het nie. Sy wys ook daarop dat hulle as kinders nie so 'n hegte band met hul

grootouers aan moederskant het nie, omdat hulle ver van hulle af woon en hulle gevolglik min sien.

- **Verhoudinge met vriende**

Zelda wys daarop dat vriende met wie sy haar persoonlike sake kan deel vir haar belangrik is. Veral die verhouding met haar beste vriendin met wie sy nog altyd kon praat as die lewe vir haar problematies geraak het, is belangrik. Dit was volgens haar gedurende die tydperk toe sy probleme ondervind het om haar moeder te aanvaar, waar dié so onvergenoeg en streng met haar was, omdat sy as geskeide 'n ongelukkige persoon was. Leon wys daarop dat die vriendskappe wat hy veral op sportgebied gesluit het vir hom belangrik in die lewe is. Ilze is ook hiermee eens dat sy met haar vriende persoonlike sake deel wat sy nie eens met haar gesin sou wou deel nie. Dit alles dui op die realisering van hegte vriendskapsverhoudinge wat betref die kinders in hierdie gesin.

- **Beskryf kortliks wat jou gelukkig maak in die lewe**

Volgens Zelda maak die hegte bande wat in hul gesin bestaan, asook haar vriende, haar gelukkig. Ilze beklemtoon dit dat die feit dat sy en haar suster nou so goed oor die weg kom, haar baie gelukkig in die lewe maak. Om aan sport te kan deelneem, maak Leon gelukkig veral, omdat dit hom te beurt geval het om die betrokke jaar vir die Cravenweek, asook Suid-Afrikaanse skolerugbyspanne vir buitengewone onderwys, gekies te word. Dit was vir hom besondere hoogtepunte in sy lewe, siende dat hy volgens hom akademies nie so goed presteer nie. Die kinders wys gesamentlik daarop dat hul hegte gesinseenheid hulle baie gelukkig maak.

- **Beskryf kortliks wat jou ongelukkig maak in die lewe**

Zelda toon aan dat skynheilige persone soos, onder andere, sommige van haar familielede, asook van haar vriende, haar ongelukkig gemaak het. Dit is hieruit duidelik dat sy moeilike tye in haar lewe ervaar het, veral waar persone na aan haar, haar te nagekom het, byvoorbeeld, haar vader wat haar verwerp het en nie in haar belangstel nie asook haar moeder wat in die verlede onredelik met haar was. Ilze

beklemtoon dit dat dit haar ongelukkig maak as sy verskille met haar huisgenote en vriende het, byvoorbeeld waar sy Zelda nie wou aanvaar as suster en as deel van die gesin nie en sy die lewe vir haar moeilik gemaak het. Volgens Leon maak gesinsverskille hom ongelukkig in die lewe. Dit dui moontlik op die vyandige verhouding tussen sy ouers wat nog steeds voorkom en hom ongelukkig laat.

## 5.3 SAMEVATTING VAN DIE SES GESINNE

Samevatting ten opsigte van die ooreenkomste en verskille in die ses gesinne A, B, C, D, E en F sien as volg daaruit:

(1) *Besoekreëlings en die kinders se voortgesette kontak met die ander ouer*

- **Ooreenkomste**
  Die egpare van vyf uit die ses gesinne is ten gunste van die kinders se gereelde voortgesette kontak met die ander ouer (gesinne A, B, C, D en E).

- **Verskille**
  Die egpaar in een gesin is nie ten gunste van die kinders se gereelde voortgesette kontak met die ander ouer nie, omdat hulle probleme in hierdie verband ondervind (gesin F).

  Die egpaar in hierdie gesin is slegs minimaal ten gunste van die kinders se kontak met die ander ouer as 'n voorsorgmaatreël teen die moontlike inmenging van die ander huishouding (gesin F).

(2) *Betaling van onderhoud*

- **Ooreenkomste**
  Die egpare van vier uit die ses gesinne is tevrede met die ander ouer se betaling van onderhoud (gesinne A, B, C en E).

- **Verskille**

Die egpaar in een gesin het probleme ondervind met die betaling van onderhoud, waar die vader se onderhoudstoelae ten opsigte van sy seun wanbestee is deur die ander ouer en die moeder nie onderhoudstoelaes van die ander ouer vir haar dogter ontvang het nie (gesin F).

Die egpaar in een gesin is nie ten gunste van die betaling van onderhoud nie, omdat die ander huishouding dan kan inmeng in die betrokke huishouding se gesinsake (gesin D).

(3) *Gesamentlike aanwending van gesinsfinansies*

- **Ooreenkomste**

Al ses gesinne is ten gunste van die gesamentlike aanwending van die gesinsfinansies.

- **Verskille**

Geen

(4) *Die egpaar se wedersydse verwagtinge en ondersteuning ten opsigte van die kinders se opvoeding en dissiplinering*

- **Ooreenkomste**

In al ses gesinne verwag die eie ouers van die stiefouers om hulle te ondersteun in hierdie verband en ondersteun die stiefouers hulle wel.

- **Verskille**

Geen.

(5) *Die eie en die stiefouer se wedersydse aanvaarding van mekaar se kinders*

- **Ooreenkomste**

In al ses gesinne kon die eie en stiefouer mekaar se kinders slegs mettertyd aanvaar en was daar nie sprake van 'kitsliefde' en 'kitsaanvaarding' nie.

- **Verskille**

  Geen.

(6) *Die eie en stiefkinders se aanvaarding van die ouers se opvoeding en dissiplinering*

- **Ooreenkomste**

  In al ses gesinne aanvaar die eie en stiefkinders met wie onderhoude gevoer is tans hul eie en stiefouers se opvoeding en dissiplinering. In die geval van hul stiefouers kon aanvaarding asook die aanvaarding van hul opvoeding en dissiplinering slegs mettertyd geskied.

- **Verskille**

  Geen.

(7) *Die stiefkinders se aanvaarding van hul stiefouers as volwasse vriende/vriendinne*

- **Ooreenkomste**

  In al ses gesinne aanvaar die eie en stiefkinders met wie onderhoude gevoer is hul stiefvaders en stiefmoeders onderskeidelik as volwasse vriende en vriendinne.

- **Verskille**

  Geen.

(8) *Die eie en stiefkinders se onderlinge aanvaarding van mekaar in die gesin*

- **Ooreenkomste**

  In vier uit die ses gesinne aanvaar die eie en stiefkinders mekaar onderling soos wat hulle mekaar mettertyd leer ken het (gesinne C, D, E en F).

- **Verskille**

  In een gesin aanvaar die twee eie ouer broers hul eie suster nie en kommunikeer minimaal met haar (gesin B).

In een gesin aanvaar die stiefbroer sy ouer stiefsuster nog nie volkome nie en het hulle met tye nog hul verskille (gesin A).

(9) *Die eie en stiefkinders se aanvaarding van hul halfbroer(s) of halfsuster(s)*

- **Ooreenkomste**

  In al drie die gesinne waar die egpaar saam kinders gehad het, het die eie en stiefkinders hul halfsusters as hul eie aanvaar (gesinne B, E en F).

- **Verskille**

  Geen

(10) *Die belangrikheid van hegte egpaarverhoudinge betreffende die vestiging van gesinseenheid*

- **Ooreenkomste**

  In al ses gesinne bestaan daar hegte egpaarverhoudinge, waar die egpare die belangrikheid van egpaareenheid ten opsigte van gesinseenheid beklemtoon.

- **Verskille**

  Geen.

(11) *Waar die egpaar 'n kind saam het, bevorder dit gesinseenheid*

- **Ooreenkomste**

  In al drie die gesinne waar die egpare kinders saam gehad het, het dit die gesinseenheid bevorder in die betrokke gesinne (gesinne B, E en F).

- **Verskille**

  Geen

(12) *Waar die ander ouer nie sy/haar ouerlike verantwoordelikhede nakom nie, benadeel dit die kind se verhoudinge met hierdie asook die ander ouer*

- **Ooreenkomste**

  In drie gesinne (A, D en F) kom die ander ouers nie hul ouerlike verantwoordelikhede na nie en by twee gesinne (A en F) het die kinders nie meer kontak met hulle ouers nie. In die een gesin het die kind weens die ander ouer se teenkanting nie kontak met die eie ouer nie (gesin C).

- **Verskille**

  Geen

(13) *Die belangrikheid dat die grootouers nie onderskeid maak tussen hul eie en stiefkleinkinders nie.*

- **Ooreenkomste**

  In al ses gesinne aanvaar die grootouers hul stiefkleinkinders as hul eie kleinkinders en tref nie onderskeid tussen hul eie en stiefkleinkinders nie.

- **Verskille**

  In een gesin (F) maak slegs een stiefouma wel onderskeid tussen haar eie en stiefkleindogters.

(14) *Die belangrikheid van hegte vriendskapsverhoudinge*

- **Ooreenkomste**

  In al ses gesinne beklemtoon die kinders die belangrikheid van hegte vriendskapsbande met vriende wat hulle met hul persoonlike sake kan vertrou.

- **Verskille**

  Geen

## 5.4 VERGELYKING TUSSEN DIE BEVINDINGE UIT DIE LITERATUUR EN UIT DIE EMPIRIESE ONDERSOEK

| ONVERWERKTE VERLIESE | |
|---|---|
| **Literatuuroorsig** | **Empiriese ondersoek** |
| Onverwerkte gevoelens van verlies en verdriet ten opsigte van dood, egskeiding en verlies van die kerngesin kom voor by hersaamgestelde gesinne. | Die volgende onverwerkte verliese word nog ondervind in die gesinne:<br>**Gesin A:** Hein het nie kontak met sy moeder weens haar alkoholisme nie en dit pla hom.<br>**Gesin C:** Jack het nie kontak met sy dogter nie, omdat haar moeder haar van hom vervreem het en hy haar weens hierdie verwerping mis.<br>**Gesin D:** Isaac en Marian se vader is oorlede en hulle verlang na hom.<br>**Gesin E:** Jimmy ervaar 'n verlies van 'n kerngesin, omdat hy nog nooit getroud was nie. Eers met die geboorte van sy dogter voel hy werklik deel van die gesin.<br>**Gesin F:** Zelda het weens haar vader se verwerping nie kontak met hom nie en dit maak haar ongelukkig. |
| **DIE STIEFOUER SE ONDUIDELIKE ROLDEFINISIE** | |
| **Literatuuroorsig** | **Empiriese ondersoek** |
| Die stiefouer ervaar onsekerheid ten opsigte van sy/haar rol in die hersaamgestelde gesin, veral waar daar reeds 'n hegte ouer-kindverhouding voor die vorming van die gesin tussen die eie ouer en die kind(ers) bestaan. | **Gesin A:** Susan ervaar as stiefmoeder onsekerheid, omdat haar stiefseun, Hein, 'n hegte verhouding met sy vader het en hy nog terughoudend teenoor haar is en haar nog nie volkome ervaar nie.<br>**Gesin B:** Rina ervaar as stiefmoeder onsekerheid, waar haar twee ouer stiefseuns haar nog nie as deel van hul gesin beskou nie en haar nog nie volkome wil aanvaar nie.<br>**Gesin E:** Tot met die geboorte van sy dogter ervaar Jimmy as stiefvader stiefouerrolonsekerheid, waar hy homself as buitestaander/indringer in die gesin beskou. |

| DIE TEENWOORDIGHEID VAN 'N VORIGE EGLIED EN EIE OUER IN 'N ANDER HUISHOUDING | |
|---|---|
| **Literatuuroorsig** | **Empiriese ondersoek** |
| Vorige egliede wat via die kinders wat hulle by die eie ouer het, nog 'n merkbare invloed kan uitoefen op die nuwe huishouding | **Gesin A:** Susan se vorige eggenoot wat weens sy gebrek aan emosionele skeiding nog lang telefoniese gesprekke wat betref kinderaangeleenthede met haar het en wat haar nuwe eggenoot, Hendrik, nie goedkeur nie.<br>**Gesin C:** Jack se vorige eggenote wat weens haar vyandigheid teenoor hom sy dogter, Linda, van hom vervreem, alhoewel onderhoudstoelae gereeld betaal is.<br>**Gesin F:** Die vyandigheid wat nog steeds weens die wanbesteding van onderhoudstoelae tussen Paul en sy vorige eggenote bestaan, waar sy as moeder haar seun se agterstallige skoolfondse nie vereffen het nie. |
| **FINANSIËLE PROBLEME IN DIE HERSAAMGESTELDE GESIN** | |
| **Literatuuroorsig** | **Empiriese ondersoek** |
| Finansiële bande met die vorige eglied wat die huidige gesin finansieel kan benadeel. | **Gesin F:** Onenigheid weens finansiële verpligtinge wat nog tussen Paul en sy vorige eggenote as gevolg van wanbesteding van gesinsfinansies bestaan en wat sy huidige gesin se finansiële posisie kan benadeel. |
| Oorkompensasie ten opsigte van onderhoudstoelaes, wat die nuwe eglied nie goedkeur nie. | **Gesin B:** In hierdie geval het Koot sy twee seuns se onderhoudstoelae direk in hul bankrekenings inbetaal en in die geval van sy dogter geskied dit nog steeds. Hulle wend dit na eie goeddunke aan of het dit nog steeds aangewend. Rina keur dit, weens hul oorbesteding daarvan, nie goed nie en is van mening dat finansiële toelae sonder inspanning verkry word. |

| FINANSIËLE PROBLEME IN DIE HERSAAMGESTELDE GESIN | |
|---|---|
| **Literatuuroorsig** | **Empiriese ondersoek** |
| Wantroue bestaan ten opsigte van finansiële aangeleenthede, waar die egpaar afsonderlike bankrekenings het en elk sy/haar eie kinders finansieel onderhou. | In al ses gesinne is daar nie sprake van wantroue en afsonderlike bankrekenings nie en word die gesinsfinansies gesamentlik tot voordeel van die hele gesin aangewend. |
| **KINDERS VORM MEESTAL DEEL VAN TWEE HUISHOUDINGS** | |
| **Literatuuroorsig** | **Empiriese ondersoek** |
| Die kind word as pion/boodskapper in die eie ouers se bittere stryd om voogskap, besoekregte en die betaling van onderhoudstoelaes aangewend. | **Gesin B:** Elize se moeder kommunikeer dit voortdurend aan haar dogter dat haar stiefmoeder haar rol as eie ouer wil oorneem wat haar ongelukkig maak.<br>**Gesin C:** In die geval waar Jack se vorige eggenote sy dogter se besoekregte geweier het en haar as pion gebruik het om haar van haar vader te vervreem.<br>**Gesin F:** Byvoorbeeld, waar Leon se moeder hom menigmaal as boodskapper aangewend het om met sy vader te kommunikeer oor haar misnoeë met die betaling van sy onderhoudstoelae. In hierdie geval het die moeder met tye besoekregte geweier aan die vader en Leon moes dit aan sy vader oordra. |
| **ONREALISTIESE VERWAGTINGE IN DIE HERSAAMGESTELDE GESIN** | |
| **Literatuuroorsig** | **Empiriese ondersoek** |
| Die eie en stiefouer se onrealistiese verwagtinge ten opsigte van kitsaanvaarding van en kitsliefde vir mekaar se kinders, omdat hulle as egpaar mekaar reeds aanvaar en lief het. | In al ses gesinne is die eie en stiefouers sterk van mening dat ten spyte van hul aanvaarding van en liefde vir mekaar, hulle mekaar se kinders nie onmiddellik kon aanvaar en liefhê nie, maar dat dit slegs met tyd kon geskied. |
| Die stiefkinders se onrealistiese verwagtinge ten opsigte van kitsaanvaarding van en kitsliefde vir hul stiefouers. | In al ses gesinne beklemtoon die stiefkinders dit dat hulle nie hul stiefouers onmiddellik kon aanvaar en lief hê nie, maar slegs soos hulle mekaar mettertyd beter leer ken het. |

| ONREALISTIESE VERWAGTINGE IN DIE HERSAAMGESTELDE GESIN | |
|---|---|
| **Literatuuroorsig** | **Empiriese ondersoek** |
| Die eie en stiefkinders se onrealistiese verwagtinge van onderlinge kitsaanvaarding en kitsliefde. | In al ses gesinne beklemtoon die eie en stiefkinders dit dat hul onderlinge aanvaarding van en liefde vir mekaar slegs met tyd kon gedy, waar hulle mekaar as kinders in die gesin mettertyd leer ken en aanvaar het. |
| Die eie en stiefouer se enersydse onrealistiese verwagtinge ten opsigte van die kind se dissiplinering asook hul andersydse teenkanting wanneer dit wel toegepas word. | **Gesin E:** Liana het, as eie ouer, dit van Jimmy, as stiefouer, verwag om haar te ondersteun wat betref haar dogter se dissiplinering. Wanneer dit wel toegepas is, het sy weens skuldgevoelens, omdat sy as gevolg van hul hiperaktiewe baba nie self genoeg tyd en aandag aan haar kon bestee nie, hom daaroor verkwalik.<br><br>Jimmy het homself gevolglik hieroor onttrek van hierdie dissiplinering, wat tot persoonlike verskille tussen die egpaar aanleiding gegee het.<br><br>Wat betref die ander vyf gesinne is daar nie onrealistiese verwagtinge ten opsigte van enige dissiplineringsaspekte nie. |

| PROBLEME MET DISSIPLINERING IN DIE HERSAAMGESTELDE GESIN | |
|---|---|
| **Literatuuroorsig** | **Empiriese ondersoek** |
| Die stiefkinders se probleme met die aanvaarding van die stiefouer se dissiplinering. | **Gesin B:** Rina se twee ouer stiefseuns, Dries en Jan, wou tot op hede nie haar dissiplinering aanvaar nie.<br><br>Rina se jonger stiefdogter, Elize, het wel haar dissiplinering aanvaar.<br><br>Wat betref die ander vyf gesinne het die stiefkinders die stiefouers se dissiplinering wel mettertyd aanvaar. |

| KOMPLEKSE INTERPERSOONLIKE VERHOUDINGE IN DIE HERSAAMGESTELDE GESIN | |
|---|---|
| **Literatuuroorsig** | **Empiriese ondersoek** |
| Stiefouers wat hul stiefkinders verwerp. | In al ses gesinne is daar nie sprake van die stiefouers se verwerping van hul stiefkinders nie. |
| Stiefkinders wat hul stiefouers verwerp. | **Gesin B:** Rina se ouer stiefseuns, Dries en Jan, verwerp haar as stiefmoeder. Dit is moontlik weens die slegte stiefmoeder-ervaringe wat hulle uit hul vader se vorige huwelik ondervind het. Die vorige stiefmoeder het hulle as kinders verwerp.<br><br>Rina se jonger stiefdogter, Elize, verwerp haar egter nie.<br><br>In die ander vyf gesinne is daar nie sprake van die stiefkinders se verwerping van hul stiefouers nie. |
| Komplekse egpaarverhoudinge kom voor, waar daar nie hegte egpaareenheid bestaan nie en waar die eie en stiefkinders die egpaarverhoudinge wil verongeluk of saboteer in 'n poging om hul eie ouers te herenig | In al ses gesinne bestaan daar hegte egpaareenheid, waar die egpare nie sal toelaat dat kinders hulle intimideer of manipuleer nie. Daar is ook nie sprake daarvan dat die kinders met wie onderhoude gevoer is, dit wel doen nie. |
| Stiefmoeder-stiefdogterverhoudinge word volgens die literatuuroorsig as die mees problematiese van die stiefouer-stiefkind-verhoudinge beskou. | **Gesinne B en D:** Die stiefmoeders en stiefdogters ondervind nie enige probleme met hul interpersoonlike verhoudinge nie en die stiefmoeders word as volwasse vriendinne wat leiding bied, aanvaar. |
| By stiefmoeder-stiefseunverhoudinge, alhoewel minder problematies as die stiefmoeder-stiefdogterverhoudinge, is die stiefmoeders meestal voltyds tuis, meer intens by die stiefkinders betrokke en waar verskille tussen hulle gevolglik 'n groter voorkoms vertoon as stiefvader-stiefseun-verhoudinge, waar die stiefvaders meer voltyds buitenshuis 'n beroep beoefen. | **Gesinne A en B**: Die stiefseuns ondervind probleme met die aanvaarding van hul stiefmoeders, waar hulle van hul stiefmoeders verskil.<br><br>**Gesin F**: Hier is daar sprake van toereikende stiefmoeder-stiefseunverhoudinge. |

| KOMPLEKSE INTERPERSOONLIKE VERHOUDINGE IN DIE HERSAAMGESTELDE GESIN | |
|---|---|
| **Literatuuroorsig** | **Empiriese ondersoek** |
| Stiefvader-stiefdogterverhoudinge, waar wedersydse aanvaarding minder problematies as in die geval van stiefmoeder-stiefdogterverhoudinge verloop. | **Gesinne C, D, E en F**: In hierdie gesinne bestaan daar toereikende aanvaarding tussen die stiefvaders en die stiefdogters. |
| Stiefvader-stiefseunverhoudinge, waar wedersydse aanvaarding meestal ook minder problematies verloop. | **Gesinne A, C en D:** In hierdie gesinne is daar toereikende aanvaarding tussen die stiefvaders en die stiefseuns, waar die stiefseuns hulle as hul volwasse vriende wat hul van raad bedien, beskou. |
| **KOMPLEKSE ONDERLINGE VERHOUDINGE TUSSEN DIE KINDERS IN DIE HERSAAMGESTELDE GESIN** | |
| **Literatuuroorsig** | **Empiriese ondersoek** |
| Stiefbroer-stiefsusterverhoudinge | **Gesin A**: Hein kom, as stiefbroer, nie goed met sy ouer stiefsuster oor die weg nie en hulle het nog steeds hul verskille.<br>**Gesinne D en F**: In hierdie gesinne is daar egter sprake van toereikende verhoudinge tussen die stiefbroers en die stiefsusters. |
| Stiefbroer-stiefbroerverhoudinge | **Gesin A**: Die enigste gesin in die empiriese ondersoek, waar daar stiefbroers aanwesig is en waar hulle goed met mekaar oor die weg kom. |
| Stiefsuster-stiefsusterverhoudinge | **Gesin D:** Die enigste gesin in die empiriese ondersoek, waar daar stiefsusters is met wie onderhoud gevoer is en waar hulle goed met mekaar klaarkom. |

| MINDER KOMPLEKSE VERHOUDINGE TUSSEN KINDERS | |
|---|---|
| **Literatuuroorsig** | **Empiriese ondersoek** |
| Halfbroer-halfsusterverhoudinge as minder problematiese verhoudinge | **Gesin F:** Die enigste gesin in die empiriese ondersoek, waar daar met 'n halfbroer en halfsuster onderhoud gevoer is en waar hulle mekaar as eie broer en suster aanvaar.<br>**Gesin B:** Volgens hul suster, Elize, aanvaar haar twee ouer broers, Dries en Jan, hul halfsuster, Riana, as hul eie suster. |
| Halfsuster-halfsusterverhoudinge as minder problematiese verhoudinge | **Gesin B:** Elize aanvaar haar baba halfsuster, Riana, van ses maande as haar eie suster.<br>**Gesin E**: Diana aanvaar haar driejarige halfsuster, Amor, as haar eie suster.<br>**Gesin F:** Die halfsusters, Zelda en Ilze, aanvaar mekaar onderskeidelik as eie susters. |
| Waar die egpaar 'n kind saam het en daar sprake van halfbroers en halfsusters in die gesin is, aanvaar die eie kinders hulle meestal en bevorder dit sodoende gesinseenheid in die hersaamgestelde gesin. | **Gesinne B, E en F:** In al drie die gesinne aanvaar die eie ouers se kinders hul half-susters en beklemtoon hulle dit dat hul halfsusters die gesinseenheid in hul onder-skeie gesinne bevorder het. |
| **KOMPLEKSE LOJALITEITSKONFLIKTE IN DIE HERSAAMGESTELDE GESIN** | |
| **Literatuuroorsig** | **Empiriese ondersoek** |
| Lojaliteitskonflikte kom voor, waar daar reeds 'n hegte ouer-kindverhouding tussen die eie ouer en kind bestaan, maar waar die kind die ouer nou met die stiefouer moet deel. | In al ses gesinne is daar nie soortgelyke lojaliteitskonflikte teenwoordig by die kinders met wie onderhoude gevoer is nie en hulle is heeltemal bereid om die eie ouer met die stiefouer te deel. |

| KOMPLEKSE LOJALITEITSKONFLIKTE IN DIE HERSAAMGESTELDE GESIN | |
|---|---|
| **Literatuuroorsig** | **Empiriese ondersoek** |
| Lojaliteitskonflikte kom voor, waar die eie kinders hul ouers met die stiefouers se kinders moet deel. | **Gesinne A, D en F**: In al drie hierdie gesinne is daar nie sprake van soortgelyke lojaliteitskonflikte volgens die kinders in hul onderhoude nie en deel hulle hul ouers met die stiefkinders.<br>**Gesinne B en E:** In hierdie gesinne het die eie kinders nie stiefbroers of -susters nie.<br>**Gesin C:** In hierdie gesin het die eie kinders nie kontak met hul stiefsuster, Linda, nie. |
| Lojaliteitskonflikte kom voor, waar die eie ouers vasgevang voel tussen die kinders en die nuwe egliede. | In al ses gesinne is daar nie sprake van soortgelyke lojaliteitskonflikte nie en kom die ouers, kinders en stiefouers met wie onderhoude gevoer is, goed met mekaar oor die weg. |
| Lojaliteitskonflikte kom voor, waar die stiefouers vasgevang voel tussen die kinders en die eie ouers. | In al ses gesinne is daar nie sprake van soortgelyke lojaliteitskonflikte nie en kom die stiefouers, kinders en eie ouers met wie onderhoude gevoer is, goed met mekaar klaar. |
| Lojaliteitskonflikte kom voor weens vorige egpaar- en ouerverhoudinge | **Gesin A:** Waar Rina se vorige eggenoot soms lang telefoniese gesprekke via die kinders met haar het en die nuwe eggenoot dit nie goedkeur nie.<br>**Gesin F:** Persoonlike verskille tussen Paul en sy vorige eggenote oor agterstallige skoolfondse. |

Die feit dat die gesinne in die proefondersoek hulle reeds vir 'n geruime tyd in die hersaamgestelde gesinsopset bevind, waar onderlinge verhoudings asook ander gesinsprobleme grotendeels aangespreek is, kan as 'n moontlike verklaring dien waarom die bevindinge in die empiriese ondersoek in die gevalle soos aangetoon met dié van die literatuuroorsig verskil. Waar die tydperk van vorming van hersaamgestelde gesinne korter vertoon en waar van hierdie probleme nog nie toereikend aangespreek is nie, sal daar noodwendig groter ooreenkomste betreffende soortgelyke bevindinge tussen die empiriese ondersoek en die literatuuroorsig aanwesig wees.

## 5.5 POSITIEWE EN NEGATIEWE FAKTORE IN DIE HERSAAMGESTELDE GESIN WAT IN HIERDIE NAVORSINGSPROJEK AS TENDENSE NA VORE TREE

- Besoekreëlings asook die betaling van onderhoudstoelae word as problematies beskou ten opsigte van die vorming van hegte egpaarverhoudinge asook gesinseenheid in die hersaamgestelde gesin.

- In gevalle waar die kind(ers) se voortgesette kontak met die ander eie ouer toereikend verloop, is beide eie en stiefouers sterk ten gunste van voortgesette kontak tussen ouer en kind.

- In gevalle waar die kind(ers) se voortgesette kontak met die ander eie ouer problematies vertoon, is beide eie en stiefouers gekant teen die voortgesette kontak tussen ouer en kind of slegs ten gunste van minimale kontak tussen ouer en kind.

- Hegte egpaareenheid bevorder opvoeding en dissiplinering in die gesin, waar die egpaar as 'n eenheid saamwerk en mekaar in hierdie verband ondersteun.

- In gevalle waar die egpaar 'n kind saam het, bevorder dit die onderlinge aanvaarding tussen die eie en stiefkinders asook gesinseenheid in die hersaamgestelde gesin.

- In gevalle waar vorige egliede via die kinders wat hulle saam het te betrokke by die nuwe gesin is of raak, skaad dit moontlik die vorming van hegte egpaarverhoudinge asook die vestiging van hegte gesinseenheid in die hersaamgestelde gesin.

- Die nie-haalbaarheid van onmiddellike onderlinge liefde vir en aanvaarding van mekaar tussen stiefouers en stiefkinders, waar dit slegs mettertyd soos hulle mekaar leer ken het, verwerklik kan word.

- Gevalle waar hegte egpaareenheid in 'n groot mate verseker dat eie en stiefkinders nie 'n wig kan inslaan tussen die egpaar en die egpaar van mekaar vervreem nie, in 'n poging om vorige ouers met mekaar te herenig nie, kom grotendeels voor in hierdie navorsing.

- Die eie ouers bevind hulself in bemagtingingsposisies weens hul verbondenheid aan beide die nuwe hegte egpaar – asook die reeds bestaande hegte eie ouer-kindverhoudinge, waar hulle as buffer optree betreffende die moontlike problematiese stiefouer-stiefkindverhoudinge.

- Die stiefouers bevind hulself ook in bemagtigingsposisies, waar die eie ouers weens die aanwesigheid van hegte egpaareenheid die stiefouers toelaat om hulle te kan ondersteun betreffende die kinders se opvoeding en dissiplinering en hulle as egpare saamwerk om gesinseenheid te bevorder.

- Die eie ouers vervul leidende rolle in die stiefouers se verwerkliking van hul onsekere stiefouerrolle.

- In gevalle waar die stiefouers beide as eie en stiefouers in die gesinne optree, ervaar die stiefouers nie onsekere stiefouerrolle of gevoelens van buitestaanders of indringers te wees nie, maar beskou hulself volwaardig as deel van die gesinne.

## 5.6 SINTESE

Die verslae van ses gesinne asook 'n vergelyking tussen die bevindinge uit die literatuuroorsig en die empiriese ondersoek in tabelvorm, is aangebied. Moontlike probleme ten opsigte van besoekreëlings, betaling van onderhoud, opvoeding, dissiplinering en aanvaarding asook egpaarverhoudinge wat betref die eie en stiefouer is van nader beskou. Dit is ook ondersoek betreffende die eie en stiefkinders, waar dit aangevul is met die verhoudinge van die kinders onderling, asook verhoudinge met vriende en grootouers.

Dit dien vermeld te word dat, aangesien die gesinne in die proefondersoek hulle meestal reeds vir 'n geruime tydperk in die hersaamgestelde gesinsopset bevind, die oorgrote meerderheid aanpassingsprobleme betreffende hersaamgstelde gesinne soos aangetoon in die literatuuroorsig reeds uit die weg geruim is. Uit die empiriese ondersoek het dit wel duidelik geblyk dat hierdie gesinne aanvanklik ook soortgelyke aanpassingsprobleme ondervind het, daar hulle meestal nie voorbereid was ten opsigte van die lewe in die hersaamgestelde gesin nie. Gevolglik het hulle hierdie gesinsopset meestal oningelig asook met onrealistiese verwagtinge betree. Hulle moes deur die jare saamwerk om gesinseenheid te kon bevorder.

Die positiewe en negatiewe faktore wat as tendense uit die empiriese ondersoek na vore tree, dui daarop dat 'n ouerleidingsprogram spesifiek vir eie ouers benodig word, waar egpare van voorneme is om 'n tweede of verdere huwelik aan te gaan of tydens die aanvangsfase van die hersaamgestelde gesin waarin die eie ouer val 'n leidende rol kan speel. Sodoende kan onder leiding van die eie ouer van die meeste van hierdie aanpassingsprobleme, soos geïdentifiseer tydens die literatuuroorsig, vroegtydig aangespreek word. Dit sal help dat die gesinslede die hersaamgestelde gesin gevolglik beter voorbereid en ingelig kan betree en gesinseenheid sodoende vinniger bewerkstellig kan word as wat moontlik tans die geval is, in die geval van gesinne wat reeds as hersaamgestelde gesinne funksioneer.

Die rasionaal vir hierdie ouerleidingsprogram vir eie ouers, asook die uiteensetting van sodanige program, sal vervolgens in die volgende hoofstuk bespreek word.

# Hoofstuk 6

# Begeleidingsprogram vir eie ouers

## 6.1 INLEIDING

Tydens die uitgebreide literatuurstudie en die daaropvolgende empiriese ondersoek is bepaalde probleemareas wat daartoe aanleiding gee dat hersaamgestelde gesinne menigmaal nie toereikend kan funksioneer nie, geïdentifiseer.

Die literatuuroorsig het duidelik aangetoon dat daar wel terapeutiese programme bestaan waar die rol van die stiefouer aangespreek word. Die navorser het tydens die literatuurstudie en empiriese ondersoek tot die gevolgtrekking gekom dat daar geen begeleidingsprogramme bestaan waar die eie ouer se sleutelrol in hierdie problematiek uitgelig word nie.

Sodanige begeleidingsprogram wat vir eie ouers ontwikkel en aan die kritiek van 'n noukeurig geselekteerde fokusgroep onderwerp is, word vervolgens bespreek. Die doel, ontwerp, aanbieding en uitvoering van die program sal vervolgens breedvoerig verduidelik word. Die rol wat die nuwe egpaar, as eie en stiefouer, in hierdie opsig kan vervul, word van nader beskou. Die eie ouer kan spesifiek met die ondersteuning van die stiefouer 'n leidende rol speel indien daar sprake van toereikende kennis en insig in hierdie verband is. Die eie ouer se verbondenheid aan beide die egpaar- en eie ouer-kindsisteme kan volgens die navorser die eie ouer juis die bes aangewese persoon maak om hierdie sleutelrol te vervul, waar hegte egpaar- en gesinseenheid geskep kan word in die hersaamgestelde gesin.

## 6.2 DIE DOEL VAN DIE BEGELEIDINGSPROGRAM VIR EIE OUERS

Verbesonderde doelstellings van die ouerleidingsprogram as verrykingsprogram sien as volg daar uit:

Die doel en fokus van hierdie program val op die unieke rolvervulling van die eie ouer in die hersaamgestelde gesin. Deur die aanbieding van die program sal die eie ouer beter toegerus word om die stiefouer, die eie asook stiefkinders, toereikend te kan ondersteun in hul belewing van, betrokkenheid by en betekenisgewing aan hierdie komplekse gesinstruktuur. Die eie ouer se betrokkenheid in beide die nuwe egpaarverhouding en bestaande ouer-kindsisteme maak dit vir die eie ouer moontlik om 'n unieke ondersteuningsrol in hierdie opsig te vervul.

Die volgende verbesonderde doelstellings vir eie ouers se betrokkenheid by en betekenisgewing aan die program word in die vooruitsig gestel. Daar sal gepoog word om eie ouers

- se insig in die unieke aard en samestelling van die hersaamgestelde gesin deur kennisname van die verskeidenheid gesinsamestellings van hersaamgestelde gesinne te verbreed.
- bewus te maak van die primêre rol wat hulle in die opvoedingsgebeure in die hersaamgestelde gesin kan vervul.
- sensitief te maak ten opsigte van die stiefouers se sekondêre ondersteuningsrol in die opvoeding en dissiplinering van eie en stiefkinders.
- toe te rus vir die hantering van onverwerkte verliese wat voortspruit uit die ontbinding van vorige gesinsamestellings.
- te begelei tot meer realistiese verwagtinge betreffende hersaamgestelde gesinslede se vermoë om mekaar te aanvaar en lief te hê.
- kennis te laat neem van die noodsaaklikheid van voortdurende ouer-kindkontak tussen die nie-toesighoudende eie ouers en kinders .
- die belangrikheid van hegte egpaarverhoudinge in die daarstelling van 'n nuwe harmoniese gesinstruktuur te laat besef.
- toe te rus vir die gesonde hantering van die gesinsfinansies met die nodige samewerking van die stiefouers en nie-toesighoudende eie ouers.
- sensitief te maak vir die problematiek van die uitgebreide gesinstruktuur en kinders se behoeftes en gevoelens rondom die aanvaarding van hierdie nuwe struktuur.

Met hierdie verbesonderde doelstellings in gedagte sal daar vervolgens gefokus word op die ontwerp asook die toepassing van die beleidingsprogram vir eie ouers.

## 6.3 DIE ONTWERP VAN DIE BEGELEIDINGSPROGRAM

### Motivering

Enersyds is die daarstelling van hierdie begeleidingsprogam vir eie ouers die resultaat van 'n lang en uitgebreide literatuurstudie. Hiertydens is 'n volledige teoretiese onderbou daar gestel ten opsigte van die hersaamgestelde gesin se unieke asook komplekse aard en samestelling. Tydens hierdie literatuurstudie is daar ook in die besonder klem gelê op die spesifieke probleemareas wat meestal met die vorming van hersaamgestelde gesinne gepaard gaan en wat verswarend op die vestiging van egpaar- en gesinseenheid kan inwerk. (Vergelyk in hierdie verband inligting in hoofstukke een tot drie.)

Andersyds is die program die uitkoms van 'n in-diepte empiriese ondersoek van ses hersaamgestelde gesinne wat sosio-ekonomies asook wat betref samestelling en stadia van vorming van mekaar verskil. Tydens hierdie empiriese ondersoek is daar van 'n kwalitatiewe navorsingstrategie in die vorm van individuele semi-gestruktureerde onderhoudvoering gebruik gemaak. Hiertydens is beide eie en stiefouers asook eie en stiefkinders in diepte ondervra ten opsigte van die unieke aard en samestelling, gesinsinteraksies asook spesifieke probleemareas van hul onderskeie hersaamgestelde gesinne. Die empiriese navorsingsuitsprake is vervolgens tabulerend met dié van die literatuursoorsig vergelyk. Belangrike ooreenkomste en verskille met betrekking tot die literatuurstudie en die empiriese ondersoek wat noodsaaklik is vir die daarstelling van hierdie begeleidingsprogram vir eie ouers in hersaamgestelde gesinne, word aangetoon. (Vergelyk hoofstukke vier en vyf asook Bylae A.)

Tydens die empiriese ondersoek is agt doelwitte vir agt sessies geïdentifiseer. Dit is gebaseer op die aanvanklike aanpassingsprobleme (probleemareas) wat die ses hersaamgestelde gesinne wat aan die ondersoek deelgeneem het, ondervind het. Hierdie agt doelwitte en sessies is daarna in 'n loodsondersoek aan die verifikasie en kritiek van 'n fokusgroep van vier ouerpare met eie en stiefkinders onderwerp. In die

lig van die insigte ingewin in die fokusgroeponderhoud is die inhoud en volgorde van die verskillende sessies in die program gefinaliseer.

Volgens die fokusgroep moet doelwitte en sessies van 'n meer sensitiewe aard, soos onder andere, egpaarverhoudinge en gesinseenheid, die kinders se voortgesette verhoudinge met die nie-toesighoudende eie ouer, die eie en stiefkinders se opvoeding en dissiplinering asook die hantering van die gesinsfinansies eers later in die program aangebied en aangespreek word. Tydens daardie fase van die program behoort die betrokke ouergroep alreeds 'n toereikende ken- asook vertrouensverhouding met mekaar sowel as met die programfasiliteerder opgebou het. Die ouergroep kan weens hierdie groepsamehorigheid meer vrymoedigheid openbaar om sake van 'n meer sensitiewe aard met mekaar te deel.

Gesinsaspekte van 'n meer gemeenskaplike aard, byvoorbeeld, wyse van gesinsamestelling, deelname aan 'n uitgebreide gesinstruktuur, onverwerkte verliese asook onrealistiese verwagtinge moet volgens die fokusgroep vroeër in die program aangebied word. Die betrokke ouergroep kan hierdie aspekte makliker met mekaar onderling deel, omdat elkeen op een of ander wyse deel daarvan uitmaak en daarmee kan identifiseer.

Die groepsbesprekings van 'n meer gemeenskaplike aard het ook die voordeel dat die ouergroep mekaar gouer kan leer ken en soos die program vorder hul kennis van mekaar onderling kan verbeter. Die ouergroep se toenemende kenverhoudinge het ook 'n verdere voordeel, naamlik, dat soos die program verloop, daar makliker van 'n gemeenskaplike na 'n meer sensitiewe aard van die probleem beweeg kan word. Hierdie toenemende ken- en vertrouensverhoudinge kan groepskohesie verhoog en die groep kan mekaar onderling meer toereikend ondersteun. Groepsondersteuning en groepsvertroue maak dit moontlik dat die groep persoonlike/vertroulike inligting met mekaar kan en wil deel tydens die program wat hulle andersins nie sou doen nie.

## 6.4 DIE OMVANG, DUUR EN PLEK VAN AANBIEDING VAN DIE BEGELEIDINGSPROGRAM

**Motivering**

Die groep word tot vyf of ses ouerpare beperk, omdat dit volgens die navorser en in die lig van die loodsondersoek 'n meer hanteerbare groep behels waar groepseenheid bevorder kan word. Groepsintimiteit en -empatie weens hierdie groepsamehorigheid het die gevolg dat die lede van die ouergroep mekaar voldoende kan ondersteun tydens die program. Veral omdat hulle onderlinge begrip en aanvoeling vir mekaar tydens die bespreking van probleemareas in hersaamgestelde gesinne, kan ontwikkel. Indien die program meer as ses ouerpare akkommodeer, kan dit 'n minder hanteerbare groep word waar groepseenheid, -intimiteit en -empatie ingeboet word. Die program kan dan 'n onpersoonlike seminaarvorm met die programfasiliteerder as die sentrale figuur in aanbieding, aanneem.

Programsessies sal elk twee uur duur. Indien die sessies minder as twee uur in beslag neem, kan dit moontlik nie aan die groepslede genoegsame tyd bied om sinvol aan die programaktiwiteite deel te neem nie. Dit kan die gevolg hê dat van die groepslede belangstelling in die program kan verloor en nie verdere sinvolle bydraes tot besprekings in die program lewer nie.

Die groepsessies sal weekliks oor 'n tydperk van agt weke aangebied word om groepskohesie en programkontinuïteit te bevorder. Die groepsamehorigheid wat sodoende ontstaan, sal daartoe aanleiding gee dat hulle mekaar onderling wil ondersteun en nie uitgesluit voel van die programgebeure nie. Dit weer het die gevolg dat die kontinuïteit van die program verseker kan word en groepslede kan uitsien na die daaropvolgende sessies, wat die sinvolheid van die program kan verhoog. Die fokusgroep is van mening dat indien die program tweeweekliks of selfs maandeliks aangebied word, die program onnodig uitgerek sal word en dat programkontinuïteit benadeel sal word. Die groepslede sal sodoende toenemend belangstelling in die program verloor en die program gouer staak.

Die program sal in 'n kleinerige lokaal aangebied word, waar die ouerpare in 'n sirkelvorm kan plaasneem en gemaklik met mekaar kan kommunikeer, omdat hulle beter oogkontak met mekaar het. Sodoende kan groepsbetrokkenheid bevorder word. Volgens die fokusgroep sal 'n groot lokaal koud en onpersoonlik en nie geskik vir hierdie doel wees nie.

## 6.5 DIE VOORGESTELDE AANBIEDING VAN DIE BEGELEIDINGSPROGRAM

**Motivering**

Die aanbevole program behels agt sessies van twee uur elk wat weekliks aangebied word vir vyf tot ses ouerpare. Buiten die aanvang van die eerste sessie waar die ouerpare aan mekaar bekend gestel word en waartydens toereikende ken- en vertrouensverhoudinge gestig word, behels die aanvang van elk van die daaropvolgende sessies die terugrapportering van die ouerpare oor die voorafgaande sessie. Dit sluit in terugvoering ten opsigte van moontlike problematiese gesinsinteraksies of moontlike verbeteringe of veranderinge in gesinsinteraksies tydens die voorafgaande/afgelope week. Dit behels ook kort besprekings van bepaalde opdragte wat die ouerpare tuis tydens hul geskeduleerde egpaarsessies en huisvergaderingsessies moes gaan uitvoer vir die daaropvolgende sessies.

Dit moet hier beklemtoon word dat die bepaalde doelwitte vir opvolgende sessies aan die einde van 'n sessie aangekondig word. Dit bied ouerpare die geleentheid om hulle vir die volgende sessie voor te berei. Hierdie terugrapportering van die ouers en die voorafgaande aankondiging van die doelwitte word veral in die uitvoering van die program van belang geag. Dit kan die ouers se aktiewe betrokkenheid by die unieke betekennisgewing aan die program verder verhoog en sodoende 'n waardevolle bydrae tot die sinvolheid van die program lewer. Dit is ook belangrik om daarop te let dat die doelwit van elke betrokke sessie vooraf aangekondig word. Dit sal inhoudelik aan die hand van moontlike kort verduidelikings, beklemtonings of toepaslike voorbeelde of vrae bekend gestel word. Sodoende kan moontlike wanpersepsies, onsekerhede en ander onduidelikhede wat mag bestaan tydens die aanbieding van die betrokke sessie uit die weg geruim word. Hierdeur kan sinvolle ouerbetrokkenheid en betekenisgewing toenemend en voortdurend verseker word. Dit kan voorkom dat

ouerpare belangstelling in die program verloor en nie verder aan die program wil deelneem nie.

Laastens bied hierdie aankondiging van die doelwitte en terugvoerings die geleentheid aan ouerpare om hul toepaslike persoonlike belewenisse, gesinservaringe, asook hul betrokkenheid by en betekenisgewing aan hul hersaamgestelde gesinne met die res van die ouergroep te deel. Sodoende kan die ouergroep moontlik self van die persoonlike probleme asook gesinsprobleme wat hulle as groep gemeenskaplik of individueel ondervind, gesamentlik oplos.

Die moontlikheid bestaan ook dat voor die aanvang van die program 'n bondige inligtingsbrosjure saamgestel kan word waarin die doel en die verloop van die program bekend gestel en verduidelik word. Sodoende kan die belangstelling van ouerpare wat aan die program deelneem geprikkel word, sodat hul betekenisgewing aan en betrokkenheid by die program respektiewelik verhoog en verseker kan word.

## 6.6 DIE NOODSAAKLIKHEID VAN 'N BEGELEIDINGSPROGRAM VIR EIE OUERS

### Motivering

Uit die onderhoud met die fokusgroep het dit duidelik geblyk dat daar 'n intense behoefte aan 'n ouerbegeleidingsprogram vir hersaamgestelde gesinne bestaan. Hierdie program moet beide voorkomend en terapeuties kan inwerk op die probleemareas wat sodanige gesinne ondervind. Volgens die fokusgroep is hulle bewus van talle huweliksverrykingskursusse vir egpare wat eerste huwelike wil aangaan of wat hulle reeds in eerste huwelike bevind, maar nie wat betref daaropvolgende huwelike nie.

Tydens 'n uitgebreide literatuurstudie het die navorser tot die gevolgtrekking gekom dat die eie ouer juis weens sy/haar verbondenheid aan beide die egpaar- en ouer-kindsisteme 'n sleutelrol in die hersaamgestelde gesin en in die daarstelling van 'n begeleidingsprogram vir eie ouers in hersaamgestelde gesinne, kan speel. Beide die uitgebreide literatuuroorsig en die daaropvolgende verkennende empiriese ondersoek

het bepaalde probleemareas wat as moontlike doelwitte vir 'n ouerleidingsprogram daar gestel is, aangetoon. Tydens hierdie empiriese ondersoek is beide die strukturering van die doelwitte en die sessies van die program aan 'n fokusgroep ouerpare voorgelê. Hulle het soortgelyke probleemareas in hul gesinne waarin eie ouers volgens hulle 'n beduidende rol kan vervul, ondervind en ondervind dit nog steeds.

Tydens hierdie fokusgroepbespreking is sekere aanbevelings gegrond op hul ervaring van die hersaamgestelde gesinsopset, gemaak. Hulle aanbevelings het bygedra daartoe dat doelwitte en sessies sinvol aangepas is.

## 6.7 DIE STRUKTUUR VAN DIE BEGELEIDINGSPROGRAM

Wat betref die struktuur van die program sal die volgorde van die sessies met hul geïdentifiseerde doelwitte as volg daaruit sien:

**SESSIE 1**

**Tydsduur** : Twee uur

**Doelwit** : Toereikende kennisname van die verskillende samestellings in die hersaamgestelde gesinsopset.

**SESSIE 2**

**Tydsduur** : Twee uur

**Doelwit** : Kennisname van die aanwesigheid van 'n uitgebreide gesinstruktuur.

**SESSIE 3**

**Tydsduur** : Twee uur

**Doelwit** : Die identifisering en hantering van onverwerkte verliese.

**SESSIE 4**

**Tydsduur** : Twee uur

**Doelwit** : Die identifisering en bespreking van onrealistiese verwagtinge.

**SESSIE 5**

**Tydsduur** : Twee uur

**Doelwit** : Insig in die noodsaaklikheid van die vestiging van 'n hegte egpaarverhouding om gesinseenheid te bevorder en te verwerklik.

**SESSIE 6**

**Tydsduur** : Twee uur

**Doelwit** : Toereikende kennis ten opsigte van die noodsaaklike bevordering van die kinders se voorgesette verhoudinge met die nie-toesighoudende eie ouers.

**SESSIE 7**

**Tydsduur** : Twee uur

**Doelwit** : Insig rakende die toereikende opvoeding en dissiplinering van die eie en stiefkinders.

**SESSIE 8**

**Tydsduur** : Twee uur

**Doelwit** : Kennis ten opsigte van die effektiewe hantering van die gesinsfinansies tot voordeel van al die betrokke gesinslede.

## 6.8 RIGLYNE VIR EGPAAR- EN HUISVERGADERINGSESSIES TYDENS DIE VERLOOP VAN DIE BEGELEIDINGSPROGRAM

Die volgende riglyne vir egpaarbesprekingsessies en huisvergaderings word in die vooruitsig gestel:

**Egpaarbesprekingsessies:**

- Egpaarbesprekingsessies moet deur die eie ouer in oorleg met die nuwe eglied gereël word.
- Egpaarbesprekingsessies kan gereël word tydens tye wanneer die kinders met hulle maats uitgaan of tydens naweke wanneer die kinders die ander eie ouer besoek en die egpaar tye alleen tot hul beskikking het.
- Dit is egter belangrik dat tydens egpaarbesprekings die eie en stiefkinders nie teenwoordig sal wees nie. Sodoende kan die egpaar eers privaat met mekaar oor sekere gesinsake onderhandel, en ooreenkomste eers bereik, voordat dit tydens huisvergaderings met die kinders bespreek word.

**Huisvergaderings:**

- Huisvergaderings moet onder leiding van die eie ouer in oorleg met die ander gesinslede gereël word om sodoende al die gesinslede te akkommodeer.
- Huisvergaderingstye moenie rigied vasgestel word nie, maar moet soepel wees, sodat alle gesinslede teenwoordig kan wees.
- Dit is belangrik dat huisvergaderings in 'n ontspanne atmosfeer aangebied sal word, sodat alle gesinslede die vrymoedigheid kan hê om hul menings ten opsigte van sekere persoonlike en gesinsake te lug sonder om enigsins bedreig te voel.

## 6.9 DIE UITVOERING VAN DIE BEGELEIDINGSPROGRAM

### Motivering

Die program is gerig op eie ouers in hersaamgestelde gesinne. Dit is egter belangrik dat die nuwe egpaar, as ouerpaar, die program saam moet deurloop. Dit is noodsaaklik, omdat die nuwe egpaar van meet af mede-betrokke moet wees by die verloop van die program. Veral in die opsig waar hulle mekaar as egpaar en ouerpaar moet ondersteun in hul soeke na oplossings vir hul persoonlike, egpaar- en gesinsprobleme. Dit moet ook hier beklemtoon word dat die sinvolheid van die program van hierdie mede-betrokkenheid en mede-ondersteuning van elke egpaar as ouerpaar wat aan die program mag deelneem, afhang.

Let daarop dat die program op aanbeveling van die fokusgroep in die loodsondersoek vir slegs vyf of ses ouerpare aangebied word. Die ouers in hierdie kleiner groep kan vinniger 'n hegte eenheid vorm tydens hierdie mede-betrokkenheid by en wedersydse ondersteuning van mekaar. Volgens die fokusgroep moet die duur van elk van die agt weeklikse sessies nie korter as twee uur wees nie. Die ouerpare moet voldoende tyd en geleentheid gebied word om hierdie mede-betrokkenheid en wedersydse ondersteuning toereikend te kan realiseer.

Die voorgestelde program word vervolgens aangebied en sien as volg daaruit:

### SESSIE 1

**Tydsduur**: Twee uur

**Doelwitte:**

- Kennismaking van die ouerpare met mekaar, sodat hulle mekaar onderling kan leer ken en toenemend kan leer vertrou.
- Bekendstelling van die begeleidingsprogram vir eie ouers aan die ouergroep teenwoordig.

- Toenemende begrip vir die besondere gesinsamestellings van hersaamgestelde gesinne.

**VERLOOP VAN SESSIE 1**

Die eerste sessie van die program word gerig op die kennismaking van die ouerpare met mekaar, sodat hulle mekaar kan leer ken en toenemend kan leer vertrou. Tydens hierdie kennismaking voorsien die programfasiliteerder 'n naamkaartjie aan elke lid van die groep met die versoek om sy/haar naam daarop aan te bring en om dit vir die duur van die program altyd sigbaar te dra. Daarna stel elke lid van die ouerroep hom/haarself aan die res van die groep bekend.

Vervolgens maak die programfasiliteerder die doel en verloop van die program aan die ouergroep bekend. 'n Beroep word op elke lid van die groep, om aktiewe betrokkenheid by en sinvolle betekenisgewing aan die program, gedoen. Hiertydens kan 'n inligtingsbrosjure aan elke ouergroep voorsien en kortliks behandel word. Hierdie bekenstelling van die program is van belang om die ouergroep se belangstelling te wek, sodat hulle van die staanspoor af met ywer betrokke kan raak en aktief, asook betekeninsvol, aan die program kan deelneem.

Die kennismaking met mekaar asook die bekendstelling van die program tydens die eerste sessie kan nie genoeg beklemtoon word nie. Die uiteindelike suksesvolle betrokkenheid by en sinvolle betekenisgewing aan die res van die program hang hiervan af. Indien die programfasiliteerder hierdie twee belangrike aspekte nie toereikend hanteer nie, kan van die ouerpare reeds hier belangstelling in die program verloor.

Na die kennismaking van die ouergroep en die bekendstelling van die program sien die res van die sessie as volg daaruit:

Die programfasiliteerder bied nou voldoende geleentheid aan elke eie ouer en stiefouer, as ouerpaar, om kortliks verslag te doen ten opsigte van die wyse waarop hul gesin saamgestel is. Daarna besin die ouergroep saam oor bepaalde ooreenkomste en verskille wat betref hul onderskeie gesinsamestellings. Die programfasiliteerder kan

hiertydens bepaalde ooreenkomste en verskille op 'n transparant aanteken en aanbied. (Plakkate of skryfborde kan hier dieselfde doel dien.) Hierdie sigbaarheid van die ooreenkomste en verskille is belangrik ten opsigte van die ontwikkeling van 'n lewendige en sinvolle gesprek in hierdie verband.

Die programfasiliteerder kan hierdie ouergesprek aanvul met die stel van die volgende vrae aan die ouergroep waaroor hulle moet kan terugrapporteer:

- Op watter wyse verskil u huidige gesinsamestelling met dié van u eerste gesin?
- Is daar enige ooreenkomste tussen die eerste en die huidige gesinsamestellings?
- Is dit enigsins geregverdig om die eerste en die huidige gesinsamestellings met mekaar te vergelyk?
- Watter aanpassingsprobleme was/is nog ter sprake in die huidige gesinsopset?
- Op watter wyse het die verskille in gesinsamestelling aanleiding tot aanpassingsprobleme gegee?

Met die terugvoering van die ouergroep oor hierdie vrae kan die ouergroep in twee groepe verdeel om aktiewe betrokkenheid en sinvolle betekenisgewing te bewerkstellig. Hierdeur kan groepsbetrokkenheid bevorder word as die ouergroep vanaf die eerste sessie reeds leer saamwerk en soos die program vorder moontlike oplossings vind wat betref die verwerking van probleme wat met die vorming van die verskillende gesinsamestellings aanwesig is.

Die laaste deel van die eerste sessie behels die volgende:

Na die beraadslaging van die onderskeie groepe rakende die gestelde vrae, rapporteer elke groep terug in 'n gesamentlike bespreking. Die ouergroep se gesamentlike bydraes kan verder bydra tot moontlike toereikende kennis en insig ten opsigte van die aanwesigheid van problematiese gesinsamestellings wat met die vorming van hersaamgestelde gesinne gepaard gaan. Die ouergroep kan ook kennis neem van moontlike aanpassingsprobleme in hierdie verband wat ook met die verloop van die program aangespreek sal word. Die programfasiliteerder kan, waar nodig, bydraes lewer tot hierdie bespreking. Die klem val egter op die bydrae van elke

individuele lid van die groep. Die doel is dat elke ouerpaar meer begrip vir hul eie spesifieke gesinsamestelling sal verkry.

Die sessie word afgesluit met die aankondiging en verduideliking van die doelwitte van die tweede sessie, naamlik, die gesonde deelname aan 'n uitgebreide gesinstruktuur. Dit moet hier beklemtoon word dat sake van 'n meer gemeenskaplike aard tydens die aanvangsessies van die program bespreek sal word. Sodoende kan groepskennis, groepsvertroue en groepsbetrokkenheid bevorder word, sodat die ouergroep as 'n eenheid kan leer saamwerk met die doel om mekaar onderling toenemend te ondersteun.

**SESSIE 2**

**Tydsduur**: Twee uur

**Doelwitte:**

- Kennisname van die unieke aard van die uitgebreide gesinstruktuur.
- Toenemende begrip vir die uitgebreide gesinstruktuur met die oog op toereikende rolvervulling in hierdie gesinsopset.

**VERLOOP VAN SESSIE 2**

Die programfasiliteerder gee ter aanvang van die sessie met behulp van die ouergroep se bydraes, 'n kort oorsig oor die verskillende gesinsamestellings wat tydens die eerste sessie geïdentifiseer is.

Dit is belangrik dat die eie ouer en stiefouer van elke gesin kennis sal neem van die feit dat eie en stiefkinders deel kan wees van twee huishoudings, naamlik, die huishouding waar hulle woon en die huishouding wat hulle besoek. Vervolgens kry elke ouerpaar nou die geleentheid om aan die groep te rapporteer watter van die kinders by hulle woon en watter kinders hulle slegs besoek. Die groep neem kennis van die kinders se deelname aan hierdie verskillende huishoudings.

Na hierdie rapportering ten opsigte van inwonende en besoekende kinders binne hul verskillende huishoudings, verdeel die ouergroep in twee groepe vir 'n in-diepte bespreking aan die hand van die volgende vrae:

- Watter kinders woon by u, as egpaar, en watter kinders is slegs besoekers?
- Watter onderskeid tref u, as egpaar, in die hantering van 'n inwonende en besoekende kinders?
- Word inwonende en besoekende kinders verskillend hanteer in die kinders se ander huishoudings?
- Met watter familielede in die twee huishoudings het die kinders nog gereeld kontak?
- Met watter familielede het die kinders kontak verloor en waarom?
- Watter grootouers, asook stiefgrootouers, sien die eie en stiefkinders nog gereeld?
- Watter van hierdie grootouers speel 'n invloedryke rol in die lewens van hierdie kinders?
- Watter van die grootouers speel nie meer 'n rol in die eie en stiefkinders se lewens nie en waarom?
- Is daar sprake van 'n gebrek aan aanvaarding by stiefgrootouers wat betref hul stiefkleinkinders en waarom?

Tydens hierdie groepsverdeling wys elke groep 'n groepleier aan wat 'n kort verslag opstel ten opsigte van die eie en stiefouers se bydraes rakende hierdie vrae. Na die bespreking rapporteer elke groepleier sy/haar groep se insigte aan die groot groep. Die doel is groter begrip vir die rol en probleme van die eie ouer, stiefouer en nie-toesighoudende ouer, asook die probleme van die kinders en stiefkinders.

Ter afsluiting van die sessie kry elke ouerpaar opdrag van die programfasiliteerder om tuis tydens egpaarsessies en huisvergaderingsessies te onderhandel wat betref toereikende wyses waarop die kinders deel kan vorm van sodanige uitgebreide gesinstruktuur. Die kinders se belange en geluk sal sentraal gestel word. Tydens hierdie onderhandelings tussen die ouerpaar en met die kinders onderling kan die eie ouer, met die ondersteuning van die stiefouer, 'n leidende rol speel om die kinders se deelname aan die verskillende huishoudings, asook die uitgebreide gesin te help

bevorder. Die programfasiliteerder kan met die samewerking van die stiefouers die eie ouers versoek om in hierdie opsig die inisiatief te neem en met die aanvang van die derde sessie aan die groep te rapporteer rakende hierdie onderhandelings. Die moontlikheid bestaan dat die ouergroep weens hierdie bydraes hulle kennis oor die hantering van hul eiesoortige uitgebreide gesinstrukture, kan verbreed.

Die sessie word afgesluit met die aankondiging van die doelwitte van die derde sessie, naamlik, die identifisering en hantering van onverwerkte verliese. Die konsep 'onverwerkte verliese' word aan die hand van voorbeelde aan die ouergroep verduidelik.

**SESSIE 3**

**Tydsduur**: Twee uur

**Doelwit:**

- Die identifisering en hantering van onverwerkte verliese in terapeutiese gesprekvoering.

**VERLOOP VAN SESSIE 3**

Ter aanvang van die sessie rapporteer die ouergroep kortliks terug oor hul belewinge in die uitgebreide gesinstruktuur. Die res van die derde sessie behels die identifisering van onverwerkte verliese wat tydens die vorming van die hersaamgestelde gesin onderdruk is. Die programfasiliteerder verduidelik die volgende voorbeelde van onverwerkte verliese aan die ouergroep:

- **Verlies van die kerngesin wat steeds nie aanvaar en verwerk is nie**

Elke ouer/eglied in 'n tweede huwelik moet bewustelik kennis daarvan neem dat hy/sy 'n verlies van 'n vorige kerngesin ervaar het. By egskeiding, asook die afsterwe van 'n vorige eglied, ervaar die toesighoudende eie ouer menigmaal eensaamheid, verlies aan ondersteuning en kameraadskap van die ander eie ouer in die daaropvolgende

enkelouergesinsfase, waartydens die eie ouer meestal alleen verantwoordelikheid aanvaar vir die kind(ers) se opvoeding en dissiplinering. Hierdie gevoelens van verlies kan met die vorming van die hersaamgestelde gesin nog steeds aanwesig wees en die eie ouers met ongelukkigheid, woede, skuldgevoelens en verwyte belas. Die eie ouers moet ook tot die besef kom dat by die dood van vorige egliede en eie ouers die ander eie ouers, sowel as die kinders, die verlies van die gelukkige kerngesin kan ervaar, waar daar 'n diepe verlange na hierdie gestorwe egliede en die eie ouers kan wees. Tydens hierdie gemis of verlange kan die gestorwe egliede geïdealiseer of verromantiseer word. Nuwe egliede en stiefouers moet daarvan kennis dra dat hulle in die vorming van hersaamgestelde gesinne moontlik ongunstig met hierdie vorige egliede, asook eie ouers, vergelyk kan word. Die nuwe egliede en stiefouers kan in soortgelyke gevalle hulself as indringers of buitestaanders in hierdie vorige egpaar-asook eie ouer-kindsisteme beskou en van sodanige sisteme onttrek.

Eie ouers behoort kennis te neem van so 'n gesindheid en moet daarteen waak dat nuwe egliede en stiefouers nie met gestorwe egliede en eie ouers vergelyk word nie. By die dood van vorige egliede en eie ouers kan dit vir die ander eie ouers en kinders nie altyd moontlik wees om hierdie verliese onmiddellik ten volle te verwerk nie. Eie ouers kan met sodanige verworwe kennis nuwe egliede en stiefouers inlig en voorberei ten opsigte van hierdie onverwerkte verliese wat mag bestaan. Sodoende kan nuwe egliede en stiefouers meer geduld aan die dag lê en hierdie betrokke partye meer tyd, asook voldoende geleentheid bied om hierdie verliese mettertyd te verwerk.

Die eie ouers moet ook bewus gemaak word van die feit dat nuwe egliede en stiefouers in hersaamgestelde gesinne ook verliese van kerngesinne kan ervaar. Die eie ouers moet kennis daarvan neem dat nuwe egliede, as stiefouers, intense gevoelens van verlies kan ervaar wat betref die afwesigheid van hul eie kinders, omdat voogskap nie aan hulle toegestaan is nie. Nuwe egliede en stiefouers kan gevolglik skuldgevoelens ondervind, omdat hul tyd en aandag aan stiefkinders gewy word en nie aan hul eie kinders nie. Stiefouers kan gevolglik onttrek van die opvoeding en dissiplinering van die stiefkinders. Eie ouers behoort sensitief ingestel te word vir sodanige moontlikheid en moet begelei word om die situasie taktvol te hanteer.

Eie ouers en stiefouers behoort kennis daarvan te dra dat die kinders ook 'n kerngesin moes prysgee. Verder het die enkelouergesinsfase die kinders in 'n vertrouelingsposisie in die eie ouer se lewe geplaas. Met die vorming van die hersaamgestelde gesin beleef die kinders enersyds dat hierdie vertrouelingsposisie deur die stiefouers oorgeneem word of andersyds dat die eie ouers hulle ondergeskik stel aan die stiefouers. Die kinders ervaar dit dikwels as 'n verdere verlies en kan stiefouers tydelik verwerp of met hulle kompeteer rakende die eie ouers se beskikbare tyd en aandag.

- **Die eie en stiefouers moet ook kennis dra van die volgende voorbeelde van verskille rakende onverwerkte verliese by dood en egskeiding**

By die dood van vorige egliede word hulle dikwels geïdealiseer, maar egskeiding gaan meestal gepaard met bitterheid en geskille oor voogskap en besoekregte. Dit is veral die geval waar toereikende emosionele of sielkunige skeiding tussen een of beide die betrokke partye nog nie kon realiseer nie, omdat hierdie party(e) nog nie gereed vir die egskeiding was nie.

By dood is hierdie skeiding meestal onverwags en gaan dit gepaard met skok, ontkenning en 'n erkende tydperk van rou. By egskeiding geskied dit meestal met voorafbeplanning, maar met die miskenning van 'n erkende routydperk. Daar is egter ook sprake van gevalle waar egskeidingsbevele onverwags op die ander betrokke partye gedien kan word, wat ook skok en ontkenning tot gevolg kan hê. Onverwerkte verliese mag gevolglik bestaan. Hierdie onverwerkte verliese kan aan die kinders oorgedra word. Die gevolg is dat hulle hul ouers, asook hulself, weens moontlike skuldgevoelens vir die egskeiding kan verkwalik, omdat hulle glad nie of slegs deels ingelig is ten opsigte van die betrokke egskeiding. By vorming van hersaamgestelde gesinne kan hierdie onverwerkte verliese van beide egliede en kinders op die nuwe gesinsopset oorgedra word.

Die programfasiliteerder verdeel die ouergroep tydens die volgende deel van die sessie in twee groepe met die opdrag om hierdie voorbeelde van moontlike onverwerkte verliese onderling te bespreek. Die verskillende ouerpare in die groepe moet tydens hierdie besprekings kan identifiseer watter van hierdie voorbeelde op hul betrokke gesinsopset van toepassing is. Hierdeur kan hulle toenemend kennis neem van hierdie

onverwerkte verliese. Die ouerpare moet ook aan hul groepe rapporteer watter van hierdie verliese reeds verwerk is en watter slegs gedeeltelik verwerk is. Die ouerpare kan ook aan hul betrokke groepe verduidelik op welke wyse hulle te werk gegaan het om van hierdie verliese aan te spreek en wat hul tans doen met betrekking tot die moontlike verwerking van verliese wat nog aanwesig mag wees. In hierdie verband kan die eie ouers in die onderskeie groepe weens die sleutelrol wat hulle in hul gesinne vervul 'n leidende rol speel tydens die inisiëring van hierdie gesprekke. Dit is egter belangrik dat die stiefouers hulle sal ondersteun tydens hierdie gesprekke, omdat die aanwesigheid van onverwerkte verliese hul betrokkenheid by die gesin ernstig kan benadeel.

Die volgende temas kan deel vorm van sodanige gesprekke:

- die onverwerkte verliese van die kerngesin;
- onverwerkte verliese tydens dood en egskeiding;
- die moontlike aanwesigheid en hantering van skuldgevoelens, gevoelens van skok, ontkenning, bitterheid, woede en opstand tydens hierdie fases.

Dit is egter belangrik dat die programfasiliteerder van groep tot groep sal beweeg en waar nodig insette lewer om enige verduidelikings en vrae in hierdie verband te hanteer.

Ter afsluiting van die sessie kom die ouergroep bymekaar. Die programfasiliteerder lewer met die ondersteuning van die onderskeie groepe se bydraes, 'n algehele samevatting rakende die onverwerkte verliese op 'n skryfbord of transparant. Tydens hierdie samevatting wys die programfasiliteerder daarop dat van die onverwerkte verliese wat nog mag bestaan tuis tydens egpaar- en huisvergaderingsessies deur elke ouerpaar aangespreek moet word.

Die sessie word afgesluit met die aankondiging van die doelwitte van die vierde sessie, naamlik die uitskakeling van onrealistiese verwagtinge. Die begrip 'onrealistiese verwagting' word aan die hand van voorbeelde aan die ouergroep verduidelik en hulle word gevra om op te let na sodanige verwagtinge in hulle eie gesinsopset.

**SESSIE 4**

**Tydsduur**: Twee uur

**Doelwit**:

- Die identifisering en bespreking van onrealistiese verwagtinge met die oog op die uitskakeling van sodanige verwagtinge.

**VERLOOP VAN SESSIE 4**

Ter inleiding van die vierde sessie gee die ouergroep terugvoering van hul suksesse en probleme rakende hul pogings om onverwerkte verliese in hul gesinne aan te spreek. Vervolgens bied die programfasiliteerder die volgende kort oorsig van die verskillende vorme van onrealistiese verwagtinge waarvan die eie en stiefouers in die ouergroep kennis moet neem om dit mettertyd te kan uitskakel:

- **Onrealistiese verwagtinge: kitsaanvaarding en kitsliefde**

  - Die eie en stiefouers kan menigmaal, omdat hulle as egpaar mekaar reeds aanvaar en innig lief het, van mekaar verwag om hul onderskeie kinders onmiddellik te aanvaar en lief te hê.
  - Die egpaar kan ook van hul kinders verwag om hul stiefouers dadelik te aanvaar en lief te hê.
  - Die nuwe egpaar kan ook van hul eie en stiefkinders verwag om mekaar meteens te aanvaar en lief te hê.
  - Eie ouers verwag gewoonlik van stiefouers om hul kinders onmiddellik te aanvaar en lief te hê. Die eie en stiefouers moet bewus gemaak word daarvan dat hierdie verwagtinge onrealisties en onhaalbaar is. Aanvaarding van en liefde vir mekaar kan slegs gedy in die mate waarin daar 'n toereikende ken- en vertrouensverhouding opgebou word. Die egpaar moet besef dat hierdie ken- en vertrouensverhouding slegs oor 'n tydperk kan ontstaan.

- Die egpaar moet bewus wees van die feit dat hierdie onderlinge aanvaarding van en liefde vir mekaar slegs moontlik kan wees in die mate wat stiefouers en stiefkinders mekaar mettertyd leer ken en aanvaar tydens gesinsinteraksies. Die eie en stiefouers moet genoegsame tyd en geleenthede hiervoor bied. Die egpaar moet kennis neem daarvan dat dit nie altyd moontlik sal wees vir stiefouers om hul stiefkinders net so lief as hul eie kinders te hê nie, alhoewel die moontlikheid nie uitgesluit is nie.
- Die nuwe egpaar verwag ook dikwels van hul kinders om hul stiefouers dadelik te aanvaar en lief te hê, omdat hulle (as egpaar) mekaar reeds aanvaar het en lief het. Die hegte liefdesband tussen die nuwe egliede bestaan gewoonlik nie tussen die stiefkinders en die stiefouers nie. Die stiefkinders kan in 'n poging om hul eie ouers te herenig, die stiefouers tydelik verwerp. Die stiefouers kan die stiefkinders weens hierdie verwerping weer nie aanvaar nie. Wedersydse aanvaarding van en liefde vir mekaar is slegs moontlik waar die stiefouers en stiefkinders mekaar met verloop van tyd leer ken en vertrou. Dit geskied meestal waar die stiefkinders die stiefouers aanvanklik as volwasse vriende aanvaar. Dit is dus belangrik dat die eie ouers die stiefouers en stiefkinders voldoende tyd en geleenthede sal bied om hierdie aanvaarding van en liefde vir mekaar moontlik te maak.
- Die nuwe egpaar verwag dikwels ook van hul onderskeie kinders om mekaar meteens te aanvaar en lief te hê. Dit is 'n uiterste onrealistiese verwagting, veral waar die kinders mekaar nie goed ken nie. In hierdie geval moet die egpaar insig verkry, sodat hulle die kinders genoegsame tyd en geleenthede sal bied om onderlinge toereikende ken- en vertrouensverhoudinge op te bou.

Na die inleidende bespreking van hierdie verskillende vorme van onrealistiese verwagtinge, verdeel die ouergroep in twee om die saak onderling te bespreek. Tydens hierdie groepbespreking moet veral die eie ouers in die onderskeie groepe tot die insig gebring word dat hulle 'n leidende rol kan speel in die uitskakeling van hierdie onrealistiese verwagtinge. Met hierdie kennis en insig kan hulle in die toekoms hul nie verder skuldig maak aan die stel van onrealistiese verwagtinge in hierdie verband nie.

Eie ouers en stiefouers kan in die klein groepbespreking onderhandel ten opsigte van tyd en geleenthede wat nodig is om sodanige verhoudinge te stig.

Die laaste fase van die vierde sessie behels 'n samevatting van die onderskeie groepbesprekings, waar elke groep terugrapporteer rakende die kennis en insig wat hulle opgedoen het met betrekking tot hierdie tipe onrealistiese verwagtinge.

Ter afsluiting van die sessie wys die programfasiliteerder die ouergroep daarop dat hierdie onrealistiese verwagtinge tydens onderhandeling tuis in hul egpaar- en huisvergaderingsessies met die nodige samewerking van al die betrokke gesinslede aangespreek en uitgeskakel moet word.

Die doelwitte van die vyfde sessie word ten slotte aangekondig, naamlik die vestiging van 'n hegte egpaarverhouding en gesinseenheid en die ouergroep word versoek om hul eie situasie in hierdie lig te bedink en te beoordeel.

**SESSIE 5**

**Tydsduur**: Twee uur

**Doelwit**:

- Insig in die noodsaaklikheid van die vestiging van 'n hegte egpaarverhouding om gesinseenheid te bevorder en te verwerklik.

**VERLOOP VAN SESSIE 5**

Tydens die aanvang van die sessie rapporteer die ouergroep terug wat betref die daarstelling van meer realistiese verwagtinge vir hul onderskeie gesinne.

Die programfasiliteerder verduidelik vervolgens die noodsaaklikheid vir eie en stiefouers om deeglik kennis van die belangrike rol van 'n hegte egpaarverhouding in 'n tweede huwelik, te neem. Hegte egpaarverhoudinge is 'n voorvereiste vir die vestiging van 'n hegte gesinseenheid in die nuwe gesinsopset. In die geval waar daar

sprake is van 'n hegte egpaarverhouding is dit ook vir die nuwe egpaar moontlik om mekaar te ondersteun, waar die nuwe egliede as 'n eenheid saamwerk met betrekking tot die eie en stiefkinders se toereikende opvoeding en dissiplinering. Hegte egpaareenheid bied die versekering dat die egpaar nie sal toelaat dat die eie en stiefkinders die nuwe egliede teen mekaar afspeel of probeer manipuleer in 'n poging om hul eie sin te kry nie. 'n Hegte egpaarverhouding maak dit vir die nuwe egliede moontlik om mekaar te ondersteun in die bevordering van hegte gesinsverhoudinge en die skepping van gesinseenheid.

Hierna verdeel die groep in twee kleiner groepe om die noodsaaklikheid van hegte egpaarverhoudinge in diepte te bespreek. Eie ouers kan weens hul betrokkenheid in beide die egpaar- asook ouer-kindsisteme waardevolle bydraes in hul onderskeie groepe lewer en die programfasiliteerder moet hulle hiertoe aanmoedig.

Die eie ouers kan in hierdie verband as groepleiers in hul onderskeie groepe optree en die volgende vrae in hul groepbesprekings behandel:

- Op watter wyse kan egpaarverhouding huweliksgeluk bevorder?
- Watter bydrae lewer hegte egpaarverhoudinge tot die vestiging van hegte gesinseenheid?
- Is dit belangrik vir die nuwe egpaar om ook soms tyd alleen met mekaar te kan deurbring sonder die teenwoordigheid van die kinders en hoe kan dit moontlik gemaak word?
- Op watter wyse kan hegte egpaareenheid die kinders se manipulering van die eie en stiefouers teëwerk?

Die kleiner groepe se standpunte met betrekking tot die vrae word vervolgens in 'n terugvoersessie hanteer. Verdere vrae uit die groot groep kan gestel word en bydraes in hierdie verband kan gelewer word. Die programfasiliteerder vul waar nodig aan en vat die ouergroep se standpunte saam.

Ter afsluiting van die sessie versoek die programfasiliteerder die ouergroep om hul standpunte prakties te gaan toepas in hul huweliks- en gesinslewe, en om met die aanvang van die volgende sessie terugvoering rakende suksesse of probleme in hierdie

verband te gee. Die sessie word afgesluit met die aankondiging van die doelwitte van die sesde sessie, naamlik, die bevordering van die kinders se voortgesette verhoudinge met die nie-toesighoudende eie ouers. Die ouergroep word versoek om tuis daaroor te gaan besin of hierdie voortgesette verhoudinge wel bevorderlik sal wees, al dan nie.

**SESSIE 6**

**Tydsduur**: Twee uur

**Doelwit**:

- Toereikende kennis ten opsigte van die noodsaaklikheid van die kinders se voortgesette verhoudinge met die nie-toesighoudende eie ouers.

**VERLOOP VAN SESSIE 6**

Ter aanvang van die sesde sessie gee die ouergroep kortliks terugvoering wat betref die skepping van moontlike hegter egpaar- asook gesinseenheid.

In die volgende deel van die sessie wys die programfasiliteerder die eie en stiefouers daarop dat navorsing die noodsaaklikheid van die kinders se voortgesette verhoudinge met die nie-toesighoudende eie ouer beklemtoon. In uitsonderlike gevalle, waar dit skadelik of nadelig vir die kinders kan wees om nie-toesighoudende ouers te siene te kry, toon die programfasiliteerder aan dat navorsing asook egskeidingsbevele en -ooreenkomste hierdie voorgesette kontak nie goedkeur nie. Dit geld waar kinders aan fisiese en psigiese verwaarlosing blootgestel kan word en waar die ander ouer nie bevoeg bevind word om voortgesette kontak met die kinders te hê nie.

Hierna verdeel die ouergroep in twee om verder te besin oor hierdie saak.

Die volgende vrae kan indringend tydens hierdie deel van die sessie bespreek word:

- Is dit noodsaaklik vir die kinders om voortgesette verhoudinge met die nie-toesighoudende eie ouers te hê?

- Op welke wyse kan daar toereikend met die nie-toesighoudende ouers onderhandel word, waar beide die toesighoudende en die nie-toesighoudende eie ouers die kinders se belange op die hart dra?

- Is die besoekregte ten opsigte van die kinders wat aan die nie-toesighoudende ouers toegestaan is voldoende om hierdie voortgesette verhoudinge te bevorder of behoort dit met die goedkeuring van al die betrokke partye aangepas te word?

Terugvoering in die groot groep stel die programfasiliteerder in staat om 'n samevatting in hierdie verband te maak.

Die sessie word afgesluit met 'n opdrag aan die ouergroep om in gesinsverband tydens egpaar- en huisvergaderingsessies verder hieroor te gaan onderhandel en om tydens die volgende sessie terugvoering te gee rakende suksesse of probleme in hierdie verband. Tydens hierdie afsluiting kondig die programfasiliteerder ook die doelwitte van die sewende sessie aan, naamlik, insig in die toereikende opvoeding en dissiplinering van die eie en stiefkinders. Ouers word versoek om dit onderling in egpaar- en gesinsverband te gaan bespreek vir die aanvang van die volgende sessie.

**SESSIE 7**

**Tydsduur**: Twee uur

**Doelwit**:

- Insig rakende die toereikende opvoeding en dissiplinering van die eie en stiefkinders.

**VERLOOP VAN SESSIE 7**

Hierdie sessie word ingelei met die terugrapportering van die ouergroep te opsigte van die noodsaaklikheid van die kinders se voortgesette verhoudinge met die nie-toesighoudende eie ouers.

Die programfasiliteerder verduidelik dat probleme met die kinders se opvoeding en dissiplinering die primêre oorsaak is waarom tweede huwelike misluk. Nuwe egpare koester gewoonlik onrealistiese verwagtinge rakende die kinders se opvoeding en dissiplinering. Stiefouers wil dikwels die stiefkinders uit die staanspoor opvoed en dissiplineer, alhoewel daar nog nie ken- en vertrouensverhoudinge tussen hulle en die kinders bestaan nie. Die gevolg is dat die stiefkinders hierdie opvoeding en dissiplinering as ongevraag kan beskou en die stiefouers tydelik of permanent kan verwerp. Dit kan daartoe aanleiding gee dat die stiefouers hul onttrek aan die stiefkinders se opvoeding en dissiplinering. Hierdie verskille kan tot meningsverskille tussen die nuwe egliede aanleiding gee wat die vestiging van hegte egpaarverhoudinge en gesinseenheid ernstig kan benadeel.

Die volgende deel van die sessie behels die besinning van die ouergroep rakende die verbreding en die verdieping van hul kennis en insig aangaande die kinders se opvoeding en dissiplinering.

Die volgende temas in vraagvorm kan tydens die verdeling in kleiner groepe indringend deur die ouergroep bespreek word:

- Bied ek, as eie ouer, aan my nuwe maat voldoende tyd en geleentheid om my kinders te leer ken en aanvaar alvorens ek daadwerklike hulp met dissiplinering verwag?
- Is ek, as stiefouer, van mening dat ek die eie ouers se kinders onmiddellik moet dissiplineer of bied ek eers mettertyd my hulp in hierdie verband aan?
- Watter meningsverskille is daar ten opsigte van die kinders se opvoeding en dissiplinering?
- Op watter wyse kan hierdie meningsverskille toereikend tot voordeel van al die betrokke gesinslede hanteer word?
- Is dit vir ons, as nuwe egpaar, noodsaaklik dat die nie-toesighoudende eie ouer deel moet uitmaak van die kinders se opvoeding en dissiplinering?

Dit is belangrik dat die programfasiliteerder tydens hierdie besprekings van groep tot groep sal beweeg om waar nodig kennis in hierdie verband aan te vul en moontlike onduidelikhede uit die weg te ruim.

Die laaste deel van die sessie word gewy aan die terugvoering, waar die ouergroep se insig verbreed en verdiep kan word rakende die kinders se opvoeding en dissiplinering en die toereikende hantering daarvan. Ter afsluiting van die sessie word die ouergroep versoek om verkreë insigte te gaan toepas tydens die egpaar- en huisvergaderingsessies wat deur die eie ouers gereël kan word. Die sessie word verdaag met die aankondiging van die doelwit van die laaste sessie, naamlik, die effektiewe hantering van die gesinsfinansies met die opdrag om in egpaar- en gesinsverband hieroor te gaan onderhandel vir terugvoering tydens die laaste sessie.

**SESSIE 8**

**Tydsduur:** Twee uur

**Doelwit:**

- Kennis ten opsigte van die effektiewe hantering van die gesinsfinansies tot voordeel van al die gesinslede.

**VERLOOP VAN SESSIE 8**

Ter aanvang van hierdie sessie gee die ouergroep terugvoering van die moontlike suksesse of probleme rakende die hantering van die eie en stiefkinders se opvoeding en dissiplinering. Hiertydens wys die programfasiliteerder daarop dat waar suksesse behaal word dit aangeprys moet word. In gevalle waar daar nog steeds probleme in hierdie verband ondervind word, moet dit as normaal beskou word, omdat dit tyd verg om die noodsaaklike ken- en vertrouensverhouding op te bou.

Tydens die volgende deel van die sessie wys die programfasiliteerder op die algemene probleme rakende die aanwending van gesinsfinansies in hersaamgestelde gesinne. Ouers in sodanige gesinne moet besef dat gesinsfinansies met die grootste omsigtigheid hanteer moet word, sodat dit tot voordeel van alle gesinslede kan strek. In hierdie verband kan die eie ouer 'n sleutelrol speel weens die verbondenheid aan beide die nuwe egpaar- en ouer-kindsisteme. Die programfasiliteerder wys daarop dat dit gewoonlik die minste probleme meebring wanneer alle inkomste saam hanteer

word vir alle gesinsuitgawes. Daar is egter wel gevalle waar die ouers afsonderlik in die finansiële behoeftes van hul onderskeie kinders moet voorsien. Dit is gevolglik vir die nuwe egpaar belangrik om hul prioriteite (voorkeure) in hierdie verband met die grootste omsigtigheid te kommunikeer tydens onderhandelings. Dit geld ook wat betref onderhoudstoelae wat ten opsigte van die kinders uitbetaal of ontvang word wat tot ontevredenheid tussen nuwe egpare aanleiding kan gee.

Die res van die sessie word gewy aan die bespreking van hierdie saak aan die hand van die volgende vrae:

- Is dit vir ons gesin die beste om ons finansies afsonderlik of gesamentlik te hanteer?
- Hoe kan ons die ontvangs en uitbetaling van onderhoudstoelae ten opsigte eie en stiefkinders reël, sodat almal gelukkig en tevrede is?

Insigte in die kleiner groepe word in die groot groep saamgevat en uitgebrei. Die program word afgesluit met die uitnodiging aan die ouers om waar nodig met die programfasiliteerder in aanraking te kom. Verder word die ouergroep ook aangemoedig om hulself as 'n volwaardige ondersteuningsgroep te beskou wat nog steeds op 'n gereelde basis bymekaar kan kom om met die nodige empatie, kennis en insig mekaar onderling toereikend te kan ondersteun.

## 6.10 SINTESE

In hierdie hoofstuk is 'n oorsig gegee van die totale verloop van die begeleidingsprogram vir eie ouers in hersaamgestelde gesinne. Die inhoud van elke sessie is in detail weergegee. Motivering vir en ontwerp van asook uitvoering van die program is volledig verduidelik.

# Hoofstuk 7

# Bevindinge, gevolgtrekkings, leemtes en aanbevelings van die ondersoek

## 7.1 INLEIDING

In die voorafgaande hoofstukke is die unieke aard en samestelling van die hersaamgestelde gesin as 'n komplekse alternatiewe gesinstruktuur uit verskeie perspektiewe toegelig. Dit sluit ook die identifisering van strukturele kenmerke en probleemareas eie aan die hersaamgestelde gesin wat verswarend inwerk op die gesinsinteraksies en opvoedingsgebeure in hierdie gesin, in.

Na 'n uitgebreide literatuurstudie is die sleutelrol wat die eie ouers in die eenheidswording van hierdie gesinne kan vervul en die hantering van hierdie probleemareas, gesinsinteraksies en opvoedingsgebeure ten opsigte van egpaar- en gesinseenheid in ses hersaamgestelde gesinne, van nader beskou. Dit is opgevolg met die daarstelling van 'n begeleidingsprogram vir eie ouers om hulle toereikend toe te rus vir hul unieke taak en verantwoordelikhede ten opsigte van die stigting en onderhouding van harmoniese verhoudinge in die hersaamgestelde gesin.

Die voorgestelde program vir eie ouers is aan die verifikasie en kritiek van 'n fokusgroep van vier ouerpare in hersaamgestelde gesinne onderwerp en aangepas vir toepassing in die praktyk. Die ondersoek word afgesluit met bevindinge, gevolgtrekkings en aanbevelings rakende praktykverbetering in hierdie verband.

## 7.2 DIE DOEL VAN DIE LITERATUUROORSIG EN DIE EMPIRIESE ONDERSOEK

Die doel van die literatuuroorsig en die daaropvolgende empiriese ondersoek was om groter duidelikheid te verkry rakende die volgende aspekte:

- Die unieke aard en samestelling van die hersaamgestelde gesin as 'n komplekse alternatiewe gesinstruktuur.

- Die identifisering en beskrywing van die strukturele kenmerke van en probleemareas in die hersaamgestelde gesin.

- Die daarstelling van 'n verwysingsraamwerk ten opsigte van die sleutelrol wat die eie ouer vervul tydens die gesinsinteraksies en die opvoedingsgebeure in die hersaamgestelde gesin.

- Die bepaling van die invloed van die eie ouer ten opsigte van die skepping van hegte egpaar- en gesinseenheid.

- Die ontwikkeling van 'n begeleidingsprogram om eie ouers met toereikende kennis, insig en vaardighede toe te rus vir hul unieke rol in die hersaamgestelde gesin.

- Die ontwikkeling van die eie ouer se sensitiwiteit en begrip ten opsigte van die stiefouer se sekondêre ondersteuningsrol aan die eie ouer tydens die opvoeding en dissiplinering van die kinders in die hersaamgestelde gesin.

- Die beklemtoning van die noodsaaklikheid van 'n ouerskapkoalisie met die nie-toesighoudende eie ouer in belang van die kinders se opvoeding en dissiplinering.

- Die ontwikkeling van 'n ondersteuningsmeganisme aan die eie ouer in die hantering van onverwerkte verliese voortspruitend uit die ontbinding van vorige gesinsamestellings.

- Die begeleiding aan die eie ouer tot die koestering van meer realistiese verwagtinge ten opsigte van die onderlinge aanvaarding van en liefde vir mekaar as gesinsgenote in die hersaamgestelde gesin.

- Die ontwikkeling van basiese vaardighede om finansies in die hersaamgestelde gesin effektief te hanteer.

## 7.3 BEVINDINGE UIT DIE LITERATUUROORSIG WAT AS TENDENSE NA VORE TREE

Die volgende bevindinge is as tendense geïdentifiseer:

- **Probleme met die opvoeding en dissiplinering van kinders is die primêre probleemarea in die hersaamgestelde gesin.**

Dit geskied meestal waar die eie en die stiefouer uiteenlopende verwagtinge koester wat betref die kinders se opvoeding en dissiplinering. Dit lei tot verhoudingsprobleme tussen nuwe egliede. Probleme met kinders kom ook voor in gevalle waar die stiefkinders nie die stiefouers se opvoeding en dissiplinering wil aanvaar nie. Meestal is die oorsaak hiervan 'n gebrek aan 'n toereikende ken- en vertrouensverhouding tussen stiefouers en stiefkinders.

- **Finansiële probleme is 'n groot bron van konflik in die hersaamgestelde gesin.**

Naas probleme met die kinders se opvoeding en dissiplinering figureer finansiële probleme ook prominent as konflikarea in die hersaamgestelde gesin. Die nuwe egpaar verskil dikwels ten opsigte van finansiële besteding aan eie en stiefkinders, asook rakende onderhoudstoelaes wat aan vorige egliede uitbetaal of van vorige egliede ontvang word. Dit kan die nuwe egpaarverhoudinge benadeel en die vestiging van hegte egpaar- en gesinseenheid belemmer.

- **Onrealistiese verwagtinge ten opsigte van kitsaanvaarding en kitsliefde by die vorming van 'n hersaamgestelde gesin verhoed harmoniese verhoudingstigting.**

Egliede in hersaamgestelde gesinne het weens hul verhoudingslewe voor hul huwelik, mekaar reeds leer ken, aanvaar en lief kry. Dieselfde kan nie gesê word wat betref

onderlinge kennis en aanvaarding van stiefouers en stiefkinders nie. Nuwe egpare koester menigmaal onrealistiese verwagtinge dat nuwe maats en kinders mekaar onmiddellik na die vorming van die huwelik sal aanvaar en liefhê. Daar word nie voldoende tyd en geleenthede gebied waar partye mekaar eers kan leer ken, aanvaar en lief kry nie. Hierdie onrealistiese verwagtinge skep 'n hoë mate van konflik.

- **Die vorming van die hersaamgestelde gesin gaan dikwels gebuk onder die aanwesigheid van onverwerkte gevoelens van verliese wat volg op egskeiding en dood.**

By egskeiding is daar sprake van die verlies van die vorige kerngesin, waar vorige egliede weens 'n gebrek aan emosionele of sielkundige skeiding nog steeds aangetrokke tot mekaar kan voel of bitterheid teenoor mekaar koester. Die kinders ervaar dikwels ook blywende gevoelens van verlies van die kerngesin. Hulle weier om stiefouers te aanvaar, omdat hulle steeds hoop op die hereniging van die eie ouers. Waar kerngesinne ontbind as gevolg van die dood van 'n ouer gaan gevoelens van verdriet en verlies meestal met die idealisering of verromantisering van die vorige egliede en eie ouers, gepaard. Nuwe egliede en stiefouers word dikwels ongunstig met vorige egliede en ouers vergelyk en nie aanvaar nie.

- **By die vorming van hersaamgestelde gesinne maak die kinders dikwels deel uit van twee huishoudings. Konflik ontstaan as gevolg van verskille ten opsigte van besoekreëlings (van nie-toesighoudende ouers), betaling van onderhoudstoelae en eenvormige dissiplinering.**

Nuwe egpare poog dikwels om vorige egliede se invloed op die kinders se opvoeding en dissiplinering uit te skakel. Skuldgevoelens, bitterheid, onverwerkte gevoelens van verlies asook 'n gebrek aan emosionele skeiding tussen vorige egliede, dra hiertoe by. Die noodsaaklikheid van 'n koalisie met nie-toesighoudende eie ouers word maklik misgekyk.

- **Die belangrikheid van hegte nuwe egpaarverhoudinge in die nuwe huwelik word dikwels nie besef nie.**

'n Hegte en liefdevolle verhouding tussen man en vrou in die nuwe huwelik is 'n noodsaaklike hoeksteen van hegte en harmoniese verhoudinge in die hersaamgestelde gesin. Egliede in die nuwe huwelik word dikwels so oorweldig deur al die aanpassings en konflik, dat hulle nie genoeg aandag aan hulle verhouding met mekaar gee nie.

Uit die literatuuroorsig het dit duidelik geblyk dat bogenoemde aspekte eers toereikend aangespreek moet word, voordat daar sprake van harmoniese verhoudingstigting en -onderhouding in hersaamgestelde gesinne kan wees.

## 7.4 BEVINDINGE UIT DIE EMPIRIESE ONDERSOEK WAT OOREENKOMSTE TOON MET TENDENSE UIT DIE LITERATUUROORSIG

Die individuele onderhoude met die ses hersaamgestelde gesinne asook die fokusgroeponderhoud tydens die empiriese ondersoek, bevestig die volgende tendense wat uit die literatuurstudie na vore getree het:

- **Probleme met die opvoeding en dissiplinering van kinders is 'n primêre probleemarea in die hersaamgestelde gesin.**

In beide die individuele en groeponderhoude was die betrokke ouerpare daarmee eens dat probleme met die kinders se opvoeding en dissiplinering dié enkele belangrikste bron van konflik in hersaamgestelde gesinne is. Volgens die ouerpare kom konflik veral voor in gevalle waar daar nie sprake is van die vestiging van hegte egpaarverhoudinge nie. In hierdie gevalle manipuleer die kinders menigmaal die nuwe egpare en poog om 'n wig tussen die stiefouers en die eie ouers in te slaan (moontlik ook om die eie ouers weer te herenig). Die ouerpare wys ook daarop dat indien daar nie 'n hegte egpaareenheid bestaan, waar nuwe egpare saamwerk om hersaamgestelde gesinne te laat slaag nie, die nuwe egpare onrealistiese verwagtinge rakende die kinders se opvoeding en dissiplinering, koester. Dit kan die vorming van hegte egpaarverhoudinge en gesinseenheid ernstig benadeel.

- **Finansiële probleme as bron van konflik in die hersaamgestelde gesin.**

Beide die individuele en groeponderhoude bevestig dat naas probleme met die kinders se opvoeding en dissiplinering, finansiële probleme die tweede grootste bron van konflik is. Volgens die ouerpare kom dit veral voor waar daar nie hegte egpaarverhoudinge tussen die nuwe egpaar gevorm kan word nie en hulle hewig verskil wat betref die aanwending van die gesinsfinansies. Die nuwe eglied en/of eie ouer kan die mening huldig dat hulle finansieel ten koste van vorige egliede uitgebuit word. Dit bemoeilik die balansering van die gesinsfinansies en die hersaamgestelde gesin het nie 'n regverdige kans tot finansiële oorlewing nie. Die ouerpare in beide die individuele en fokusgroeponderhoude bevestig dit dat indien probleme met kinders en finansiële probleme nie oorbrug kan word deur die nuwe egpaar nie, dit maklik tot egskeiding kan lei.

- **Die aanwesigheid van onrealistiese verwagtinge rakende kitsaanvaarding en kitsliefde in die hersaamgestelde gesin, bemoeilik harmoniese verhoudingstigting.**

Beide die individuele en die fokusgroeponderhoude bevestig dat uiteenlopende onrealistiese verwagtinge ten opsigte van kitsaanvaarding en kitsliefde wel kan voorkom by die nuwe egpaar en spesifiek ten opsigte van die kinders. Volgens hierdie onderhoude koester die nuwe eglied en/of die eie ouer onrealistiese verwagtinge ten opsigte van mekaar onderling en wat betref die kinders se opvoeding en dissiplinering. Die vestiging van hegte egpaar- en gesinseenheid word hierdeur bemoeilik. Hierdie tendense wat in die literatuuroorsig volledig bespreek is, word deur die empiriese ondersoek bevestig.

- **Die teenwoordigheid van onverwerkte gevoelens van verliese wat ontstaan het voor die vorming van die hersaamgestelde gesin, bemoeilik alle interaksies.**

Beide die individuele en die fokusgroeponderhoude bevestig dat onverwerkte gevoelens van verlies menigmaal aanwesig is by die nuwe egpaar en die kinders onderling. Egskeiding of die dood van 'n vorige eglied, asook die verlies van 'n

kerngesin, gee volgens die ouerpare daartoe aanleiding dat beide die nuwe egpaar en die kinders onverwerkte gevoelens van verlies ervaar. Hierdie tendense wat ook in die literatuurstudie volledig hanteer is, word deur die empiriese ondersoek bevestig.

- **Die aanwesigheid van vyandigheid en die gebrek aan samewerking tussen die nuwe egpaar en die vorige eglied(e) wat betref voortgesette kontak, betaling van onderhoudstoelae en uitoefening van dissipline, veroorsaak konflik in die nuwe huwelik en gesin.**

Hierdie tendense wat in die literatuuroorsig volledig aangespreek is, word in beide die individuele en fokusgroeponderhoude bevestig. Die belangrikheid van hegte egpaareenheid tydens die onderhandelinge en sluiting van samewerkingsooreenkomste met die nie-toesighoudende eie ouer in belang van die kind(ers), kan nie oorbeklemtoon word nie. Die nuwe egpaar moet as 'n eenheid saamwerk en mekaar onderling ondersteun tydens hierdie onderhandelinge met die nie-toesighoudende eie ouer om 'n ouervennootskap/ouerkoalisie daar te kan stel wat in belang van en tot voordeel van die kinders en hulle eie geluk kan strek.

## 7.5 GEVOLGTREKKINGS UIT DIE LITERATUUROORSIG EN DIE EMPIRIESE ONDERSOEK

7.5.1 Uit beide die literatuuroorsig en die empiriese ondersoek het die navorser tot die besef gekom dat die samelewing waarin lede van hersaamgestelde gesinne hul bevind, tot 'n groot mate bevooroordeeld en oningelig teenoor hierdie gesinne staan en weinig hulp aan hulle bied. Die rede hiervoor is, onder andere, dat die kerngesin nog as die norm van die samelewing beskou word. Die hersaamgestelde gesin word as 'n afwykende gesin gesien wat slegs suksesvol kan funksioneer indien dit op die norme, waardes en rituele van die kerngesin geskoei is. Die literatuuroorsig, asook die daaropvolgende empiriese ondersoek, beklemtoon egter dat die hersaamgestelde gesin deur 'n goedingeligte en onbevooroordeelde samelewing as 'n alternatiewe gesin met 'n eiesoortige stel norme, waardes en rituele geakkommodeer moet word.

7.5.2 Beide die literatuuroorsig en die empiriese ondersoek het duidelik aangetoon dat die hersaamgestelde gesin as 'n komplekse gesinstruktuur met eiesoortige probleemareas, veral tydens die aanpassingsfases (meer pertinent die eerste twee jaar) gesien kan word. Al die lede van die gesin moet gevolglik saam werk om gemeenskapsvooroordele te oorkom, probleemareas op te hef en harmoniese verhoudinge gebaseer op wedersydse kennis, vertroue en gesag te vestig.

7.5.3 Volgens die literatuuroorsig en empiriese ondersoek beklemtoon bestaande navorsing die rol van die stiefouer in die hersaamgestelde gesin, maar die besondere rol van die eie ouer word grootliks misgekyk. Daar word merendeels op die veroorsakende faktore en opheffing van problematiese stiefverhoudinge gefokus. Beide die literatuuroorsig en die empiriese ondersoek het die navorser tot die besef gebring dat die eie ouer juis weens sy/haar verbondenheid aan beide die nuwe egpaar- en reeds bestaande ouer-kindsisteme, met die nodige kennis en insig 'n sleutelrol kan vervul in die hersaamgestelde gesin. Dit geld ten opsigte van die opheffing van problematiese stiefverhoudinge asook die ander probleemareas soos geïdentifiseer deur die literatuuroorsig en die daaropvolgende empiriese ondersoek.

7.5.4 Die literatuurstudie sowel as die empiriese navorsing het die belangrike rol van die eie ouer in vestiging van harmoniese verhoudinge in die hersaamgestelde gesin aan die lig gebring. Ten einde die eie ouer in staat te stel om sy/haar sleutelrol in die hersaamgestelde gesin funksioneel en effektief te vervul, is dit noodsaaklik dat die eie ouer toereikende kennis en insig van die self, nuwe eglied, eie en stiefkind(ers) asook die funksionering van die hersaamgestelde gesin verkry. Die realiteit is egter dat eie ouers juis weens 'n gebrek aan die nodige selfkennis, kennis van hul gesinslede en die unieke aard en samestelling van hersaamgestelde gesinne as alternatiewe gesinstrukture hierdie rol nie effektief en funksioneel kan vervul nie. Hierdie gebrek aan kennis en insig het die gevolg dat eie ouers weens hul verbondenheid en lojaliteit aan beide die ouer-kind- asook nuwe egpaarsisteme lojaliteitskonflikgevoelens ervaar. Hulle bevind hul noodwendig vasgevang tussen hierdie sisteme, waar hulle manipuleer word rakende beskikbare tyd en aandag wat onderskeidelik aan die

betrokke partye bestee word. Eie ouers ervaar dikwels gevoelens van magteloosheid, skuld en wanhoop. Die teendeel is ook waar, aangesien eie ouers met toereikende kennis en insig in hierdie verband hul juis in 'n bemagtigingsposisie bevind om hierdie sleutelrol funksioneel en effektief te vervul. Met hierdie kennisverwysingsraamwerk/agtergrondskennis tydens die voorafgaande literatuuroorsig en die daaropvolgende empiriese ondersoek, het die navorser tot die gevolgtrekking gekom dat toereikende kennis en insig deur middel van die deurloping van die begeleidingsprogram vir eie ouers in hersaamgestelde gesinne noodsaaklik is. Vir hierdie doel is die begeleidings-program vir eie ouers in hersaamgestelde gesinne ontwikkel en verfyn.

## 7.6 LEEMTES IN DIE NAVORSING

Die navorsingstudie behels 'n uitgebreide literatuuroorsig, asook 'n empiriese ondersoek van beperkte omvang, waar ses hersaamgestelde gesinne deur middel van sneeubalsteekproeftrekking deel van die kwalitatiewe navorsingsondersoek gevorm het. Dit is opgevolg met die ontwikkeling van 'n begeleidingsprogram vir eie ouers in hersaamgestelde gesinne wat aan die evaluering van 'n fokusgroep van vier ouerpare onderwerp en aangepas is. Beide die literatuurstudie en die empiriese ondersoek het die volgende relevante leemtes in die navorsing geïdentifiseer:

- **Die beperkte omvang van bestaande en resente Suid-Afrikaanse literatuurbronne rakende hersaamgestelde gesinne**

Dit het die navorser genoodsaak om tydens die literatuurverkenning meestal Britse en Amerikaanse bronne te raadpleeg wat nie die Suid-Afrikaanse multikulturele hersaamgestelde gesinsopset aanspreek nie.

- **Steekproeftrekking is nie verteenwoordigend van alle hersaamgestelde gesinne nie**

Oningeligtheid en bevooroordeeldheid van die samelewing gee daartoe aanleiding dat hersaamgestelde gesinne meestal geheimsinnig as 'skyn' kerngesinne funksioneer in 'n poging om hierdie vooroordeel en miskenning te ontkom. Inligtingsbronne rakende

hersaamgestelde gesinne is gevolglik nie vrylik beskikbaar nie. Dit het identifisering van hierdie gesinne met betrekking tot algemeen-geldige en betroubare empiriese navorsing bemoeilik. Die navorser het gevolglik van sneeubalsteekproeftrekking gebruik gemaak om die gesinne te identifiseer wat aan die vasgestelde voorgeskrewe vereistes vir hierdie kwalitatiewe navorsingsondersoek voldoen. In 'n poging om hierdie leemte aan te spreek het die navorser plaaslike skoolhoofde asook kerklui genader wat gesinne vir hierdie doel geïdentifiseer het. Gesinne wat aan die voorgeskrewe vereistes voldoen het, het op hul beurt weer kwalifiserende gesinne aan die navorser voorgestel. Feit bly egter dat die diversiteit in die Suid-Afrikaanse gemeenskap nie voldoende aangespreek is om algemeen-geldende gevolgtrekkings en aanbevelings vir hersaamgestelde gesinne in alle kultuurgroepe te maak nie.

- **Die beperkte omvang van die ondersoekgroepe maak veralgemening nie moontlik nie en was ook nie die primêre doel van hierdie navorsingsprojek nie**

Die ondersoekgroep van ses hersaamgestelde gesinne en die fokusgroep van vier ouerpare in die hersaamgestelde gesinsopset behels 'n relatief klein ondersoekgroep. Hierdie gesinne is weens die voorgeskrewe vereistes doelgerig geïdentifiseer rakende hul funksionering (of moontlike wanfunksionering) in hul betrokke gesinsbestel. Hierdie inligting is hoofsaaklik aangewend om 'n oorkoepelende begeleidingsprogram vir eie ouers, wat mettertyd vir 'n breër mark aangepas kan word, daar te stel.

- **Veralgemening na ander kultuurgroepe was nie moontlik nie**

Aangesien die kultuurgroepe in die multikulturele samelewing nie deel van die empiriese ondersoek van beperkte omvang kon vorm nie, kon daar gevolglik nie oor gesinne in die betrokke kultuurgroepe veralgemeen word nie. Dit was nie die doel van hierdie studie nie, maar dit inisieer dringende navorsing in hierdie verband.

- **Die empiriese ondersoek is slegs in stedelike verband uitgevoer**

Die feit dat slegs stedelike hersaamgestelde gesinne geïdentifiseer is, maak veralgemening na plattelandse gesinne nie moontlik nie. Toenemende verstedeliking

gee daartoe aanleiding dat die oorgrote meerderheid hersaamgestelde gesinne hul in stedelike gebiede bevind, waar meer intense aanpassingsprobleme weens die gejaagde stadslewe ervaar word.

- **Die empiriese ondersoek was beperk tot die middel tot hoë sosio-ekonomiese groep hersaamgestelde gesinne**

Aangesien die ouerpare en die adolessente wat aan die ondersoek deelgeneem het van die middel tot hoë sosio-ekonomiese groepe afkomstig was, kan daar nie oor lae sosio-ekonomiese groepe veralgemeen word nie. Verdere navorsing in hierdie verband is noodsaaklik.

Dit is belangrik om daarop te let dat ten spyte van die genoemde leemtes daar tydens die empiriese ondersoek primêre tendense uitgelig is rakende die eie ouers se sleutelrol in die funksionering van hersaamgestelde gesinne wat die begeleidingsprogramontwikkeling gerig het. Daar sal noodwendig aanpassings gemaak moet word vir die aanbieding van die program in ander kultuur- asook sosio-ekonomiese groepe. Hierdie nodige aanpassings in aanbieding dien egter 'n belangrike doel met betrekking tot die stimulering van verdere navorsing in die ontwerp en aanbieding van sodanige programme.

## 7.7 AANBEVELINGS MET DIE OOG OP PRAKTYKVERBETERING

Aanbevelings wat uit die ondersoek en bevindinge voortvloei, behels die volgende:

- Nuwe egpare betree hersaamgestelde gesinne meestal deels oningelig en nie altyd toereikend voorbereid vir die eise van en die lewe in sodanige komplekse gesinne nie. Voornemende egpare wat tweede of verdere huwelike wil aangaan, behoort voor of vroeg in hul voorgenome huwelik die voorgestelde begeleidingsprogram vir eie ouers of ander hulpprogramme in hierdie verband te deurloop. Dit sal hulle in staat stel om die hersaamgestelde gesin met die nodige agtergrondskennis en insig te betree. Dit is belangrik dat die eie ouer in hierdie verband die inisiatief moet neem, aangesien die nuwe egpaar deeglik

voorbereid moet wees vir die eise en uitdagings wat hierdie komplekse alternatiewe gesinsvorm aan hulle stel.

- Huweliksbevestigers in hul onderskeie kerkdenominasies asook landdrosdistrikte moet geadviseer word om voornemende egpare in te lig in verband met die begeleidingsprogram of soortgelyke programme. Dit sal nuwe egpare die geleentheid bied om tydens hierdie programme toereikend ingelig te word rakende hul verantwoordelikhede met betrekking tot hierdie eise en uitdagings.

- Dit is noodsaaklik dat die voorgestelde begeleidingsprogram vir eie ouers en sodanige terapeutiese programme 'n integrale deel moet vorm van die professionele opleiding van kerk- en regslui wat as huweliksbevestigers dien. Hierdie opleiding kan hulle toereikend toerus om adviserend op te tree tydens hul onderhandelings met voornemende egpare wat vir 'n tweede maal in die eg verbind wil word.

- Leerders in openbare en privaatskole maak weens gesinsverbrokkeling, egskeiding en hertroue toenemend deel uit van hersaamgestelde gesinne. Dit is belangrik dat departementshoofde spesifiek verantwoordelik vir opvoedkundige leiding kennis moet neem van die voorgestelde begeleidingsprogram vir eie ouers of ander hulpprogramme in hierdie verband. Sodanige programme kan dan in oorleg met opvoedkundige sielkundiges en/of maatskaplike werkers beplan en aangebied word vir die ouerpare van die leerders. Departementshoofde (opvoedkundige leiding) moet spesifiek vir hierdie doel bepaalde ouerleidingsessies reël, waar die ouerpare van die leerders wat 'n behoefte hiervoor toon, geakkommodeer kan word.

- Begeleidingsprogramme wat hul spesifieke ontwikkelingstand en behoeftes in ag neem, moet vir kinders en adolessente ontwikkel word om hulle toereikend toe te rus vir verhoudingsvorming in hersaamgestelde gesinne.

- Tydens lewensoriënteringsperiodes vir leerders behoort programme soortgelyk aan dié wat reeds oor beroepsvoorligting, geslagsvoorligting, VIGS-voorligting, dwelmmisbruik en satanisme gaan, aangebied te word. Sodoende kan leerders

rakende hul gesinslewe in kerngesinne, uitgebreide gesinne asook enkelouer- en hersaamgestelde gesinne toereikend, toegelig word.

- Die voorgestelde begeleidingsprogram behoort ook in kerkverband deel te vorm van die talle huweliks- en lewensverrykingskursusse, ander gesinskursusse en seminare wat op 'n gereelde basis by hierdie instansies aangebied word.

- Dit is belangrik dat die voorgestelde begeleidingsprogram vir eie ouers by die volgende instansies bekend gestel en bemark word:

  - Kerke
  - Landdroskantore
  - Skole
  - FAMSA (Die Nasionale Raad vir Huweliks- en Gesinslewe)
  - SARE (Die Suid-Afrikaanse Raad vir Enkelouerskap)
  - Die Christelike Maatskaplike Raad en ander welsynsorganisasies
  - Sielkundige verenigings
  - Die Suid-Afrikaanse Vrouefederasie en ander vroue ligas asook gesinsorganisasies

  Sodoende kan hierdie program deel vorm van die hulp- en terapeutiese programme wat hierdie onderskeie organisasies aanbied om die toenemende gesinsverbrokkeling en gesinskrisisse aan te spreek. Dit kan so gesinsharmonie skep, sodat gesinne as funksionele sisteme in die samelewing kan funksioneer.

- Gesinsterapeute, opvoedkundige, kliniese en pastorale sielkundiges, maatskaplike werkers, voogonderwysers en predikante behoort kennis te neem van die bestaan en inhoud van hierdie begeleidingsprogram vir eie ouers in hersaamgestelde gesinne. Sodanige ouers kan dan aangemoedig en ondersteun word om die program te deurloop.

- Die begeleidingsprogram vir eie ouers behoort in 'n aangepaste vorm op die internet geplaas te word. 'n Webwerf spesifiek daarvoor behoort geskep te word. Dit sal egpare, asook ouerpare in die hersaamgestelde gesinsopset, die

geleentheid bied, om in die gerief van hul eie woning en na eie behoefte, daarop te kan inskakel om hul kennis en insig in hierdie verband te verbreed en te verdiep.

## 7.8 AANBEVELINGS VIR VERDERE NAVORSING

Dringende voortgesette navorsing ten opsigte van die volgende aspekte word as prioriteite beskou:

- Dit is 'n erkende feit dat die hedendaagse samelewing in 'n groot mate onsimpatiek, bevooroordeeld en oningelig teenoor hersaamgestelde gesinne staan. Daar word gevolglik aanbeveel dat die spesifieke rol wat die samelewing kan vervul ten opsigte van die meer harmoniese vorming van hersaamgestelde gesinne, waar die samelewing meer doelgerigte hulp en ondersteuning aan hierdie gesinne bied, indringend ondersoek sal word. Sodoende kan die samelewing se empatie, kennis en insig met betrekking tot hersaamgestelde gesinne as alternatiewe gesinstrukture verbreed en verdiep word. Dan kan hierdie gesinne, naas kerngesinne as die erkende norm van die samelewing, ook volwaardige erkenning geniet. Die noodsaaklikheid van ondersteuningsdienste wat verder in hierdie verband geïdentifiseer kan word om hulp aan hierdie gesinne te bied, is belangrik. Hersaamgestelde gesinne het al die hulp nodig wat beskikbaar gestel kan word, aangesien meer as die helfte van hierdie gesinne in die egskeidingshof eindig.

- Die voorgestelde begeleidingsprogram is spesifiek vir eie ouers in hersaamgestelde gesinne ontwikkel. Dit is egter noodsaaklik dat soortgelyke programme ook ten opsigte van die begeleiding van kinders en adolessente in hierdie betrokke gesinne ontwikkel moet word. Aparte programme behoort vir kinders en adolessente in hersaamgestelde gesinne beskikbaar gestel te word. Veral omdat hulle weens eie behoeftes en verskillende ontwikkelingsvlakke eiesoortige aanpassingsprobleme in die betekenisgewing aan hierdie alternatiewe gesinsvorme kan ervaar.

- Finansiële probleme vier menigmaal hoogty in hersaamgestelde gesinne, onder andere, weens oningeligtheid, wanbesteding en kortsigtige hantering van die gesinsfinansies. Praktiese riglyne met betrekking tot die finansiële begroting vir hersaamgestelde gesinne behoort saamgestel te word. Dit sal nuwe egpare in staat stel om hul gesinsinkomstes en -uitgawes te balanseer, sodat dit tot voordeel van al die gesinslede aangewend word.

- Empiriese navorsing ten opsigte van die aanbieding van begeleidingsprogramme vir eie ouers, kinders en adolessente vir ander kultuurgemeenskappe asook sosio-ekonomiese stande in die multikulturele samelewingsopset in Suid-Afrika is dringend noodsaaklik om die programme na gelang van unieke behoeftes aan te pas.

## 7.9 SLOTOPMERKINGS

Dit kan nie betwyfel word nie dat die post-moderne samelewing sosio-ekonomiese en politieke veranderinge beleef, wat 'n traumatiese uitwerking op die gesinslewe in Suid-Afrika het. Dit het grootskaalse gesinskrisisse tot gevolg wat dringend op provinsiale en nasionale regeringsvlak aangespreek moet word om algehele gesinsverval te voorkom. Le Roux en Lintott (Pretorius 1998:366 en 371) beklemtoon dit so: As gevolg van radikale maatskaplike, ekonomiese en tegnologiese veranderinge het gesinsverhoudinge toenemend ontaard, sodat talle gesinne nie meer die ideale opvoedingsmilieu bied nie. Ouer en kind bevind hulle tans in 'n samelewing waar permissiwiteit, verval van tradisionele waardes en norme, sosiale konflik, geweld en 'n gedrewenheid na materiële gewin aan die orde is. Hierdie negatiewe sosiale faktore het 'n bepalende invloed op die kind se denke en gedrag. Kinders en jongmense bevind hulle in 'n verwarrende grysland tussen die sogenaamde 'nuwe moraliteit' en tradisionele norme en waardes. Die mag van moderne tegnologiese ontwikkeling konfronteer ouers en kinders met 'n veelheid van uiteenlopende en dikwels teenstrydige norme. Die noodwendige gevolg hiervan is 'n verlies aan sekuriteit, sosiale wanaanpassing en verhoudingsprobleme. Die kind plaas die waarheid uiteraard onder verdenking indien ouers se morele voorlewing dubbele waardes vertoon.

Negatiewe samelewingstendense wat verswarend op die gesinslewe inwerk, is onder andere, sosiale en gesinsgeweld (met die klem op toenemende kinder- en vrouemishandeling), stygende egskeidingsyfers, die eskalerende misdaadsyfers, jeugmisdaad, dwelm- en alkoholmisbruik, die nasionale VIGS-pandemie, jeugselfmoord, satanisme en die groter wordende straatkindprobleem.

Alle gegewens beklemtoon dit dat die gesinslewe met disharmoniese verhoudingsvorming en uiteindelike gesinsverval, as realiteit toenemend in die Suid-Afrikaanse samelewing voorkom. Dit vertroebel ouers se betrokkenheid by mekaar asook by hul kinders tot 'n hoë mate en moet dringend aangespreek word. Die feit dat 'n relatiewe groot persentasie van geskeide ouers met kinders weer in die huwelik tree en as hersaamgestelde gesinne funksioneer, bied die moontlikheid dat gesins-verbrokkeling opgehef kan word. Dit is wel moontlik waar hierdie gesinne begeleidings- of terapeutiese programme deurloop om effektief en sinvol te funksioneer. Ouers en kinders betree hierdie alternatiewe komplekse gesinsopset meestal oningelig of deels ingelig. Dit veroorsaak aanpassings- en verhoudings-probleme wat verdere egskeidings en gesinsverval tot gevolg kan hê en moet dringend aangespreek word. Die bindingsrol van die eie ouer in hierdie proses is in hierdie studie volledig aangespreek.

Die oorkoepelende doel met hierdie navorsingsprojek is juis om teen die agtergrond van 'n uitgebreide literatuuroorsig en in-diepte empiriese ondersoek, 'n begeleidings-program vir eie ouers daar te stel om 'n betekenisvolle rol te vervul in die effektiewe funksionering van hersaamgestelde gesinne. Die deurloping van hierdie begeleidings-program rus eie ouers toe om met toereikende kennis en insig hul sleutelrol suksesvol te volvoer.

Die begeleidingsprogram vir eie ouers asook ander terapeutiese programme vir hersaamgestelde gesinne kan 'n prominente bydrae in hierdie verband lewer. Dit is ook noodsaaklik dat sodanige programme na alle bevolkingsgroepe uitgebrei sal word. Die grootskaalse gesinsverbrokkeling in alle kultuurgroepe behoort op beide provinsiale en nasionale regeringsvlakke aangespreek te word om algehele gesinsverval in die Suid-Afrikaanse samelewing te voorkom. Die aankondiging van 'n nasionale gesinsjaar met die koestering van 'n gesonde gesinslewe as fokuspunt,

grootskaalse betrokkenheid van die media (veral radio en televisie) en voortdurende insette van alle rolspelers om toe te sien dat gesinne sosiaal, ekonomies en normgerig effektief funksioneer, het dringend noodsaaklik geword. Die voortbestaan van 'n harmoniese en opvoedkundig geborge gesinslewe, is voorwaarde vir die voortbestaan van 'n land en sy mense.

# *Bronnelys*


Adams, BN. 1986. ***The family: A sociological interpretation.*** New York: Harcourt Brace Jovanovich.

Acock, AC & Demo, DH. 1994. ***Family diversity and well-being***. London: Sage.

Ary, D, Jacobs, LC & Razavieh, A. 1985. ***Introduction to research in education.*** New York: Holt, Rinehart & Winston.

Barber, BL & Lyons, JM. 1994. Family processes and adolescent adjustment in intact and remarried families. ***Journal of Youth and Adolescence*** 23(4):421-436.

Bell, RR. 1983. ***Marriage and family interaction***. Homewood, Ill: Dorsey Press.

Bester, CW. 1994. The consequences of urbanization and westernization on Black family life in South Africa. ***Social Work*** 30(2):101-106.

Bosman, DB, Van der Merwe, IW en Hiemstra, MA. 1969. ***Tweetalige woordeboek***. Kaapstad: Nasionale Boekhandel.

Bray, JH. 1994. Assessment issues with stepfamilies. ***The Family Journal: Counselling and Therapy for Couples and Families*** 2(2):163-166.

Britz-Scheepers, L en Du Preez, MSE. 1994. Die hersaamgestelde gesin: 'n Maatskaplikewerk-perspektief. ***Social work/Maatskaplike werk*** 30(3):237-247.

Chapman, SF. 1991. Attachment and adolescent adjustment to parental remarriage. ***Family Relations*** 40:232-237.

Claxton-Oldfield, S. 1992. Perceptions of stepfamilies: Disciplinary and affectionate behaviour. ***Journal of Family Issues*** 13(3):378-389.

Cline,, RKJ. 1990. ***Focus on families: A reference handbook.*** England: Clio Press.

Coleman, M & Ganong, LH. 1990. Remarriage and stepfamily research in the 1980s: Increased interest in an old family form. ***Journal of Marriage and the Family*** 52(4):925-940.

Coleman, M, Ganong, LH & Goodwin, C. 1994. The presentation of stepfamilies in marriage and family textbooks: A reexamination. ***Family Relations*** 43:289-297.

Dainow, S. 1997. ***Be your own counsellor: A step-by-step guide to understanding yourself better.*** London: Piatkus Publishers.

De'Ath, E. 1996. Family change: Stepfamilies in context. ***Children & Society*** 10:80-82.

Denscombe, M. 1998. ***The good research guide for small-scale social research projects.*** Buckingham, Phil: Open University Press.

Derbyshire, EJ. 1988. Die sosiale lewe van die leergestremde adolessente seun. Ongepubliseerde MEd-verhandeling. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

De Wet, JJ, Monteith, JL de K, Venter, PA en Steyn, HS. 1981. ***Navorsingsmetodes in die opvoedkunde***. Durban: Butterworths.

Dryden, W & Feltham, C. 1994. ***Developing the practice of counselling.*** London: Sage.

Duberman, L. 1975. ***The reconstituted family: A study of remarried couples and their children.*** Chicago: Nelson-Hall.

Du Plessis, J. 1993. 'n Terapeutiese program vir die hersaamgestelde gesin vanuit 'n sielkundig-opvoedkundige perspektief. Ongepubliseerde DEd-verhandeling. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

Du Plessis, J. 1994. Enkele kenmerke van en probleme eie aan die hersaamgestelde gesin. ***Lyra Academica*** 9(2):64-80.

Du Pré, L & Eksteen, L. 1995. ***Groot Afrikaanse sinoniemwoordeboek.*** Pretoria: Van Schaik.

Du Toit, SJ en Piek, PJ. 1974. ***Die tematiese appersepsietoets: 'n Hulpmiddel vir die sielkundige***. Pretoria: Academica.

Engelbrecht, CS. 1994. Die noodsaaklikheid van gesinsopvoeding. ***Pedagogiekjoernaal*** 15(2):21-37.

Ferreira, M & Puth, G. 1988. Focus group interviewing. In: Ferreira, M *et al* (eds). ***Module 3: Introduction to qualitative research methods***. Pretoria: Human Sciences Research Council.

Fine, D. 1995. ***A special bond: Building a healthy family in the new South Africa*** . Johannesburg: Ravan Press.

Fine, MA & Kurdek, LA. 1992. The adjustment of adolescents in stepfather and stepmother families. ***Journal of Marriage and the Family*** 54(4):725-736.

Gerdes, CG, Moore, C, Ochse, R en Van Ede, D. 1988. ***Die ontwikkelende volwassene***. Durban: Butterworths.

Gillis, H. 1992. ***Counselling young people: A practical guide for parents, teachers and those in helping professions.*** Saxonwold, Johannesburg: Lynn Publications.

Gouws, E & Kruger, N. 1994. ***The adolescent: An educational perspective.*** Durban: Butterworths.

Gouws, E, Kruger, N & Burger, S. 2000. ***The adolescent***. Sandown: Heinemann Publishers.

Gouws, LA, Louw, DA, Meyer, WF en Plug, C. 1982. ***Psigologie woordeboek***. Johannesburg: McGraw-Hill.

Hall, CM. 1994. ***New families: Reviving and creating meaningful bonds.*** New York: Harrington Park Press.

Harding, LF. 1996. ***Family, state and social policy***. London: Macmillan.

Harvey, EW. 1992. ***Sosiale verandering en gesinsbeleid in Suid-Afrika, 1930-1986***. Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.

Henry, CS & Lovelace, SG. 1995. Family resources and adolescent family life satisfaction in remarried family households. ***Journal of Family Issues*** 16(6):765-786.

Hollway, W & Jefferson, T. 2000. ***Doing qualitative research differently: Free association, narrative and the interview method***. London: Sage.

Howard, HI & Michael, B. 1995. ***Family mediation: Contemprary issues***. London: Sage.

Jones, CL, Tepperman, L & Wilson, SJ. 1995. ***The futures of the family***. Englewood Cliffs, NJ: Prentice-Hall.

Kruger, BJ. 1990. Verwagtinge, opvoedingsverhoudinge en persoonskenmerke in die enkelouergesin. Ongepubliseerde MEd-verhandeling. Pretoria: Vista Universiteit.

Kurdek, LA & Fine, MA. 1991. Cognitive correlates of satisfaction for mothers and stepfathers in stepfather families. ***Journal of Marriage and the Family*** 53:565-572.

Kurdek, LA, Fine, MA & Sinclair, RJ. 1994. The relationship between parenting transitions and adjustment in young adolscents: A multisample investigation. ***Journal of Early Adolescence*** 14(6):412-431.

Labuschagne, FJ & Eksteen, LC. 1993. ***Verklarende Afrikaanse Woordeboek***. Agtste hersiene en uitgebreide uitgawe. Goodwood: Van Schaik.

Lefrançois, GR. 1990. ***The lifespan***. Belmont, Cal: Wadsworth.

MacDonald, WL & De Maris, A. 1995. Remarriage, stepchildren, and marital conflict: Challenges to the incomplete institutionalization hypothesis. ***Journal of Marriage and the Family*** 57:387-398.

MacDonald, WL & De Maris, A. 1996. Parenting stepchildren and biological children: The effects of stepparent's gender and new biological children. ***Journal of Family Issues*** 17(1):5-25.

Maconachie, M. 1989. Exploring the marital histories of some white South Africans. ***The South African Journal of Sociology*** 20(1):47-52.

Maforah, NF. 1987. The changing role of the Black family and its adaptation to the present needs. ***Social Work 23(4):262-268.***

Maykut, P & Morehouse, R. 1994. ***Beginning qualitative research: A philosophic and practical guide***. London: The Falmer Press.

Montgomery, MJ, Anderson, ER, Hetherington, EM & Clingempeel, WG. 1992. Patterns of courtship for remarriage: Implications for child adjustment and parent-child relationships. ***Journal of Marriage and the Family*** 54:686-698.

Mouton, J. 1996. ***Understanding social research.*** Pretoria: Van Schaik.

Mouton, J en Marais, HC. 1988. ***Metodologie van die geesteswetenskappe: Basiese begrippe.*** Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.

Noller, P & Callan, V. 1991. ***The adolescent in the family***. London: Routledge.

Odendal, FF, Schoonees, PC, Swanepoel, CJ, Du Toit, SJ & Booysen, CM. 1988. ***Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal***. Tweede uitgawe. Johannesburg: Perskor.

Pretorius, JWM. 1998. ***Sosiopedagogiek 2000.*** Pretoria: Van Schaik.

Prinsloo, E. 1991. Selfaktualisering van die stiefkind. Ongepubliseerde DEd-proefskrif. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

Prinsloo, E. 1993. Stadig met stiefkinders. ***CSD/SWO Bulletin*** 5(3):10-11.

Prinsloo, E. 1993. Topical problems of the reconstituted family in contemporary society. ***Educare*** 22(1&2):38-48.

Prinsloo, E & Du Plessis, S. 1998. ***Sosio-Opvoedkunde I. Enigste studiegids vir OSO421-U (BEd).*** Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

Pugh, G & De 'Ath, E. 1984. ***The needs of parents: Practice and policy in parent education***. London: Macmillan.

Rank, MR & Kain, EL. (eds). 1995. ***Diversity and change in families: Patterns, prospects and policies.*** Englewood Cliffs, NJ: Prentice-Hall.

Rapoport, RN, Fogarty, MP & Rapoport, R. 1982. ***Families in Britain***. London: Routledge & Kegan Paul.

Robinson, M. 1991. ***Family transformation through divorce and remarriage: A systematic approach.*** London: Routledge.

Sanders, GF & Trygstad, DW. 1989. Stepgrandparents and grandparents: The view from young adults. ***Family Relations*** 38:71-75.

Sax, G. 1979. ***Foundations of educational research***. Englewood Cliffs, NJ: Prentice-Hall.

Schuster, CS & Ashburn, SS. 1986. ***The process of human development: A holistic life-span approach.*** Boston: Little, Brown & Co.

Steinberg, L, Belsky, J & Meyer, RB. 1991. ***Infancy, childhood and adolescence***. New York: McGraw-Hill.

Steyn, AF. 1990. Aard en voorkoms van verskillende gesinstrukture in die samelewing. ***Die Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Sosiologie*** 21(2):119-129.

Steyn, AF. 1991. The changing family in South Africa. ***The South African Journal of Sociology*** 22(1):23-30.

Steyn, AF. 1994. ***Family structures in the RSA***. Pretoria: Human Sciences Research Council.

Steyn, AF, Van Wyk, D en Le Roux, T. 1987. ***Die gesin: Gister en vandag***. Pretoria: Academica.

Suid-Afrika. Sentrale Statistiekdiens. 1994. ***Huwelike en egskeidings.*** Pretoria: Staatsdrukker (SSD-verslag No 03-07-01).

Suid-Afrika. Sentrale Statistiekdiens. 1995. ***Demografiese Statistieke***. Pretoria: Staatsdrukker.

Suid-Afrika. Sentrale Statistiekdiens. 1996. ***Huwelike en egskeidings.*** Pretoria: Staatsdrukker (SSD-verslag No P0307).

Visher, EB & Visher, JS. 1978. Major areas of difficulty for stepparent couples. ***International Journal of Family Counselling*** 6(2):70-80.

Visher, EB & Visher, JS. 1979. ***Stepfamilies: A guide to working with stepparents and stepchildren***. New York: Brunner/Mazel Publishers.

Visher, EB & Visher, JS. 1982. ***How to win as a stepfamily***. New York: Dembner Books.

Visher, EB & Visher, JS. 1988. ***Old loyalties, new ties: Therapeutic strategies with stepfamilies.*** New York: Brunner/Mazel Publishers.

Visher, EB & Visher, JS. 1989. Parenting coalitions after remarriage: Dynamics and therapeutic guidelines. ***Family relations*** 38:65-70.

Visher, EB & Visher, JS. 1990. Dynamics of successful stepfamilies. ***Journal of Divorce and Remarriage*** 14(1):3-12.

Visher, JS. 1994. Stepfamilies: A work in progress. ***The American Journal of Family Therapy*** 22(4):337-344.

Vuchinich, S, Hetherington, EM, Vuchinich, RA & Clingempeel, WG. 1991. Parent-child interaction and gender differences in early adolescents adaptation to stepfamilies. ***Developmental Psychology*** 27(4):618-626.

Walsh, WM. 1992. Twenty major issues in remarriage families. ***Journal of Counselling and Development*** 70:709-715.

White, L. 1994. Growing up with single parents and stepparents: Long-term effects on family solidarity. ***Journal of Marriage and the Family*** 56:935-948.

**Bylae A**

## GESTRUKTUREERDE EN SEMI-GESTRUKTUREERDE ONDERHOUDSVRAE AANGEWEND IN DIE INDIVIDUELE ONDERHOUDE MET DIE EIE OUERS EN STIEFOUERS ASOOK EIE KINDERS EN STIEFKINDERS TYDENS DIE EMPIRIESE ONDERSOEK

### INDIVIDUELE ONDERHOUDE MET DIE EIE OUERS EN STIEFOUERS

**NAAM:** Eie ouer: .............................................
Stiefouer: .............................................

**BEROEP:** Eie ouer: .............................................
Stiefouer: .............................................

**OUDERDOM BY VORMING VAN HERSAAMGESTELDE GESIN?**

Eie ouer: ....................
Stiefouer: ....................

**WAT WAS U HUWELIKSTATUS AS EIE / STIEFOUER VOOR VORMING VAN HERSAAMGESTELDE GESIN?**

Eie ouer:

| | |
|---|---|
| Nooit voorheen getroud nie | |
| Geskei | |
| Wewenaar / Weduwee | |

Stiefouer:

| | |
|---|---|
| Nooit voorheen getroud nie | |
| Geskei | |
| Wewenaar / Weduwee | |

**Tydsduur van u huidige huwelik?**

| | |
|---|---|
| | Jaar |

**Dui die name (N), geslag (S/D) en ouderdomme (O) van eie / stiefkind(ers) (E/S) wat by u woon / u besoek (W/B) as hersaamgestelde gesin in die volgende tabel aan:**

| NAAM (N) | GESLAG (S/D) | OUDER-DOM (O) | EIE/STIEF (E/S) | WOON/ BESOEK (W/B) |
|---|---|---|---|---|
| | | | | |
| | | | | |
| | | | | |
| | | | | |
| | | | | |
| | | | | |
| | | | | |

**Dui die name (N), geslag (S/D) en ouderdomme (O) van die kind(ers) aan wat uit u huidige huwelik gebore is**

| NAAM (N) | GESLAG (S/D) | OUDERDOM (O) |
|---|---|---|
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |

**BESOEK**

**Hoe gereeld besoek nie-inwonende kind(ers) u hersaamgestelde gesin?**

| | |
|---|---|
| | Keer per week |
| | Keer per maand |
| | Naweek / Naweke per maand |
| | Vakansie / Vakansies per jaar |

**Hoe gereeld besoek die kind(ers) wat by u inwoon u vorige eggenoot / eggenote?**

| | |
|---|---|
| | Keer per week |
| | Keer per maand |
| | Naweek / Naweke per maand |
| | Vakansie / Vakansies per jaar |

**Motiveer kortliks u tevredenheid / ontevredenheid met die besoekreëlings van nie-inwonende kind(ers)**

.................................................................

.................................................................

.................................................................

.................................................................

.................................................................

**ONDERHOUD**

**Ontvang u as eie ouer enige onderhoudstoelae vir die versorging en opvoeding van u kind(ers)?**

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Ja** | | **Nee** | |

**Motiveer u moontlike tevredenheid / ontevredenheid hiermee**

.................................................................

.................................................................

.................................................................

**Betaal u as stiefouer onderhoud ten opsigte van die versorging en opvoeding van u kind(ers)?**

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Ja** | | **Nee** | |

**Motiveer u moontlike tevredenheid / ontevredenheid hiermee**

.................................................................

.................................................................

.................................................................

**Is daar afsonderlike finansiële reëlings ten opsigte van elkeen se kinders?**

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

**OPVOEDING / DISSIPLINERING**

**Hoe sou u as eie ouer u rol in die opvoeding en dissiplinering van u kind(ers) beskryf?**

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

**Verwag u as eie ouer enige hulp van u eggenoot / eggenote met die opvoeding van u kinder(ers)?**

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

**Voel u as stiefouer dat u mede-verantwoordelik is vir u stiefkind(ers) se opvoeding?**

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

**Aanvaar u stiefkind(ers) hierdie opvoeding?**

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

**Verwag u as eie ouer dat u eggenoot/eggenote u kind(ers) moet kan dissiplineer?**

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

**Wil u as stiefouer u stiefkind(ers) graag dissiplineer?**

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

**Aanvaar u stiefkind(ers) u dissiplinering?**

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

**Verwag u onmiddellike liefde en aanvaarding van mekaar se kinders?**

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

**Verwag u dit van die kinders?** . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

**Kry u dit van die kinders?** . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

EGPAARVERHOUDINGE

**Is u as eie/stiefouer ten gunste daarvan dat die eie / stiefouer se vorige eggenoot / eggenote voortgesette kontak met en betrokkenheid by sy / haar kind(ers) behou?**

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

**In watter mate beïnvloed u verhouding met u vorige maat u verhouding met mekaar?**

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

**Beïnvloed dit wat u nou net gesê het u verhouding met die kinders?**

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

**Het beide van u begrip vir mekaar se kinders en hul probleme?**

.............................................................................................................

.............................................................................................................

.............................................................................................................

**Beïnvloed die teenwoordigheid van die kinders u lojaliteit teenoor mekaar?**

.............................................................................................................

.............................................................................................................

.............................................................................................................

## INDIVIDUELE ONDERHOUDE MET DIE EIE KINDERS EN STIEFKINDERS

**NAAM:** .............................................................................................

**OUDERDOM:** .....................................................................................

**Is jou vader weer getroud?**

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Ja** | | **Nee** | |

**Hoeveel jaar reeds?**

| | |
|---|---|
| | **Jaar** |

**Is jou moeder weer getroud?**

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Ja** | | **Nee** | |

**Hoeveel jaar reeds?**

| | |
|---|---|
| | **Jaar** |

**Is een van jou ouers oorlede?**

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Ja** | | **Nee** | |

**Hoeveel jaar reeds?**

| | |
|---|---|
| | **Jaar** |

**By watter ouer woon jy tans?**

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Moeder** | | **Vader** | |

**Gaan kuier jy vir jou ouer by wie jy nie woon nie?**

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Ja** | | **Nee** | |

**Hoe gereeld?**

| | |
|---|---|
| | Keer per week |
| | Keer per maand |
| | Naweek / Naweke per maand |
| | Vakansie / Vakansies per jaar |

**Watter persone vorm almal deel van die gesin by wie jy woon?** *(Moeder / vader, stiefvader / stiefmoeder, broer(s) / suster(s), stiefbroer(s) / stiefsuster(s), halfbroer(s) / halfsuster(s), ens.)*

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

**Watter persone vorm almal deel van die gesin by wie jy gaan kuier?** *Vader / moeder, stiefmoeder / stiefvader, broer(s) /suster(s), stiefbroer(s) / stiefsuster(s), halfbroer(s) / halfsuster(s), ens.)*

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

**Hoe sal jy jou verhouding met jou ouer by wie jy woon, beskryf?**

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

**Sou jy dit wou verander?** . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

**Hoe sal jy jou verhouding met jou ouer by wie jy gaan kuier, beskryf?**

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

**Sou jy dit wou verander?** . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

**Hoe sal jy jou verhouding(e) met jou stiefouer(s) beskryf?** *(Stiefvader / stiefmoeder)*

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

**Wat sou jy moontlik wou verander met betrekking tot jou verhouding(e) met jou stiefouer(s)?**

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

**Met watter grootouers het jy nog gereeld kontak?** (*Oupa en ouma van jou moeders-/ vaderskant)* . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

**Hoe spreek jy jou stiefouer(s) aan?** . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

**Is jy die oudste, jongste, ens. van die kinders saam met wie jy woon? en van die kinders by wie jy gaan kuier?** . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

**Beskryf jou verhoudinge met die kinders saam met wie jy woon / by wie jy gaan kuier.**

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

**Wie is na jou mening verantwoordelik vir die dissipline in die gesin waar jy woon? en van die gesin by wie jy gaan kuier?**

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

**Sou jy dit wou verander?** . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

**Hoe sal jy jou verhoudinge met jou vriende beskryf?** . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

**Wat maak jou gelukkig / ongelukkig?** . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

**Sou jy graag dinge in jou lewe wou verander?** ..................................

.......................................................................................

.......................................................................................

.......................................................................................

**Hoe?** .................................................................................

.......................................................................................

.......................................................................................

.......................................................................................